

# TWEEGESPREK



# MET GOD

MARK &PATTI VIRKLER

**Bridge-Logos**
Gainesville, Florida 32614

**Bridge-Logos**
Gainesville, FL 32614 USA

**Tweegesprek met God**
deur Mark en Patti Virkler

Kopiereg 1986 deur Bridge-logos

Hersien 2005

Alle regte voorbehou. Volgens die Internasionale Wet op Kopiereg mag geen deel van hierdie publikasie gedupliseer, geberg of op enige wyse hoegenaamd versend word nie – hetsy elektronies of meganies, gefotokopieer, op band opgeneem of andersinds – sonder die geskrewe toestemming van die Uitgewer nie.

Gedruk in die Verenigde State van Amerika.

Aanhalings kom uit Die Afrikaanse Bybelvertaling van 1933, 1954, 1957, 1976. Met toestemming.

*Hierdie boek word met dank opgedra aan ons vriend, Eerw. John Arnott, die Apostel oor die Toronto Herlewing. Dit is sy groot begeerte dat alle gelowiges die hart van God sal ervaar deur Sy stem te hoor. Sy volgehoue liefde en ondersteuning het ons deur die jare altyd bemoedig en versterk.*

# INHOUD

Inleiding……………………………………………………………………9

1. My Stryd om God se Stem te hoor ………………………..………..11
2. Die Gesproke Woord:  Skakel in by Spontaneïteit ……………38
3. Raak Stil:  Skakel jou Gedagtes en Emosies af…..……………. 55
4. Die Drome en Visioene van God in jou Gees……...….....…..…67
5. Dagboekinskrywings:  Neerskryf van jou Gesprek met God..102
6. Bybelse Riglyne om nader te beweeg aan God..……………125
7. Hoe kan ek verseker weet dat dit God se Stem is?..............160
8. Nog 'n paar Gedagtes oor Gebed..……………………..….....182
9. Die Here antwoord my……………………………………………194
10. *Yada* – Wedersydse Liefde...……………………………………..220

BYLAE

A *Logos* en Rhema in die Griekse Nuwe Testament ……………..237
B Die 70 Betekenisse van *Rhema* in die Nuwe Testament. …….240
C Verstaan die Krag van *Rhema,* "Die gesproke Woord" ………..242
D Griekse Woorde in die Nuwe Testament wat gebruik word om Openbaringservaringe mee te beskryf…………….……….244
E Hoe God Visioene en Beelde gebruik…...……………….………..247
F Drome en Visioene in die Geskiedenis van die Kerk…………...266

# Inleiding

Hierdie is die verhaal van my soeke na die stem van God. Vir die eerste tien jaar van my Christenskap het ek in 'n huis van rasionalisme gebly wat ek vir myself gebou het. My lewe is beheer deur die reëls en beginsels vir 'n suksesvolle Christelike lewe, wat ek ontdek het deur die bestudering van die Bybel. My gebede was een-rigting-gesprekke, monoloë, en ek kon net nie deurbreek na 'die anderkant van die stilte', tot 'n tweegesprek met God nie.

Ek het nog altyd geglo dat Christene God se stem *moet* kan hoor. Ek het geweet dat Hy ons voortdurend wou lei en dat een van die maniere waarop Hy dit doen, deur 'n "klein, stil stemmetjie" in ons binneste is. Jesus sê duidelik: "My skape ken my stem". Maar, al het ek hoe hard probeer, kon ek nooit daarin slaag om daardie stem met MY te hoor praat nie. Ek het boeke gelees en seminare bygewoon. Ek het die Bybel bestudeer. Ek het met diegene wat God se stem kon hoor, gesels en hulle uitgevra. Maar dit het gelyk of my soeke tevergeefs was. Dit het gelyk of dit so maklik was vir die wat wel God se stem in hul binneste kon hoor. Hulle was van nature intuïtief en misties en kon nie verstaan hoekom ek so sukkel met iets wat so eenvoudig is nie. Hulle het nie geweet wat om te sê om my te help nie.

Maar God het my hartsbegeerte gesien om Sy stem te leer ken, 'n begeerte wat nie eers deur herhaaldelike mislukkings en teleurstellings gestil kon word nie. Hy het my geleidelik gelei na die regte hulpmiddels om die vaardighede te leer wat ek nodig gehad het: innerlike stilte; spontaneïteit; visioene; dagboek-hou. Toe al die legkaartstukkies uiteindelik in plek val, het ek besef dat ek baie meer gekry het as wat ek verwag het. Ek was op soek na 'n stem; ek het 'n Persoon gekry. Ek het leiding gesoek; ek het 'n Herder gekry. Ek

was op soek na die Wil van God; ek het ‘n verhouding met die Seun van God gekry.

Vandat ek geleer het om God se stem in my hart te onderskei, geniet ek ‘n lewe van heerlike vriendskap met Jesus. Ek lewe nie meer onder die wet nie, want ek word beheer deur die liefde. Reëls het plek gemaak vir ‘n verhouding. Ek is daagliks in voortdurende kontak met my Here en my hele lewe het verander. Die wysheid en deernis van Jesus wat nou tot my beskikking is, het my hele persoonlikheid, my gesin en my bediening verander. Ek is nou oortuig dat God my liefhet en ek sal nooit weer dieselfde wees nie.

God se geweldige liefde vir Sy kinders en Sy begeerte om met elkeen van ons te kommunikeer het my gedwing om die vaardighede wat ek geleer het hier neer te pen. Net soos God het ek ook die dringende begeerte dat elke Christen hierdie heerlike gemeenskap met Hom moet geniet wat ek ontdek het. Ek het hierdie wonderlike ondervinding met andere begin deel, hulle geleer hoe om God se stem te hoor en deur te breek in ‘n twee-rigting gesprek met Hom. Baie mense het hierdie nuwe manier van lewe met blydskap betree.

Die Kerk is besig om te begin om God se stem te hoor en sy visioene te sien. Die tydperk van rou is verby. Die oomblik van herlewing en herstel het aangebreek. Die profete wat mense opgeroep het tot bekering se werk is afgehandel. Die kerk het haar sonde, verantwoordelikhede en outoriteit in die Koninkryk begin besef. Die koninkryk van hierdie wêreld sal inderdaad die Koninkryk van onse Here en Sy Christus word. Hy sal deur ons regeer in elke aspek van ons lewe op aarde.

Dit is my gebed dat die salwing van God op hierdie boek sal rus en dat Hy dit sal gebruik om mense soos jy en ek in ‘n nuwe dimensie van Christenskap in te bring, ‘n plek van twee-rigtinggesprek met God. Ek bid dat die liefde en aanvaarding wat jy van die Here ontvang al jou vrese en gebreke sal genees en jou lewe sal verander. Ek bid dat God se visie in jou gebore word sodat jy jou plek in Sy Koninkryk sal ontdek. Ek bid dat jy lewe ontvang terwyl jy met God praat “van aangesig tot aangesig, soos ‘n man met sy vriend praat”.

# 1

# My Stryd om God se Stem te Hoor.

## Afspraak met God

“Mark!  Staan op!”

Hierdie stem ruk my wakker uit ‘n diepe slaap en ek sit onmiddellik regop.  Hoewel ek dit nog nooit tevore of sedertdien gehoor het nie, weet ek onmiddellik dat God in ‘n hoorbare stem met my gepraat het!

“Wat?  Wat?”  sê ek verward.

“Word wakker!  Ek gaan jou leer om My stem te hoor!”

“Fantasties!”  sê ek en lê weer terug.  “Goed, ek luister”.

“STAAN OP! Gaan kantoor toe.  Ek gaan jou vanaand leer om My stem te hoor!”

Toe die grootsheid van die oomblik my uiteindelik tref, gehoorsaam ek dadelik.  Daardie nag, waar ek by die kansel van ons plaaskerkie gekniel het, het ek hierdie kosbare geskenk van die Heilige Gees ontvang wat ek so lankal begeer het.  Dit was die begin van my roeping wat 'n lewenslange passie sou word.  God het alles wat ek in 'n jaar se intensiewe studie oor gebed en hoe om Sy stem te hoor, geleer het, in hierdie oomblikke bymekaargebring en Hy het my gewys hoe dit alles neerkom op vier eenvoudige sleutels wat ons kry in Habakuk 2:1,2.

## Hoe ek hier uitgekom het

Toe ek op vyftien die Here aangeneem het, wou ek dadelik God se Woord leer ken, of soos ek dit graag gesien het, 'n man van die Bybel word.  My honger was intens en onversadigbaar.  Drie jaar later het ek baie gretig ingeskryf by *Roberts Wesleyan College* vir 'n BA-graad in Godsdiens en Filosofie.

Kollege was opwindend, want ek het die Bybel van voor tot agter leer ken.  Stadigaan is my honger om 'n man van die Bybel te word bevredig.  Ek het die Bybel weer en weer gelees en bestudeer, skematiese en grafiese voorstellings van elke boek gemaak en dit weekliks as jeugpastoor aangebied.  Dit was in die dae voordat die Bybel op kasset beskikbaar was, so Patti het haar eie Bybel-voorlesing van die Nuwe Testament gemaak waarna ek kon luister terwyl ek werk.

Prakties, Bybels, logies – hierdie woorde het nog altyd vir my 'n bekoring ingehou.  As iemand wat grootgeword het op 'n melkplaas in 'n konserwatiewe plaasgemeenskap, was ek nog altyd prakties wat my lewensbenadering betref, my voete plat op die aarde en baie wys. Toe ek Jesus aangeneem het, het ek aangesluit by 'n baie konserwatiewe Baptiste kerk en dadelik 'n roeping op my lewe ervaar om 'n pastoor te word.  Voor dit wou ek nog altyd gaan boer; ek het die praktiese leefstyl van 'n melkboer geniet, veral omdat ek  aan die einde van 'n lang dag se harde werk met tevredenheid kon terugkyk na dit wat ek bereik het.

Daarom was dit nie vir my ‘n verrassing toe ek hierdie passievolle begeerte in my binneste ontdek om die Bybel eg, prakties en realisties te maak in my lewe nie. Soos wat ek self gestudeer en ander geleer het, het ek ontdek dat die stem van God, of die “woord van die Here” soos die profete dit noem, ‘n groot werklikheid en ‘n voortdurende tema is dwarsdeur die Bybel. Ek het gesien dat manne en vroue vanaf Genesis tot Openbaring God se stem met hulle hoor praat het en ek het bewus geraak van ‘n honger in my om ook God se stem in my binneste te hoor. Ek het ‘n dringende begeerte gehad om ‘n geestelike mens te word en die werking van die Heilige Gees te verstaan, en het besef dat ek net ‘n man van die Bybel kon wees as ek ook God se stem kon hoor.

Ek het begin soek na God se stem in my binneste. Ek het angstig gewag om die innerlike hoorbare stem van God vir my te hoor sê, “Hallo, Mark. Dit is God hier”. Ek het my voorgestel dat Hy so ‘n diep bas stem sou hê. Miskien sou die weerlig blits, die wind waai en die vensters klap. Dan sou ek opspring en onmiddellik alles doen wat Hy sê.

Maar niks het gebeur nie. Ek het geluister en geluister, maar ek kon nie die “stem van God’ onderskei nie. Al wat ek gehoor het, was ‘n stroom gedagtes wat deur my kop gemaal het, totdat ek uiteindelik myself verloor het in doellose dagdromery, of nog erger, aan die slaap geraak het.

Dit was so frustrerend! Gebed het eenvoudig net nie vir my gewerk nie, en ek kon nie verstaan waarom nie. Ek het gedink dit sou miskien help as ek meer Bybel lees. *Dan* sou ek God se stem hoor, het ek geredeneer. Ek het die Bybel verslind, soms volledige Bybelboeke op ‘n keer gelees, maar ek kon steeds nie daardie stil stem in my binneste onderskei nie.

Ek het in Jesaja 58 gelees dat as ons met die regte gesindheid vas, Hy ons sou antwoord wanneer ons roep. Ons sou *Hom hoor sê*, “Hier is Ek!” (Jes. 58:9). Jesus het ook geleer dat ons geestelike krag en outoriteit vermeerder wanneer ons vas. Daarom het ek besluit om te vas om te kyk of dit my geestelik meer ontvanklik sou maak. Ek het vir dae en selfs weke aanmekaar gevas, maar ek kon steeds nie Sy stem in my hart hoor nie.

Ek het gehoop dat teen die tyd dat ek graad kry by 'n Christelike Kollege, ek op die een of ander manier saam met my diploma ook die vermoë sou kry om God se stem te hoor. Maar ek het my graad gekry en kon steeds nie enigiets anders hoor as my eie dwalende gedagtes nie. Daar was eenvoudig net nie 'n innerlike stem nie! Maak nie saak wat mense gesê het of wat die Bybel geleer het nie, ek kon geen stem hoor nie.

Toe ek inbeweeg in my pastorale bediening het ek gehoop en gebid dat die 'stem' saam met my ordening sou kom. Ek bedoel, hoe kan 'n mens enigsins 'n pastoor wees en nie eens God se stem hoor nie! Dit sou veral vernederend wees vir 'n pastoor van 'n volle evangeliese charismatiese gemeente! Dink net: Iemand sou definitief een of ander tyd 'n boodskap in tale bring, en as niemand anders die uitleg kon gee nie, sou dit my verantwoordelikheid wees ter wille van goeie orde om self die uitleg te gee. Maar hoe kon ek 'n profetiese woord gee as ek nie God se stem kon hoor nie? My kerk sou uitvind dat ek hulle al die tyd bedrieg het! Dit sou my ruïneer! God sou tog sekerlik nie in Sy groot genade wou hê dat dit met my gebeur nie!

My ordeningseremonie was tog sekerlik die ideale geleentheid om deur die stilte van my hart te breek? Asseblief, Here? Maar my ordening het gekom en gegaan en steeds was daar geen stem nie. Teen dié tyd was ek moedeloos. Ek het alles probeer wat ek kon en steeds was daar niks.

Ek is weer na die Skrif om seker te maak dat God se mense regtig Sy stem gehoor het. Ja, God het onteenseglik weer bevestig dat Hy in elke verbond met Sy kinders gepraat het, regdeur Genesis tot by Openbaring. Hier is net 'n paar van die honderde teksverse wat hierdie waarheid in my hart bevestig het:

> *En hulle (Adam en Eva) het die stem van die Here God gehoor*… **(Gen. 3:8).**
>
> *En die Here het aan Abram gesê: . . .* **(Gen. 12:1***).*
>
> *En die Here sê vir Moses: . . .* **(Ex. 4:21).**
>
> *Die Here het ook aan Äron gesê: . . .* **(Ex. 4:27)***.*

*As jy dan goed luister na die stem van die Here jou God . . .* **(Deut. 28:1).**

*Die Here het met Josua 'gespreek en gesê' . . .* **(Jos. 1:1).**

*Verder het die Here aan my gesê: . . .* **(Jes. 8:1)**

*Die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het: . . .* **(Jer. 7:1).**

*Het die woord van die Here uitdruklik gekom tot Esegiël . . .* **(Eseg. 1:3).**

*Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek* **(Joh. 5:30).**

*En die Gees het vir my (Petrus) gesê . . .* **(Hand. 12:11).**

*Omdat die Heilige Gees hulle verhinder het . . .* **(Hand. 16:6).**

*Ek (Johannes) was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê . . . "Skryf wat jy sien in 'n boek . . ."* **(Op. 1:11, 12).**

*Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die Lewende God, . . . en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament . . . Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie* **(Hebr. 12: 22,24,25).**

Ek kon net eenvoudig nie die uitgangspunt aanvaar wat sê dat God nie meer praat in hierdie dispensasie van genade nie, veral omdat daar so 'n geweldige honger in my was om te hoor. Hierdie honger moes eenvoudig van God self af kom.

Gedurende hierdie tyd het God genadiglik 'n mede-ouderling in my lewe ingebring in ons plaaslike gemeente wat die stem van God baie duidelik kon hoor en vloeiend kon profeteer. Ek was verwonderd oor die suiwerheid, krag en akkuraatheid waarmee hy die woord gebring het. Ek het besluit om hom te vra wat hy doen om God se stem te

hoor. Ek het gedink hy sou my leidrade kon gee wat uiteindelik die deur sou oopmaak tot twee-rigtinggebed in my eie lewe.

Ek het probeer om elke bietjie moontlike raad en begrip uit hom uit te trek. Hy het geduldig sy ervaringe met my gedeel, maar hy kon my nie help nie. Uiteindelik het ek besef dat hy van nature intuïtief is en dat hy maklik God se stem hoor. Ek is te analities ingestel om die natuurlikheid van die intuïtiewe vloei te verstaan. Vir my was die geesteswêreld iets wat ontdek word deur 'n gedetailleerde plan met instruksies te volg. In plaas daarvan het hy net gesê wat soveel mense al tevore vir my gesê het: "Jy weet net dat jy weet dat jy weet". Het iemand dit al ooit vir jou gesê? Ek wil hê jy moet mooi verstaan, as 'n mens nie weet nie, help dit nie om te hoor dat jy wel weet nie! Ek het nog meer gefrustreerd daar weggegaan.

In absolute desperaatheid, het ek die enigste ander moontlikheid ondersoek waaraan ek kon dink: Ek het seker gemaak dat ek wel gered was. Dit was nie nodig om lank hieroor te wonder nie. Ek het definitief my sondes bely en my bekeer. Ek het Jesus ingenooi en Hom Heer en Verlosser van my lewe gemaak. Ek is deur die ouderlinge hande op gelê om die Heilige Gees te ontvang en ek is gedoop in water. Ek glo dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is en hou vas aan al die waarhede van 'n evangeliese teologie.

Nou goed dan - ek weet ek is definitief gered. Wel, wat op aarde is die probleem dan? Miskien probeer ek te hard en is ek te prakties oor die hele ding. Miskien verwag ek te veel van Christenskap. Miskien moet ek net vergenoegd wees soos soveel ander Christene skynbaar is. Ek het die Bybel - miskien het ek uiteindelik tog nie Sy stem in my binneste nodig nie. Ek is moeg en het aan die einde van myself gekom. Ek het alles gedoen wat ek kan, maar niks werk nie. Ek het so goed ek kon geluister, maar daar is steeds geen stem in my binneste nie. Dit is eenvoudig net nie daar nie. Ek gaan my nie laat mislei en voorgee dat dit bestaan nie – as dit nie daar is nie, is dit eenvoudig net nie daar nie.

Kort hierna het 'n internasionale Bybeldosent vir wie ek groot respek het by ons kerk kom praat. Ek het hom na die tyd met vrae gebombardeer. "Hoe hoor jy God se stem in jou hart?" het ek hom gevra. Ek was verstom oor sy antwoord. "Wat mense 'God se stem'

noem, is eintlik maar net ‘n onderaardse gedruis van jou gees”. Met ander woorde, dit bestaan nie.

Aan die een kant wou ek dit aanvaar. Dit sou tog nie ‘n gebrek wees om *nie* iets te hê wat nie bestaan nie, of hoe? Maar toe dink ek weer aan die ouderling in my gemeente en aan al die ander mense wat so pragtig kon profeteer en die woord van die Here so vloeiend kon spreek. Ek het geweet dat die honger in my binneste nie gestil sou kon word met enigiets minder as ‘n volledige twee-rigting-verhouding met God self nie.

Ek sê dankie vir die Here dat Hy ons aan die hand lei selfs al is ons nie altyd bewus daarvan nie. In my hunkering en soeke was Hy besig om my treetjie vir treetjie te lei.

Die meeste van die treë was nie eers sigbaar nie, net skynbaar onopvallende gebeure en onbenullige sameloop van omstandighede. Tog kan ek vandag as ek terugkyk sien hoe God se hand aan die werk was. Deur al my mislukkings en depressie en verwarring heen was Hy steeds besig om alles vir my ten goede te laat meewerk.

## Die Vier Sleutels

Die begin van die openbaring het baie terloops gekom. My vrou Patti en ek het na ‘n nabygeleë dorpie gery om tentbyeenkomste by te woon, en het na die tyd by die boektafels rondgekuier. ‘n Boek oor innerlike genesing deur Michael Scanlan het my oog gevang, omdat dit in daardie stadium ‘n nuwe bedieningsveld was en ek omtrent niks daarvan af geweet het nie.

Ek het die boek gekoop en was baie bly oor dit wat ek gelees het. Ek het aan al die mense gedink wat ek ken wat baie seergekry het en nie deur berading gehelp is nie. Miskien was hierdie die antwoord vir hulle, het ek gedink. Kort hierna het ek en Patti ‘n kursus oor innerlike genesing bygewoon deur Dennis en Matthew Linn. Alhoewel ons baie tyd aan teologiese kwessies bestee het, is dit hier waar God vir my die belangrikheid van drome en visioene in die lewe van die volwasse Christen bevestig het.

Ek het die volgende paar maande hoofsaaklik my tyd daaraan gewy om alles te leer wat ek kon oor gebed. Ek het omtrent vyf-en-twintig boeke en alles wat ek in die Skrif oor gebed kon kry, gelees. Ek het geëksperimenteer met verskillende soorte gebede. So teen die einde van daardie jaar het die Here my wakker gemaak met die geklank van Sy hoorbare stem. Daardie nag het God Habakuk 2:1, 2 vir my oopgebreek waarin die profeet beskryf wat hy doen wanneer hy God se stem wou hoor, en in daardie verse het Hy my verskeie rewolusionêre sleutels gewys wat ek nog nooit tevore gesien het of van geleer het nie. Laat ek jou net kortliks hiervan vertel. In die hoofstukke hierna sal ek dan elke individuele sleutel breedvoerig bespreek en jou presies wys hoe jy hulle kan ontwikkel en gebruik in jou gebedslewe.

> *Op my* ***wagtoring*** *wil ek gaan staan . . . en ek wil*
> ***speur om te sien*** *wat Hy in my sal* ***spreek*** *. . .*
> *Toe antwoord die Here my en sê:* ***Skryf*** *die gesig* ***op*** *. . .*
> (Hab. 2:1, 2 beklemtoning myne).

Dit is duidelik dat Habakuk God se stem in sy binneste kon onderskei. Hy sê: "Toe antwoord die Here my en sê. . . " Dwarsdeur sy brief skryf Habakuk neer wat God vir hom sê. So, hy het God se stem geken.

Die eerste sleutel om God se stem te hoor, is dus om te leer *hoe Sy gesproke woord in jou binneste klink.* Ek het geleer dat God se stem in my binneste gewoonlik eerder klink soos 'n stroom spontane gedagtes, as soos 'n hoorbare stem. Ja, God het wel genadiglik daardie een aand in 'n hoorbare stem met my gepraat, maar dis nie gewoonlik so nie. Trouens, dit was eerder 'n bewys dat ek te dom of te koppig was om sy boodskap op enige ander manier te kon verstaan! Soos Paulus op pad na Damaskus, moes ek eers ''n hou teen die kop kry' voordat ek kon hoor wat Hy vir my wou sê. Die Here sal drastiese stappe neem as dit nodig is, maar Hy verkies dat ons sal leer om Sy stem te onderskei as 'n stroom spontane innerlike gedagtes in ons binneste. Ek sal 'n hele hoofstuk aan hierdie gedagte afstaan met bewyse uit die Bybel en voorbeelde uit die regte lewe. Daarna bespreek ek die effek wat hierdie waarheid op ons lewens het.

Die tweede sleutel van Habakuk lê in die gedeelte, “Op my wagtoring wil ek gaan staan”. Habakuk het geweet dat hy *na ‘n plek van afgesondering moes gaan en sy gedagtes en emosies moes afskakel* sodat hy die spontane vloei van God in sy binneste kon ervaar. Die meeste van ons weet dat ons moet stil raak, maar dis net so moeilik om dit te doen. Ek vertel later van talle Bybelse hulpmiddels om ons emosies en gedagtes stil te maak sodat ons bewus kan raak van die aktiewe vloei van die Heilige Gees in ons.

Die derde sleutel kry ons in Habakuk se woorde, “ek wil speur om te sien”. Ek het myself die vraag afgevra hoekom hy dit so stel. Hoekom het hy nie gesê, “Ek wil *luister* om te hoor wat Hy vir my wil sê” nie. Dit maak vir my meer sin om na woorde *te luister*, as om te kyk of jy hulle kan sien.

Teen die tyd dat hierdie vraag in my hart en verstand beantwoord is, het God (ten minste vir my) ‘n totale nuwe openbaring oopgebreek rakende die rol van drome en visioene in gebed. Ek het nooit eers voorheen daaraan gedink om te kyk vir visioene wanneer ek bid nie. Ek het nooit daaraan gedink om die oë van my hart op Hom te rig sodat ek kon sien wat Hy vir my wou wys nie. Soos wat ek die Skrif begin ondersoek het, het ek egter ontdek dat *drome en visioene* ‘n normale deel van die gebedslewe van al die profete was. Ek sal hierdie openbaring verduidelik met voorbeelde uit die Skrif en ‘n noukeurige bespreking van hoe drome en visioene eintlik werk in gebed.

Laastens die vierde sleutel van Habakuk 2: Toe het die Here geantwoord, “Skryf die gesig op”. Watter ongelooflike gedagte – *om daadwerklik die gesprek tussen my en God neer te skryf.* Ek het gou besef dat die hele boek Habakuk gaan oor die verhaal van ‘n man wat sy gebede sowel as die antwoorde wat hy van God ontvang het, neergeskryf het. En: dit was God wat vir hom die opdrag gegee het om dit te doen.

Ek het nog nooit ‘n preek gehoor oor hoe belangrik dit is om jou gesprekstye met God neer te skryf nie; dit het glad nie eers by my opgekom om my eie gebede en God se antwoorde daarop neer te skryf nie. Ek het besluit om hierdie proses *dagboek-hou* te noem. In

my soeke na bewyse hiervoor in die Skrif, het ek nie net op een of twee nie, maar op honderde *hoofstukke* afgekom wat daarvan getuig. Die Psalms, die profete en die hele boek Openbaring is vol daarvan.

Dit is vir my altyd verrassend as ek sien hoeveel tyd die kerk wy aan die bespreking van dogmas wat net op ‘n paar Bybelgedeeltes gebaseer is, en dan ‘n waarheid wat in honderde hoofstukke beklemtoon word, afskeep.  Dit laat my soms dink ons is van balans af.  Ek gaan ‘n hele hoofstuk wy aan die proses van dagboek-hou, dit Bybels beoordeel, en wys hoe dit ons grootliks kan help om God se stem te hoor.  Ek sal ook verduidelik hoe dit prakties toegepas kan word.

# Voorsorg

Voordat ons verder gaan is dit belangrik dat ons ‘n paar voorsorgmaatreëls bespreek vir hierdie ontdekkingsreis na die wêreld van geestesindrukke.

Wanneer ons praat oor die stem van die Gees van God, is sommige mense bang dat hulle God se stem sal verwar met die stem van satan of met hul eie hartsbegeertes.  Hulle is bang dat dit hulle lewe sal vernietig as hulle dalk verkeerd daarop sou reageer.  Ongelukkig dink hulle dan dikwels dat die beste oplossing is om maar liewer die geestesdimensie heeltemal uit te los - dat die beste oplossing lê in die blote navolging van bybelse wette, en eerder die moontlikheid om persoonlik by God te hoor heeltemal te ignoreer.

Dit is beslis een alternatief en baie mense het ook al hierdie pad gevolg, maar dit is verseker nie die pad van lewe in oorvloed wat Jesus ons belowe het nie.  In die plek hiervan het God vir ons sekere voorsorgmaatreëls gegee om na te volg wat dit moontlik maak om soos Jesus te lewe, in gerustheid en met die vaste wete dat ons beskermd en in ons Vader se sorg is, geestelik sowel as fisies.

## Die Skrif

Die Woord van God is waarskynlik die grootste sekuriteit wat ons ooit op ons geestelike pad sal hê. ‘n Deeglike kennis van die Skrif kan ons teen baie misleiding en hartseer beskerm. By die Bybelskool waar ek gedoseer het, was ‘n sekere vlak van Bybelkennis ‘n voorvereiste vir hierdie kursus oor hoe om God se stem te hoor. Wanneer ek in ander gemeentes onderrig gee hieroor, beveel ek aan dat diegene wat die kursus bywoon ten minste al die Nuwe Testament deurgelees het, en al besig is met die Ou Testament.

Dit beteken natuurlik nie dat God nie met nuwe Christene praat wat nog nie die Bybel deurgelees het nie. Natuurlik nie! Maar as intensiewe Bybelstudie nie deel uitmaak van hul daaglikse stiltetyd nie, en as hulle nie ‘n geestelike berader het nie, is dit moeilikheid soek.

Daar is twee basiese maniere waarop die Bybel ons kan help en beskerm. Eerstens moet elke openbaring getoets word aan die geskrewe Woord van God. As die openbaring wat ons ontvang strydig is met die letter van die Woord of die Gees van die Woord, moet dit summier verwerp word. Daar is geen plek vir rasionalisering, verbuiging of ontkenning van die waarheid van die Bybel nie. Daar mag geen vreemde, persoonlike interpretasie van die een of ander duistere teksvers wees nie. Die Woord van die Here bly vir ewig staan en enige woord van die Here aan ons sal in totale ooreenstemming wees met die letter en die gees van die Ewige Woord van God.

Ons moet nie slegs God se stem in ons binneste toets aan die Bybel nie, maar ons moet onthou dat enige openbaring gebou moet wees op die Skrif. Die Here het vir Josua die opdrag gegee om die Skrif dag en nag te oordink, te bely en te gehoorsaam, sodat hy suksesvol kon wees volgens God se standaarde. As ek my gedagtes en my hart volgemaak het met die Skrif, sal die Heilige Gees my die presiese teksverse, verhale of beginsels laat onthou wat nodig is in ‘n gegewe situasie. Die spontane vloei van die teksverse wat deur die Gees uitgelig word, sal wysheid en insig bring wat baie groter is as

wat ek met my eie verstand kan uitdink, as ek maar net tot stilstand kom en myself toelaat om van God afhanklik te wees.

## Die Liggaam van Christus

Die tweede belangrike Bybelse beveiliging teen foute en geestelike skade is 'n nederige en leerbare gees. Diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle God se stem hoor is soms arrogant en self-regverdigend. Hulle houding is: "God het vir my gesê en dis al wat ek daaroor te sê het". Maar: God weerstaan die hoogmoediges en gee aan die nederiges genade. So 'n hoogmoedige gees lei uiteindelik tot misleiding. Alle openbaring moet getoets word. God praat nie met ons sodat ons oor andere kan baasspeel nie. Ons moet eerder bekend staan as die sagmoedigste van alle mense.

Ons is deel van die liggaam van Christus. Die volle openbaring van Jesus woon nie individueel in ons nie, maar net wanneer ons saamkom as 'n liggaam. Ons moet almal deel wees van 'n plaaslike verteenwoordiging van die liggaam van Christus, en enigiemand wat die geestesdimensie wil ondersoek moet 'n verhouding met 'n geestelike berader hê wat hy kan respekteer.

Ons kan nie alleen oorleef nie. Die Here sal jou wys met wie jy in verhouding kan gaan – iemand teenoor wie jy aanspreeklik kan wees - as jy Hom vra. Dit beskerm jou lewe: ". . . in die veelheid van raadgewers is redding" (Spr. 11:14). Ek sal die idee van geestelike raadgewers verder aan in groter detail bespreek.

## Nederigheid

Daar is ook nog ander basiese voorsorgmaatreëls. God gee slegs openbarings op die gebied waar jy outoriteit en verantwoordelikheid het. 'n Vrou sal gewoonlik openbarings vir haar huis of haar werk buite die huis ontvang. 'n Man sal wysheid kry vir sy gesin en die funksionering in sy besigheid. 'n Pastoor sal openbarings ontvang vir die kerk waaroor God hom aangestel het.

Saam met God-gegewe outoriteit gaan God-gegewe openbarings om daardie outoriteit met wysheid te hanteer. Daarom moet jy slegs openbarings verwag op die terreine wat wettiglik jou verantwoordelikheid is. Oppas vir self-verering, om openbarings te soek op terreine waaroor jy nie outoriteit het nie. Moenie soek vir ‘n “woord van die Here” vir die President of die een of ander wêreldleier nie. Moet selfs nie eens soek vir ‘n woord vir jou werkgewer of jou pastoor nie, tensy jy verantwoordelik is vir hulle as ‘n goeie vriend of ‘n berader. Openbarings word net gegee op die terreine waaroor jy God-gegewe outoriteit het.

## Toetsing

Ons moet ook seker maak dat die openbarings wat ons ontvang lei tot groter heelmaking en die vermoë om God beter lief te hê en van Hom te getuig. As ons pogings om met God te gesels op enige tydstip destruktief raak, moet ons onmiddellik daarmee ophou en by ‘n geestelike raadgewer hulp kry.

Hierdie waarskuwing mag jou die skrik op die lyf jaag en veroorsaak dat jy die geesteswêreld totaal en al uitsny in plaas van die risiko te waag. Maar dit is net diegene met ‘n “net ek en Jesus”- houding wat bekommerd hoef te wees. As jy voorsorg tref soos hierbo genoem en ernstig God se aangesig soek, kan jy met selfvertroue die geestesdimensie ondersoek.

Voordat jy hierdie boek verder lees, wil ek jou ten sterkste aanraai om eers jou lewe te ondersoek en seker te maak dat hierdie beskermingsmaatreëls in plek is. Indien dit nie so is nie, sit asseblief die boek neer en maak tyd daarvoor om seker te maak hulle is daar. Neem dan weer die boek op, en gaan aan waar jy opgehou het.

Die openbarings wat ek van die Here ontvang het, sal ‘n groot seën wees vir diegene wat opreg wandel voor God, maar dit kan die dwaas juis ‘n teiken maak van die slinkse planne van die duiwel. Die Christen wat homself beveilig met God se voorsorgmaatreëls, hoef nooit te vrees dat hy mislei sal word nie, maar elkeen moet bewus

wees van die vyand wat rondloop "soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" (1 Pet. 5:8).

Die jaar wat ek eenkant gesit het om God se stem te leer ken het geweldige vrug opgelewer. Ek het geleer om my eie gedagtes af te skakel en te luister na die spontane vloei van innerlike gedagtes van die Heilige Gees. Ek het geleer dat ek my hart moes oopstel vir die vloei van drome en visioene wat God vir my gee. Ek het veral geleer om dagboek te hou, om my innerlike gesprekke met die Here onse God neer te skryf.

Ek het eers seker gemaak dat alle voorsorgmaatreëls in plek is. Ek ken die Skrif. Ek was gewillig om elke openbaring te onderwerp aan die letter en die gees van die Bybel. Ek was gewillig om in verhouding met ander gelowiges te lewe en met die beraders wat God my gegee het. Ek het seker gemaak dat elke openbaring tot groter heelmaking sou lei en my sou help om God beter lief te hê en meer van Hom te getuig. Nou was ek gereed vir die grootste avontuur van my lewe!

## God se Hartsbegeerte

Hoekom maak God nog bemoeienis met my? Waarom hou Hy aan om my te leer om Sy stem te hoor? En hoekom is ek so desperaat om Sy stem te hoor? Trouens, hoekom is dit die universele uitroep van Christene regoor die wêreld deur alle eeue heen? In hulle desperaatheid om by die Here te hoor, het manne en vroue hulself gestroop van elke ander gerief en alles wat hul aandag kon aftrek. Hulle het al hul aardse besittings prysgegee om in absolute eenvoud te leef sodat niks tussen hulle en God kon kom nie. Hulle het hul voorgeneem om so stil te word dat die stem van God die enigste stem sou wees wat hulle hoor. Hoekom was mans en vroue deur die geskiedenis heen so behep hiermee? Hoekom was ék so behep hiermee?

Doodeenvoudig, omdat dit God se diepste begeerte is om gemeenskap te hê met Sy kinders. Deur al die eeue heen was dit Sy begeerte. Hy roep ons sagkens, maar volhardend. Hy laat ons selfs

die onvergenoegdheid ervaar van ‘n lewe sonder Hom. Al is ons gees deurmekaar en ons verstand verward, ervaar ons steeds diep binne-in ons die behoefte aan ‘n spesiale verhouding, ‘n spesiale soort liefde wat ons harte tevrede sal stel.

## In die Tuin

“Adam! Adam, waar is jy?”

As ons hierdie woorde hoor, dink ons aan daardie hartseerdag waarop die mens se verhouding met God verbreek is. Maar kom ons dink ‘n bietjie hoe hierdie verhouding gelyk het voor daardie dag. Hoeveel kere tevore het God na die tuin toe gekom in die aandskemering, om net ‘n entjie te gaan stap saam met die man en vrou wat Hy so liefgehad het? Hoe dikwels het Hy geroep: “Adam, Adam!” Hoeveel keer het Adam vrolik uitgeroep: “Hier is ek, Here!”?

Kan jy die drie rustig deur die blomtuine sien stap, hand aan hand, miskien om nou en dan ‘n sappige vrug te pluk? Adam praat seker oor sy dagtake: hoedat die perskebome beter gebot het nadat hy hulle gesnoei het, oor die aarbeisaad wat hy gesaai het wat nou die sappigste vrugte dra. En die Vader luister met so ‘n sweempie trots in Sy oë.

Eva praat oor haar diere-vriende: die toertjies van die ape, hoe die eekhoringkies so knorrig was daaroor. . . Gou-gou lag hulle lekker oor die prentjie wat sy met haar woorde skilder. Terwyl die son sak, stap hulle in stilte aan en geniet die besonderse kleurespel van die sonsondergang nog meer omdat hulle dit met mekaar kan deel.

Dit is gemeenskap. Dit is die liefde wat ons veronderstel is om te ervaar. Die Vader begeer dat ons na Hom toe sal kom met ons vreugdes en met ons suksesse. Hy wil hê dat ons saam met Hom sal lag. En Hy wil sien dat ons vreugde vind in die skepping. Hy wil ons beste Vriend wees, ons Metgesel, die Liefling van ons siel.

Hoe bly is Hy nie wanneer ons tyd maak om te ontspan van ons dagtaak en onsself heeltemal afsonder om net met Hom te gesels

nie! Hiervoor is ons geskape. Hy begeer om Sy liefde met iemand te deel. God is liefde, en soos die liedjie sê: “Love isn’t love ‘til you give it away”. God begeer dat ons na Hom toe sal kom dat Hy Sy liefde op ons kan uitstort.

Vir baie lank het ek dit as tydmors beskou om rustig deur die tuin te stap aan die einde van die dag. Ek wou besig wees. Ek het nie tyd gehad vir sulke onnodige dinge nie. Maar die Here het my saggies en liefdevol begin leer dat ‘n rustige wandeling en liefdes-betoning nie onnodige ekstras was nie; dit is Sy hoogste doel. Dit is Sy begeerte. Dit is die doel van die skepping en van die lewe. Hy het my geskape met die oog op ‘n liefdesverhouding met Hom. Hy het my geskape met die vermoë om lief te hê sodat ek kon reageer op Sy liefde. Ek het dit iewers in die geharwar van die lewe uit die oog verloor. Ek het gedink dis belangriker om *dinge* tot stand te bring as om *lief te hê*. Terwyl God my herinner het aan die skepping, het hy my opgeroep om op te hou om van werk ‘n afgod te maak en my gevra om liefde weer ‘n sentrale plek in my lewe te gee. Ek het gehoor. Ek het geluister. En ek het my bekeer en het genesing ontvang.

## Sy uitverkore volk

God het probeer om die gespreksverhouding te herstel wat Hy in die tuin van Eden met Adam en Eva gehad het. Hy het ‘n verbond gesluit met die volk van Israel waarin Hy Hom verbind het om hulle God te wees, en hulle Sy volk. By die berg van God wou Hy met hulle praat. Hy wou *so graag* met Sy kinders praat. Sy hele doel met die skepping was eintlik om met hulle ‘n gespreksverhouding te hê.

In Deuteronomium 5:22-31 lig Moses weer hierdie gebeure uit. God wou met hulle praat, maar het vir Israel gesê dit gaan gepaard met vuur, die algemene Bybelse simbool van suiwering en reiniging. In plaas daarvan om God se uitgestrekte hand van liefde en vriendskap te verwelkom en die gepaardgaande suiweringsproses te aanvaar, het hulle met ‘n alternatief vorendag gekom. Israel het vir Moses gesê, “Gaan *u* naderby en hoor alles wat die HERE onse God sal sê; dan kan *u* ons alles meedeel wat die HERE onse God met u sal spreek, en ons sal dit hoor en doen” (Deut. 5:27). In plaas daarvan

om ‘n verhouding van aangesig tot aangesig met God te geniet soos Moses, was hulle tevrede met ‘n lys van wette wat hulle moes gehoorsaam (Deut. 5:31).

God het my diep in my hart daarvan oortuig dat ek dit *of* moet aanvaar om in ‘n liefdesverhouding met Hom te lewe, *of* ‘n lys van reëls moes navolg. Omdat ek alreeds probeer het om by Nuwe Testamentiese voorskrifte te hou, weet ek die Skrif is waar wat sê: Die uiteinde van die wet is die dood. Pogings om by wette te hou, maak nie saak hoe goed hulle is nie, veroorsaak prosesse van die dood in my: skuldgevoelens, veroordeling, depressie, moedeloosheid en terneergedruktheid.

Ek het uiteindelik besef dat as ek deur die Gees gelei word, ek nie onder die wet is nie. As ek maar net in gemeenskap met God begin lewe, sou ek ontdek dat ek vanself die vereistes van die wet nakom. Dit maak die lewe soveel makliker, nie waar nie? Dit verwyder die juk van te probeer hou by ‘n spul wette. Dan begin ons lewe vanuit ‘n persoon, die Persoon Jesus Christus.

Ek het nou die punt bereik waar ek die inisiatief van my Vader in my binneste ervaar en die vloei kan vat. Ek het wegbeweeg vanaf die wet na genade – voortdurende genade, van oomblik tot oomblik.

## Dawid

God wou nog altyd kommunikasie en ‘n gespreksverhouding met Sy volk hê, maar hulle het nog altyd Sy hart gebreek deur Hom weg te stoot en te kies om onder die wet te lewe. Tog was daar deur die loop van die Ou Testament af en toe iemand wat nie tevrede was om onder die wet te lewe nie en die verhouding met God gesoek het waarvoor hy bestem was.

Die man wat waarskynlik die hoogste vlak van verhouding met God gehad het in die Ou Testament, is Dawid. Hy het nie sy gedagtes of emosies probeer wegsteek nie. Toe hy hoor hoedat Goliat die leërmag van Israel en hul God uitdaag, het hy nie omgegee wie weet hoe hy daaroor voel of wat die gevolge sou wees nie. Toe die

Verbondsark teruggeneem is na Jerusalem, was Dawid nie te skaam om sy vreugde te wys nie, en het hy met soveel opgewondenheid en uitbundigheid gedans, dat sy vrou skaam gekry het.

Dawid het dieselfde ywer en emosionele vryheid getoon in sy verhouding met God. Maak nie saak wat hy ervaar het nie, hy het direk na die Here toe gegaan en openlik en met passie sy gevoelens met God gedeel. Toe die skuld van sy sonde swaar op hom rus, het Dawid sy hart teenoor God uitgestort:

> *Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ek ken my oortredinge en my sonde is altyddeur voor my.*
>
> *Teen u alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë . . .*
> *Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. . .*
> *Red my van bloedskuld, o God, God van my heil!*
> **(Ps. 51: 3-6, 11, 16)**

Toe hy oorweldig is met vrees vir sy situasie, het Dawid uitgeroep na sy Verlosser:

> *Hardop roep ek die Here aan, hardop smeek ek die Here.*
> *Ek stort my klagte uit voor Sy aangesig; ek maak Voor Sy aangesig my nood bekend. . . Ek roep U aan, o Here! Ek sê: U is my skuilplek, my deel in die land van die lewendes. Luister na my smeking, want ek is baie swak; red my van my vervolgers, want hulle is vir my te sterk.*
> **(Ps. 142:2, 3, 6, 7)**

Toe die onreg van sy vyande meer was as wat hy kon verduur, het Dawid in opregtheid vuriglik uitgeroep na ons hemelse Regter vir regverdigheid en wraak:

*O God van my lof, moenie swyg nie! Want hulle het die mond van die goddelose en die mond van bedrog teen my opgemaak; hulle het met my gespreek met 'n leuenagtige tong. . .*

*Stel 'n goddelose oor hom en laat 'n teëstander staan aan Sy regterhand. As hy geoordeel word, laat hom as skuldige uitgaan, en laat sy gebed sonde word. Laat sy dae min wees; laat 'n ander sy amp neem. Laat sy kinders wese word en sy vrou 'n weduwee.*
**(Ps. 109:1, 2, 6-9).**

Toe vreugde en vrede Dawid oorweldig het, was sy tong te kort om Sy lof te besing!

*HALLELUJA! Loof God in sy heiligdom, loof Hom in sy sterk uitspansel! Loof Hom oor sy magtige dade, loof Hom na die volheid van sy grootheid! … Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!* **(Ps. 100:1, 2, 6).**

Hoe voel ons Vader oor so 'n onbevange verhouding? Handelinge 13:22 sê duidelik: "Ek het Dawid, die seun van Isaï, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen". Om te sê dat God tevrede was met Dawid is veels te lig gestel! God het net soveel vreugde gevind in hulle verhouding as Dawid self. Dit is die soort oop en eerlike kommunikasie wat Hy graag met elkeen van ons wil hê. Hy wil hê dat ons ons hele lewe met Hom sal deel: die vreugdes en die hartseer, die suksesse en mislukkings, die hoogtepunte en teleurstellings.

Terwyl ek Dawid se verhouding met God oordink, wys die Here vir my dat ek nie my gevoelens diep in my hart moet wegbêre en maar net met 'n 'Prys die Here!' moet probeer verdoesel nie. Hy het my geleer om heeltemal oop en eerlik met Hom te wees. Hy wil hê dat ek al my vrese en my woede en my pyn met Hom moet deel, Hom deel moet maak daarvan en luister na alles wat Hy daaroor te sê het.

So het ek geleer om myself heeltemal vryelik voor God in woorde uit te druk, dan stil te word in Sy teenwoordigheid en te luister en neer te skryf wat Hy sê. Hy het my woede met Sy liefde vervang, my depressie met Sy vreugde, my dood met Sy lewe.  Soos wat ek geluister het, het ek ontdek dat Hy waarlik woorde van lewe tot my spreek.

## Jesus

Jesus het ons so ‘n bietjie geleer van Sy verhouding met God.  In Sy Hoëpriesterlike gebed het Jesus gebid dat ons een in Hom mag wees soos wat Hy en Sy Vader Een is.  Hy het verklaar dat Hy nie uit Homself spreek nie, maar slegs dit wat Hy hoor by Sy Vader wat in Hom bly en al Sy werke deur Hom volbring (Joh.  14:10).  “Ek spreek van wat Ek by My Vader gesien het” (Joh.  8:38).  Trouens, Jesus sê Hy doen *niks* uit Homself nie (Joh. 8:28).  Die eenheid en gemeenskap tussen die Vader en die Seun is so groot dat Jesus altyd op die Vader se spreke gereageer het.  Hy het altyd geweet wat is die wil van Sy Vader en het Hom altyd gehoorsaam.  Hulle is Een.

Jesus het gebid dat ons ook een sal wees met Onse Vader, dat ons Hom altyd sal hoor en sal gehoorsaam, sodat ons kan getuig, “Ons doen niks uit onsself nie, maar soos die Vader spreek, word Sy wil volbring.”

Wat ‘n ongelooflike manier van lewe!  Om niks uit onsself te doen nie – is so ‘n lewenstyl enigsins moontlik?  Was Jesus besig om ons te leer hoe ‘n mens behoort te lewe, of het Hy ons gewys hoe God op aarde sou lewe?

Uit die *kenosis* in Filippense 2:5-8 is dit duidelik dat Hy Homself ontledig en die gestalte van ‘n dienskneg aangeneem het sodat Hy ‘n Voorbeeld kon wees van hoe die *mens* in hierdie wêreld moes lewe.  Daarom het ek die uitdaging aanvaar om soos Jesus te probeer lewe.  Uit Johannes 5 en 8 is dit duidelik dat Jesus niks uit Homself gedoen het nie, maar dat Hy slegs vanuit die visioene en gesproke woord van die Vader geleef het.  Dit is waarlik die volheid van wat God nog altyd vir ons begeer het.

Dit was egter so strydig met my huidige lewenswyse, dat ek nie gedink het dit is moontlik nie. Was dit regtig moontlik om op 'n plek te kom waar ek niks uit myself doen nie; waar ek slegs die woorde spreek wat ek in my binneste hoor; waar ek slegs die dinge doen wat ek by die Vader sien? Kon ek regtig hierdie soort openheid vir die stem en visioene van God ontwikkel?

Met die sleutels wat God besig was om vir my te gee oor gebed en deur my pogings om Sy stem te hoor was ek oortuig dat dit wel moontlik was om net soos Jesus uit goddelike inisiatief te lewe. Daarom het ek besluit om te leer om voortdurend ingeskakel te wees by God se stem en Sy visioene. Ek het geweet dat ek hierdeur wegbeweeg van my agtergrond, maar ek glo dat Christene geroep is om soos Jesus te lewe, en ek was gewillig om die prys te betaal om te verander.

Dit het my een hele jaar gevat om te begin om hierdie fundamentele veranderinge in my lewe aan te bring. Sulke veranderinge is nie iets waarop jy een dag besluit en die volgende dag val dit in plek nie, veral as jy analities georiënteerd is soos ek. Dit het baie jare geneem vir Jesus om hierdie soort verandering in my leefstyl aan te bring, en dit verg steeds 'n voortdurende daaglikse besluit van my kant af om hierdie lewenstyl te behou. Ek het gevind dat God baie mense deur dieselfde stadige, pynlike proses van aflegging neem waardeur Hy my geneem het. Nietemin kan elkeen van ons wat tree vir tree saam met die Here Jesus begin groei het met blydskap getuig dat elke tree die moeite werd is.

## Maria en Martha

Jesus en Sy dissipels is op 'n dag na Martha se huis genooi vir ete. In daardie dae was dit moeilik en tydrowend om vir 'n groot klomp mense kos te maak. Jy kon nie net gou 'n stuk vleis uit die vrieskas haal, dit in die mikrogolf ontdooi en in die oond druk nie. Jy moes eers die kalf slag, dit voorberei en dan oor die kole braai. Jy kon nie net gevriesde brood opwarm of maklik 'n koek aanmekaar slaan nie.

Dit het tyd en energie gevat om brood, groente en iets soets voor te berei.

Toe Martha vir Jesus en Sy vriende na haar huis toe genooi het, was sy dus bereid om hierdie opoffering te maak vir hulle gerief. Haar suster, Maria, het by haar gebly, so sy sou darem hulp hê om die bediendes aan die gang te hou en om te help met al die voorbereidings. Toe Jesus daar aankom, het Martha eers seker gemaak dat al haar gaste gemaklik was en haarself daarna verskoon om al die takies af te handel, seker met die gedagte dat Maria haar sou volg.

Sy het self die vetgemaakte kalf uitgesoek en het lank genoeg toesig gehou om seker te maak dat dit gou voorberei word. Sy is vinnig terug huis toe, terwyl sy vir Maria gesoek het om te help met die voorbereiding van die brood, maar kon haar nie kry nie. Miskien het sy iets by die bure gaan leen, het Martha gedink. Terwyl haar hande besig was, het haar verstand oortyd gewerk om alles te onthou wat gedoen moes word.

Toe sy by die deur verbyloop, verbeel sy haar sy hoor Maria se stem. Sy stop en loer in die kamer in waar die gaste was. Daar is Maria, by Jesus se voete! Sy sit net daar! Martha kon dit nie glo nie! "Hier hardloop ek rond soos 'n mal ding om alles gedoen te kry om die maaltyd gereed te kry, en sy sit net daar! Hoe durf sy! Sy het geen reg om my alleen te los met al die werk nie! Dink sy ek wil nie ook graag ontspan en hoor wat Jesus sê nie? Wat sou almal *dan* doen? Hulle sou baie gou begin kla omdat hulle honger was en die kos nog nie reg is nie! Dit sou hul verdiende loon wees! En hoe kan Jesus net toelaat dat sy daar sit! Hy weet ek skarrel rond. Hoekom doen Hy niks daaraan nie?" So het sy aangegaan en aangegaan terwyl sy al hoe vinniger gewerk het.

Uiteindelik is sy op die punt om te ontplof. Woedend storm sy die huis binne, met taai hande en klere wit besmeer met meel. Sy storm reguit op Jesus af en skree: "Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar dat sy my moet help" (Luk. 10: 40).

Sy reaksie is heeltemal onverwags. Die begrip en liefde in Sy oë dryf haar byna tot trane. Hy antwoord: "Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig, en Maria het die goeie gedeelte uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie" (v. 41, 42).

Hoor jy wat sê Jesus? Net een ding is nodig: samesyn met Hom! Toe ek besef wat Hy regtig sê, het my hele wese in opstand gekom: Nee, Jesus, dis nie waar nie! Baie dinge is nodig in die Christen se lewe. Daar is produktiwiteit en dienswerk en evangelisasie en skryfwerk en lering en versorging van die armes. Dit is alles nodig! Hoe kan U sê dit is nie so nie!

Jesus se woorde het my seker so hard getref omdat ek soos Martha was, voortdurend daardeur gedryf om besig te wees en iets te doen. Ek het geweet dat as ek Sy woorde aanvaar, ek 'n paar aanpassings sou moes maak wat my hele lewe betref!

Geleidelik het die Here my gewys hoe verkeerd ek was. Dit is waar dat dienslewering, produktiwiteit en evangelisasie belangrik is, selfs *baie* belangrik, maar hulle mag nooit 'n doel op sigself wees nie. As dit so is, beweeg ons weg van verhouding terug na die wet. Hierdie dinge is net belangrik as hulle die uitvloeisel is van 'n verhouding.

As ek na God luister, gee Hy my instruksies en idees wat my honderdmaal meer produktief maak. As ek by Hom hoor vir watter soort en plek van dienslewering Hy my geskape het, ervaar ek elke keer vervulling en sukses. En wanneer ek Sy leiding volg in evangelisasie, is die vangs so groot dat die nette amper skeur. Maar al hierdie dinge gebeur net as die een ding wat nodig is in my lewe – om na Jesus se stem te luister – prioriteit geniet.

Ek het nie met my vrou getrou sodat sy my moes bedien nie. Ek het met haar getrou sodat ons saam kan wees, mekaar se geselskap kan geniet en ons lewens met mekaar kan deel. Wat ek die graagste van haar wil hê, is nie haar dienslewering of haar gehoorsaamheid nie, maar haar liefde. Jesus is die Bruidegom van die Kerk. Hy is nie eerstens met haar getroud sodat Sy Hom moet dien nie, maar sodat hulle mekaar kan liefhê.

## Paulus

Paulus was een van die grootste apostels en sendelinge ooit. Hy was waarskynlik betrokke by die redding van meer mense as enige ander apostel. Tog was die diepste begeerte van sy hart: "dat ek Hom kan ken" (Fil. 3:10). Paulus het gesê die ding in sy lewe wat hy die meeste begeer, was nie om meer siele te wen nie, al het hy dit gedoen; ook nie om meer kerke te stig nie, al het hy dit ook gedoen. Waaroor hy meer besorgd was as enigiets anders, was 'n intieme verhouding met Jesus Christus. Hy wou Hom ken en by Hom wees en met Hom gesels. Paulus het elke dag meer en meer begeer om Jesus lief te hê. En omdat hy tyd met Hom deurgebring het, kon Paulus uitgaan en die wêreld verander.

Netso kan ons ook nie probeer om die wêreld te verander, en dan wanneer die werk afgehandel is, intimiteit soek nie. Alle dienswerk, alle produktiwiteit, alle evangelisasie, moet 'n uitvloeisel wees van intimiteit.

## Die Kerk

God praat in die Nuwe Testament weer eens met die mens om 'n naby verhouding met Hom te hê.

Toe ek Jesus aangeneem het as Here van my lewe, het ek 'die ewige lewe' ontvang. As ek enigsins voorheen oor die betekenis hiervan nagedink het, sou dit iets wees soos 'n lidmaatskapskaartjie wat ek vir Petrus sou gee by die hemelpoort om in die hemel toegelaat te word. Die ewige lewe het beteken dat ek vir ewig sou lewe.

Wat 'n verrassing toe ek ontdek dat Jesus iets anders hiermee bedoel het: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3). Die ewige lewe is om God die Vader en Sy Seun te *ken.*

Die Griekse woord hier vir 'ken', *ginosko*, is 'n baie kragtige woord. Dit kan gedefinieer word as om iemand intiem te ken in 'n verhouding wat progressief ontwikkel. *Ginosko* word in die Septuagint gebruik in

gedeeltes soos Genesis 4:1, Adam het sy vrou Eva *beken* en sy het swanger geword . . . (beklemtoning myne). Dit het betrekking op die mees persoonlike, intieme verhouding tussen man en vrou. Dit dan is die ewige lewe; om intiem betrokke te wees in ‘n lewende verhouding met die Vader en die Seun. Die ewige lewe is ‘n verhouding!

Die meeste mense sien hoofsaaklik uit na die hemel as ‘n ontsnapping van die sorge en probleme van hierdie wêreld. Dit is nie heeltemal waaroor die hemel gaan nie. God gee vir ons die ewige lewe in die hemel sodat ons ons intieme verhouding met Hom daar kan voortsit. Dit sou nie hemel wees sonder die naby verhouding met ons hemelse Liefling wat in hierdie lewe begin, en al heerliker word tot in die ewigheid nie! Die hemel daal neer na die aarde in ons verhouding met die Vader en die Seun! Hemel begin op die dag waarop jy aanbeweeg van werke na liefde, van reëls na ‘n verhouding – die dag waarop jy God regtig leer *ken*!

Jesus het gekom om vir ons die Ewige Lewe te gee, om terug te keer na die tuin waar ons Vader nog steeds wandel, steeds liefhet, steeds verlang na ‘n liefdevolle verhouding met ons.

Hebreërs 12:18-25 is ‘n woord vir ons, Sy kerk. Die skrywer vergelyk die vrees van die Israeliete by die brandende berg, waar God op ‘n keer ‘n verhouding met hulle wou hê, met die heerlikheid van die berg Sion. In vers 25 sê Hy: “Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie.” God praat weer. Hy bied weer eens vir ons ‘n verhouding met Hom aan. Hy sê, “Moet asseblief nie doen wat Israel gedoen het nie. Moet my stem asseblief nie weer weier nie. Moet asseblief nie weer terugkeer na die Wet nie. Moet My asseblief nie weer verwerp nie”.

Ons staan voor dieselfde keuse. Gaan ons Sy stem aanvaar saam met die vuur? Gaan ons in ‘n verhouding en daaglikse gesprek met God lewe? Of gaan ons vol vrees wegdraai en aan die Wet gebind bly wat net dood in ons lewens kan bewerk? Laat ons Hom wat spreek nie weier nie.

## Sy Bruid

> *En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, het die Koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak* **(Op. 19:6, 7).**

Die klimaks van die geskiedenis is 'n huwelik! Die hele skepping, die heelal, die hele lewe is besig om uit te loop op die finale openbaring van die liefde van die Skepper: die huwelik van Sy Seun! Op hierdie oomblik is ons, die Kerk, verbind tot 'n huwelik. Wat doen verloofde paartjies gewoonlik? Hulle spandeer hope tyd saam, deel hul liefde, hul lewens, hul alles met mekaar.

Toe ek en my vrou uitgegaan het in ons Kollege-jare, het ons ure lank net gesit en gesels onder 'n esdoringboom op die kampus. Ek het nie 'n idee waaroor ons gesels het wat ons die hele middag so besig gehou het nie. Ons het net aanhoudend gesels oor idees en gevoelens, drome en vrese, belangrike dinge en dinge wat net belangrik was omdat ons dit met mekaar gedeel het. Omdat ons mekaar liefgehad het, wou ons ons hele lewe met mekaar deel.

Ons is verloof aan Jesus met die oog op 'n huwelik. Sy hart begeer om Sy idees en gevoelens, Sy drome en Sy liefde, met ons te deel. Reageer jou hart nie met dieselfde begeerte op Sy liefde nie? Wil jy nie jou ganse lewe met jou Verloofde deel nie?

## Ons reaksie

Ek het 'n besluit geneem toe die Here hierdie dinge aan my openbaar het: Liefde is belangriker as werk. Liefde, nie produktiwiteit nie, is die kern van die heelal. Ek het begin afskaal en die lewe begin geniet, elke liewe oomblik, en dit begin deel met my Vader en almal

om my.  En as daar nie iemand by my is nie, geniet ek net die lewe, en my menswees, en die skoonheid van Sy skepping.

En wat van werk?  Wel, God het herhaaldelik vir my gesê dat Hy meer in een oomblik kan vermag as wat ek in 'n maand kan uitrig. Besef jy dat Hy reg is?  Terwyl ons bymekaar is, maak Hy my ongelooflik produktief, baie meer as wat 'ek' ooit kan wees.

Nou geniet ek die lewe baie meer.  Ek geniet my vrou, my kinders, diegene wat ek bedien en diegene wat my bedien.  Ek sal nooit weer 'n 'werkoholis' wees nie.  Liefde sal altyd vir my die kern van die lewe bly.

Hoekom stop jy nie net hier, sit die boek neer en sê vir Jesus dat jy Hom liefhet nie?  Vertel Hom op een of ander manier of skryf jou liefde vir Hom neer en jou dankbaarheid vir al sy seëninge.  Sê vir Hom dankie vir al die dinge wat Hy aan jou geopenbaar het en vir Sy wonderlike skepping.  Bemin Hom net vir dit wat Hy vir jou beteken.

As jy klaar is, wag vir Sy reaksie.  Skryf al die gedagtes neer wat by jou opkom.  Miskien sê Hy dat Hy jou ook liefhet.  Miskien sê Hy vir jou hoe kosbaar jy vir Hom is.  Miskien gee Hy jou leiding of vrede oor iets wat jou pla.  Gee Hom 'n kans om te sê wat Hy ookal wil.  Hy wag vir jou.  Wil jy nie daarop reageer nie?

# 2

# Die Gesproke Woord: Skakel in by Spontaneïteit

## Sleutel#1

God se stem in ons binneste klink soos 'n stroom spontane gedagtes. Wanneer ek na God luister, skakel ek dus in by spontaneïteit.

Die eerste sleutel om God se stem in ons binneste te hoor is om vas te stel hoe Sy stem klink. Onse God is 'n God wat kommunikeer en graag Sy gedagtes en Sy wil aan ons bekend wil maak. Hy het vir ons die *Logos*, die geskrewe Woord van God gegee om vir ons lewenswette te leer en deur die gebruik van voorbeelde in die Skrif, te leer wat gebeur wanneer ons aan hierdie wette gehoorsaam of ongehoorsaam is. God praat ook met ons deur geestelike vriende en raadgewers. En Hy gebruik omstandighede om ons op die regte pad te lei. Hierdie is alles maniere waarop God Sy wil aan die mens bekend maak.

Daar is ook nog ‘n ander kommunikasielyn beskikbaar vir die kind van God. Daar is ‘n vaste wete, soos manne en vroue van die Bybel ervaar het, ‘dat die Woord van die Here tot my gekom het’. Daar is ‘n stem van God wat ons kan hoor – nie noodwendig hoorbaar nie – maar nietemin herkenbaar.

Baie Christene begeer om hierdie soort kommunikasie met die Here te hê. Party van ons het egter geleer dat dit nie vir ons beskore is nie. Ons is geleer dat Bybelkarakters op die een of ander manier meer guns geniet het as ons, of anders was as ons, en dat God besluit het om nie meer met ons by die naam te praat in hierdie tydperk van die kerk nie. Omdat ons hierdie leuen glo, word ons beroof van die heerlike verhouding waarvoor ons bestem is en waarvoor ons gered is.

Die profeet Elia is iemand wat God se stem kon hoor. Tog lees ons in Jakobus 5:17 dat hy ‘n mens was net soos ons. God het nie witbroodjies nie! Ek glo dat elke kind van God die verhouding met Hom kan ervaar wat Adam en Eva in die paradys geniet het en wat Moses ervaar het in die Tent van Ontmoeting.

Jesus sê, ‘My skape ken my stem’ (Joh. 10:27). Ek glo dit is waar. Hy is altyd besig om te praat en Sy skape kan Sy stem hoor. Ongelukkig het die samelewing ons so gebreinspoel dat ons dikwels nie weet dit is die stem van ons Herder nie. Ons Westerse samelewing het so rasioneel, humanisties en wetenskaplik geraak dat daar nie plek is vir die geestelike om te manifesteer in die sigbare wêreld nie. Maar as ons ons besige gedagtes lank genoeg kan bedwing sodat ons Sy stem kan hoor, sal ons waarskynlik uitroep: “Ek het nou net ‘n briljante gedagte gekry!” of “Die antwoord het net skielik by my opgekom!” Wanneer die mens die kern van die heelal is en die bron van alle kennis, dan *moet* ‘ek’ die oorsprong wees van al my gedagtes.

Ek het in my eie lewe en die van my studente geleer dat ‘n bietjie onderrig, ‘n bietjie lering en ‘n bietjie terugtree van die gesofistikeerde volwasse wêreld dit moontlik maak om nie net God se stem te hoor en te herken nie, maar om selfs ‘n twee-rigting gesprek met Hom te hê en ‘n naby verhouding met Hom te ervaar.

Miskien sê jy, "Maar hoe kan *ek* God se stem herken?" Daar is seker nie nog 'n vraag wat die Westerse samelewing so pla soos hierdie een nie. Ek het jarelank na die antwoord gesoek. Ek het alles wat ek in die Nuwe Testament kon kry oor gelowiges wat leiding by God gekry het, bestudeer. Ek het elke moontlike boek gelees oor God se stem en die gawes van die Heilige Gees. As ek wou hê dat die gawes van die Heilige Gees deur my moes werk, het ek geredeneer, veral die vokale gawes, moes ek God se stem leer ken. Alhoewel ek baie geleer het oor die verskillende soorte gawes, was daar nie een boek wat my geleer het hoe die gawes deur my kan werk nie.

Daarom het ek geluister, soos ek reeds gesê het, vir die klein, stil stemmetjie, maar al wat ek gehoor het was die gewone gedagtes wat deur my kop gegaan het. Ek het desperaat uitgeroep: "Waar is U, Here?" Uiteindelik, gedurende 'n jaar van intensiewe soeke en ondersoek, het die Heilige Gees aan my die waarheid openbaar. Hy het my gewys dat God se stem ervaar word as 'n spontane gedagte in my binneste. Die sleutelwoord hier is *spontane* gedagtes.

Die stem van God is kommunikasie van Gees tot gees, die Heilige Gees wat direk to my gees spreek. Ek ervaar dit as 'n spontane gedagte, idee, woord, emosie of visioen (prentjie of beeld). Gedagtes vanuit my verstand daarenteen, is analities en kognitief. Ek beredeneer dit; een gedagte volg logies op die ander. Gedagtes uit my hart hierteenoor is spontaan. Dit is 'n intuïtiewe proses.

Ek dink jy sal saamstem dat as hierdie die regte definisie is van hoe God se stem gewoonlik klink, dan het ek so pas 'n baie eenvoudige antwoord op 'n baie ingewikkelde vraag gegee! Almal ervaar elke dag spontane gedagtes. Maar kom alles van God af?

Ek sê *nie* dat elke spontane gedagte die Heilige Gees is wat met jou praat nie. Ek sê wel dat spontane gedagtes die kommunikasie van die hart is en dat analise en redenering kommunikasie van die verstand is. Daarom, as ek myself wil instem by hartskommunikasie, verander ek van kognitiewe, analitiese gedagtes na 'n stroom spontane gedagtes.

As ek uiteindelik by hierdie spontane vloei uitkom, is daar egter nog steeds drie 'stemme' wat ek moet onderskei. Ek kan my eie stem

hoor, God s'n of die van satan. Daarom moet ek nog steeds dit beoordeel, maar ten minste het ek by my hart uitgekom. Dit is opsigself 'n groot prestasie vir die meeste van ons in die Westerse wêreld. Ons sal later in diepte kyk hoe ons hierdie spontane vloei kan toets.

Ek wil eers die definisie wat ek gegee het met die Skrif en my eie ervaring staaf. Een van die letterlike betekenisse van *paga*, die Hebreeuse woord vir intersessie, is ''n waarskynlike ontmoeting' of ''n toevallige kruispunt'. Genesis 28:11 gee 'n voorbeeld van die letterlike betekenis van *paga*. Jakob was besig om te vlug, op pad na sy oom se huis, toe 'kom hy by 'n plek (*paga*) waar hy die nag oorgebly het'. Hy was net op pad en het 'toevallig' by hierdie plek uitgekom. Hy het nie hiervoor voorsiening gemaak nie en dit was ook nie deel van sy beplanning nie. Hy was net op die pad en toe beland hy daar.

Wel, ek weet nie van jou nie, maar om 'toevallig by 'n plek uit te kom' is vir my 'n baie eienaardige definisie van gebed of intersessie. As ek vir jou sou sê dat intersessie 'n ontmoeting is wat toevallig of per ongeluk plaasvind, sal jy dalk jou kop krap en wonder of ek nie dalk iets in het nie! Hoe kan intersessie 'n ontmoeting wees wat toevallig of per ongeluk plaasvind? Laat ek dit demonstreer met 'n voorbeeld uit die daaglikse lewe.

Kan jy aan 'n keer dink, miskien toe jy op die pad was, en iemand se naam sommer in jou kop opgekom het en jy net geweet het dat jy dadelik vir hom moes bid? Jy het nie op daardie oomblik aan hom gedink nie. Die gedagte het sommer 'van nêrens' af gekom. Maar jy het dit aanvaar as God wat jou oproep om te bid. Dit was intersessie. Dit was *paga*. Wanneer 'n 'toevallige' gedagte ons verstand kruis, is daardie 'toevallige' gedagte eintlik 'n goddelike ontmoeting. God is besig om stilweg en op 'n eenvoudige manier met ons te praat.

Dit is dan God se stem: 'n toevallige idee wat jou verstand kruis, wat nie vanuit jou normale gedagtegang kom nie, maar net in jou hart opduik. Dit is God se stem – 'n idee van God af wat jou hart verlig en in jou verstand geregistreer word as 'n spontane gedagte.

Dit was so ‘n opwindende openbaring, toe ek besef dat ek God al hoor praat het! Al het ek nog nooit ‘n innerlike ‘stem’ gehoor nie, was ek al bewus van gedagtes wat toevallig in my kop kom. Dit het eenvoudig tot my gekom as spontane gedagtes. So het ek uiteindelik geleer waarvoor om te luister as ek God se stem wou hoor. *As ek luister om God se stem te hoor luister ek vir spontane gedagtes*. Ek het ontdek dat as ek hierdie intuïtiewe gedagtes neerskryf, ek elke keer verstom staan oor die wysheid daarin opgesluit wanneer ek dit later weer lees. Ek is vandag daarvan oortuig dat dit wel God se woorde is wat ek hoor.

God se stem klink dikwels soos ‘n stroom spontane gedagtes. Dit beteken natuurlik nie dat dit die enigste manier is waarop God met my praat nie. Aan die begin van hierdie hoofstuk het ek verskeie ander maniere genoem waarop ‘n mens God se wil leer ken. Nou en dan praat Hy selfs in ‘n hoorbare stem. Ek het egter gevind dat God se stem die meeste van die tyd klink soos ‘n stroom spontane gedagtes wat ons verstand verlig.

Ek het sekere kenmerke van God se gedagtes ontdek, wat my help om dit te eien en verseker te weet dat dit wel van Hom af kom:

*Hulle is soos my eie gedagtes,* behalwe dat ek dit ervaar as uit my hart eerder as uit my verstand, omdat hulle spontaan is en nie analities of kognitief nie. Dit het definitiewe en doelbewuste inspanning geverg om my fokus te verander van die analitiese en logiese na die spontane. Vir die afgelope paar jaar het dit my mikpunt geword. Vroeër terwyl ek bestuur het, sou my gedagtes besig wees met die gebeure van die dag. Alles wat almal deur die dag vir my gesê het, moes eers deur die ‘rekenaar’ ontleed en verwerk word. Ek het alles voortdurend uit mekaar uit getrek. Maar nie meer nie. Wanneer ek nou ry, aanbid ek Jesus, vertel ek Hom dat ek Hom liefhet. Ek sing vir Hom ‘n liefdeslied en laat toe dat Hy met my ook praat deur spontane gedagtes. Ek werk daaraan om my lewe so aan te pas dat ek ingeskakel kan bly by liefde en die Liefling van my siel.

Ek het gevind dat as ek by spontaneïteit ingeskakel bly wanneer ek dinge moet deurdink of uitredeneer, die Here makliker wysheid en insig aan my kan oordra. Ek het aanvanklik gedink as ek tyd ‘mors’

deur lief te hê, ek nie voorbereid sou wees met die antwoorde teen die tyd dat ek by die werk aankom nie. Hy het my egter geleer dat wanneer ek tyd spandeer om Hom lief te hê, Hy my beloon met produktiwiteit, kreatiwiteit, outoriteit, guns by mense, geloof en wysheid.

*God se stem is gewoonlik saggies en lig en kan maklik afgesny word deur eie inspanning.* As ek die spontane, intuïtiewe vloei met my eie analitiese gedagtes of my eie wil onderbreek, sal Hy nie bo die geraas probeer uitskree of my aandag probeer terugkry nie. Hy sal eenvoudig stilbly en wag totdat ek weer gereed is om te luister.

Ek het die gewoonte gehad om ''n preek' uit te skryf terwyl ek geleer het om na God se stem te luister – 'n swakheid wat ek moes oorkom. Eenkeer het die Here met my begin gepraat oor sterwe aan self en die opneem van my kruis. Onmiddellik het ek gedink, 'O, hiervan weet ek baie! Ek het al baie goeie boodskappe oor hierdie tema gebring!' En ek het dadelik begin om alles wat ek weet en glo van sterwe aan self uit te skryf. Totdat ek besef het wat ek besig was om te doen. My verstand het oorgeneem en ek het my rede gevolg in plaas van spontaneïteit. Die oomblik toe ek dit besef, kon ek my eie gedagtes keer en weer oorskakel na spontaneïteit.

Toe sê ek maar net, 'Goed, Here, gaan asseblief aan waar U opgehou het. Hoekom sê U nie vir my wat U wou sê oor sterwe aan self nie?' Toe doen Hy dit! Wat Hy te sê gehad het is 'n bietjie anders as wat ek glo en geleer het en dit het baie aanpassings gevra in my lewe en my bediening.

As jy agterkom dat jy die Here in die rede val, moenie jouself bestraf of aanhou verwyt nie. Sê maar net, 'Oeps!' en keer terug na spontaneïteit en intuïsie.

*God se stem kom dikwels tot ons in die eerste persoon.* Hy sal byvoorbeeld vir my sê, 'Ek het jou lief, Mark'. Dit is egter nie altyd so nie. Die keuse is eintlik joune. Dit hang af of jy in geloof die woorde ontvang asof dit van God af kom, en dit is wat die verskil maak. Onthou, hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is.

*God se stem bevat dikwels ongewone inhoud, wat beteken dat dit beter en ietwat anders is as my eie gedagtes.* Dit is wyser, genadiger, oordeelkundig, en gaan meer oor die motiewe van die hart. Soos Jesus so dikwels gedoen het toe Hy op aarde was, mag dit lyk of God jou vraag ignoreer en by die hart van die probleem uitkom.

Aan die begin het ek vrae gehad oor my dagboek, en wou ek dit amper weggooi omdat ek gevoel het dat dit my eie gedagtes was. Maar toe ek dit weer en weer lees, het ek besef my lewensuitkyk was nie dié van die Persoon in die dagboek nie. Ek kyk oppervlakkig. Ek hoor net mense se woorde en reageer op hul aksies. In my dagboek was daar 'n begeerte om tot in die hart te kyk, om motiewe te verstaan en wonde te genees.

*God se stem veroorsaak dikwels 'n besondere reaksie binne-in my.* Daar is dikwels 'n ervaring van opgewondenheid, oortuiging van sonde, geloof, opwinding, verwondering of vrede wat gepaardgaan met die stem van God. Daar is dikwels 'n oplewing in my gees of 'n ervaring dat ek 'n las met Jesus deel.

*God se gesproke Woord het genoeg krag om in vervulling te gaan.* Sy las is lig en Sy juk is sag. Sy wil is nie om ons in slawerny in te lei nie, maar om ons uit te lei in tevredenheid en blydskap. Selfs al vra Hy iets moeiliks van ons, gee Hy ons die krag om dit te doen. As ons ja sê vir Hom, vloei Sy genade deur ons om Sy wil te doen. Sy Gees werk saam met Sy Woord om Sy doel te bereik.

Jou geestessintuie word geoefen soos wat jy dit gebruik en mettertyd sal jy God makliker en meer dikwels hoor praat.

Aan die begin moet jy eers God se stem leer onderskei van die kognitiewe gedagtes wat van jou eie verstand af kom. Ek dink jy het al voorheen God se gedagtes gehoor. Het jy nie al met 'n moeilike probleem geworstel, en skielik kom daar die mees kreatiewe idee by jou op nie? Indien jy 'ja' hierop geantwoord het, het jy seker ook self die krediet daarvoor gevat en jouself op die skouer geklop met 'n 'toe nie so dom nie, né?' Wat ek ontdek het, is dat sulke spontane, kreatiewe oplossings vir moeilike probleme wat net in my gedagte inval glad nie my eie is nie. Dit kom van God af. Hy spreek dit in my

binneste. Eerder as om die krediet daarvoor vir myself toe te eien, gee ek God nou die eer daarvoor.

Ek het gevind dat byna alle mense al die volgende ervaring gehad het: Was jy al ooit besig om te bid, en dan skielik ervaar jy hoe jou gebed deur onrein gedagtes belemmer word? Die meeste mense dink dis hul eie skuld en glo dat dit uit hulself uit kom en voel dan skaam en skuldig.

Ek dink hierdie gedagtes is waarskynlik glad nie jou eie nie; dit is satan wat probeer om jou gebedstyd te verongeluk. Weer eens wil ek sê dat jy nie verantwoordelikheid daarvoor moet neem of skuldig of skaam daaroor moet voel nie. Wanneer dit met my gebeur, sê ek eenvoudig vir satan dat ek in die middel van gebed is en dat hy sy slegte gedagtes in die Naam van Jesus moet vat en skoert. As ek daarna weer my gedagtes op Jesus rig, ervaar ek onmiddellik 'n verligting in my gees en gedagtes.

Ek het geleer om nie die skuld te vat vir die *spontane* goeie *of* slegte gedagtes wat by my opkom nie. Ek gee God die krediet vir die goeies en ek blameer satan vir die slegtes.

# Die Krag van 'n *Rhema*-woord

Die Skrifbewyse van die krag van die gesproke Woord van God deur Sy Gees in en deur ons, is werklik wonderlik. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde.

## 'n *Rhema*-woord stel produktiwiteit vry.

Een oggend was Simon besig om sy nette te skrop langs die meer van Gennésaret. Hy was moeg en moedeloos nadat hy die hele nag niks gevang het nie. Hy was so verdiep in sy eie gedagtes van mislukking en terneergedruktheid, dat hy nie eers bewus was van die Man wat daar naby gepreek het of van die skare wat Hom byna in die meer ingedruk het uit angstigheid om elke woord van Hom te hoor nie.

Skielik was Simon se aandag vasgevang deur die Man wat na hom aangestap kom en binne-in sy boot klim. Simon was op die punt om hom weg te jaag van sy eiendom af, maar die Man praat met hom en vra hom om ‘n entjie weg te vaar sodat Hy makliker met die mense kon praat. Simon wou eers onbeskof weier, toe hy bewus raak van die skare wat die Man so gretig volg. Ek dink hy het seker gewonder, ‘Wat is die aantrekkingskrag? Miskien moet ek kyk. Ek het in elk geval niks om vandag mark toe te neem nie. Hoekom nie?’ en toe daar weggevaar.

Die tyd het behoorlik gevlieg terwyl hy in die bootjie gesit en luister het na wat die Man hulle leer. Luister na Sy woorde! Kon dit regtig waar wees? Was daar regtig plek in die koninkryk van God vir iemand soos hy? Kon Jahwe regtig iemand wat so grof en luidrugtig en impulsief soos hy was, liefhê?

Tog te gou was Hy klaar gepraat. Hy het na Simon toe gedraai en gesê, ‘Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak’. Dit het hom teruggeruk na die werklikheid en hy het met misnoeë geantwoord, ‘Ons het die hele nag gewerk en niks gevang nie’. Maar, toe hy die krag van Sy woorde onthou, voeg hy by, ’Maar op U bevel (*rhema*) sal ek dit doen’. Simon het vir die manne ‘n teken gegee en hulle het die nette uitgegooi. Skielik, asof hulle die een of ander teken gehoorsaam, het visse in die nette ingestroom. Gou-gou was die nette so vol dat dit wou skeur. Hulle het dringend vir hulle makkers in die ander bote nader geroep om te kom help. Albei bote was so gou tot oorlopens toe vol visse dat albei begin sink het.

Wat het die verskil gemaak? Hoekom het hulle die hele nag verniet gewerk en toe skielik meer gevang as wat hulle kon hanteer? Die verskil was die *rhema*-woord. Ek kan doen wat ek dink ek moet, wanneer, waar en hoe. Ek kan baie hard werk, al my energie en hulpbronne inspan, en steeds baie min bereik. Aan die begin van die dag, kan ek na my dagtake kyk wat wedywer met mekaar, en myself uitbrand in my pogings om alles gedoen te kry. Of, ek kan my dag met gebed begin en God se leiding as *rhema*-woord ontvang, wat my wys waaraan ek my tyd en energie moet spandeer. As ek dit doen, kan ek my dag in vrede deurbring, sonder skuldgevoelens of enige nonsens, en baie meer bereik as met my eie beplanning. *Rhema* bepaal vir ons die tyd en plek. *Rhema* lei tot produktiwiteit.

## ‘n *Rhema-woord* is lewe

Ons het alreeds gesien dat ons moet kies tussen ‘n lewende verhouding met Jesus en ‘n lewe onder die wet. Die letter van die wet maak dood, maar die Gees maak lewend. Jesus het gesê, “Dit is die Gees wat lewend maak… die woorde wat Ek tot julle gespreek het, is gees en is lewe” (Joh. 6:63).

Wanneer iemand ‘n *rhema*-woord spreek, kan jy voel hoe jy in jou gees gelig word, hoe die lewe deur jou vloei. Die *Logos* kan oorgedra word as ‘n wet wat ons weer verslaaf en die dood meebring, of dit kan gepreek word in die krag van die Gees wat vrede en lewe gee. Die verskil is dikwels net ‘n klemverskil, ‘n versuim om te verklaar dat die krag van die opgestane Here die werk doen. As die Woord wat uitgaan geregtigheid deur werke verkondig, word die woord ‘n wet. As dieselfde Woord in die krag van die gees oorgedra word, openbaar dit die heerlikheid van God in ons en maak ons vry van die krag van sonde en die dood.

## ‘n *Rhema*-woord gee outoriteit aan ‘n boodskap

Die Jode was verwonderd oor die outoriteit waarmee Jesus gepraat het. Waar het Hy hierdie krag vandaan gekry? Dit was nie Sy eie goddelike reg nie, want Filippense 2 sê duidelik dat Hy Homself ontledig het toe Hy mens geword het en alle voorregte en krag van die Godheid afgelê het. Wat is dan die geheim van die outoriteit van Sy woorde? Johannes 14 sê duidelik dat Hy nie uit Homself gespreek het nie, maar dat die Vader in Hom gebly het. Die woorde van Jesus was *rhema* vir Hom, is as *rhema* ontvang terwyl Hy tyd met die Vader deurgebring het. Omdat Hy op goddelike inisiatief gespreek het, was Sy prediking kragtig en met outoriteit.

Dit is ook so met gelowiges vandag. Wanneer ek in beraad of prediking ‘n *rhema*-woord van God spreek, is daar outoriteit en krag om lewens te verander. Dit is die ‘salwing’, die goddelike ‘salwing’. *Rhema* gee outoriteit aan prediking.

## ‘n *Rhema*-woord lei tot die regte begeertes

“As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry” (Joh. 15:7). As ons in verhouding met Jesus lewe, die stem van God hoor en dit gehoorsaam, sal ons altyd kry waarvoor ons vra. Dit herinner my aan Psalm 37:4, ‘ …verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart”.

Die eerste deel van ‘n vers is gewoonlik die sleutel tot die tweede deel. As God ons vreugde is, as dit vir ons die lekkerste ding is om net by Hom te wees en Hom tevrede te stel, dan sal die begeertes van ons hart net dit wees wat Hom vreugde verskaf. As Sy *rhema* in ons woon, sal die vuur in ons die werk doen. Ons sal gereinig en gesuiwer word van alle begeertes wat nie Syne is nie en ons sal slegs begeer om Sy wil te doen.

## ‘n *Rhema*-woord wek geloof

Ek het dit wat waarskynlik die belangrikste, mees betekenisvolle gevolg van ‘n *rhema-woord* is, tot laaste gelos. Romeine 10:17 is ‘n bekende teksvers, maar een wat gewoonlik misverstaan word. “Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord [rhema] van God”. Geloof is die gevolg van goddelike inisiatief. Geloof word aangevuur wanneer ons God se gesproke Woord hoor.

Jy het dit waarskynlik al ervaar. Jy het deur ‘n moeilike tyd gegaan. Jy wou God vertrou. Met jou verstand het jy Sy beloftes geken en het jy geweet dat Hy Sy woord sou hou. Tog het jy in jou hart gewonder of Hy dit vir *jou* sou doen. Skielik op ‘n dag terwyl jy besig was om die Bybel te lees of te bid of na ‘n preek te luister, het ‘n spesifieke Woord tot jou gespreek en jy het geweet dat jy weet dat jy weet dat God vir jou sou doen wat Hy belowe het. Geloof was nie net meer ‘n kopding of ‘n geestelike dissipline nie. Geloof het lewend en kragtig geword. Dit het nie meer inspanning geverg om te glo nie; jy het ‘n wonderlike rus ingegaan en God vertrou. *Rhema* het gelei tot geloof.

Wanneer jy twyfel en jou geloof swak is, in plaas daarvan om net na die *Logos* toe te gaan, begin eerder te bid en vra God om Sy woorde

tot in jou hart te spreek. As Hy praat, sal geloof binne-in jou ontplof! As jy nie meer weet waarheen of wat om volgende te doen nie, het jy ‘n *rhema*-woord van God nodig. Om kragtiger in geloof op te tree, moet jy op ‘n *rhema*-woord reageer: die Gees in jou wat saam met jou gees getuig.

## God het vir jou verstand gegee . . .

Miskien dink jy ek gaan jou vra om jou verstand te ignoreer, omdat God se stem gewoonlik deur spontane hartsgedagtes tot ons kom. Glad nie! God het vir ons ‘n hart *en* ‘n verstand gegee. Ons mag nie die een minder of hoër ag as die ander nie. Hulle is albei gawes van God en albei het ‘n plek.

In ons samelewing is ons geneig om die verstand te verafgod terwyl die hart geminag word. Baie van ons moet dit bely en God vra om vir ons balans te bring tussen die twee. Dit is presies wat ek moes doen. Belydenis is die wegspringplek vir verandering en God kan en wil balans bring in ons lewens.

Kom ek wys jou twee verskillende benaderings om suiwer openbarings uit die troonkamer van God te ontvang deur die metode van Lukas met die van Johannes te vergelyk.

Dit lyk asof Lukas van nature meer analities was. Hy vertel vir ons hoe hy sy Evangelie ontvang het: Hy het “dit goedgedink … nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe… ” (Luk. 1:3). Dit klink nie vir my asof hy ‘n intuïtiewe hartsmens was nie. Trouens hy klink heeltemal analities. En tog is die Evangelie van Lukas suiwer openbaring.

Johannes se benadering is heeltemal anders. Dit klink asof hy die mistieke een was: “Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ‘n groot stem gehoor, soos van ‘n basuin, wat sê: ‘… skryf wat jy sien in ‘n boek…’” (Op. 1:10, 11). Dit klink mos nou na ‘n intuïtiewe, visioenêre manier om ‘n openbaring te ontvang! Tog het *albei* van hulle suiwer openbarings ontvang en opgeteken wat tot vandag toe bestaan.

Soos jy kan sien is daar verskeie maniere waarop ‘n mens openbarings van die Heilige Gees kan ontvang. Lukas se metode om by God te hoor sal waarskynlik aanklank vind by die persoon wat normaalweg meer analities ingestel is. Die mens wat meer intuïtief is, sal eerder met Johannes se manier kan identifiseer.

Dit is soms moeilik om ‘n benadering wat anders is as ons eie, te aanvaar. Die analities-georiënteerde persoon sal sê: “Kom terug aarde toe; hou op om so ‘n dromer te wees”. Die intuïtiewe persoon sal sê: “Kry jy eerder jou kop uit die boeke en laat toe dat die Heilige Gees jou lei. Vat eerder die vloei van die Gees in plaas daarvan om altyd oor alles te wil redeneer!”

Ons moet die feit respekteer dat God albei hierdie tipes persoonlikhede gebruik om suiwer openbarings deur te gee. Ek is meer gemaklik met Lukas se metode. Ek bestudeer al die feite versigtig en vra dan die Heilige Gees om alles bymekaar te voeg soos wat Hy wil. Maar ek glo ook dat ek meer as my analitiese vermoëns nodig het om suiwer openbarings te ontvang. Ek moet ook ruimte maak vir intuïsie en spontaneïteit, anders sal dit wat ek ontvang net ‘n produk wees van my analitiese denke.

Vroeër jare wanneer ek byvoorbeeld ‘n preek uitgewerk het, het ek my brein in rat gekry en die Skrif bestudeer, om ‘n raamwerk te kry vir my preek sover ek gaan. As spontane gedagtes by my opkom, het ek dit eenkant toe gestoot met ‘n “Los my uit, ek werk aan my boodskap!”

As ek nou terugkyk besef ek dat ek eintlik die stem van die Heilige Gees wat my wou lei in die voorbereiding van die boodskap vir Sy kudde, stilgemaak het. Ek moes leer om intuïsie juis toe te laat wanneer ek aan ‘n preek of ‘n boek werk en ek is daarvan oortuig dat ek God se stem nou baie suiwerder oordra.

God sal jou leer watter metode die beste vir jou werk en hoe Hy jou wil lei. As jy te analities is, roep God jou dalk op om jou intuïtiewe kant te ontwikkel. As jy baie intuïtief is, wil Hy dalk hê dat jy jou analitiese vermoëns moet beoefen.

Ek het die Here op ‘n dag gevra hoekom (of eintlik bietjie by Hom gekla omdat) Hy my gebruik om mense te leer om na die intuïtiewe stem van die Heilige Gees te luister, as Hy weet dat ek glad nie intuïtief is van aard nie. Hoekom nie iemand gebruik wat van nature intuïtief is om die boodskap uit te dra nie? Sy antwoord was: “Mark, as ons ‘n analitiese samelewing wil leer om intuïtief te wees, moet dit juis wees deur iemand wat van nature analities is, maar geleer het om intuïtief te wees.” “Goeie punt!” het ek geantwoord.

Die uiteinde is natuurlik dat baie van die mense wat ek oplei, veral die wat van nature intuïtief is en visioene sien, op die ou end God se stem baie duideliker as ek sal kan hoor en onderskei. My reaksie hierop is: “Wonderlik! Sal jy jou gawe met my deel wanneer ek dit nodig het?” Ek is bly dat ons nie in kompetisie is met mekaar in die Liggaam van Christus nie, maar dat ons mekaar kan dien met ons gawes. Ek sal jou my gawe van lering leen. Leen my jou gawe van openbaring en onderskeiding, dat God verheerlik mag word in Sy Kerk.

Ek sluit hierdie hoofstuk oor die inskakeling by spontaneïteit af met ‘n beginsel wat daartoe bygedra het dat honderde van God se mense vrygemaak is. (Ek deel nog beginsels in latere hoofstukke).

## ‘n Afgod in jou hart terwyl jy bid

Esegiël 14:4 sê: “Elke man uit die huis van Israel wat sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom – Ek, die Here, sal hom daarvolgens, volgens die menigte van sy drekgode, antwoord gee …” Hierdie gedeelte fokus op ‘n skrikwekkende waarheid rakende ‘n verkeerde manier van bid, wat helaas al deur baie mense beoefen is. Wanneer ek bid, moet ek ‘n lewende offer wees. Ek moet my eie wil totaal en al aflê en heeltemal oorgegee wees aan die wil van God rakende die saak waaroor ek bid. As dit nie my ingesteldheid is nie, moet ek eers bid dat God dit in my vorm voordat ek begin bid. As ek begin bid oor die saak terwyl ek alreeds ‘n definitiewe antwoord daarvoor in my hart het, bots dit met die tekens wat van die troon van

God af kom en mag ek dalk dink dat God hierdie antwoord wat ek ervaar het bevestig, terwyl dit nie so is nie.

Met ander woorde, as ek oor ‘n saak bid en die saak is meer prominent in my gedagtes of in my bewussyn as die Here self, sal die antwoord wat ek ontvang uit myself uit kom, eerder as van die Here af. Aan die ander kant, as die Here meer prominent is in my bewussyn as die prentjie van die saak of ding waarvoor ek bid, sal die antwoord van Hom af kom en sal dit ‘n egte openbaring wees wat nie vermeng is met my eie begeertes nie.

Die beginsel hier is dat die intuïtiewe vloei kom uit die beeld waarop ek my oog vestig. Ek moet my oog vestig op Jesus, die Begin en Voleinder van my geloof. As ek dit doen, sal die visioen eg wees.

In Numeri 22 lees ons die verhaal van Bileam, ‘n siener wie se visioene vertroebel was en wat verkeerde leiding gekry het. Balak het boodskappers na Bileam gestuur met die opdrag om Israel te vervloek. Toe Bileam God hieroor nader, was die antwoord baie duidelik: “Jy mag nie saam met hulle trek nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd.”

Balak het weer boodskappers gestuur, hierdie keer van hoër aansien, met die aanbod dat Balak hom deeglik sal vergoed en sal doen net wat hy sê, as hy maar net wou kom en Israel vervloek. Bileam het skynbaar geld en rykdom op sy brein gehad, want hy het gesê: “Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, …ek kan die bevel van die Here my God nie oortree nie”. Hy het hulle egter genooi om daar te oornag sodat hy weer kon hoor wat die Here sê.

Hy was so desperaat om die eer, goud en rykdom te verkry dat hy weer tot God gebid het, hierdie keer met ‘n afgod in sy hart. Soos wat ‘n mens kon verwag, het God vir hom die antwoord gegee in ooreenstemming met sy eie hartsbegeertes. Hy het gesê, “Dis reg, gaan!” Maar God was kwaad vir Bileam en het ‘n engel met ‘n swaard gestuur om sy pad te versper (Num. 22:22).

As ons bid met ‘n afgod in ons hart, mag ons ‘n ‘ja’ van God af kry, maar dit sal lei tot ons vernietiging. Daarom moet ons seker maak wanneer ons bid dat ons oog suiwer is en dat ons Jesus sien wat

veel groter is as die ding of saak waarvoor ons bid. Dan alleen sal ons antwoord suiwer en lewe-gewend wees.

## ***Logos* en *Rhema***

Ter afsluiting van die hoofstuk wil ek daarop wys dat Paul Yonggi Cho sê dat *rhema*, vertaal as 'woord', deur Nuwe Testamentiese skrywers gebruik word vir die gesproke woord van God in ons hart. Nadat ek hieroor nagedink het stem ek met hom saam. As jy hierdie gedagte verder wil ondersoek, sal die eerste drie byvoegsels aan die einde van die boek jou help. Byvoegsel A is "*Logos* en *Rhema* in die Griekse Nuwe Testament", Byvoegsel B is 'n lys van die 70 gebruike van *Rhema* in die Nuwe Testament, en Byvoegsel C is "Verstaan die Krag van *Rhema*."

Van nou af sal ek na God se innerlike stem verwys as die *Rhema*-woord. Dit is net een van die toepassings daarvan, maar dit help ons om die konsep beter te verstaan.

Dit was verskriklik moeilik vir my om weg te beweeg van die kognitiewe na die geestesdimensie en intuïsie. Maar soos wat ek aanhou stap het op hierdie pad, het dit al hoe makliker geword. Dit is nou al amper 'eerste natuur' vir my. God het die fokus van my hele lewe verander. Hy kan dieselfde vir jou doen.

Kan ek jou aanmoedig om vir vyf minute 'n blaaskans te neem en te eksperimenteer met dit wat jy in hierdie hoofstuk geleer het. Neem 'n pen en papier en stel vir jouself 'n prentjie voor van Jesus saam met jou in die een of ander gemaklike toneel (miskien uit die Evangelies). Skryf neer: "Here, wat wil u sê oor hierdie goed wat ek besig is om te leer?"

Fokus dan op die visioen van jou en Jesus saam en skakel in by spontaneïteit. Skryf die gedagtes wat by jou opkom eenvoudig in geloof neer. Moet hulle vir die oomblik nie in twyfel trek of bevraagteken nie. Ontvang hulle net in eenvoudige, kinderlike geloof en skryf hulle neer soos wat dit by jou opkom.

Onthou, hierdie is net ‘n eksperiment.  Gaan na vier of vyf minute, sodra die vloei ophou, terug en beoordeel wat jy geskryf het.  Is dit in lyn met die Woord?  Klink dit soos iets wat God vir jou sou wou sê? Met hierdie eenvoudige oefening sal baie van julle ervaar dat julle in ‘n tweegesprek met God was!

# 3

# Raak Stil: Skakel jou Gedagtes en Emosies af.

## Sleutel #2

Ek moet leer om my eie gedagtes en emosies af te skakel, sodat ek bewus kan raak van God se stroom gedagtes en emosies in my binneste.

So dikwels wanneer ek myself afsonder om te bid, ervaar ek dat al die gejaagdheid en besigwees van die lewe my volg tot in my binnekamer. Die geraas en ge-harwar van elke dag ding mee om my aandag en my verantwoordelikhede druk swaar op my. Ek sou graag onmiddellik in die soete teenwoordigheid van die Heilige Gees wou inbeweeg sodra ek die deur agter my toemaak, maar ek het geleer dat dit nie aangejaag of afgeforseer kan word nie.

Het jy al ooit in jou binnekamer ingegaan met net vyftien minute tot jou beskikking om te bid, en beleef hoe jou gedagtes gejaagd is, en jou emosies op en af? Het jy al ooit jouself aangespreek met 'n

"Goed, jy het drie minute om tot ruste te kom sodat ek die stil influistering en stem van die Heilige Gees kan hoor"?

As jy dit al ervaar het, sal jy weet dat dit tydmors is om druk op jouself te sit. Dit is soos om te probeer om aan die slaap te raak terwyl jy rondrol op jou bed. Hoe harder jy probeer, hoe minder kry jy dit reg. Netso, hoe harder ek probeer om my eie besige gedagtes en emosies uit my hart te dwing sodat ek God se spontane vloei binne-in my kan hoor, hoe meer gespanne raak ek.

Ek het al 'n paar keer baie terneergedruk uit my binnekamer uit gekom omdat ek nie kon afskakel van my eie gejaagdheid, na die stil influisteringe van die Heilige Gees nie. Na so twintig minute gee ek maar op as ek besef dat ek glad nie kontak gemaak het met God nie. Dit is verskriklik frustrerend. As ek in elk geval so min tyd het, en dan nog sukkel om te probeer om af te skakel krap dit my om.

Ek sal later 'n uitstekende Bybelse tegniek met jou deel wat God vir ons gee om gou stil te kan word in Sy teenwoordigheid. Dit is nie die doel van gebed of 'n doel op sigself nie; maar dit is die eerste noodsaaklike stap sodat die res van ons gebedstyd 'n twee-gesprek met God kan wees.

## Wees stil en weet . . .

Psalm 46:11 moedig ons aan, "Laat staan en weet dat Ek God is". Daar is 'n diep innerlike wete in ons gees wat elkeen van ons kan ervaar as ons ons vlees en ons gedagtes afskakel, sodat ons te midde van baie uiterlike aanslae tog vrede kan ervaar.

Daar is 'n paar betekenisse vir "wees stil" in Psalm 46:10. Dit kan vertaal word as "hou op om jouself in te span, ontspan, laat los". Elkeen van hierdie betekenisse beskryf presies wat in my plaasvind wanneer ek hierdie stilte beleef.

Nog 'n manier om daarna te kyk, is om dit te sien as 'n speletjie. Die lewe was nog altyd vir my werk – baie harde werk. Selfs as ek gespeel het, was dit vir my werk. Ek het alles wat ek gedoen het

ernstig en intens opgeneem. Maar God het vir my gewys dat Hy die Een is wat die werk doen. Dit is Hy wat die taak uitvoer. My aandeel is om meegesleur te word deur *Sy* stroom en saam met Hom te vloei. Ek moet ophou om myself in te span en net ontspan in sy almag.

Een van ons studente het met dieselfde ding geworstel en die volgende in sy dagboek aangeteken:

"Vader, wat sê U is my behoefte vandag? Ek weet nie waarop ek moet fokus nie. Meer vrees vir die Here, nog meer liefde, meer belydenis van sonde, meer genesing en bevryding, ens? Ek weet net nie hoe om na U toe te kom nie."

"Dit is reg, jy het meer van al hierdie dinge nodig. Maar die belangrikste is vir jou om net stil by My voete te kom sit en by my te leer. Moenie gejaagd wees as jy na My toe kom nie. Soos ek reeds gesê het, kom sit net eenvoudig in My teenwoordigheid. Kom ontvang van My. Wees stil, ontspan, moenie jouself inspan nie en weet dat Ek God is!

"Maak gereed om te ontvang. 'n Mens kan niks ontvang as jy soos 'n mal ding rondhardloop in die fisiese dimensie totdat jy skielik My uitgestrekte arms voor jou sien en dan net tot stilstand kom nie. Daarom, in die gees, hou op! Strek jou arms uit en ontvang! Moenie probeer om meer ontsag vir God te hê of voorgee dat jy dit doen nie. Netso met dieper bekering. Moenie tekere gaan en jou bes doen om dit iewers op te diep, of jouself daartoe forseer nie. Jy *het* baie meer daarvan nodig, en dit *sal* kom en dit *is* op pad.

"Kyk na My. Kyk stip na My. Sien My raak. Fokus op my en rig jou hele hart en verstand op My en Ek sal alles wat nodig is in jou doen. Kom. Rus. Ontvang. Laat My toe om jou te omhels en te omring, weer en weer en weer. Jy kan nie alles op een slag leer nie. Moenie so hard op jouself wees nie. Ontvang elke dag *iets* by My. Bietjie vir bietjie, waarheid op waarheid, openbaring op openbaring. WEES STIL en weet. In stilte sal jy hoor. Dit is wanneer jy stil word en rus in My wat jy by My kan hoor en ontvang. Wees stil!"

## Verwyder alles wat jou aandag kan aftrek

Maar hoe bereik ek absolute stilte? Die eerste stap is om alles wat jou aandag kan aftrek, weg te neem. In Markus 1:35 lees ons dat Jesus na ‘n eensame plek gegaan het om te bid. Die profeet Habakuk het na ‘n uitkykpos gegaan as hy God se stem wou hoor. In 1 Konings 19 kry ons weer vir Elia alleen in ‘n grot, bang en depressief, waar hy God se stem hoor.

Reg aan die begin toe ek op soek was na innerlike stilte, moes ek na ‘n plek gaan waar ek alleen kon wees en waar niemand my sou pla nie. Daarom moes ek vroeër opstaan as die res van my gesin en toelaat dat die oggendstilte vrede bring in my gees. Ek het gou geleer om die telefoon van die mikkie af te haal sodat dit my nie pla nie. Dit was moeilik, totdat die Here my laat besef het dat ek nie onmisbaar is nie en dat die lewe goed genoeg vir ‘n uur of twee sonder my kon aangaan!

Gedurende die eerste paar weke van my soeke na innerlike stilte, kon ek net vroegoggend inskakel by God se stem. Omdat my analitiese manier van dink my lewe so lank oorheers het, moes ek baie versigtig wees om nie in analitiese gedagtes betrokke te raak voor my gebedstyd nie, want dan was ek hierin vasgevang vir die res van die dag. Maar wanneer ek my dag begin met lofprysing, sing terwyl ek stort en aantrek, en myself so instem tot in my binnekamer, kon ek dit volhou dwarsdeur my stiltetyd. As ek eers met verstands-goed besig raak, is dit baie moeilik om oor te skakel na intuïsie.

Dit het al hoe makliker gegaan. Op die ou end het my dogtertjie, Charity, saam met my begin opstaan. Omdat my vrou, Patti, gewoonlik in die nag vir die baba moes opstaan, wou ek haar laat slaap. Soos wat dit al makliker geword het om stil te raak, kon ek afskakel selfs terwyl ek aan haar aandag gee. Jy sal ook die vaardigheid aanleer om rustig te raak in jou hart en verstand voor God as jy dit bly beoefen.

## Raak gemaklik!

Soos wat ek geleer het om my hart en verstand op Jesus te fokus, het ek nog ‘n afleiding ontdek: my liggaam. As daar enige spanning of ongemak in my liggaam is, is ek baie bewus daarvan as ek stil word. Om te kniel is nie vir my die beste houding vir gebed nie. Ek probeer om heeltemal God-bewus te raak wanneer ek bid, en as my knieë pyn of my voete slaap, trek dit my aandag af. As die feit dat ek kniel, of enige ander gebedshouding my bewus maak van my fisiese ongemak, dan verhinder dit my gebede. As ek natuurlik *te* gemaklik raak in my liggaam en my gees, raak ek aan die slaap! Die beste posisie vir my is in ‘n gemaklike stoel by my lessenaar, met ‘n Bybel en pen en papier gereed. Dawid het ook soms gesit wanneer hy gebid het (I Kron. 17:16).

## Verwyder alle innerlike afleidings

Dit is die maklike deel, om uiterlike afleidings uit die weg te ruim; wanneer ek probeer stil word voor God, word my gedagtes in beslag geneem deur stemme, allerhande woelinge en spanninge wat my aandag verg. Die gedagtes wat die sterkste deurkom is gewoonlik: “Jy het vergeet om olie in jou kar te gooi” of “Jy het nog nie jou ma gebel nie”. Al my onafgehandelde dagtake en verantwoordelikhede waarvan ek vergeet het, vra my aandag wanneer ek stil word. Dit is alles dinge waaraan ek nie aandag gegee het nie, en sodra daar ‘n geleentheid is, kom hulle na die oppervlak! As ek aanhou om dit te ignoreer, raak dit net erger. As ek aandag gee daaraan, pla dit my totdat ek dit afhandel. So, wat doen ek? Ek skryf alles eenvoudig neer. Ek luister na die opdragte en maak ‘n lysie waaraan ek later kan aandag gee. Dit help my sodat ek my gedagtes kan afskakel.

Die volgende stem wat my dikwels pla, is die van my gewete. As die Here al met my gepraat het oor ‘n saak en ek nog nie gehoor gegee het nie, basuin my gewete dit uit: “Skuldig! Skuldig!” Maar moet ek nou van vrees begin bewe? Nee! As ek heerlike gemeenskap met Jesus gaan hê, kan ek nie op my eie onvermoë fokus nie, maar op Sy wonderlike genade. Daarom, as ek gesondig het, bely ek my

skuld en ontvang Sy volkome vergifnis. Ek kyk verby myself en my eie tekortkominge, en word bewus van Hom en van Sy grootheid.

Ons kan of na onsself en ons eie sonde en gebreke kyk, of na Christus en Sy grootheid en Sy genade. Die Bybel leer dat ons verander word deur en gelykvormig word aan dit waarop ons fokus: “En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is” (2 Kor. 3:18).

As ek besluit om my oog te vestig op Jesus (Heb. 12:2) en te sien hoedat ek oorklee is met Sy geregtigheid (Gal. 3:27), ervaar ek hoedat ek in Sy teenwoordigheid, Sy heerlikheid en Sy geregtigheid ingetrek word. Dit is so belangrik dat ons versigtig besluit waarop ons gaan fokus. Ons sal of op onsself of op Jesus fokus, op ons eie sonde of op Sy geregtigheid. Ek verkies om te fokus op dit wat die Bybel die waarheid noem, dan kan ek maklik in Sy teenwoordigheid inbeweeg. Ek wil jou aanmoedig om jou fokus versigtig te kies wanneer jy begin bid. Die verkeerde visie bring die dood. Die regte visie bring lewe.

Wanneer ek stil word, is my doel nie om my gedagtes heeltemal leeg te maak of om op te hou dink nie, maar eerder ‘n verandering van fokus. As ek dan nou klaar aandag gegee het aan al die stemme in my binneste, moet ek ‘n manier vind om my verstand eenkant toe te stoot en in te skakel by intuïtiwiteit.

## Fokus weer op Hom

Die mees effektiewe Bybelse hulpmiddel om jou geestelike sensitiwiteit te verhoog, is musiek. Dit is waar vir die meeste van ons. Wanneer Elisa die stem van die Here wou hoor, het hy die siterspeler laat roep (2 Kon. 3:15). Dikwels as ek wil weet of Hy daar is, sing ek ‘n lied van lof en aanbidding. Duisende mense reg oor die wêreld is al geraak deur die eenvoudige praktyk van ‘deurweking’ in die teenwoordigheid van God, deur net fisies stil te word en toe te laat dat musiek hulle bewus maak van Sy teenwoordigheid.

Deur aandag te gee aan ‘n lied wat in jou hart opkom, veral wanneer jy soggens wakker word, kan ‘n teken wees van die boodskap wat jou gees of die Heilige Gees wat aan jou gees verbind is, vir jou wil gee, of dit kan ‘n uitdrukking wees van jou emosies. Lof- en aanbiddingsliedere kan baie help om jou hart en siel op God te vestig, veral as jy met jou geestesoë kyk wanneer jy sing.

Ander kere het ek al ervaar dat ek ‘n uitroep in my hart uitgesing het. Een oggend het ek op die naat van my rug gelê voor in ons kerk, met ‘n gebroke gees, oorweldig deur my sonde en mislukkings, baie ver van God af. Ek het begin om die sterk begeerte van my hart uit te sing: “Kom, Here! Staan op in my binneste en reinig my! Kom en genees my! Kom, Here!” Ek het die woorde oor en oor gesing omdat dit presies beskryf het wat ek gevoel het. Na sowat vyf of tien minute het die swaarmoedigheid verdwyn. Die Son van Geregtigheid het in my opgekom met geloof, hoop, liefde en blydskap, en Sy soete teenwoordigheid het my hart gevul.

Die verandering van duisternis in lig, twyfel in geloof, en wanhoop in hoop, is nie slegs akademiese kennis nie maar is ‘n werklike fisiese ervaring. Die Psalmdigter sê die een wat vertoef in die teenwoordigheid van God, praat die waarheid in sy hart. Maak nie saak wat ek in my hart voel nie, ek moet myself en my emosies net soos dit is aan die Here oorgee wanneer ek in Sy teenwoordigheid inbeweeg.

Nog twee ander Bybelse tegnieke wat nuttig is wanneer ek stil word, is visie en liefde. Ek kyk met die oë van my hart om in die gees ‘n prentjie te sien van myself in gesprek met Jesus, en hierdie gesig neem my ver verby analitiese denke. As ek Jesus sien wat by my is, bely ek my liefde, en soos wat my hart oorloop van liefde vir Hom, word ek ingetrek in die stilte van Sy teenwoordigheid.

In Hebreeus sowel as Grieks word dieselfde woord vir asem as vir gees gebruik. Ek kan my asem gebruik om my gees stil te maak. Soos wat ek uitasem, bely ek my sonde en skuld. Wanneer ek inasem, is dit die soete Heilige Gees wat my reinig. Soos wat ek hierdie oefening herhaal, raak my liggaam en gees bewus van die vredevolle teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Die rede hoekom ons innerlike stilte soek, is om bewus te raak van die werking van die Gees van God in ons. “Laat staan en weet dat Ek God is”. “Swyg voor die Here en verwag Hom” (Ps. 37:7).

Wanneer ek stil word, raak ek bewus van ‘n verandering in myself en ervaar ek die aktiewe werking van die emosies, idees en visioene van die Heilige Gees.

Een van die ontstaansgroepe van die Christelike godsdiens in ons land, was die Kwakers. Hulle het die kuns verstaan om hul eie werk te staak en tyd te maak om God se stem te hoor. ‘n Groot deel van die tyd wat hulle saam is, word in stilte deurgebring. Elke persoon word stil op sy eie om bewus te raak van wat God vir hom wil sê.

As ek oppervlakkig lewe, net bewus van uiterlike omstandighede, en dan daarop reageer asof dit die enigste werklikheid is, word ek uit mekaar uit geskeur. My persoonlikheid, my lewensuitkyk, en my gees raak verdeeld en ongebalanseerd. Maar as ek stil word en weer bewus raak van die teenwoordigheid van God wat in my lewe, herstel dit vrede, volmaaktheid en eenheid in my wese. Omdat Jesus in my lewe, het ek liefde, geloof, krag en alles anders wat nodig is om oorwinning te ervaar.

Om stil te word beteken nie ek moet iets *doen* nie; dis om in kontak te wees met die Here Jesus Christus in my. Ek sukkel nie of dwing myself nie om stil te wees nie. Dit is om te laat los, te ontspan, en op te hou om myself in te span. Om stil te wees is om Jesus Christus in die hede te ervaar. Hy is EK IS. Om met die God van die hede te lewe, moet ek in die nou lewe. Ek treur nie oor die verlede nie en bekommer nie oor die toekoms nie – ek geniet Jesus Christus *nou*. Verlossing is ‘n werklikheid in die hede. Ek deel hierdie spesifieke oomblik met die Een wat ek liefhet.

## Oosterse godsdiens? New Age?

Miskien bevraagteken jy die ooreenkoms tussen die oosterse mistiese godsdienste soos joga, transendentale meditasie of Zen, en dit wat ek voorhou. Of miskien het jy geleer om op jou hoede te wees

vir alles wat te doen het met innerlike stilte, asof dit te doen het met New Age, of 'n manier is vir demone om jou gedagtes te beheer. Dit is waar dat hulle die geesteswêreld op dieselfde wyse benader. Dit is waar dat sommige kultes ervaringe van gees tot gees het. MAAR hulle maak kontak met die bose en met bose geeste; ons het gemeenskap met die Heilige God. Metodes is nie op sigself goed of sleg nie. Hulle is blote hulpmiddels. Dit is *wie* ons kontak deur hierdie metodes wat goed of sleg is.

Ek het al studente gehad wat voorheen baie diep betrokke was by Oosterse godsdienste voordat hulle 'n ontmoeting met Jesus Christus gehad het. Wanneer hulle wegdraai van die demoniese geesteswêreld, keer hulle gewoonlik hul rug op alle geesteservaringe. Dit is jammer, want meer as enige ander godsdiens moet Christenskap juis spreek van lewe en 'n lewende verhouding met die Heilige Gees.

In latere hoofstukke sal ek in groter detail ingaan op beoordeling en onderwerping aan die Woord en die Liggaam van Christus. Maar vir eers wil ek dit duidelik stel dat Christenskap nie bloot 'n intellektuele begrip is nie. Dit is 'n daaglikse, voortdurende verhouding met die opgestane Christus. Geestelike ervarings is God se geskenk aan Sy volk. Satan is die groot na-aper en hy doen sy bes om hierdie kosbare gawe by ons te roof. Demoniese godsdienste bied 'n onegte namaaksel aan van die geestelike realiteit wat bedoel is vir die Kerk. En ons as die Kerk verwerp die egte uit vrees vir die namaaksel.

Ons vergeet dat die bestaan van die onegte 'n bewys is van twee dinge: Eerstens is daar die egte wat baie soortgelyk is aan die onegte. Niemand sal R21 note maak nie. Wie sou dit wou hê? Die onegte is een bewys dat die egte bestaan. Ek glo dat die gemeenskap tussen my gees en die Heilige Gees die realiteit is wat deur mediums nageboots word. Tweedens is die bestaan van die onegte 'n bewys dat die egte waardevol is. Niemand gaan tyd mors deur R21 note te maak nie. Dis nie die moeite werd nie. Netso is die bestaan van satan se valse geesteservaringe die bewys dat egte ervaringe met die Heilige Gees waardevol is.

Moenie die egte verwaarloos net omdat satan die onegte uitgedink het nie. Ons moet natuurlik versigtig wees en nie alleen staan as dit kom by geesteservaringe nie, maar ons hoef nie daarvan weg te

skram nie. God gee vir ons genoeg voorsorgmaatreëls in Sy Woord en Sy Kerk, as ons onsself nederig daaraan onderwerp. Dit het tyd geword dat die Kerk ophou weghardloop sodra satan sy lelike kop uitsteek! Die Kerk moet ophou om hom te gee net wat hy wil hê. Die Kerk moet opstaan in die outoriteit van Jesus Christus en verklaar: “Dit behoort aan God; satan, haal jou hande daarvan af!”

Innerlike stilte en geesteservaringe is God se gawes aan die Kerk. Die mens is geskape met ‘n bewustheid van die geesteswêreld en ‘n hunkering om daarmee kontak te maak. Ons kan nooit net met die materiële wêreld tevrede wees nie. As ons nie vir ons mense, en veral vir ons jongmense, die werklikheid van die Heilige Gees voorhou vir hul daaglikse lewe nie, sal hulle dit elders soek en vasgevang word deur die leuens van satan.

## ‘n Getuienis

Ek sluit hierdie hoofstuk af met die volgende getuienis. Dit is van ‘n jong man wie se agtergrond veroorsaak het dat hy dit ernstig bevraagteken het of die hele saak rondom twee-gesprek met God ‘n waarheid van God, of ‘n leuen van satan is. Hopelik sal hierdie getuienis ander bemoedig wat dieselfde vrae het as hy. Sy getuienis is ook ‘n inleiding tot die gedagte van visioene wat ons in die volgende hoofstuk in detail sal bespreek. Die volgende getuienis word gebruik met toestemming van Paul Edwards, voormalige direkteur van ‘Teen Challenge’, Buffalo, New York, en tans deel van die personeel van die Elim Bybel-Instituut.

“As ek dink hoe ek aan die begin gereageer het op hierdie idee van twee-gesprek met God, moet ek lag. Ek het gedink dit is kettery en ‘n manier om Oosterse Godsdiens in die Christendom in te bring. Maar my reaksie was hoofsaaklik gebaseer op my verlede in plaas van op gebed en ‘n deeglike ondersoek van die Skrif.

“As ek jou so ‘n bietjie van my verlede vertel, sal jy my aanvanklike reaksie dalk beter verstaan. As ‘n kollege-student in 1970 het ek begin soek na vrede en sin in my lewe. Hierdie soeke het my uitgebring by Hatha joga, meditasie, dreunsang (‘chanting’), Silva

psigiese beheer en dwelms. Aan die begin van my soektog, het ek gevoel dat God my antwoord is en het ek gedink dat meditasie die manier was om by Hom uit te kom. Aanvanklik het dit gelyk of dit werk, maar hoe meer ek gemediteer het, hoe meer het ek onheil en verwarring ervaar in plaas van vrede en God self.

“Na ‘n paar jaar hiervan, het ek by die einde van myself gekom en reguit in Jesus vasgehardloop. Hy was eintlik al die tyd daar. Ek het Jesus aangeneem as my Verlosser en Hy het my met ‘n vrede gevul waarna ek nog altyd gehunker het. Maar terselfdertyd terwyl ek my lewe oorgegee het aan Jesus, het ek weggedraai van alles wat enigsins na iets misties gelyk het, en dit as satanies geëtiketteer.

“Daarom, toe ek die eerste keer hoor van ‘n gespreksverhouding met God, het ek met Mark Virkler gaan praat om hom ‘uit te sorteer’. Maar soos wat ons gepraat het, is ek uitgedaag om te bid en die Bybel te ondersoek om te kyk of my vrese en teenkanting Bybels was, of net ‘n reaksie op my vorige ervaringe.

“Terwyl ek God se aangesig gesoek het, het Hy my gewys dat ‘n gespreksverhouding met Hom ‘n Bybelse konsep is wat satan gesteel en vervals het. Van toe af het God al meer met my in my gebede begin praat deur visioene. Hier is ‘n kort voorbeeld uit my dagboek, wat geskryf is in ‘n tyd toe ek gebid het oor neerlegging van my posisie as direkteur van ‘Teen Challenge’”:

“Vader gee my asseblief U vrede, blydskap, en U karakter. Ek weet regtig nie wat U wil hê moet ek besluit nie. So baie van dit wat ek voel het te doen met hierdie bediening. Ek moet U karakter-eienskappe hê om die regte besluit te kan neem.

“Terwyl ek bid, sien ek hoedat Jesus afbuk en my ‘n stuk brood gee, en sê: ‘Eet dit, want dit is vrede.’ Toe gee Hy my ‘n juweelkissie wat, het hy gesê, blydskap bevat. Hy sê: ‘Maak dit oop’. En binne-in was ‘n rooi robyn, en Hy sê ek moet dit eet, want dit is blydskap.

“Toe maak Jesus met Sy hand ‘n klein deurtjie oop waaragter daar ‘n vuur brand en Hy sê ek moet nader kyk. Toe ek binne kyk, sien ek die vuur, maar in die middel van die vuur sien ek ‘n klein bruggie deur die vlamme. En toe sien ek dat ek op die brug staan en soos wat ek

oor die dun bruggie loop, gee die Here vir my ‘n swaard om myself mee te stut.  Die swaard het my gehelp om te balanseer sodat ek nie val nie.

“Toe sê die Here ek moet nog nader kyk na die brug self; ek het gesien dat dit lewe, en toe besef ek die brug is Jesus.  Aan die ander kant van die vlamme was daar trappe wat ek geweet het, die pad was na die teenwoordigheid van God.

“Daarna het ek niks meer gesien nie, maar ek het God se stem in my binneste gehoor: ‘Paul, karakter ontwikkel deur beproewinge heen en deur My te vertrou om by jou te wees deur dit alles heen.  Toe jy opkyk na die vlamme en bang word dat jy sou val, het jy nuwe krag ontvang toe jy weer jou aandag op My vestig wat jou staande hou, en op die Woord wat jou balans gee.  Let op hoe My vrede en blydskap aan jou gegee is om jou voor te berei vir hierdie beproewing.  Onthou altyd, Ek is jou vrede en jou blydskap.’”

# 4

# Die Drome en Visioene van God in jou Gees

## Sleutel #3

Terwyl ek bid, vestig ek die oë van my hart op Jesus, en sien die drome en visioene wat God vir my gee.

Die derde sleutel wat die Here vir my gegee het, het te doen met gesigte of visioene wanneer ek bid. Onthou, Habakuk het "gespeur om te sien" wat God vir hom wou sê (Hab. 2:1). In 'n sekere sin het Habakuk 'n visioen gebruik om geestelik by God in te skakel. In Habakuk 1:1 skryf hy, "Die Godspraak (*las*) wat Habakuk, die profeet, *gesien het*" (Beklemtoning myne). Baie van die profete het ook die

gesigte en woorde wat die Here in hul harte gespreek het en wat hulle in die vorm van visioene ontvang het, neergeskryf (bv. Jes. 1:1; 2:1; 6:1; 13:1 ens.).

Dit was vir my ‘n totale nuwe konsep: dat God gereeld met ons praat deur visioene. Ek het nooit voorheen eers aan visioene gedink as ‘n belangrike deel van my gesprek met God nie. Ek was ook nie eers seker waarom nié. Toe ek dit begin bedink, het ek afgekom op honderde teksverse van Genesis tot Openbaring wat weergee hoedat God in elke verbond Homself aan Sy volk openbaar het deur drome en visioene.

In Bylaag E gee ek ‘n lys van verwysings na drome en visioene deur die Skrif, maar hierdie is beslis nie ‘n volledige lys nie. Ek stel voor dat jy eendag so ‘n paar uur afstaan om hierdie verse deur te lees en vir jou ‘n basiese prentjie te vorm van hoe God drome en visioene gebruik. Dit is die beste grondslag vir die dinge wat ek in hierdie hoofstuk gaan bespreek.

Toe ek die tema van visioene teologies en filosofies begin oordink, het ek besef dat daar geen rede is om nié te verwag dat God deur drome en visioene met ons sal praat nie, veral aangesien Hy vir ons gesê het, “En in die laaste dae, spreek God, sal ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom” (Hand. 2:17). Drome en visioene is onafskeidbaar verbind aan die werking van die Heilige Gees in die laaste dae. In hierdie uitstorting van die Heilige Gees in die laaste dae, kan ons verwag dat drome en visioene herstel sal word vir God se volk.

Ek het die vier sleutels wat ek in hierdie boek bespreek in naweek-seminare aangebied deur die hele land, en het ontdek dat baie ander mense sukkel, soos ek ook vroeër, met die idee van visioene in hulle gebedslewe. Ons is deel van ‘n samelewing wat rasionalisme verafgod; om te glo dat ‘n voortdurende visioenêre ervaring met die lewende God moontlik is, vereis byna ‘n totale breuk met die kultuur. Nietemin, Christene het nog nooit omgegee om anders te wees nie, solank hulle seker is dat hulle siening Bybels goed gefundeer is. Die Skrifverwysings in Bylaag E toon die prominente plek wat visioene nog altyd gehad het in die gebedslewe van die heiliges, en gee ‘n

Bybelse perspektief op visioene in die konteks van die lewe van die Kerk.

## Is dit belangrik?

In ‘n seminaar wat ek in Cincinnati aangebied het, het ek al die deelnemers gevra om ‘n bietjie tyd eenkant te sit en die Here te vra oor die gebruik van ‘n mens se geestesoë om Hom te sien en Sy stem te hoor. Een respons wat ek gekry het was van Eerw. Stan Peters, die President van die “Greater Cincinnati School of the Bible”:

“Here, wat van die oë van my hart? Hoe belangrik is dit vir U en my – vir ons verhouding en ons saamwees?”

God se antwoord was, “Vra vir ‘n blinde man of hy graag die rooiborsie wat hy hoor wil sien. Vra vir hom of hy graag sy ma, sy pa, sy meisie wil sien.

“Ek sê vir jou hy sal skree en juig en sê, ‘natuurlik’!”

“Jy moet ook, soos die een wat fisies blind is, genees word, en My duidelik kan sien sodat ons in volmaakte eenheid en liefde kan wandel. Hoe kan twee saamstap, tensy hulle saamstem? Stem jy saam dat jy graag wil sien?

Stan se reaksie was, “Ja, Here!” Waarop die Here toe antwoord, “Dan sal jy! Ek het jou lief, Stan.”

Nog ‘n respons het gekom van Fred Van Allmen:

“Here, hoe belangrik is die oë van my hart? Het ek hulle al ooit gebruik? Hoe moet ek hulle gebruik?”

“Hulle is so belangrik. Met aardse oë sien jy net ‘n man se klere en sy gesig. Met die oë van jou hart sien jy tot binne-in hom. Jy sien die groter prentjie. Jy sien al die omstandighede betrokke by elke situasie. Dis vir jou beter om met jou geestesoë te sien as met jou

menslike oë.  Jy kan My sien met jou geestesoë.  En jy kan My in almal sien.  En ander sien My in jou . . . .”

Albei hierdie uittreksels uit dagboeke is gebruik met toestemming.  Dit illustreer wat ek glo God sê vir Sy Kerk rondom die herstel van die gebruik van visioene in ons gebedslewe.  Daarom sal ek in hierdie hoofstuk beskryf wat ek bedoel met visioene, verskillende tipes of vlakke van visioene, ‘n Bybelse fundering wat die gebruik van visioene vanaf Genesis tot en met Openbaring illustreer, en hoe om jouself voor te berei om die goddelike stroom van drome en visioene te ontvang.  Ek ondersoek ook maniere om die oë van jou hart te ontwikkel en toe te laat dat God hulle oopmaak.  Ek sluit af deur te wys hoe word visioene beoordeel, en gee ‘n voorbeeld van die genesende krag van visioene soos wat dit gebruik word in ‘n ontmoeting met God.

## Sien hoe God werk

Wanneer ek praat van drome en visioene, verwys ek nie na persoonlike dagdrome nie, maar na die waarneming van die werking van God in die gees, met my geestesoë.  Profete is vroeër ‘sieners’ genoem, manne en vroue wat die werkinge van God in die gees met hulle geestesoë gesien het (1 Sam.  9:9).  Daar is twee wêrelde en twee stelle oë.  Paulus het gebid dat die Efesiërs verligte oë van hulle verstand mag hê, sodat hulle die geesteswêreld kon sien (1:17, 18).  As ons in die geesteswêreld wil lewe, bewus wees van die Heilige Gees en Hom wil gehoorsaam, moet ons ons geestesoë gebruik.

Visioene het baie voordele.  Dit kan gebruik word in gesprek met Jesus, wanneer ek sien hoe Hy by my sit en woorde van lewe spreek.  Dit kan gebruik word wanneer ek ander bedien, as ek Jesus vra om my te wys hoe Hy iemand se nood wil aanraak.  Ek kan dan op die visioen/prentjie reageer deur dit uit te spreek, soos Jesus ons leer bid het, “Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, in die hemel net so ook op die aarde”.  Die Griekse werkwoord wat hier gebruik word, is in die imperatief, wat ‘n bevel gee.  Netso, toe Jesus na siekte gekyk het, het hy verby dit gekyk na goddelike gesondheid wat deel is van

die koninkryk van die hemele, en die opdrag gegee, ‘Wees gesond’, en die mense is genees.

## Verskillende soorte Visioene

Daar is ten minste vyf soorte visioene.  Elke kategorie is ewe belangrik.  Elkeen moet ook getoets word teen die Woord van die Here.

Die eerste soort word ontvang as ‘n droom of ‘n visioen in die nag. Paulus het so ‘n visioen ontvang in Handelinge 16:9.  Hy het in verskeie stede probeer om die evangelie te verkondig, maar is deur die Heilige Gees verbied.  Om die een of ander rede kon hy nie die leiding van die Here ervaar soos hy gewoond was nie.  Een nag gee God hom toe ‘n visioen van ‘n man in Macedonië wat om hulp roep, en lei hom so om die man te gaan bedien.

Terwyl ek slaap is my gees wakker en kan ek boodskappe van die Here ontvang.  Hy wys my simbolies of met prentjies die toestand van my gees, my vrese, woede en pyn.  Hy openbaar situasies aan my, dikwels figuurlik in prentjies, waar my gebede nodig is.  Die Here kan selfs met my gesels soos hy met Salomo in 1 Konings 3 en Daniël in Daniël 7 gepraat het.

‘n Paar jaar gelede het ek gedroom ek sien Jesus in die kerk waar ek groot geword het.  Ek het na Hom toe gegaan en die vraag gevra wat so in my hart gebrand het: “Hoe kan ek leer om U stem te hoor?”  Hy het geantwoord: “Jy is op die regte pad.  Hou net aan en moenie opgee nie.  Hierdie ervaring het my baie aangemoedig en my hoop gegee om aan te hou met soek.  Baie van my studente het ‘n soortgelyke gesprek met die Here gehad in ‘n droom, wat hulle oortuig het van die belangrikheid van drome.

‘n Tweede soort visioen word ontvang terwyl jy in ekstase is.  Petrus het so ‘n ervaring gehad in Handelinge 10:10-16.  In die visioen het die Here simbolies vir hom gesê dat die heidene nie meer ‘onrein’ is nie, en hom voorberei om Cornelius, die hoofman oor honderd, te gaan bedien.  Vir baie jare het ek gedink dat hierdie die enigste soort

visioen is wat bestaan, maar soos wat ek meer geleer het van God se liefde vir my en Sy begeerte om met my te gesels, het ek besef dat ekstase nie Sy eerste keuse is nie. Dit is slegs wanneer Hy nie op enige ander manier tot ons kan deurdring nie, dat Hy met ons praat deur ekstase-visioene.

Nog ‘n voorbeeld van ‘n visioen is om iets buite onsself te sien met ons geestesoë. In Handelinge 7:55 en 56, byvoorbeeld, het Stephanus aandagtig na die hemel gestaar en Jesus aan die regterhand van God die Vader sien staan. Hy het uiterlik gekyk, maar het met meer as sy fisiese oë gekyk; hy het met sy geestelike oë in die geestesdimensie ingesien.

Wanneer ek in hierdie boek praat van visioene, praat ek nie van hierdie drie soorte: drome, ekstase of visioene buite jouself nie. Daar is twee ander tipes wat meer algemeen en minder skouspelagtig is. God wil meer natuurlik wees met ons, hoewel ons gewoonlik Sy stem assosieer met donderweer wat dreun en reën wat losbars. Hy wil met ons praat net soos ons is. Dikwels is hierdie ontmoetings so gewoon en so natuurlik dat ons hulle eenkant toe wil skuif as die blote produk van ons eie gedagtes. Die volgende twee soorte visioene is sagkens, eenvoudig, normaal.

Hierdie vierde soort is ‘n spontane, toevallige, innerlike prentjie of visioen. Dit word op dieselfde manier ontvang as God se stem. Net soos wat ‘n persoon se naam soms in my kop opkom en ek weet dat ek vir hom moet bid, netso sien ek soms iemand se gesig en dan voel ek ek moet vir hom bid. Ek is nie noodwendig besig om te bid of te aanbid wanneer dit gebeur nie; dit gebeur gewoonlik uit die bloute. Die prentjie of beeld is gewoonlik lig en sag, en ek sien dit innerlik. Deur opnames van my gehore het ek uitgevind dat die meeste Christene al hierdie soort visioene gehad het.

Die laaste soort visioen is soortgelyk aan die vorige een, behalwe dat jy dit ontvang gedurende gebed en aanbidding. Terwyl ek in God se teenwoordigheid is, vra ek Hom of daar enigiets is wat Hy my wil wys, ek wy my geestesoë doelbewus aan Hom en verwag dan dat Hy met my sal praat deur visioene en openbaringe. Hierdie soort visioen is ook lig en sag en ek het gevind dat ek dit kan verander as ek wil. Natuurlik wil ek dit nie verander nie, omdat ek nie my eie drome wil

sien nie, maar visioene van die Here af. Hierdie soort visioene is dié waarna ek hoofsaaklik sal verwys in hierdie boek. *

## Daniël die Siener

Is dit reg om te glo dat hierdie ligte, spontane visioene wat sommer net in my hart ontstaan tydens gebed, egte geesteservaringe met God is? Die Bybel is baie duidelik hieroor: dit is. In Daniël 4:13 en 14 kry Koning Nebukadnésar in 'n gesig op sy bed te doen met 'n engel wat hy in sy gees sien. "Ek het *in die gesigte* van my hoof op my bed *gesien*, en kyk, 'n bode, naamlik 'n heilige, het uit die hemel neergedaal; hy het hardop geroep en gesê... " (beklemtoning myne).

Meeste van ons kan ons nie voorstel dat ons 'n ervaring met 'n engel in 'n visioen kan hê nie. Tog is die Bybel baie duidelik hieroor.

Kyk ook na Daniël 7:1, 13 en 15. Daniël het 'n ontmoeting gehad met die Oue van dae en Een soos die Seun van die Mens in 'n gesig wat Hy ontvang het in sy gees: "In die eerste jaar van Bélsasar, die koning van Babel, het Daniël 'n droomgesig gesien en gesigte van sy hoof op sy bed. Toe het hy die droom opgeskrywe, die hoofsaak vertel... 'Ek het in die nag in my gesig gesien,... en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van die mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom ... Die gees van my, Daniël, is in die omhulsel verontrus, en die gesigte van my hoof het my verskrik'."

Terwyl ons die Woord oorpeins kan ons God die Vader, die Seun en Sy engele ervaar in visioene in ons gees. Hierdie visioene kan begin *lewe*, en is werklike ervaringe tussen ons en God. Wanneer ons die vermoë om gesigte te sien gebruik, stel ons ons geestesoë tot beskikking van God en vra Hom om ons iets te wys.

*Sien ook Bylaag D vir 'n lys van 12 Griekse woorde in die Nuwe Testament wat gebruik word om openbarings-ervaringe mee te beskryf.

## ‘n Bybelse fundering

Drome en visioene het ‘n integrale deel uitgemaak van God se kommunikasie met die mens in Bybelse tye. God het die *rhema*-woord en visioene in beide die ou en nuwe verbond gebruik om kontak te maak met die mens.

Die twee belangrikste geestessintuie wat God gebruik om met ons te kommunikeer, is ons vermoë om geestelik te sien en geestelik te hoor. In Genesis 12 praat God met Abram en belowe om hom ‘n groot nasie te maak. Dit was ‘n *rhema*-woord, God se gesproke woord tot hom. Abram was gehoorsaam aan daardie woord en aan God. God het later weer aan Abram verskyn met nog ‘n woord:

> *“En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel jou nageslag ook getel kan word . . . Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees”* (Gen. 13:16; 15:5).

Die Here het vir Abram ‘n prentjie gegee van Sy *rhema*-woord, sodat hy altyd herinner sou word aan God se beloftes aan hom, wanneer hy opkyk na die hemel of afkyk na die aarde. Die volgende teksvers beklemtoon die krag van visioene:

> “*En hy het in die Here geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken*” (Gen. 15:6).

Wat ‘n ongelooflike stelling! Die visioen het die *rhema*-woord glashelder gemaak en geloof in Abram se hart opgewek. As gevolg van die visioen het Abram se geloof verander van kopkennis na hartskennis.

Bileam was ‘n profeet wie se vermoë om by God te hoor, soveel respek afgedwing het, dat selfs die koning van Moab hom laat roep het. Omdat hy (aanvanklik) net sou sê wat hy by God gehoor het, kon hy Israel nie vervloek op die koning se versoek nie. In Numeri 24:2-4 en 15-16, praat Bileam van homself as “die man met geopende oog ... die hoorder van die woorde van God ... wat die

gesigte van die Almagtige sien." Hy het openbarings ontvang deur *rhema*-woorde en visioene.

Visioene het ook in Jesus se bediening 'n groot rol gespeel. In Johannes 5:19 en 20 sê Hy, " die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. Want die Vader het die Seun lief en *toon* Hom alles wat Hy self doen... " (Beklemtoning myne).

Drie hoofstukke later herhaal Hy hierdie woorde, "Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het " (Joh. 8:38). Jesus het verklaar dat Hy niks op Sy eie doen nie. Al Sy krag en outoriteit kom van Sy Vader. As Hy gesien het hoedat God Sy hande op die siekes lê en hulle genees, dan het Hy hande op die siekes gelê en hulle is genees. As Hy gesien het hoe God 'n demoon uitdryf, het Jesus die demoon aangespreek en hy het gegaan. Sy optrede was net 'n uitvloeisel van die werking van God die Vader, wat Hy deur visioene gesien het, en deur 'n *rhema*-woord gehoor het.

Ek het myself voorgeneem om te leef soos Jesus. Ek het 'n kwaliteitsbesluit geneem dat ek nie sal lewe op grond van wat ek met my fisiese oë waarneem nie, maar ek sal slegs reageer op dit wat ek met my geestesoë sien, "omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig" (2 Kor. 4:18). Ek weet dat God my liefhet en my sal wys wat Hy doen as ek maar net my geestesoë sal oopmaak om te kyk. (Ons sal later in die hoofstuk praat oor hoe ek dit doen.)

Jesus het nie net visioene gesien nie, Hy het mense ook in prentjie-taal geleer. Mattheüs 13:34 sê, "Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie". 'n Gelykenis is 'n prentjie wat met woorde geskilder word. Dit toon aan ons die wêreld deur die lens van goddelike verbeelding. Toe Jesus 'n land sien wat gereed was vir die oes, was dit vir Hom 'n beeld van die harte van mense wat gereed was om in te kom in die koninkryk van God. Toe Hy wynstokke sien wat swaar hang van die vrugte, was dit vir Hom 'n beeld van ons vrugbaarheid as ons in Hom bly. Jesus het die skares geleer deur vir hulle

prentjies te skets met Sy woorde, sodat hulle meer van die geesteswêreld te wete kon kom.

Nog meer indrukwekkend, is dat Jesus nie net beelde gesien het en ander daardeur geleer het nie, maar in Kolossense 1:15 praat Paulus van Hom as "die Beeld van die onsienlike God". Dwarsdeur die Ou Verbond wou God Homself aan Sy volk openbaar. Hy het vir hulle wette en voorskrifte gegee, priesters en profete, die tabernakel en die tempel om aspekte van Sy Persoon aan hulle te openbaar.

Tog het die mense nie verstaan nie. *Ons* verstaan nie. Hoe dikwels sien ons God nie as 'n genadelose regter wat ons straf en tugtig vir ons sondes en swakhede nie. Toe besluit God om alle wanop-vattings uit die weg te ruim en vir ons 'n prentjie te gee van wat Hy bedoel: Jesus Christus. Daar hoef nou geen twyfel meer te wees oor Wie Hy werklik is nie, want ons het die lewende beeld wat God aan ons openbaar. As ons kyk hoe Jesus op aarde gewandel het, sien ons dat Hy goed en sag en genadig is. Die heerlikheid van God is in Sy Seun geopenbaar, die beeld en die volheid van God.

Ek het reeds in vorige hoofstukke genoem watter noue verband daar is tussen drome en visioene en die werking van die Heilige Gees in Handelinge 2:17: "En in die laaste dae, spreek God, sal ek van My Gees uitstort oor alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom."

Ek glo ons lewe in 'n tyd van 'n geweldige uitstorting van die Heilige Gees. En volgens Handelinge 2:17, glo ek dat ons moet verwag dat daar 'n vloei van profesieë, drome en visioene sal wees saam met Sy uitstorting. *Daarom verwag ek dat visioene 'n normale, natuurlike vloei sal wees in die harte van gelowiges.*

Openbaring 1:10 en 11 bevestig ook dat visioene 'n sentrale deel is van geestelike ervaringe. Hierdie teksverse is fassinerend, want hulle illustreer verskeie van die beginsels wat ons kan help om met God te gesels. Johannes het gesê, "Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê: 'Ek is die Aflfa en die Omega, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek ... '"

Johannes was “in die Gees”, dit wil sê hy was stil, in kontak met die Heilige Gees binne-in hom. Hy het ‘n stem gehoor: dit is die *rhema*-woord. Hy het die openbaringe neergeskrywe: dit is dagboek-hou, wat ons in die volgende hoofstuk breedvoerig bespreek. En hy het ‘n gesig gesien. Johannes het selfs deel geword van die visioen of gesig, met engele gepraat, en was deel van die gebeure wat hy in die geestesdimensie sien plaasvind het.

So, vanaf Genesis tot Openbaring is visioene gebruik om kontak tussen God en mens te bewerkstellig, *rhema*-woorde te verduidelik, geestelike waarhede te illustreer en geloof te wek. Die vraag wat steeds deur my kop gegaan het, was: Hoekom het God gekies om geestelike waarhede deur prentjies en gelykenisse oor te dra? Trouens, hoekom is die hele Bybel ‘n reeks verhale? Stories laat baie meer ruimte vir misverstand en verdeeldheid. Ek dink dit sou baie meer doeltreffend wees om vir ons ‘n boek te gee met sistematiese teologie. Dis wat ek sou doen. Ek sou al die belangrikste leringe netjies, grafies, voorstel. Dit sou tog misverstand, verkeerde interpretasie en verskille uitskakel.

Maar God het vir my gesê dat daar ‘n baie goeie rede was waarom Hy stories laat opteken het in plaas van teologie en grafieke: ‘n prentjie, geskets met woorde, roer mense se harte. Analitiese verduidelikings is gemik op die verstand. En God wil veral ons harte aanraak. Daarom gebruik Hy meesal beelde om ons meer van Homself te leer.

## Die Waarde van Visioene

Dr David (Paul Yonggi) Cho wat die pastoor is van die grootste kerk in die wêreld, glo baie in die krag van beelde. Hy beweer drome en visioene is die taal van die Heilige Gees, wat beteken dat die Heilige Gees gewoonlik drome en visioene gebruik wanneer Hy met my wil praat. Dr Cho sê verder dat hy sy vermoë om kreatief te wees ontvang het toe hy drome en visioene ‘bebroei’ of bepeins het.

Sy opdrag van die Here is om altyd ‘swanger’ te wees met drome en visioene. Een van hierdie drome was om die lidmaatskap van sy kerk

te vergroot – dit het al gegroei tot meer as 700,000 lidmate, en hy preek vir nog meer mense elke week. Dr Cho sien met sy geestesoë 'n ledetal wat baie groter is as wat hy met sy fisiese oë kan sien.

Daar is sekerlik nie 'n plek waar die waarde van visioene so duidelik gesien kan word nie, as in die vermoë om kreatief te wees. God is duidelik die mees kreatiewe Wese in die heelal. Hy IS die KREATOR. Die Skepper. Die vermoë om te skep word gebore in 'n kreatiewe gees. Die Gees van God het gesweef oor die waters (Gen. 1:1) en Hy het dinge geroep wat nie bestaan het nie asof hulle bestaan. En kyk, wêrelde het ontstaan!

Jy kan niks skep, as jy nie eers 'n prentjie, 'n visioen daarvan het nie. Lank voordat 'n wolkekrabber in die lug verrys, is daar 'n argitek wat dit in die fynste detail visualiseer. Toe Michelangelo die groot stuk marmer aanskou het, het hy nie die rowwe stuk klip gesien wat die meeste mense gesien het nie; hy het binne-in dit die pragtige figuur van 'n jong man gesien. Soos wat hy die klip weggebeitel het, het hy nie daardie figuur geskep nie, maar as't ware die manjifieke figuur van die Dawidsbeeld vrygestel wat hy in die klip gesien het.

God het gees in elke mens geplaas. Dit is wat die mens van die diereryk onderskei: Die mens het 'n gees, diere nie. Alle mense het die vermoë om te skep, tot 'n mindere of 'n meerdere mate, deur die gees in hom. Maar ons is deur God bestem om hierdie kreatiewe vermoëns aan die Heilige Gees uit te leen om gevul te word. Ons moet die Heilige Gees vra om ons te oorskadu, deur ons te vloei, en ons te help om ons wil oor te gee aan God. Eerder as wat ons deur enige vermoëns van ons eie iets skep, is ons die werktuie waardeur en waarmee God Sy werk tot stand bring.

## Abraham: Die Geboorte van 'n Wonderwerk

Abram is 'n klassieke voorbeeld van hoe God 'n kreatiewe wonderwerk deur 'n mens se gees tot stand bring. God het eers vir Abram 'n woord gegee:

> *"En die Here het aan Abram gesê: 'Gaan jy uit jou land*

*en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys, En Ek sal jou 'n groot nasie maak ... '"*
(Gen. 12:1, 2).

Daarna het God 'n prentjie in Abram se hart geplant. God het aan hom verskyn in 'n visioen (Gen. 15:1) en aan hom die wonderwerk gewys wat sou plaasvind. "Daarop lei Hy hom (Abram) uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees." (Gen. 15:5). Bevrugting het plaasgevind: die plan van God is ingeplant in die hart van 'n mens. 'n Saad is in hom geplant en toe dit toegelaat is om te ontkiem en te groei, het dit geboorte gegee aan die kreatiewe dade en planne van God.

Dit is verseker betekenisvol dat die gesproke woord van God in Abram se hart, saam met God se visioene, geweldig baie geloof by Abram veroorsaak het, soveel dat selfs God spesiaal daarvan kennis neem: "En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken" (Gen. 15:6).

Dit is presies wat met elkeen sal gebeur wat met God in gesprek is en Sy *rhema*-woord en visioene ontvang. Hulle bring die kreatiewe idees van God in hulle gees voort, wat 'n geweldige vlak van geloof in hulle opwek. Deur hierdie soort gesprekke met God, is ek ook verander van 'n vreesbevange pessimis, na 'n gelowige optimis.

Abram het die *rhema*-woord en visioene in sy hart oordink, "En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het" (Rom. 4:20, 21).

Daarna het Abram God se woord gespreek soos Hy hom beveel het. God het vir hom gesê, "Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies" (Gen. 17:5). Die naam "Abraham" beteken "vader van 'n menigte", dus het God hom eintlik gevra om Sy beloftes te proklammeer elke keer wanneer hy sy eie naam uitspreek.

Abraham het gereageer op die woorde en visioene wat God tot sy hart gespreek het en sy vrou Sara het geboorte gegee aan Isak die seun van die belofte (Gen. 21:1-5). Wat ‘n wonderlike voorbeeld van hoe God se kreatiewe planne deur ons gees in die fisiese wêreld in vervulling gebring kan word!

Ek glo dat elke mens wat begin om gereeld met God te kommuni-keer, soos nog nooit tevore nie ‘n oplewing van kreatiwiteit in sy gees sal ervaar. Ek glo dat die kerk die mees kreatiewe mag in hierdie wêreld sal word as kommunikasie met God herstel word. Niks sal daarby kan kersvashou nie. Die kerk sal met kreatiewe oplossings vir moeilike wêreldvraagstukke vorendag kom, sodat die wêreld genesing kan ervaar op ‘n wyse ongeëwenaar sedert die Seun van die mens hierdie aarde bewandel het. Ek kan getuig dat ek die mees kreatiewe en produktiewe jare van my lewe begin beleef het vandat die kommunikasie en tweerigting-gesprek met God in my lewe herstel is.

Die humaniste erken die waarheid dat daar skeppingskrag in die gees van die mens is. As Christene ken ons egter die volle waarheid: Die mens se gees is geskep as baarmoeder waarin die kreatiewe idees en energie van die Heilige Gees geplant kan word, kan ontwikkel en dan wanneer die tyd ryp is, in hierdie wêreld ingebore kan word. En ons weet dat enige erkenning en eer vir wat ons bereik, Jesus toekom.

As die Gees met my praat, gee Hy vir my ‘n prentjie in my gedagtes as ‘n herinnering aan Sy woorde. As ek ‘n lesing voorberei, vra ek die Heilige Gees vir ‘n prentjie van wat Hy wil bereik. Met die aanbieding daarvan hou ek dan die prentjie in gedagte en praat met die doel om dit in vervulling te sien gaan. Terwyl ek hierdie boek skryf, sien ek voor my ‘n visioen van die Kerk van Jesus Christus wat verander word deur die herstel van ’n intieme gespreksverhouding met God.

Ter opsomming, dink aan Abraham, die Vader van geloof.

**Fase Een - Bevrugting**

1. Hy het God se stem gehoor (Gen.  12:1-3).
2. Hy het met sy geloofsoë gesien (Gen.  15:5, 6).

**Fase Twee - Inkubasie**

3. Hy het gedink met ‘n geloofshart (Rom.  4:20, 21).
4. Hy het ‘n woord van geloof gespreek (Gen.  17:5).
5. Hy het in geloof opgetree (Gen.  17:23).

**Fase drie - Geboorte**

6. Hy het die geloofsbelofte ontvang (Gen.  21:5).

## Maak gereed om te ontvang

Toe ek omtrent twaalf jaar oud was, het ek alles wat te doen het met verbeelding of prentjies agter my gesit.  Ek was besig om ‘n man te word, daarom het ek die dinge van ‘n kind agtergelaat.  Drome en visioene was glad nie belangrik nie;  hulle het niks vir my beteken nie. Ek het geweet dat ‘n mens net deur logika, analise en die kognitiewe, sukses in die regte grootmenswêreld kon bereik.  Omdat ek nie hierdie gawes van verbeelding en visioene gebruik het nie, het hulle weggekwyn en kort voor lank kon ek niks in die gees sien nie, selfs al wou ek.  Daarom was dit vir my baie moeilik om in daardie dimensie te funksioneer toe ek begin besef hoe belangrik dit is om die oë van my hart te gebruik.  Daar was drie basiese vereistes waaraan ek moes voldoen voordat God deur visioene met my begin gepraat het.

Eerstens moes ek oortuig word van die belangrikheid van die taal van drome en visioene.  Vir my het dit beteken dat ek ‘n deeglike studie van die Skrif moes maak om uit te vind wat die rol van drome en visioene is.  Eers nadat ek ontdek het watter belangrike rol my geestesoë speel in geestelike ervarings, was ek gereed om te begin kyk vir ‘n visioen van die Here my God.

Maar na soveel jare van onbruik kon ek nie so maklik en spontaan beelde deur die gees ontvang nie.  Daarom was die tweede ding wat ek moes doen, om tyd eenkant te sit om doelbewus die oë van my hart vir God oop te stel.  Wanneer ek rustig word, vra ek, "Vader, is daar enigiets wat U my wil wys?"  Dan kyk ek om te sien.  (Kyk byvoorbeeld Daniël 7:2, 9 en 13 en 8:2, 3 en 5).  Ek wag stil en met verwagting, met my innerlike heeltemal gefokus op Jesus.  Dan ervaar ek skielik 'n innerlike bewustheid en sien ek die werking van God binne-in my.

Toe ek aanvanklik vir God gevra het vir 'n visioen, moes ek dit doen in die geloof dat Hy met my sou praat deur beelde en innerlike prentjies.  Hebreërs 6 sê hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n Beloner is van die wat Hom soek.  As ek nie glo dat God met my wil praat deur visioene nie, sal ek nie op hierdie wyse openbarings ontvang nie.  As ek 'n innerlike prentjie ontvang en onmiddellik begin om te bevraagteken of dit van Hom af kom, sal die prentjie verdwyn, omdat my onsekerheid die ontvangs daarvan gekeer het.  Ek sal dit later beter verduidelik, maar kom ons wees net bewus daarvan dat ons net in geloof met God kan kommunikeer.

## Hoe om die oë van ons hart te ontwikkel (Ef.  1:18)

Die Bybel praat daarvan dat ons ons geestessintuie ontwikkel deur dit te gebruik.  Daar is baie dinge wat ons kan doen om ons vermoë om geestelik te sien, te verskerp.  Die maklikste en mees algemene manier om te leer om visioene in die geestesdimensie te sien, is miskien om 'n Bybelstorie te visualiseer.  Stel vir jouself 'n prentjie voor van hoe dit voor jou afspeel.  Vra die Heilige Gees om oor te neem in die visioen en vir jou te wys wat Hy jou wil leer deur die storie.  Hy sal.  Kyk wat doen Hy.  Moenie net as 'n waarnemer kyk nie, maar betree die situasie en word deel van die gebeure.

Die video-reeks vir kinders, *Superbook*, is 'n uitstekende voorbeeld hiervan, net soos die musiek van Don Francisco en Carman, twee ware gesalfde kunstenaars en liedjieskrywers.  Baie van hulle liedjies is dramatiese uitbeeldings van Bybelverhale, dikwels in die eerste persoon, asof hulle self regtig deel is van die verhaal.  As ons ons

visioene en emosies laat vloei met die gebeure van die liedjie, begin ons verstaan hoe dit moes voel om deel te wees van die gebeure.

Ek doen dikwels ‘n meningsopname onder die Christene wat my seminare bywoon, en ek het uitgevind dat omtrent twee-derdes van die volwasse gehore gewoonlik ‘n storie visualiseer terwyl hulle dit lees. Een derde doen dit nie. Wanneer diegene wat dit wel doen, uitvind dat daar mense is wat stories analities lees net vir die teologiese inhoud se onthalwe, is hulle baie verbaas. Netso is dit ook ‘n skok vir die ander derde as hulle uitvind dat daar diegene is wat prentjies vorm van die storie so ver hulle gaan.

Aangesien God vir ons sê om soos kindertjies te word, en eenhonderd persent van kinders stories visualiseer, het ek besluit om van nou af in prentjies te lees. Dit is ‘n uitstekende manier om hierdie ‘spiere te oefen’, die vermoë om te ‘sien’, wat vir die meeste van ons nie meer bestaan nie. Ek wil jou aanmoedig om jou geestesoë te gebruik wanneer jy die Skrif lees (Ef. 1:18).

Moenie vergeet dat die Heilige Gees binne-in jou lewe nie, dat jy Hom kan vra om die prentjie lewendig te maak met Sy lewe, en jou te neem waar Hy wil. God sal jou in die middel van jou Bybelstudie ontmoet met ‘n stroom van Sy goddelike lewenskrag. Ontspan eenvoudig terwyl jy lees. Sien die toneel in jou gees en vra die Heilige Gees om oor te neem. Jy sal verbaas wees oor die hoeveelheid visioene wat skielik deur jou begin vloei. Die Bybel sê ons het nie, want ons vra nie (Joh. 16:24; Jak. 4:2b).

## Visioene wanneer jy bid

Nog ‘n geleentheid om in die Gees te sien, is terwyl jy bid. Terwyl ek rustig raak, vra ek die Here om my enigiets te wys wat Hy wil. Ek sien Jesus by my, hoe Hy luister terwyl ek met Hom praat. Ek sien ons dikwels saam in ‘n Bybelse opset, soos waar ons op die strand stap of by ‘n put sit.

Ek forseer dit hoegenaamd nie en skets ook nie ekstra detail by wat nie vanself kom nie. Die belangrikste is dat ek Sy teenwoordigheid

ervaar.  Ek en my vrou, en baie ander mense, het agtergekom dat wanneer ons visioene in gebed gebruik, ons nie sommer Jesus se gesig sien nie.  Ons word oorweldig deur Sy teenwoordigheid.  Hy is ‘n Wese vol liefde – agape-liefde, onuitspreeklike liefde.  Lateraan het ons tog begin om Sy gesig te sien, met Sy besonderse oë so vol meegevoel, maar eintlik is gesigsuitdrukkings onnodig, selfs onbelangrik, vir hierdie soort gebede.  Dit is Sy liefde en meegevoel wat belangrik is.  Die primêre ding is dat ons kom om ‘n ontmoeting met Jesus te hê en die Heilige Gees toelaat om beheer te neem.

Ek kyk stip na Jesus in my visioen.  Ek span nie myself in, of konsentreer, of dwing myself om iets te sien nie.  Ek kyk net in geloof, met my aandag gevestig op Jesus in my.  Wanneer die Heilige Gees oorneem, sien ek Jesus wat begin beweeg en praat.  Sy woorde is wysheid en lewe en Sy optrede is liefde en vrede.  Soos Johannes in die boek Openbaring, is ek in die Gees; ek kyk; en ek sien en hoor.

Dit is veral effektief wanneer ek voorbidding doen vir iemand.  Ek sien hulle in my geestesoog en vra dan vir Jesus om vir hulle te doen wat Hy wil.  Ek sien hoe Hy hulle ontmoet, en roep dan in vervulling wat ek Hom sien doen.  Hy lê dalk Sy hande op hulle en spreek genesing uit.  Of Hy neem hulle in Sy arms en bring vertroosting soos wat geen mens kan nie.  Ek het dit eendag ervaar terwyl ek vir ‘n bejaarde dame gebid het wat sou ingaan vir ‘n operasie.  Ek het begin bid vir haar genesing en in my geestesoog het ek haar op ‘n hospitaalbed sien lê.  Terwyl ek toekyk, het Jesus gekom, haar in Sy arms geneem en saam met Hom huis toe gedra.  Ek het hardop gebid wat ek gesien het, Jesus wat haar in Sy arms optel en vir haar vrede gee terwyl Hy haar huis toe dra.  Na die tyd het ek met haar mense gepraat oor hoe belangrik dit is om God se wil te ken, en dat ons soms diegene naaste aan ons moet laat gaan om rus te vind in die dood.

Deur hierdie gebeurtenis en baie ander daarna, het ek besef dat om in die Gees te bid, beteken om vanuit die *rhema*-woord en visioen wat God ons gee, te bid.  Hy is nie verplig om op ‘n sekere manier te reageer op ons gebede nie; Hy gee ons egter openbarings wat ons in vervulling moet roep.

Op ‘n ander keer het ek vir ons kongres gebid. Ek het die Here gevra om vir my in ‘n gesig te wys wat Hy in en deur hierdie mans wou bereik, hulle wie se gedagtes en besluite so ‘n belangrike rol in ons samelewing speel. Hy het vir my die vertrek gewys waar hulle saamkom, elkeen op sy regte plek. Toe sien ek ligstrale wat soos weerligstrale uit die hemel neerdaal en elke kongresganger tref. Ek het begin bid dat die Lig van God elkeen sou vul en dat Sy wysheid en reinheid deur elkeen sou vloei. Toe ek klaar gebid het, kon ek steeds die strale sien soos wat dit elkeen aanraak. Toe bid ek weer, en ek het aangehou met bid totdat die visioen verdwyn het.

## Visioene gedurende aanbidding

Lof en aanbidding het vir my nuwe betekenis en krag gekry toe ek begin sien het wat ek sing en die Heilige Gees toegelaat het om die visioen te beheer. As ek sing van hoe ek voor Hom kniel, sien ek hoedat ek voor Sy voete neerbuig in gebed. As ek sing van die kruisiging, sien ek hoedat Hy Sy lewe vir my gee aan die kruis. As ek van Sy Heerskappy sing, sien ek myself in aanbidding saam met ‘n menigte engele, terwyl ons lof bring voor die troon. Ek bepaal die toneel, maar die Heilige Gees neem oor en gee my die visioen. Soms sien ek hoedat Hy deur die gemeente beweeg en mense se behoeftes aanraak. Partykeer glimlag Hy net vir my met ‘n onbeskryflike liefde.

Op ‘n keer het Patti ‘n lied onder aanbidding gevisualiseer, toe die Heilige Gees vir haar ‘n ongelooflike visioen gee, wat amper ‘n hele halfuur geduur het! (Ons vertel meer hieroor in ‘n latere hoofstuk). Soos wat die gemeente van die een lied na die volgende oorgegaan het, is elke lied in die visioen opgeneem en het dit die agtergrond gevorm vir die gebeure wat plaasgevind het. Aanbidding word ‘n geestelike ontmoeting as ons ons hart daarvoor oopstel!

Opnames het weer eens getoon dat een kwart van Christene *gewoonlik* hulle geestesoë oopstel tydens aanbidding en ‘n prentjie vorm van dit waaroor hulle sing en die Heilige Gees toelaat om die prentjie uit te brei. Ek wil aanbeveel dat die res van ons wat nie deel uitmaak van hierdie groep nie, begin om ons geestesoë oop te stel

voor God wanneer ons sing.  Hy sal ons nie in ons gees iets wys as ons nie oop is daarvoor nie.  Die profete was 'sieners' want hulle was 'kykers'.

## Visioene terwyl jy slaap

My studie oor drome en visioene in die Skrif het my geleer dat my drome 'n natuurlike uitdrukking is van my innerlike ervaringe.  Drome is nie sommer net 'n lukrake bymekaargooi van die dag se gebeure nie, maar is die simboliese uitdrukking van dit wat ek diep in my binneste ervaar.  Drome is 'n natuurlike en geredelik beskikbare middel tot geestelike ontmoetings.  Dit was in 'n droom dat Salomo God vir wysheid gevra het (1 Kon.  3:5-15).  Ook Daniël het baie van sy profesieë deur drome ontvang (Byvoorbeeld Daniël 7:1).  Paulus het die opdrag om in Macedonië te gaan bedien in 'n nagtelike visioen ontvang (Hand.  16:9, 10).

Die dag toe ek drome aanvaar het as 'n geldige manier van geestelike kommunikasie, het ek besluit om daaraan aandag te gee.  Ek kon natuurlik net so een of twee per jaar onthou, so ek het nie gedink dat daar veel sou kom van my besluit nie.  Maar daar is iets wat gebeur wanneer ons ons drome ernstig begin opneem.  Skielik begin hulle met ons praat.  Dieselfde nag toe ek hierdie besluit geneem het, het ek drie spesifieke drome gehad wat ek kon onthou toe ek wakker word.  My studente het ook herhaaldelik dieselfde ervaring gehad.  Sodra ons die waarde van drome begin besef, begin hulle met ons praat.

Vir drome om van nut te wees, moet ek hulle in die eerste plek onthou.  Dan moet ek hulle verstaan.  Daarom probeer ek om hulle neer te skryf sodra ek wakker word, soos Daniël: "Daniël (het) 'n droomgesig gesien en gesigte van sy hoof op sy bed.  Toe het hy die droom opgeskrywe, die hoofsaak vertel" (Dan.  7:1).  Daarna vra ek die Here om vir my die interpretasie van my droom te gee.  Ek glo dat Hy dit vir jou sal doen en vir my, net soos hy dit vir Daniël gegee het: "En toe ek, Daniël die gesig gesien het, het ek probeer om dit te verstaan, en kyk, daar het iemand voor my gestaan wat soos 'n man gelyk het.  En ek het 'n mensestem gehoor uit die Ulai wat geroep en


gesê het: ‘Gabriël laat hierdie een die gesig verstaan!’” (Dan. 8:15, 16).

Die interpretasie van drome is ‘n fassinerende onderwerp, wat jy dalk verder sal wil ondersoek om jou verhouding met God te verdiep. Ek kan twee boeke oor die onderwerp sterk aanbeveel: *Dream Interpretation* deur Herman Riffel en *Dream Dreams* deur Steve en Dianne Bydeley.

## Een skerm - drie projektors

Een manier om ons visioenêre kapasiteit te verstaan, is om daaraan te dink as ‘n skerm wat deur drie projektors gebruik kan word. Een projektor is satan s’n, een is myne en een behoort aan die Heilige Gees.

**Innerlike skerm:**



Dit is ‘n geestelike beginsel dat wanneer iets nie doelbewus aan God gewy word nie, dit spoedig deur satan beset word. Omdat die Kerk nie die oë van hulle hart aan God oorgegee het nie, het satan dit oorgeneem sonder dat ons dit besef het. Daarom is ons gedagtes

dikwels vol boosheid, soos wellus, bekommernis, mislukking en neerlaag. Ons ervaar dit so dikwels, dat ons selfs ons gedagtes begin sien as instrumente van die duiwel.

Hoe dikwels kyk ons na ‘n potensieel plofbare situasie en sê: “Ek kan dit sommer duidelik sien. Dit is verskriklik! Daar gaan ‘n groot rusie wees en niks sal daarna ooit weer dieselfde wees nie!” Of kom ons veronderstel jou man kom laat van die werk af. Watter prentjies sien jy op daardie innerlike skerm? ‘n Ongeluk? ‘n Verhouding? Definitief iets verskrikliks, en satan is meer as gewillig om ‘n oneindige verskeidenheid van ongelukkige moontlikhede in jou gedagtes op te dis.

Ons moet dadelik alle prentjies van satan se projektor afsny. Ons moet elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus (2 Kor. 10:3-5). Dit is ‘n besondere gawe om in die Gees te kan sien. Laat ons opstaan in die outoriteit van Jesus Christus en dit weer opeis vir Sy Koninkryk!

## My Projektor

Ek hanteer self die tweede projektor. Ek het die mag om dit vir goeie of slegte doeleindes te gebruik. Jesus praat van ‘na ‘n vrou kyk om haar te begeer’. Ek kan nie satan die skuld hiervoor gee nie. Dit is my idee en my innerlike prentjie. Ek kies die ingesteldheid waarmee ek na die vrou kyk. Ek kan kies om met *wellus* na haar te kyk of nie. Ek skilder ook die prentjie van haar soos ek haar wil sien. Stap vir stap, skep ek my eie fantasie. So gebruik ek my eie projektor om die prentjies op my interne skerm te ontwerp.

Ek kan ook my verstand gebruik om my geestesoë aan die Here te wy. Om dit te doen, berei ek die weg deur die plek te visualiseer, met Jesus saam met my, en die Heilige Gees in te nooi om die visioen in te kleur. Ek probeer nie hierdeur om vir God voor te skryf nie, maar ek hou myself gereed sodat God vryelik in my kan werk.

As kind onthou ek dat ons ’n outydse handpomp gehad het naby die deur, ‘n oorblyfsel uit die dae voordat daar binnenshuise water-

voorsiening was. Die water uit die put was die helderste, mees verfrissende water wat ek nog ooit geproe het. Daar was net een probleem met die put: As ons water wou uitkry, moes ons water insit. Dit het nie gehelp om die pomp te draai as daar niks water in was nie. Ons moes water ingooi en die pomp voorberei om dit te ontvang, sodat ons die water kon uithaal wat daarin was. Die klein glasie water wat ons ingegooi het, kon brak en smaakloos wees, maar die water wat uitgevloei het, was altyd vars en suiwer.

Wanneer ek myself gereed maak om te ontvang, berei dit my voor om te sien wat die Gees my wil wys. Dit bring my in ‘n posisie om te ontvang en die vloei van lewende water uit te trek. My eie ou prentjie mag gewoon en onsuiwer wees, maar dit keer nie dat dit wat in my gees opspring suiwer en lewegewend is nie.

Johannes skryf in Openbaring dat hy gekyk het, ‘n deur gesien het, en ‘n stem gehoor het. “En dadelik was ek in die Gees” (Op. 4:2). Toe ek dit lees het ek gewonder, ‘Waar was jy in vers 1?’ As *ek* dit moes oorvertel, sou ek sê: “Ek was in die Gees, ek het gekyk, ek het gesien en gehoor”. Maar hy het dit juis so geskryf om ons iets belangriks te leer. Luister weer na die opeenvolging. ‘Ek het gesien, en kyk, ‘n deur ... ek het gehoor ... dadelik was ek in die Gees’.

Johannes was in die Gees in hoofstuk 1-3, terwyl hy gesigte gesien en openbarings ontvang het. Dit lyk of hy ‘n ruskans gevat het na Hoofstuk 3, en daarna na die geestesdimensie wou terugkeer. Aan die begin van Hoofstuk 4 maak Johannes gereed deur te kyk. Sonder twyfel het hy die vraag gevra: “Here, is daar nog iets wat U vir my wil wys?” En God het geantwoord, “Ja! Kom op hierheen!” Toe sien Johannes visioene en beleef die gebeure waar hy met engele en hemelwesens gesels.

Hierdie soort openbaring is nie net vir spesiale heiliges nie! Ons is almal konings en priesters. God deel nie gawes uit omdat ons super-geestelik is nie, maar omdat Hy ons liefhet. En Hy het vir ons ‘n ongelooflike projektor as geskenk gegee wat ons kan gebruik om onsself voor te berei om die visioen te ontvang wat Hy vir ons wil gee.

Een van ons studente met die naam Mike, het die volgende bemoediging by die Here ontvang terwyl hy dagboek gehou het: “Die

uiteinde word altyd bepaal deur te 'kyk' of dit waarop ons fokus. 'Want ons kyk nie na die tydelike nie ...' 'Moses het volhard, sy oog op die onsienlike ... ' 'Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof ...' 'Ek slaan my oë op na die berge, waar sou my hulp vandaan kom ... ' My Woord gaan aan en aan oor vertroue en oor die siel wat sien en oë wat fokus...

"Jy onthou mos die ou liedjie wat jy altyd gesing het, 'Turn your eyes upon Jesus, look full in His wonderful face, and the things of the earth will grow strangely dim, in the light of His glory and grace'. Draai om en kyk. Draai weg van almal behalwe van My. Kyk My VOL in die gesig. Mike, my seun, jy moet STIP kyk. Dit moet nie 'n toevallige kyk wees nie. Ook nie net soms, wanneer jy desperaat is nie. Dit moet die doelgerigte, bewuste wegdraai wees van, en starende blik na My glans en heerlikheid, wees. Kyk My VOL in die gesig!

## Die Projektor van die Heilige Gees

Die derde projektor behoort aan die Heilige Gees. Met Sy projektor neem Hy ons dieper as ons verbeelding tot in die geestesdimensie. In Openbaring 4:2 toe Johannes homself voorberei het deur te kyk, het die Heilige Gees oorgeneem en vir hom visioene gewys wat van hoofstuk tot hoofstuk aangehou het.

## Gereed voor God

Ek begeer om soos Jesus te leef, in opdrag van Sy Vader en om net te doen wat Hy God sien doen het. Voordat ek egter so kan lewe, moet ek leer hoe om 'n 'siener' word. In rasionele samelewings waar daar gewoonlik op mense neergesien word wat met die oë van hul hart kan 'sien', verg dit 'n reuse sprong om vertroud te raak met visioene soos Jesus dit gesien het. Dit is 'n geweldige stap om selfs net te glo dat soiets moontlik is.

Uit eie ervaring, en die van baie ander, weet ek, as ons eers gewoond geraak het om op die Gees te wag vir 'n visioen, dit baie

maklik gebeur.  Om net eenvoudig in geloof daarop te wag, maak die deur oop vir visioene.

Ek is oortuig dat die geesteswêreld bestaan, ongeag of ek dit sien of nie.  Wanneer ek ‘n siener word, leer ek bloot om te sien wat reeds daar is.  Ek leer om my vermoë om te sien, wat afgestomp geraak het, weer te begin gebruik en aan God te wy.

Sodra ek weer begin om hierdie vermoë van my om te sien te beoefen en aan God te wy, bied Hy my die geleentheid om soos Jesus te lewe uit die Bron van goddelike visioene.

Die profete van Israel het eenvoudig gesê, “Ek het gekyk”, en terwyl hulle stil geword het voor God, het “hulle gesien” (byvoorbeeld Dan. 7:2, 9, 13).  Die oomblik toe ek weer begin om my vermoë om te sien te beoefen, kon ek net stil word voor God, kyk, en die visioene wat Hy my wou gee, dadelik sien.  Ek het ‘n siener geword, bloot omdat ek begin kyk het.

As jou intuïtiewe en visioenêre funksies verroes is omdat jy dit nie gebruik het nie, is die proses nie so eenvoudig soos: *kyk* en *sien* nie.  Visioene moet *beoefen* word om behoudend te wees.  Dit behels drie stappe:  bely jou sonde (omdat jy een van Sy gawes geminag het); vra God om jou vermoë om te sien te laat herleef; ontwikkel hierdie vermoë wat God besig is om te herstel.  Beoefening beteken dat jy sal glo dat God dit sal doen, dat jy die eerste wankelrige treë sal neem, en al hoe kragtiger sal raak.  Deur genade bereik ons uiteindelik die punt waar ons met gemak die paadjie stap, en GOD toelaat om die rigting aan te dui.

Dit is presies wat met visioene gebeur het in my lewe, sowel as in die lewens van ander mense.  Omdat ek die gawe geminag het en nie gebruik het nie, het my vermoë om te sien opgedroog en gesterf.  Daarom, toe ek weer begin kyk om te sien wat God vir my wou sê, het ek niks gesien nie.  Ek het my eie vermoëns om te sien so afgeskeep, dat dit nie kon funksioneer toe ek dit nodig gehad het nie.

Die herstelproses het begin toe ek my minagting van God se gawe bely het.  Ek het God se vergifnis gevra vir die feit dat ek die gawe uit Sy hand nie geëer en gebruik het nie.  Ek het ook vergifnis gevra vir

die feit dat ek en die kultuur waarvan ek deel was, logika en analitiese denke so verafgod het.  Ek het my daartoe verbind om Sy visioene in die toekoms met dieselfde ywer te ag en na te jaag as wat ek analitiese denke nagejaag het.

Daarna het ek God gevra om met Sy Gees oor my visioenêre vermoëns te waai en dit te herstel, lewe daarin te blaas en my te leer hoe om Hom toe te laat om deur my te vloei.

Uiteindelik was ek gereed om my eerste wankelrige treë te gee. Terwyl ek in my studeerkamer gesit het en God se aangesig gesoek het, is ek herinner aan 'n toneel uit Johannes 4 waar Jesus met die Samaritaanse vrou by die put gesels het.  Ek het ervaar dat God met my wou sit en gesels en het die toneel voor my oë sien afspeel met 'n effense verskil.  In plaas van die vrou, het ek gesien dat Jesus met my in gesprek was.  Terwyl ek stip na die prentjie gekyk het, om te sien wat sou gebeur, het dit lewe gekry deur die Heilige Gees.  Jesus het beweeg en gebare gemaak, soos enigiemand wat in gesprek is, sou doen.  Terwyl ek bewus was van Sy teenwoordigheid, het ek ook gehoor hoe Hy met my praat en vir my sê wat om te doen.

Dit was die heel eerste keer wat ek op hierdie manier probeer het om 'n gesig te sien.  Ek was so opgewonde omdat dit maklik en vanself gekom het en deur die Heilige Gees gedryf was.  Ek het hiermee geëksperimenteer vir die volgende paar dae en ervaar dat God hierdie 'self-geïnisieerde toneeltjies' op Sy manier uitgebrei en laat lewe het, sodat dit Heilige Gees-gedrewe bonatuurlike visioene vanuit die troonkamer van God geword het.

## Besware

Op hierdie punt wil ek eers stop en vrae wat jy dalk het probeer beantwoord.  Eerstens, "Is jy nie besig om God in te perk deur 'n toneel te skep waar Hy moet inpas en waarop HY moet uitbrei nie?" Die antwoord is, "Absoluut, ja!"  God het natuurlik vryheid wanneer Hy die toneel wat jy geskep het oorneem.  Hy kan dit tot 'n sekere mate in die een of die ander rigting neem.

As jou toneel egter heeltemal anders is as dit wat God jou wil wys, sal niks gebeur nie. Die toneel begin nie lewe nie; dit bly dood. Jy ervaar God nie daarin nie. As dit met my gebeur, ontspan ek en vra: “Here, hoe wil U Uself aan my openbaar in hierdie situasie?” Dan gee God vir my ‘n gesig waarmee Hy kan werk.

‘n Tweede vraag is, “Wel, waarom kyk jy dan nie net vir Sy visioen in plaas daarvan om jou eie te inisieer nie?” Soos ek alreeds gesê het, dit werk goed vir die persoon wat van nature intuïtief is en ‘n sienersoog het. Die van ons wie se visioenêre vermoëns egter onderontwikkeld is, het soms hulp nodig om aan die gang te kom. Sodra so ‘n persoon gewoond raak aan visioene, sal die hulpmiddel oorbodig raak en hy sal eenvoudig kyk en sien.

“Sê jy dat jou self-geïnisieerde prentjie ‘n goddelike visioen is?” Natuurlik nie! My prentjie is my prentjie; God se bonatuurlike visioen is Sy visioen. Ons mag nooit die twee verwar nie. Ek sê nooit die grond wat ek voorberei is God se visioen nie. Dit is bloot my voorbereiding. Wanneer jy egter daardie innerlike ‘kliek’ ervaar en die visioen kry lewe asof vanuit die troon van genade, dan kom dit vanselfsprekend nie meer uit myself nie. Dit behoort nou aan die Here. Myne is myne en God s’n is Syne.

Miskien vra jy, “Waar staan dit in die Bybel dat ons ons eie toneeltjie moet voorstel sodat God deur die visioen kan begin vloei?” My antwoord is: “Waar lees ons dat ons dit *nie* moet inisieer nie?” Ek dink nie daar is duidelike riglyne hieroor nie, wat beteken dat ons na verskillende teksverse sal moet gaan kyk wat een van hierdie twee denkwyses ondersteun. Nog ‘n moontlikheid is dat ons dit aan elke Christen moet oorlaat om sy eie heil uit te werk rondom hieride saak, aangesien daar geen absoluut duidelike lering hieroor is in die Skrif nie.

Die verse wat moontlik gebruik kan word teen eie inisiëring van visioene, is dié wat praat van die vermyding van ‘nuttelose voorstellings’ (‘vain imaginations’) en waarsku teen die maak van gesnede beelde. Volgens definisie is ‘n ‘gesnede beeld’ ’n objek van aanbidding wat gewoonlik uit hout of klip gekerf is. Die prentjie wat ons in ons gedagtes vorm is vanselfsprekend nie van hout of klip gemaak nie. Dit dien net as ‘n platform vir die stroom van goddelike

visioene. As ‘nuttelose’ gedefinieer word as ’iets wat nie regtig waarde het nie; nutteloos; waardeloos’ kan ons sekerlik sê dat ‘n hulpmiddel om ‘n mens iets te leer nie waardeloos of nutteloos is nie. Leerhulpmiddels is waardevol en het ‘n plek in die leerervaring. Die feit dat die Bybel praat van nuttelose voorstellings sê dat daar ook iets is soos doeltreffende gebruik van jou verbeelding. Ek dink om ‘n prentjie voor te stel vir God om mee te werk een van hierdie nuttige gebruike is van jou verbeelding.

Onthou om bewustelik ‘n toneel te visualiseer, is slegs ‘n tydelike hulpmiddel, wat net nodig is vir party mense. Die persoon wat van nature intuïtief is sal dit nie nodig hê nie. Hy sal eenvoudig kyk om te sien en dan is die visioen daar. Die analities-georiënteerde persoon sal hierdie hulpmiddel later laat vaar, sodra hy homself maklik en spontaan kan oopstel vir visioene.

As ons in ‘n Bybelse samelewing geleef het, sou ons dalk nie soveel hindernisse gehad het om te oorkom nie. As ons gewoond was om soggens aan die ontbyttafel ons drome met mekaar te bespreek, soos wat Josef gedoen het, sou ons ‘n natuurlike aanvoeling vir die geestesdimensie en visioene gehad het. Wie is daar in ons land wat hulle drome ernstig opneem en gewoond is om dit met die res van die gesin te bespreek? Byna niemand nie. As ons dit sou doen, sou ons as ‘vreemd’ bestempel word. Dit is dus nie snaaks nie dat vaardigheid met en openheid vir visioene totaal en al afwesig is in ons samelewing.

As Kerk behoort ons dit te bely dat ons toegelaat het dat die rasionalisme van ons tyd ons perspektief van wat presies ‘n gabalanseerde leefstyl is, verdraai het. Party mense is bang dat daar saadjies van Oosterse godsdiens in sommige van die Christelike leringe is. Het ons al ooit gaan stil staan en besef dat Jesus nie ‘n Westerling was nie en dat God nie bedoel het dat ons logika moet verafgod en visioene moet verag nie?

God roep ons om Jesus ons volmaakte Voorbeeld te maak, om ons te beywer om soos Hy te wees, om niks te doen uit eie inisiatief nie, maar om te leef soos Jesus geleef het, deur ‘n konstante vloei van *rhema* en visioene.

Sal jy aanhou soek totdat jy die pad gevind het na hierdie lewenstyl en ervaringswêreld? Sal jy aanhou totdat jy Hom vind? "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie" (Joh. 5:39, 40).

Here, ons kom na U toe. Vergewe ons dat ons toegelaat het dat ons kultuur die visioenêre vermoëns waarmee U ons geskape het, wat U in ons gesit het, geminag het. Ons vra U vergifnis en vra dat U ons sal leer om drome en visioene reg te hanteer. Gee weer vir ons die vermoë om te hoor en te sien. Trek ons nader en gee ons alles wat U vir ons beplan het.

## Toets jou visioene

Baie van ons was al lus om ons interne skermpie op te rol en weg te bêre net in geval die visioene van satan se projektor af sou kom. As ons dit doen, maak ons egter die deur toe vir een van die magtigste instrumente van geestelike ervaringe. Ek glo die Bybel bied iets beters. Paulus het gelowiges gemaan om alle dinge te toets, boosheid te verwerp en vas te hou aan die goeie. *Rhema*-woorde sowel as visioene kan vanaf een van drie terreine kom.

## Die Gees

Ons moet eers die gees van die woord of prentjie bepaal. Elkeen van die drie terreine van oorsprong het bepaalde eienskappe. As ekself die oorsprong is, sal die prentjie uit my eie gedagtes uit kom, eerder as uit my gees. Dit sal 'n prentjie wees wat ek self geskets het, stap vir stap – 'n skepping van my eie verstand.

As die prentjie van satan af kom, sal dit onvanpas wees. Dit sal uit plek uit voel. Ek moet myself afvra of my verstand ledig was. Die ou gesegde dat ledigheid die duiwel se oorkussing is, bly waar.

As God die oorsprong is van die prentjies, sal dit ‘n lewende stroom wees wat uit my binneste opwel.  Dit beteken dat ek stip en rustig op Jesus gefokus het.

Ek kan die oorsprong van ‘n visioen ook bepaal deur dit in my gedagtes langs ‘n voorstelling van Jesus te plaas.  As die visioen nie van God is nie, sal daar ‘n teenstrydigheid wees; dit sal nie gemaklik kan wees langs die beeld van Jesus nie.  Hierdie manier van toetsing is soortgelyk aan die manier wat Charles Sheldon gebruik in sy boek ‘In Sy voetspore’:  Om altyd te vra, “Wat sou Jesus in hierdie situasie doen?”

## Die Idees in die Openbaring

Ons kan ook die idees wat in die openbaring voorkom, toets (1 Joh. 4:2-5).  Ons doen dit deur na die inhoud te kyk.  As die idees net my eie is, sal dit sketse wees van dit wat ek geleer het, ‘n weergawe van dit wat ek in my hart en gedagtes opgeneem het.  Dus, as ek myself volgemaak het van enige boosheid of perversie, sal dit wat uit my uitvloei boosheid en perversie wees.  As ek vol is van die Woord, sal die stroom beelde spreek van wysheid, suiwerheid en goedheid.

Openbarings van satan sal negatief, destruktief en aggressief wees. Dit sal beskuldigend en vreesaanjaend wees.  Dit sal strydig wees met die karakter van God asook met die Woord van God.  Die duidelikste aanduidings van sataniese beïnvloeding is selfverheerliking en ‘n vrees vir beoordeling.  Duisternis wil nie aan die lig kom nie.  Die verskonings klink gewoonlik so:  “Moenie vir iemand vertel van die openbaring nie.  Jy het groter insig wat ander mense nie altyd verstaan nie!  Jy is anders as hulle en is uitgekies om spesiale openbaringe te ontvang.  Selfs jou pastoor het nie die insig en openbaring wat jy ontvang het nie.  Moet vir niemand vertel nie!”  As ek dit in my eie gedagtes of van iemand anders hoor, is dit ‘n waarskuwingslig.  Verwerp sulke selfbeheptheid en enige openbarings wat geheim gehou moet word.

Enige openbarings wat van God af kom, sal openlik wees en gretiglik getoets kan word.  Dit sal spreek van sagmoedigheid en nederigheid

en gewilliglik onderwerp word aan die Liggaam van Christus. Waarheid soek waarheid en is nie bang vir die lig nie. Goddelike openbarings sal ook rigtinggewend wees, opbouend en gerusstellend; ek verwerp dadelik enige prentjie wat nie is nie. Die Heilige Gees is die Trooster en Sy woorde bring vrede. Satan is die aanklaer en ek sal nie toelaat dat hy my veroordeel nie.

Die Bybel sê natuurlik ook dat satan kom as ‘n engel van die lig. Hoe onderskei ons hom dan? Een manier is om toe te laat dat “die vrede van God ... in (ons) harte heers” (Kol. 3:15). Ek het al ‘n paar keer openbarings wat ek ontvang het in my dagboek neergeskryf wat goed en waar gelyk het, maar wat my tog ongemaklik laat voel het. Dit het gevoel of dit nie pas nie. Nie dat dit onbybels was nie. Dit het net nie reg gevoel nie. Ek het dit vir my geestelike raadgewers gewys, en hulle was nie heeltemal gemaklik daarmee nie. (Ek sê later meer oor die beskerming wat daar is in ‘n verskeidenheid van raadgewers). Hierdie twee faktore in ag genome, het ek besluit dat dit nie van God af was nie en dat ek nie daarop sal reageer nie.

Onthou ons het gesê dat geestelike openbarings hoofsaaklik kom deur ‘n *rhema*-woord, visioene en ‘n las (‘burden’) wat jy ervaar. Hierdie drie moet ooreenstem, veral die las van vrede: ‘n vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7). Ek dink nie satan kan vrede naboots nie. Maak dus seker dat die vrede van God heers (of die rol van die regter speel) in jou hart.

## Ondersoek die vrug

Die finale toets vir openbarings is om die vrugte wat dit dra te ondersoek (Matt. 7:16). Die vrug van my gedagtes en prentjies sal wissel, afhangende van waarmee ek myself volgemaak het. As my hart vol boosheid is, sal die vrugte boos wees. As my hart vol van die Woord is, sal die vrugte goed wees.

Die vrug van sataniese openbaringe is vrees, slawerny, angs en verwarring. Daar sal ‘n dwangmatigheid wees, ‘n gevoel dat ek iets dadelik moet doen. Ek sal tot gehoorsaamheid gedwing word. My ego sal opgeblase wees. Ek sal dink, “Dit is net ek en Jesus, en ons

het niemand anders nodig nie". Dit het alleenlopers tot gevolg: hulle onderwerp hulle aan niemand, is rebels en beweeg los en vas tussen gemeentes. Hulle is 'n maklike prooi vir die duiwel en hulle mis-leiding en bedrog sal al hoe erger raak solank as wat hulle daarop aandring om alleen te funksioneer.

Openbarings van die Heilige Gees versterk ons geloof, bewerk vrede, bring verligting van ons verstand en kennis. Die goeie vrugte van die Heilige Gees sal vermeerder as gevolg van wat ons gesien en gehoor het. Ons sal al hoe nederiger raak namate ons die wonder besef dat die Almagtige Here gekies het om met ons bemoeienis te maak. Ons sal soos Moses wees, wat van aangesig tot aangesig met God gesels het soos wat 'n mens met sy vriend gesels, en tog was hy die nederigste man op aarde.

## Die Genesende Krag van Visioene

Ek sluit graag hierdie hoofstuk af met 'n getuienis van een van my studente. Aan die einde van 'n klas oor visioene, het ek die studente gevra om 'n geestelike ervaring met my te deel. Ek het hulle gehelp om die situasie te skep: saam met Jesus by die put, soos in Johannes 4. Hier is die getuienis van 'n vrou soos sy dit aan die klas vertel het die week daarna.

"Vier maande gelede het ek 'n baie groot tragedie belewe. Ek was swanger met my vyfde kind. Op vyf en 'n half maande het ek dokter toe gegaan vir 'n roetine ondersoek. Hy kon geen hartklop kry nie. Binne 'n paar uur is ek in die hospitaal opgeneem en my seuntjie is van my af weggeneem.

"Ek was emosioneel gebreek en kon nie vrede kry nie. Ek het aaklige nagmerries begin kry en wou naderhand nie bed toe gaan nie, uit vrees vir die pyn wat dit sou veroorsaak.

"Wanneer ek wakker was, was my gedagtes by my seun Jerome soos wat ek hom in die hospitaal gesien het, leweloos en klein genoeg om in my twee hande in te pas. Ek het God ernstig gesmeek om genesing en vir die vermoë om verby die seer te kyk na die gawe.

Maar ek kon nie genesing kry nie. Ek kon nie vir Jerome in die hemel sien nie; ek was net bewus van my eie pyn. Mense het heeltyd vir my gesê dat tyd my wonde sou genees, maar dit het net erger geword.

“Verlede week toe ek by die put gaan sit, het Jesus gekom en Sy arm om my gesit. Al wat ek vir Hom kon sê was, ‘Dit maak seer’. Hy het gesê, ‘Ek weet’, my aan die hand gevat en gesê, ‘Kom ons gaan stap ‘n entjie’.

“Hy het my na ‘n groot koelteboom geneem in ‘n groot oop stuk veld. Ons het onder die boom gaan sit en Hy het vir my gesê, ‘Ek wil hê jy moet opkyk na die hemel’. Ek het opgekyk na die pragtige blou hemel en donsige wit wolkies en in die middel daarvan het ek die gestalte van ‘n engel gesien wat ‘n baba vashou. Ek het vinnig weggekyk en gesê, ‘Ek kan nie kyk nie’. Hy het Sy arm om my gesit en saggies gesê, ‘Ek het jou lief. Alles is reg’.

“’n Paar oomblikke later sê Jesus, ‘Ek wil hê jy moet weer opkyk’. Die beeld van die engel en die kind het nader beweeg aan my. Weer eens het ek weggedraai en gesê, ‘Ek kan nie kyk nie. Dit maak te seer, Here! Ek kan nie kyk nie’. Weer het Hy Sy arm om my gesit en liefdevol gesê, ‘Ek weet dit maak seer, maar ek het jou baie lief.’

“Ons het vir ‘n paar minute net so in stilte gesit totdat Jesus weer gesê het, ‘Ek wil hê jy moet opkyk’. Die engel was reg langs my met die baba in sy arms, wat net soos my seun Jerome gelyk het. Jesus het die baba in my arms gesit en gesê, ‘Ek wil hê jy moet hom vashou en troetel’. Al weet ek dat dit net ‘n paar minute in die klas was, het dit gevoel asof ek ure met hom spandeer het. Ek kon al die dingetjies doen wat ‘n mamma gewoonlik wou doen: Vir my baba sê hoe lief ek hom het; sy vingers en tone tel; hom voed; hom net vashou en liefhê. Terwyl ek al hierdie dinge gedoen het, kon ek voel hoedat genesing plaasvind in my binneste.

“Uiteindelik sê Jesus, ‘Dit is tyd om te gaan.’ ‘Ek kan nog nie gaan nie’, het ek gesê en Hy het my geantwoord met soveel liefdevolle begrip, ‘Alles reg, ons bly nog ‘n rukkie’. Ek kon die baba nog ‘n rukkie vashou, toe vra Hy weer, ‘Is jy al reg om te gaan?’ Ek het

geantwoord, ‘Ja, ek is gereed’  en ek kon my seun in Jesus se arms sit.

“Jesus sê toe, ‘Kom ons gaan stap’.  Ons het opgestaan en Hy het Jerome weer vir my gegee.  Ons het begin stap en na so twee of drie treëtjies het dit gevoel of ons uit die aarde in die hemel in stap.  Hy neem my toe na iets wat soos ‘n babawiegie gelyk het, spierwit en met kant versier.  Dit was pragtig.  Jesus sê toe, ‘Dit is waar jou baba lê.’  Ek kon Jerome neerlê en kon sê, ‘Dankie, Here.’  ‘Ons gaan nou terug’.  Ons het ‘n paar treë gegee en was terug op die aarde.

“Dis nou ‘n week sedert ek die ervaring gehad het.  Voor dit, as ek aan Jerome gedink het, kon ek net sy lewelose gestaltetjie sien.  As ek nou aan hom dink, sien ek hom in Jesus se arms, heel en volmaak.  Al is ek steeds hartseer omdat ek na hom verlang, is dit nie met dieselfde diepe verwonding wat ek maande lank ervaar het nie.”

Slotrede:  ‘n Week nadat Cheryl hierdie visioen gehad het, het die Here vir haar in haar dagboek gesê dat Hy weer vir haar ‘n seun sou gee.  Sy naam sou ‘Jason’ wees, wat beteken ‘die een wat genees’, en sy middelste naam sou ‘Matthew’ wees, wat beteken ‘Gawe van God’.  Hy het haar ook herinner aan Jesaja 61:1, “Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE my gesalf het om ‘n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.”

Binne ‘n paar weke het Cheryl uitgevind dat sy swanger is.  Dit het gebeur binne een week nadat die Here vir haar die visioen gegee het.  Nege maande later is Jason Matthew gebore.  God het Sy belofte van genesing vervul.

Met die afsluiting van hierdie hoofstuk oor drome en visioene van God wil ek voorstel dat jy stil word, ‘n papier vat en vra, “Here, wat wil U vir my sê oor die gebruik van die oë van my hart?  Hoe gebruik ek hulle?  Hoe wil U hê moet ek hulle gebruik?  Wat dink U van  drome en visioene?”  Ontspan dan en skakel in by die vloeiende  stroom wat in jou begin opborrel.  Skryf die dinge wat by jou opkom in geloof neer.  Wanneer die vloei oor is, gaan terug en toets dit.  Besluit of dit

van God af kom.  Deel die uitslag van jou eksperiment met iemand anders.  Vind uit wat is hulle indrukke hiervan.

# 5

# Dagboekinskrywings: Neerskryf van jou Gesprek met God

## Sleutel#4

Dagboek-hou, die neerskryf van ons gebede en God se antwoorde daarop, bring ‘n nuwe en groter vryheid om God se stem te hoor.

God praat die hele tyd met ons, maar dis vir ons dikwels moeilik om Sy stem duidelik van ons eie gedagtes te onderskei. Ons is agterdogtig en bevraagteken dit en neem nooit die stap van geloof om op Sy Woord te reageer nie. As dit moontlik was om op te hou twyfel sonder om ons gesonde verstand te ignoreer, as ons in geloof kon ontvang en steeds die geeste ondersoek, sou ons gemeenskap

met die Vader soveel wonderliker wees!  Die eenvoudige tegniek wat ek noem *dagboek-hou* maak dit moontlik en was tot dusver die enkele grootste faktor wat my twee-rigtinggesprek met God en my verhouding met Hom moontlik gemaak het.

Dagboek-hou is bloot die neerskryf van my gebede en Sy reaksie daarop soos ek dit beleef.  Dit is ‘n joernaal van my tweegesprek met God.

Toe die idee van dagboek-hou vir die eerste keer aan my geopenbaar is, het ek dadelik na die Skrif gegaan om te kyk of dit enigsins Bybels gefundeer is.  Teen die tyd dat ek my ondersoek voltooi het, was ek verbaas oor die feit dat die Kerk hierdie Bybelse, nuttige hulpmiddel so verwaarloos het.  Die hele boek Psalms is eintlik ‘n joernaal.  Dit is ‘n rekord van mense se gebede, en dikwels ook van God se reaksie daarop.  Herhaaldelik lees ons hoe Dawid sy hart uitstort voor God wanneer hy alleen en verlate voel en soek na die teenwoordigheid van God.  Aan die einde van sulke pleidooie staan daar dikwels *sela* geskrywe.  *Sela* beteken pouse, of ‘n musiektussenspel.  Gedurende hierdie pouse het Dawid stil geword en God geraadpleeg.  Na die woordjie *sela* ervaar ons ‘n anderse, dieper vlak van geloof.  God het met hom gepraat, en die hele toonaard van Dawid se woorde verraai dit.

Die profetiese boeke is dikwels ‘n weergawe van die kommunikasie tussen ‘n mens en God of een van Sy boodskappers.  Daniël het gedroom en dit opgeteken.  Hy het God vir die interpretasie gevra en dit ook neergeskryf.  Habakuk is ook ‘n uitstekende voorbeeld.  Die volgende hoofstuk gee ‘n meer breedvoerige uiteensetting van sy ervaring, maar ons sien in hoofstuk 1 hoe Habakuk na God roep om ‘n antwoord te kry;  hoofstuk 2 en 3 is God se reaksie op sy gebede.

Die boek Openbaring is nog ‘n goeie voorbeeld van ‘n Bybelse joernaal.  Johannes het die visioene wat hy gesien het opgeteken, asook die vrae wat hy gevra het en die antwoorde wat hy daarop gekry het.  “Die Openbaring van Johannes” is die optekening van sy geestelike gesprek.

Nie alle dagboek-inskrywings is in die Bybel opgeteken nie.  ‘n Goeie voorbeeld van die soort dagboekinskrywings waarvan ons praat, kry

ons in 1 Kronieke. Toe God aan Dawid die uitleg van die tempel gegee het, het Hy dit gedoen deur dagboek-inskrywings. “Dit alles – al die werke van die voorbeeld – het Hy my geleer volgens ‘n beskrywing uit die hand van die Here wat oor my was” (1 Kron. 28:19). Hierdie beskrywing is egter nie volledig in die Skrif opgeteken nie. Dit is ook so met ons dagboek-inskrywings. Dit is vir ‘n bepaalde tyd in ons lewens wanneer ons dit nodig het en sal vanselfsprekend nie in die Bybel opgeteken word vir volgende generasies nie.

## Voordele van dagboek-hou

Aan die begin toe ek net begin leer het hoe God se stem klink, het ek innerlik en uiterlik stil geraak, Jesus gevisualiseer en geduldig gewag vir ‘n antwoord. Ek het dikwels ‘n paar woorde of sinne in my gedagtes ervaar, maar my eerste reaksie was dat dit nie van God af kon kom nie. Ek wou nie mislei word deur die onegte nie en wou alles versigtig beoordeel wat ek ontvang. Die enigste probleem is dat sulke beoordeling of toetsing eintlik twyfel is, en twyfel belemmer my geestelike ontvangsmeganisme. Daarom het ek niks meer gehoor nie. Hy wat tot God gaan moet dit in geloof doen. Ek het vir omtrent vyftien sekondes geglo, vir drie sekondes openbarings ontvang en die gehoorstuk neergesit deur my ongeloof. Dit was vir my ‘n groot probleem. Hoe kon ek iets in geloof ontvang en steeds toets of dit eg was?

Dagboek-hou was die oplossing vir my dilemma. Deur my gebede neer te skryf kan ek God se antwoorde in geloof ontvang en alles aanteken. Ek kan paragraaf vir paragraaf neerskryf, selfs bladsy vir bladsy. Ek kan vir vyf minute lank skryf of tien minute of selfs ‘n uur. Ek hoef nie besorgd te wees daaroor om dit wat ek ontvang te toets terwyl ek dit ontvang nie, want ek het ‘n duidelike, permanente rekord wat ondersoek en geanaliseer kan word sodra die goddelike stroom ophou. Ek kan twyfel eenkant toe skuif sonder om my gesonde verstand eenkant toe te skuif. My reseptor kan ontvanklik wees en opereer so lank as wat dit nodig is. Dagboek-hou het my in staat gestel om ‘n nuwe dimensie in my verhouding met God te geniet.

Nog ‘n voordeel van dagboek-hou is dat dit my ooraktiewe brein aan die gang hou terwyl ek openbarings ontvang. My verstand is gewoond daaraan om in beheer te wees van my lewe en kan baie omgekrap raak as my hart begin oorneem. Dit skop en skree en gaan te kere en wil weet wat aangaan. Dit bevraagteken en betwyfel en doen sy bes om die kommunikasie wat ek by die Heilige Gees ontvang te keer, en weer my aandag te kry. Die gebruik van visioene is ‘n teenfoeter hiervoor, net soos dagboek-hou. Ek kan my verstand in bedwang hou deur hom besig te hou met iets nuttigs soos om die intuïtiewe stroom op te teken. Deur my verstand besig te hou, keer ek dat hy my onderbreek.

Habakuk 2:2 en 3 gee vir ons nog ‘n voordeel van dagboek-hou. Die Here het vir Habakuk gesê, “Skryf die gesig op en graveer dit op tafels ... Want die gesig sal nog duur tot op die bepaalde tyd ... en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie.” God bestaan in tydloosheid, en soms sê Hy iets gaan gou gebeur. Ons idee van gou mag egter heeltemal verskil van syne. Ons dink gou is môre, of hoogstens volgende week. Hy bedoel dalk volgende jaar! (Tweeduisend jaar gelede het hy gesê, “Ja, Ek kom gou!” [Op. 22:20])

As ons nie Sy beloftes op skrif het nie, mag ons geloof kwyn en ons hoop verdwyn. Wanneer die bepaalde tyd aanbreek, het ons dalk al baie van Sy beloftes vergeet. As ons die openbaring aanteken soos wat ons dit van Hom ontvang, kan ons later weer daarna kyk as ons begin twyfel. Dit vernuwe ons geloof en herstel ons hoop. Ons dag-boekaantekeninge dien dan as bewys van Sy getrouheid wanneer Hy Sy beloftes in vervulling bring.

Aantekeninge help om die boodskap suiwer te hou. Soms raak ek so opgewonde wanneer die Here praat dat ek Hom misverstaan of Sy woorde verkeerd interpreteer. Ek verwag of begeer dalk ‘n spesifieke antwoord en laat toe dat my begeertes keer dat ek ‘n suiwer Woord ontvang. As ek reageer op wat ek dink ek gehoor het, kan ek ‘n fout maak. Maar as ek kan terugkeer na my dagboek kan ek die saak regstel. Die Here sal my terugbegelei na dit wat ek oorspronklik ontvang het, en ek kan dan sien waar ek verkeerd was: Die Here het my nie in die steek gelaat nie – ek het Hom net nie reg verstaan nie. Sy woorde kom altyd in vervulling; my interpretasies nie.

## Die effek van dagboek-hou

Soos wat ek daagliks met God in tweegesprek was, het ons verhouding verdiep en verander. Ek het nie meer aan God gedink as die streng Regter wat net wag dat ek ‘n fout maak nie. Ek het begin besef dat Hy teer en regverdig en vol genade is. Ek het begin om Sy liefde te verstaan en omdat ons meer tyd saam deurgebring het, het ek al meer soos Hy begin word. Ek het geleer wat ware liefde is en begin om dit uit te leef teenoor die Here en teenoor familie en vriende. Ek het geleer om lief te hê omdat Hy my eerste liefgehad het. Ek het dit op ‘n keer ervaar toe ek aangegaan het oor my sonde en God oor en oor vertel het hoe jammer ek was. Hy het net gesê, “Mark, Ek het jou vergewe”. Uiteindelik het Hy weer gesê, “Mark, Ek het jou vergewe – sal jy jouself vergewe?”. Dit het my diep in my hart getref. Dit was hoegenaamd nie Sy idee om my aan te hou pak gee en te verkleineer nie. Sy begeerte is vrye genade. Ek het ontdek dat byna elke ander Christen wat begin dagboek-hou het, ook geleer het dat God baie minder veroordelend is as wat hulle altyd gedink het.

Ek het ook baie meer bewus geraak van my gees en die werking van die Heilige Gees in my deur te luister na God se stem. Ek het gevorder van ‘n lewe vanuit my verstand na ‘n lewe vanuit my hart, vanuit my siel na my gees. Ek hoef nie meer op vleeslike impulse te reageer nie – ek kan optree in reaksie op die Here se werking binne-in my. Ek kry dit nie elke keer reg nie, maar ek het al baie hierin gegroei en verbeter.

God praat dikwels met my in my dagboek oor my ingesteldheid. Hy praat oor my woede, my afkeer, my veroordeling. Hy moedig my aan om andere hoër te ag, lief te hê, en om te ontvang. Hy is baie meer besorgd oor die houdings wat die sonde veroorsaak as oor die sonde self, en Hy wil so graag daardie houdings genees. Hy haat sonde, maar Hy wil altyd die oorsaak uitroei en nie net ons verkeerde gedrag uit die weg ruim nie.

Dagboek-hou het ook gehelp om beter balans in my lewe in te bring. Die meeste van ons neig na die een of ander uiterste op sekere gebiede. Ons andersheid is dikwels gebaseer op geldige idees of

ervaringe. Daar is byvoorbeeld in die Kerk ‘n verskeidenheid uiterstes, elkeen gebou op ‘n bepaalde waarheid. Dikwels word sekere waarhede so oordryf in die verkondiging of uitlewing daarvan, dat ander gelowiges dit saam met die persoon verwerp.

Ekself is geneig om soms ekstremisties te wees, omdat ek my geestelike lewenswandel netjies uitgestip wil hê: stap 1, stap 2, stap 3. As iets vir my werk, is ek geneig om dit te sien as ‘n tegniek wat elke keer suksesvol is. Visioene is ‘n voorbeeld hiervan. Ek is opgewonde oor die krag en waarde van visioene in my verhouding met God. Daarom kan ek maklik in die versoeking kom om dit as ‘n formule vir sukses te sien.

Op ‘n dag net voordat ek ‘n klas aangebied het oor visioene, het die Here egter met my hieroor gepraat: “Onthou dat visioene baie meer is as ‘n tegniek. Dit gaan oor My, wat leef, werk en dinge doen. Dit is om My in werking te sien. Dit is om bekoor te word deur die feit dat jy met die oë van jou hart kyk. Daarom, sien dit as meer as ‘n hulpmiddel. Dit is ‘n ontmoeting met My. Dit is Ek, niks meer en niks minder nie, net Ek! Onthou dat die doel van die lewe en van hierdie kursus is om mense by My uit te bring. Moenie so tegniek-bewus raak dat jy die uiteindelike doel vergeet nie: om in My teenwoordigheid te wees. Ek het jou lief, Mark.” Dagboek-hou help om balans te bring tussen my analitiese en intuïtiewe aard, en op baie ander gebiede van my lewe.

Dagboek-hou lig ons fokus uit. As ‘n mens *in* ‘n situasie is, is jy geneig om jou perspektief te verloor. Jy begin fokus op die verkeerde dinge en kyk negatief na mense en dinge, asof hulle jou met opset wil seermaak en vernietig. Wanneer ons by God hoor, help dit om ons fokus te verskuif en dinge te sien soos hulle regtig is.

Dit het gebeur met ‘n paartjie in my klas wat na my toe gekom het met ‘n probleem. Hulle dogter het ‘n slegte houding begin ontwikkel, en haar skoolpunte het afgeneem. In reaksie hierop het haar ouers begin neul en haar begin kritiseer. Hulle het haar baie min liefde gegee en spoedig het hulle nie meer saamgebid as gesin nie. Hulle het Cathy begin sien as hul vyand, eerder as hul eie vlees en bloed.

Ons het saam gebid en ek het hulle aangemoedig om te begin dagboek-hou oor die situasie. Terwyl hulle dit gedoen het, het die Here vir Tom 'n visioen gegee. Hy het gesien hoe die Here na hom toe kom, Sy arms om hom sit en vir hom sê hoe lief Hy hom het. Die Here het vir hom gesê om dieselfde te doen met Cathy. Tom en Susan is gevra om Jesus se onvoorwaardelike liefde aan haar te bewys en volgens koninkryksbeginsels te begin lewe. Hulle het begin besef dat Cathy nie hulle vyand was nie, maar 'n kind uit hul liefde gebore.

Soos wat hulle met haar begin kommunikeer het deur Christus, eerder as om die situasie op hul eie manier te probeer hanteer, het daar 'n dramatiese verandering plaasgevind. Cathy se houding het verbeter. Haar skoolwerk het soveel verbeter, dat sy 'n toekenning gekry het vir uitstekende prestasie. Selfs haar onderwyser het die merkwaardige verandering raakgesien. Hulle het besef dit is maar die begin en het aangehou om met die Here te gesels. Die gesin se gebedstye is weer hervat en hulle het met erns begin saambid, nie net uit gewoonte nie. Tom en Susan het hul dogter teruggekry omdat die Here hul gewys het waarop hulle al die tyd gefokus het en vir hulle die regte perspektief gegee het.

## 'n Paar praktiese aangeleenthede

Aangesien ek die Skepper en Onderhouer van my lewe ontmoet wanneer ek bid, probeer ek om dagboek te hou wanneer ek op my beste is, eerder as wanneer ek bekommerd is of oorweldig deur die sorge van die lewe. Vroegoggend werk vir my die beste. Daar is 'n stilte daardie tyd van die dag wat my help om af te skakel. Dit het veral gehelp toe ek net begin het om met God te gesels. Vandat ek meer bewus geraak het van die influisteringe in my gees, kan ek maklik enige plek stilraak. Jesus het in Sy Vader se teenwoordigheid gebly selfs toe vyfduisend mense Sy aandag wou hê. Aan die begin toe ek nog besig was om te leer, wou ek die beste geleentheid skep vir gesprek. Vir party mense is die middel van die nag die beste. Maak nie saak wanneer dit is nie, solank dit 'n tyd is wanneer jy jou beste vir die Here kan gee.

Toe ek begin het om dagboek te hou, het ek sommer ‘n eenvoudige ringgebinde notaboekie gebruik. Deesdae is die rekenaar vir my ‘n wonderlike hulpmiddel, omdat ek makliker tik as skryf. As ek tik kan ek my oë toe hou en steeds op die innerlike visioen fokus terwyl ek skryf. Een van my studente het gevind die beste tyd vir hom is terwyl hy in die kar ry. Hy hou ‘n bandopnemer in die kar en bid hardop, en spreek dan uit wat hy van die Here ervaar.

Die metode is nie belangrik nie, maar dit sê tog iets van die waarde wat my dagboek vir my het. Ek probeer om nie op servette of stukkies papier te skryf nie. Dit sou beteken dat ek nie veel waarde heg aan dit wat ek neerskryf nie, tensy dit al is wat op daardie oomblik beskikbaar is. Indien ek dit tog doen, skryf ek dit so gou moontlik daarna oor in my dagboek.

Al my dagboeke het ‘INHOUD VERTROULIK’ in baie groot letters op die voor- en agterkant geskrywe. Hulle word veilig gebêre en soms gebruik ek selfs kodes. My rekenaar se ‘password’ beskerm die inhoud vir my. Soos wat ek my siel voor die Here ontbloot en Hy my bedien, help Hy my met die dinge waarmee ek worstel waarvan niemand anders weet nie.

Vir die meeste mense is seksualiteit een van hierdie areas. In my pastorale bediening is ek bewus daarvan dat die mens tegelyk intens geestelik en intens seksueel is. God wil ons seksualiteit genees. Terwyl ek dagboek gehou het, was ek bewus daarvan dat ek en die Here baie tyd hieraan bestee het. Aan die einde van die eerste jaar het ek gaan kyk presies hoeveel tyd ek aan my eie seksualiteit afgestaan het.

Ek het met ‘n skok ontdek dat dit meer as vyftig bladsye was! Ek het nie besef ek was in so ‘n slegte toestand nie! Daar was vyftig bladsye oor my as ‘n seksuele wese en hoe om die druk daarvan te hanteer.

Terwyl ek tydens ‘n seminaar gepraat het oor die private aard van hierdie gedeeltes van dagboekinskrywings, en die belangrikheid van privaatheid en kodes, het iemand grappenderwys gesê ‘n mens moet iemand anders se naam daarop skryf! Ek sal nou nie sulke drastiese maatreëls aanbeveel nie, maar ek weet wel dat wanneer God ons

diepste pyn aanspreek en die dinge waarmee ons worstel, die inhoud van die materiaal baie privaat is.

Ek begin elke inskrywing met ‘n datum en sluit alles in wat belangrik is vir my geestelike lewe. Bo en behalwe my gesprekke met God, skryf ek ook my drome en hul betekenisse neer, visioene en prentjies wat die Here my gee, en persoonlike gebeure en gevoelens wat my diep raak. Ek praat oor my woede en my vrese, pyn, bekommernis en teleurstellings, my vreugdes en my dankbaarheid. My dagboek word ‘n joernaal van my geestelike pad, die berge en die valleie, suksesse en mislukkings. Dit word ‘n persoonlike aandenking van die voortdurende getrouheid en liefde van die Here.

As daar mense of sake is waarvoor God my gereeld laat bid, maak ek ‘n lys daarvan op die laaste bladsye van die dagboek of in ‘n spesiale lêer, en verwys dikwels daarna wanneer ek deur die lysie bid soos die Heilige Gees my lei.

Dagboek-hou is ‘n manier om deur die Heilige Gees opgebou, vermaan en vertroos te word. Hy het my die genesende liefde en versekering gegee wat nodig was vir my heelmaking en self-aanvaarding. Veral gedurende die eerste paar maande, het die inskrywings hoofsaaklik gegaan oor my verhouding met Jesus en my verhouding met myself. Ek het nie probeer om in die gawes te opereer voordat ek oortuig was van die werklikheid van my twee-gesprek met God en totdat ek gemaklik was met my vermoë om Sy stem te onderskei nie.

Eers nadat my geestessintuie deur maandelange inoefening verskerp is, het ek dit gewaag om woorde van wysheid en kennis vir ander mense te gee. Deur my studente het ek geleer dat ons nie te haastig moet wees om die gawes te begin beoefen, voordat ons vaardig en selfversekerd is nie. Die foute wat ons maak kan ons tot so ‘n mate kniehalter dat dit vir ons moeilik is om aan te gaan. As gevolg daarvan kan ons die heerlike seën van ‘n liefdesverhouding met Jesus prysgee, en die heelmaking wat Hy vir ons wil gee.

Daar was tye gedurende die eerste paar jaar dat ek wou tou opgooi. Soms kon ek nie deurbreek na Jesus toe nie. Met tye het dit gelyk of die woorde meer uit myself gekom het as van Hom af. En soms het

ek gereageer op iets wat ek geglo het ‘n Woord van Hom af was, net om later teleurgesteld te wees as dit nie die verwagte resultate oplewer nie.

Elkeen van ons bereik sulke plato’s in ons geestelike lewe. Maar juis wanneer ons voel ons wil opgee, moet ons aanhou. Ons moet toegewyd bly en aanhou, selfs al voel ons ons het nie geloof daarvoor nie en dat dit nie die moeite werd nie. Omdat ek aangehou het met my dagboek selfs al was ek nie altyd lus daarvoor nie, is ek nou in staat om vanuit ‘n interne dialoog te lewe. Ek herken die stem van my Herder en ontvang dit in geloof, selfs al skryf ek dit nie altyd neer nie. Natuurlik hou ek nog dagboek, maar dit is nie meer so noodsaaklik soos vroeër toe ek nog in ‘n leerproses was nie.

Ons moet aanvaar dat wanneer ons ‘n nuwe vaardigheid aanleer, ons noodwendig ‘n paar keer sal probeer en misluk voordat ons dit bemeester. Dit is so as ons leer praat, leer fietsry, leer spel, leer om in die openbaar te praat, en eintlik met alles anders in die lewe. Daar bestaan nie soiets dat jy van die begin af perfek en foutloos sal wees nie. Ons moet dit ook besef wanneer ons dagboek hou. Daar sal tye wees wanneer ons struikel en val en maar weer opstaan. En dis reg so! Daar is nie ‘n ander manier om ‘n nuwe vaardigheid aan te leer nie! Hierdie wete neem ‘n bietjie van die druk van jou af wanneer jy jou gesprekke met God neerskryf.

‘n Vrou wat een van ons seminare bygewoon het, het niks ontvang terwyl sy geluister het nie. Sy het na die tyd gesê sy wou niks neerskryf totdat sy nie doodseker was dat dit wat sy ontvang het van die Here af was nie. Ek het haar aangemoedig om te ontspan en te probeer om vry te wees om foute te maak. Sy het dit gedoen en het ervaar dat God inderdaad met haar gepraat het deur haar dagboek. Aanhouer wen!, maar as ons te bang is om aan te hou, sal ons nie wen nie!

‘n Ander vrou weer, was bang om iets neer te skryf, omdat sy nie goed kon spel nie en haar taalgebruik nie perfek was nie. Ek belowe jou – God gee nie om nie! Taalgebruik en spelling is irrelevant in jou dagboek! Dit is nie ‘n toets nie! Moenie toelaat dat iets so onbenullig soos jou taalvermoëns jou weerhou van ‘n betekenisvolle verhouding met Jesus Christus nie! Dus, ontspan; wees gemaklik; glimlag!

Moenie jouself so ernstig opneem nie en begin met die eksperiment. Jy sal verbaas wees oor die stroom binne-in jou. God is daar vir almal om te ontvang, veral vir Sy kinders. Laat ons soos kindertjies word en dit gryp! Ek belowe jy sal nie teleurgesteld wees nie.

Dagboek-hou is ‘n instrument om ons vaardighede te ontwikkel om innerlike ervarings te onderskei. Dit help ons om meer sensitief te raak vir die spontane vloei van gedagtes in ons hart. Sodra jy vaardig is om hierdie vloei te identifiseer en vas te vang, sal jy vind dat ‘n twee-rigtinggesprek met God maklik is, self sonder ‘n dagboek.

Soos wat jy deur die dag met God praat en wandel, begin jy geleidelik om in Hom te bly. Nadat ek geleer het om met God te gesels in ‘n tweegesprek, het Hy my geleer om in Sy teenwoordigheid te lewe selfs sonder dat ek dagboek hou. Nie dat ek opgehou het met dagboek-hou nie, maar ek besef nou dat ervarings met God ver verby die grense van my dagboek strek. Dit kan enige plek gebeur, enige tyd, op baie maniere. Dagboek-hou is maar net een manier, maar dit was die tegniek wat vir my die pad oopgebreek het na ‘n dieper verhouding met die Here.

## Outomatiese Skrif?

Ek sluit hierdie gedeelte af met twee algemene vrae. Die een is, “Wat van outomatiese skrif? Is dit nie demonies en basies dieselfde as dagboek-hou nie?”

Ja, volgens my is outomatiese skrif wel demonies. Dit is egter nie dieselfde as dagboek-hou nie. Dit is satan se valse weergawe van die ware ervaring wat ons in die Skrif sien. Met dagboek-hou word ‘n gedagte in die hart gebore, in die verstand geregistreer en dan met die hand geskryf. Met outomatiese skrif, neem ‘n gees eenvoudig beheer van ‘n slap hand en begin om dit te beweeg. Nie die hart of die verstand is betrokke by hierdie ervaring nie. Die persoon is ook nie op Christus gefokus nie, maar is net oop en passief, beskikbaar vir wieookal en watookal. Daarom is hy ‘n uitsoekkandidaat vir demoniese beïnvloeding.

## Tot wie bid ons?

Ek is al gevra, en ek het God ook al gevra, tot wie moet ons bid? Tot die Vader of tot die Seun? Tegnies gesproke glo ek, bid ons tot die Vader, in die Naam van die Seun, deur die werking van die Heilige Gees. Die totale Drie-eenheid is dus betrokke wanneer ons bid.

Aan die ander kant word ons in Johannes 15 opgeroep om in Christus te bly, in Hom te lewe. Ek glo deel daarvan om in Christus te lewe, is om met Hom te gesels en wanneer ek kyk vir ‘n visioen, dan verskyn Sy Beeld dikwels voor my geestesoog (Kol. 1:15). Ek ervaar dat wanneer ek met outoriteit bid, ek geneig is om die Vader aan te spreek, maar as ek intimiteit en vriendskap in gedagte het, ek gewoonlik met Jesus kommunikeer. In korporatiewe aanbidding, of voor klas, praat ek dikwels met die Heilige Gees en nooi Hom om teenwoordig te wees.

Ek het met die Here hieroor gepraat en Hy het bevestig dat dit reg is om tot Hom, in die Naam van die Seun, en deur die werking van die Heilige Gees te bid. Hy het ook gesê, omdat die Drie Een is, Hy ook my gebed sal ag as ek met Jesus praat. In elk geval praat Jesus slegs die woorde wat die Vader spreek (Joh. 8:28, 38).

As ons kyk na 1 Joh. 1:3 en 2 Kor. 13:13, sien ons dat die Bybel ons leer om met die Vader, die Seun of die Heilige Gees te verkeer: “En ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus”. “Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal!” En dit is waaroor dagboek-hou gaan – om met die Drie-enige God gemeenskap te hê.

Nouja, hoekom begin jy nie om dagboek te hou nie? Neem ‘n potlood en papier en raak stil voor die Here. Praat met Hom oor dit wat op jou hart is. Laat Hy ook met jou praat en skryf neer wat Hy sê. As jy niks hoor nie, vra Hom ‘n spesifieke vraag. Ontspan, en begin om in eenvoudige kinderlike geloof alles neer te skryf wat jy ervaar. Jy sal ontdek dat dit Hy is wat met jou praat.

Habakuk is ‘n voorbeeld van iemand wat al vier sleutels gebruik het om God se stem duidelik te hoor.

1. Hy het ingeskakel by spontane indrukke.
2. Hy het stil geraak voor die Here.
3. Hy het visioene gebruik om te sien.
4. Hy het sy gebed en God se antwoord daarop neergeskryf.

## Habakuk: Kom ons vat alles saam

Kan ek my eerste dagboek-ervaring van 1979 met jou deel? Ek het ‘n probleem gehad met ‘n tienermeisie wat by ons gesin gebly het. Judy (nie haar regte naam nie) het al die huisreëls verbreek en ek het gevoel dat dit tyd is om haar daaroor te konfronteer. Ek het beplan om vir haar te sê, hierdie is die reëls van ons huis en as sy by ons wil bly sal sy daarby moet hou. As sy nie tevrede was daarmee nie, moes sy gaan. Terwyl ek vir haar gewag het om van die skool af te kom, is ek studeerkamer toe om te bid.

Die idee van dagboek-hou was pas aan my bekend gestel, so ek het gedink ek sal dit probeer. Ek het op ‘n melkplaas grootgeword waar daar ‘n paar fonteine was, so ek was gemaklik met die opset van Johannes 4. Ek het gesien hoe ek soos die Samaritaanse vrou saam met Jesus by die put sit, met ons voete wat oor die kant hang. Ek het na Jesus gekyk en dit was so heerlik in Sy teenwoordigheid. Ek kon Hom net sien van die skouers af ondertoe, maar ek was baie bewus van sy liefde en aanvaarding.

Ek het die indruk gekry dat ek oor spesifieke sake moes bid, daarom het ek vir Jesus gevra: “Here, wat van Judy?” Ek het my oë gesluit en stip na die visioen van Jesus gekyk. Terwyl ek gekyk het, het hy beweeg soos wat ‘n mens beweeg as jy praat. Op daardie selfde oomblik het ‘n gedagte by my opgekom: “Onvoorwaardelike liefde!” Dit het goed geklink, so toe maak ek my oë oop en skryf dit neer. Ek het weer my oë toegemaak en na Hom gekyk: “Is daar nog iets wat U vir my wil sê, Here?” Hierdie keer het hy nie beweeg nie, maar weer het ‘n spontane gedagte by my opgekom: “Sy voel onveilig”.

Dit is al wat ek gehoor het, maar ek het weer na Hom gekyk en gedink, "Dis ongelooflik!" Hierdie gedagtes was nie uit myself nie. Ek het my eie idees gehad oor hoe ek Judy sou hanteer: met strengheid en liefde, maar veral strengheid! My dagboek het gesê veral liefde. Ek sê glad nie dat dit altyd die beste manier is om rebelsheid en ongehoorsaamheid te hanteer nie, maar vir daardie spesifieke dogter, op daardie spesifieke tydstip, was dit die regte ding om te doen.

Ek het toe gereageer op die woord wat ek ontvang het. In plaas daarvan om haar tromp-op te loop met veroordeling het ek 'n liefdevolle gesprek met haar gehad. Ek het vir haar vertel van ons liefde en aanvaarding en besorgdheid oor haar. En daar was geen uitbarsting of negatiewe reaksie soos wat dalk die geval sou wees as ek dit op my manier hanteer het nie. Judy het vir nog meer as 'n jaar by ons gebly en gegroei as deel van ons gesin. Wat ek gesien het as rebellie, het Jesus wat dieper kyk, gesien as onsekerheid.

Toe ek die resultate sien nadat ek op my dagboek-inskrywings gereageer het, het ek begin dink dat dit God moes wees wat met my gepraat het en besluit om daarmee te begin eksperimenteer. Elke oggend gedurende my stiltetyd het ek tyd ingeruim om te bid en dagboek te hou. Ek het elke dag sulke wyse woorde ontvang, woorde wat te doen het met motiewe en houdings, nie net met oppervlakkige sake nie, en dit het my oortuig dat ek wel van God hoor.

Gedurende hierdie eerste paar weke het ek dit wat ek in my dagboek aangeteken het met my vrou en mede-ouderlinge gedeel sodat hulle kon kyk of dit van die Here af gekom het. Hulle het almal bevestig dat hulle dink dit was van Hom. Ek glo hierdie bevestiging van iemand anders is absoluut noodsaaklik, veral as ons net begin om op hierdie manier by God te hoor. Ek vra van elkeen wat begin om dagboek te hou, om dit aanvanklik met ten minste twee ander mense te deel op wie se advies en raadgewing jy kan staatmaak. Hierdie mense hoef nie pastore te wees nie, maar jy moet na hulle kan opkyk as geestelike leiers.

As jy jou dagboek-inskrywings aan 'n buite persoon gee vir bevestiging, sal jy gou-gou selfvertroue kry met hierdie nuwe ervaring. Soos wat die tyd aanstap en jy meer ervare raak, hoef jy

net iemand se mening in te roep wanneer dit belangrike besluitnemings raak. Ek sê meer hieroor in die hoofstuk oor geestelike raadgewers.

Onnodig om te sê, was die eerste paar dagboek-inskrywings van die belangrikste mylpale in my geestelike lewe. Dit was ongelooflik! Ek was sowaar in gesprek met die Here onse God! My jare van hunkering was besig om vrugte af te werp! Ek het uiteindelik die stem van God in my binneste gehoor! Saam met my redding en doping in die Heilige Gees, was dit een van die mees betekenisvolle keerpunte in my ganse Christelike bestaan! Ek het in my hart geweet dat dit ‘n totale ommekeer in my Christelike lewe sou veroorsaak. Dis nou baie jare later en as ek terugkyk, kan ek sê dat elke faset van my lewe radikaal beïnvloed is deur my vermoë om met God in gesprek te wees. My lewe word gerig deur die innerlike stem van die Gees van God in my hart. Hy gee my leiding op ‘n daaglikse basis.

## Habakuk se ervaring

Habakuk was ‘n profeet wat nie net by God gehoor het nie, maar ons ook vertel hoe hy dit gedoen het. Ek is ‘n ‘sê-my-hoe’-mens, so dit was vir my wonderlik om dit te lees. Habakuk gebruik elkeen van die elemente wat ons in die laaste vier hoofstukke bespreek het.

In hoofstuk 1 van hierdie kort Bybelboek kla Habakuk by God oor die onregverdigheid wat hy rondom hom sien. In hoofstuk 2 vers 1 tot 3 maak hy gereed vir God se antwoord:

> “*Op my wagtoring wil ek gaan staan en op ‘n*
>
> *skansmuur my stel, en ek wil speur om te sien*
>
> *wat Hy in my sal spreek, en wat ek op my klagte*
>
> *moet antwoord.*

*Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees.*

*Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie."*

Ons het al kortliks na hierdie teksverse gekyk, maar ek wil hulle nou meer breedvoerig bespreek, omdat hulle 'n goeie opsomming is van wat ons tot nou toe gesê het.

In die eerste plek het Habakuk 'n plek gehad waarnatoe hy kon gaan as hy wou stil wees om by God te hoor. Dit is sleutel #1: Gaan na 'n stil plek en raak stil voor God. Ek het geleer om na my studeerkamer te gaan en stil te raak in die teenwoordigheid van die Here. Die beste manier vir my is om rustig op my eie te sit en in die Gees te sing. Dit maak my uiterlik rustig en innerlik raak ek gereed om God te ontmoet. Doen dit wat vir jou die beste werk om stil te word voor die Here. 'n Paar ander idees is om na aanbiddingsmusiek te luister, Bybelstudie te doen, deur die tuin te wandel, of by 'n stroompie te sit, om maar net 'n paar te noem.

Die tweede sleutel, is dat Habakuk gekyk het wat God vir hom wou sê. Wie van julle het agtergekom dat hy dit 'verkeerd' gesê het? Sou dit nie baie meer sin gemaak het om te sê: "Ek het geluister om te hoor" nie? Habakuk se insig het vir my 'n hele nuwe dimensie oopgemaak om in die geestesdimensie te sien. Ek het geleer om met die oë van my hart te kyk wanneer ek bid dat God my iets in die gees moet wys. Ek het my verbeelding gebruik en gesien hoedat Jesus met my in gesprek is in 'n ontspanne atmosfeer. Soms het ek net gekyk om iets te sien, en dadelik was die openbaring van die

Gees daar. Dit maak nie saak wie die visioen inisieer nie, net soos wat dit nie saak maak wie my gebed of my aanbidding inisieer nie. Wat belangrik is, is dat ek in kontak is met die Gees wat deel is van my gees en Hom volg waar Hy my lei.

Die gebruik van visioene het ‘n paar groot invloede op my hart en verstand. Eerstens versterk dit my geloof, wat my oopstel vir die innerlike vloei. Tweedens hou dit my gedagtes besig en uit die pad. My verstand staan maklik in die pad wanneer ek bid en trek my aandag af. Dis beter dat ek dit fasiliteer deur dit vir my te laat werk, eerder as dat ek toelaat dat dit my gebed verhinder.

Die derde sleutel wat Habakuk ons gee, is dat hy ingestel was by die stem van God. Hy het geweet hoe God se stem klink: “Toe antwoord die Here my en sê ... “. Dit is duidelik dat Habakuk God se stem in sy hart kon hoor, wat soos ons gesien het, gewoonlik klink soos ‘n stroom spontane gedagtes. Daarom, as ek God se stem wil hoor, skakel ek in by spontaneïteit. Die Here begin met my praat deur Sy Gees (1 Kor. 2:9, 10) wat een is met my gees. Sy woorde word in my gedagtes geregistreer as ondeurdagte, spontane gedagtes en indrukke. Ek kan sy gedagtes onderskei van my eie, analitiese denke en so kan ons in gesprek wees.

Die vierde en laaste sleutel wat ons by Habakuk sien, is die neerskryf van sy tweegesprek met God: “Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees.” Soos wat ons in die laaste hoofstuk gesien het, is die aanteken van visioene ‘n belangrike tema dwarsdeur die Skrif. Daar is honderde hoofstukke wat dit demonstreer en God gee oor en oor dieselfde opdrag. Daarom het ek begin om die gesprekke tussen my en God neer te skryf. Wanneer ek aantekeninge maak hou dit my verstand besig en betekenisvol en gee dit vir my ‘n rekord waarna ek kan terugverwys. Dit herinner my aan God se woorde wat later my geloof en gehoorsaamheid kan versterk.

Op hierdie manier het die Here my gewys dat die proses waarmee ek soggens in my stiltetyd besig was, eg Bybels was en duidelik geillustreer word in die gebedslewe van Habakuk die profeet. Hierbenewens gebruik Johannes presies dieselfde proses in

Openbaring 1:10 en 11. Habakuk en Johannes maak gebruik van die volgende vier beginsels om met God te gesels:

1. Word stil;
2. Luister vir spontane gedagtes en *rhema*-woorde;
3. Maak gebruik van visioene;
4. Skryf neer wat jy ontvang.

Hierdie vier elemente was ook vir my noodsaaklik in my gesprekke met God. Net een, of twee, of selfs drie hiervan is nie voldoende nie. Ek moedig elkeen aan wat in hierdie dimensie van geestelike ervaringe wil inbeweeg om vir 'n tyd lank *te eksperimenteer met hierdie vier elemente.* As 'n pakket van vier elemente werk hulle baie goed saam – so goed dat ek jou kan verseker dat dit ook vir jou gaan werk!

## Nuttige Wenke

Laat ek vir jou nog 'n paar gedagtes gee wat jou mag help wanneer jy begin dagboek hou. Wanneer ek begin bid met die doel om by God te hoor, kyk en luister ek nie na die dinge buite myself nie – ek kyk binne-toe in my gees. Ek verwag nie om God buite my te hoor praat, uit die hemel nie, maar eerder vanuit my binneste, uit my hart.

As ek 'n bietjie asem skep wanneer ek skryf, of wag vir 'n nuwe gedagte of 'n nuwe woord, kan my verstand baie gou in rat kom om die ruimte te vul met sy eie voorafdeurdagte, kognitiewe idees. As ek dit toelaat, sal dit die Gees voorspring en die uiteinde is onsuiwer openbaring. Eerder as om dit toe te laat, fokus ek op 'n prentjie van Jesus. As ek dit doen en dan vir 'n oomblik stil wag, ontvang ek gou 'n woord of 'n gedagte.

Wanneer jy klaar is met 'n inskrywing, mag jy agterkom dat die spontane gedagtes in jou dagboek ooreenstem met die gedagtes wat jy gehad het voordat jy begin het. Ek verwerp nie daarom my inskrywings summier, asof dit my eie gedagtes is nie. Ek besef eerder, as gevolg van die gemaklike kommunikasie tussen my en die

Heilige Gees en die feit dat ons verbind is, het ek alreeds Sy gedagtes ervaar voordat ek doelbewus begin luister het. (Met die veronderstelling, natuurlik, dat die inskrywings voldoen aan die vereistes wat ek vroeër in die boek gegee het.)

Soms word God se woord nie vervul soos ek verwag nie. As dit gebeur, dan kan ek Hom vra waarom nie, en Hy antwoord my. Die twee mees algemene redes is gewoonlik dat ek Hom verkeerd verstaan het of dat die vrye wil van ‘n ander persoon betrokke was in die situasie.

## Moenie vir Datums vra nie!

Nog iets wat vir my duidelik geword het, is dat ek moes ophou om vir God te vra wanneer iets sou gebeur. Die datums wat ek altyd gedink het ek ontvang het in die verlede, was verkeerd en ek dink hulle het meer uit myself gekom as van God af. Ek het dit probeer verstaan, en het tot die volgende gevolgtrekkings gekom. Eerstens, die begeerte om spesifieke inligting te wete te kom soos datums, kan verband hou met die menslike neiging om in heksery (‘withcraft’) betrokke te raak. Dit is ‘n begeerte vir kennis wat nie beskikbaar is deur die gewone menslike sintuie nie. Dit kan ‘n hunkering wees na mag of beheer. God is baie meer besorgd oor die opbou van ons geloof in Hom, en Sy reaksie op spesifieke vrae oor die toekoms sal gewoonlik iets wees soos, ‘Vertrou My’.

Aan die ander kant sê die Skrif dat die Here niks doen sonder om dit aan Sy profete te openbaar nie (Amos 3:7), so daar is mense aan wie die Here baie akkurate inligting oor die toekoms sal openbaar. Meesal is dit mense wat in die *amp* van profeet in die kerk funksioneer - individue wat ‘n spesiale gawe het as sieners. Al kan ons almal profeteer (1 Kor. 14:31), staan ons nie almal in die amp van profeet nie, daarom is ons almal se vermoëns en vaardighede nie dieselfde nie.

Dagboek-hou is besig om baie populêr te word, veral in die sekulêre wêreld. Dit is baie effektief om dit wat in jou is te laat uitkom. Omdat dit so algemeen is, weerstaan sommige mense dit en verwerp hulle

die waarde daarvan vir die gelowige. Juis omdat ons weet dat dit ‘n manier is om ons innerlike mens te openbaar, is dit baie belangrik vir die Christen omdat ons weet dat Jesus Christus in ons woon! Deur dagboek-hou kan ons op ‘n nuwe manier met Hom gesels en toelaat dat Sy karakter en Gees ons lewens vorm. Wat ‘n opwindende geleentheid!

## Dis harde werk!

Toe iemand vir Oral Roberts, die bekende Amerikaanse genesings-evangelis gevra het wat nodig is om God se stem te leer ken, het hy geantwoord, “ ‘n begeerte wat sterk genoeg is sodat jy hard daaraan sal werk”. Met ander woorde, jy moet ‘n ernstige begeerte hê om God se stem te hoor. As dit vir jou om ‘t ewe is, as die begeerte nie in jou hart brand nie, is daar genoeg blokkasies wat kan keer dat jy deur die stilte breek. Dinge sal byvoorbeeld uit ons binneste uit na die oppervlak kom, wat ons nie eers van bewus was nie. As ons nie bereid is om daarmee te deel nie, sal ons ‘n doodloopstraat bereik. Ons moet met alles wat in ons is gemeenskap kies bo die wet, verhouding in plaas van reëls, die bonatuurlike bo die natuurlike.

Die innerlike wêreld is kompleks en dit vat tyd en inspanning om dit te leer ken. Die meeste van ons het ten minste twaalf jaar op skool deurgebring om te leer om suksesvol in die fisiese wêreld te funksioneer. Is ons gewillig om een of twee jaar opsy te sit om deur die Heilige Gees opgelei te word? Die Here het my geroep om een jaar van my lewe af te staan om Sy stem te leer ken. Dit was al wat ek wou bereik in my geestelike lewe gedurende daardie jaar. Ek het net een doel voor oë gehad. En aan die einde van daardie jaar het die Here my die opdrag gegee om die volgende jaar af te staan om te leer om in Sy teenwoordigheid te verkeer. Omdat ek die stem van die Heilige Gees geken het, kon ek leer om by Hom ingestel te bly en Sy intuïtiewe leiding te volg terwyl ek tussen mense gelewe het.

Net soos wat ‘n mens struikel, val en weer opstaan as jy fisies leer loop, is dit met die geestelike lewenswandel. Toe my kinders leer loop het, het die deursettingsvermoë waarmee hulle probeer het my verbaas. Maak nie saak hoe dikwels hulle geval of seergekry het nie,

hulle het nie opgegee nie. Loop is beter as kruip en hulle het nie ophou probeer voordat hulle dit reggekry het nie. Ons sal ook dieselfde oortuiging moet hê dat verhouding baie beter is as die wet, as ons van plan is om op te staan wanneer ons ‘n fout maak.

## Bevestigende getuienisse

Terwyl ek die sleutel gesoek het wat my sou leer om God se stem te onderskei, het ek baie boeke oor die onderwerp gelees. Op daardie stadium kon ek nie die leidrade wat hulle gegee het verstaan nie. Maar nadat ek begin het om met God in ‘n tweegesprek te wees, het ek teruggegaan na daardie boeke en herhaaldelik bevestiging vir my eie ervaring gekry. Dit was vir my baie belangrik, omdat ek nie iets wou verkondig wat nie bevestig kon word deur gerespekteerde kerkleiers nie. Daar is drie punte wat deur baie bronne bevestig is:

- God se stem kom dikwels as ‘n spontane gedagte of indruk;
- God wys vir ons prentjies deur ons innerlike oë;
- Dit is dikwels baie belangrik om hierdie dinge neer te skryf.

Hier is ‘n paar gedagtes hieroor uit die uitstekende boek van Douglas Wead, *Hear His Voice*: “’n Gedagte het by my opgekom ... “ “In my gees het ek ‘n meisie by ‘n tafel sien sit ... “ “Ek het my gedagtes neergeskryf.”

In ‘n artikel in *Charisma* in Oktober 1981, is die vraag aan Larry Tomczak gevra, hoe spontane openbaring gewoonlik plaasvind. Hy het geantwoord, “1) Prentjies. God het dikwels met profete gepraat deur prentjies of visioene. Hy kan selfs ‘n prentjie in jou gedagtes *plant*... 2) Bybeltekse. God praat deur spesifieke Bybeltekse wat by jou opkom. Hy mag ‘n gedeelte van ‘n vers op jou hart *druk*, of selfs ‘n teksverwysing. 3) ‘n Woord. God gee vir jou ‘n spesifieke woord of stuk advies wat nie die gevolg is van ‘n spesifieke gedagtegang nie. Dit is eerder *spontaan* en *val in jou gees*. Die gedagtes wat op die manier van die Here af kom is gewoonlik *ondeurdag* en spontaan van aard en is meer soos ‘n *opflikkering*, sonder ‘n logiese opeenvolging;

hierteenoor, wanneer ons bewustelik dink, of selfs dagdroom, volg ons gedagtes gewoonlik op mekaar" (beklemtoning myne).

John Patrick Grace haal 'n hele paar gerespekteerde Christenleiers aan in sy boek *Hearing His Voice* (Ava Maria Drukkery, 1979). Oral Roberts sê, soms kom God se stem as 'n "innerlike hoorbare stem." Soms kom dit in stilte as "woorde wat op my gees gedruk word." En soms is dit bloot "diep indrukke". Dr. Roberts het verskeie visioene van die Here ontvang en het die woorde neergeskryf as God vir hom gesê het om dit te doen.

Frances MacNutt sê, "Die manier waarop ek leiding ontvang ... is intuïtief. 'n Vaste wete. Instink." Ben Kinchlow van die Christelike Uitsaainetwerk sê, "Wanneer God met my deur die Gees praat, sit Hy sy stem om in denkkonsepte wat ek met my verstand kan inneem. Daarom, wanneer ek sê, 'Ek het die Here gehoor' of 'Die Here het vir my gesê', bedoel ek Hy het met my gepraat deur 'n gevoel in my gees wat omgesit is in 'n gedagte in my verstand'. En die gedagte bring gewoonlik 'n opwelling in my gees. Dit is iets wat jou tref as 'reg'."

Volgens Glen Clark, grondlegger van "Camps farthest out", is die verlore kuns van Jesus Sy gebruik van verbeelding. Hy skryf in ***The Soul's Sincere Desire***, "Jesus het na die werklikheid gekyk deur die lens van goddelike verbeelding". Verbeelding is die vermoë wat ons almal het om harmonie, eenheid en skoonheid in dinge te sien, waar die onverbeeldingrykes slegs tweespalt, skeiding en lelikheid sien. Die verbeelding van die mens is die venster of die deur wat die goddelike lewenstroom in ons lewens inlaat wanneer dit oopgemaak word.

Sulke woorde deur gerespekteerde Godsmanne wat bekend is daarvoor dat hulle God se stem kan hoor, moedig my aan om aan te hou om spontane gedagtes, visioene en die neerskryf daarvan as middele te gebruik om gemeenskap met God te ervaar.
Ek wil jou uitdaag om hierdie vier elemente in jou gebede te gebruik: word stil; skakel in by spontaneïteit; kyk vir visioene; skryf neer wat jy sien. Probeer dit ten minste twee keer per week, as 'n eksperiment, vir die volgende drie maande. Doen dit in geloof, en gee God die kans om met jou te praat in die eerste persoon. Sit jou twyfel bietjie

eenkant vir hierdie drie maande en gaan dan terug en kyk na die resultate.  Ek weet as jy dit doen sal jy besef dat jy inderdaad met die Heilige Gees kontak maak en in tweegesprek is met die Here.

Sal jy Hom ‘n kans gee om jou Vriend te wees?

# 6

# Bybelse Riglyne om nader te beweeg aan God

Die hulpmiddels van stilword, inskakeling by spontaneïteit, God se visioene en die neerskryf van my tweegesprek met God het 'n groot vryheid gebring in my verhouding met die Here. So kon ek byna voortdurend met Hom in gesprek wees. Tog was daar sekere tye wat ek nie kon deurbreek na die Here nie. Ek kon net nie geestelik met Hom kontak maak nie. Ek was verward en kon dit nie verstaan nie. Ek het geweet ek moes inskakel by Sy stem, maar ek het nie geweet hoe nie! Nadat ek lank hiermee gesukkel het, het die Here my herinner aan die riglyne wat Hy gee vir diegene wat in Sy onmiddellike teenwoordigheid wil inbeweeg. Hierdie benadering word vir ons voorgestel deur die Tabernakel van Moses.

Die Tabernakel is 'n baie belangrike onderwerp in die Bybel. Daar is meer as vyftig hoofstukke wat net daaroor handel. Dit is meer as al die hoofstukke in Mattheüs en Markus saam! Dit sê vir my dat dit ook vir God baie belangrik is. Dit was nodig vir die Jode as die simbool

van God se teenwoordigheid en van Sy plan vir Israel om Hom te benader. Dit is vir ons ook belangrik as ‘n voorbeeld, as ‘n skaduwee en ‘n patroon van die hemelse dinge, soos wat Hebreërs 8:5 aandui. Die Tabernakel gee ook vir ons die voorbereidings wat ons moet tref voordat ons in God se teenwoordigheid inbeweeg. Toe ek dit begin bestudeer het ek die leidraad gekry waarvoor ek so lank al gesoek het.


Die drie dele van die Tabernakel kom ooreen met die drie-ledige natuur van die mens. Die Buitenste Hof stel die liggaam voor, die Heilige Deel die siel, en die Allerheiligste die gees van die mens. In die Tabernakel was daar ses meubelstukke, wat elkeen ‘n aspek behels van my toenadering tot God.

## Die Buitenste Hof

Die Buitenste Hof was ‘n groot oop area rondom die tent wat die Heilige en die Allerheiligste bevat het. Die natuurlike lig van die son en die maan het daar geskyn. Hierdie Buitenste Hof stem ooreen met die liggaam van die mens waardeur ons kennis opdoen deur middel van ons vyf sintuie.

In die Buitenste Hof was daar twee meubelstukke: die brandofferaltaar en die koper waskom. Die brandofferaltaar het reg voor die hek gestaan. Dit was hier waar lammertjies geoffer is as gevolg van die sondes van die mense. Niemand kon verby hierdie altaar kom sonder om die gepaste offer te bring nie. Dit was noodsaaklik wanneer jy in die teenwoordigheid van God wou inbeweeg.

Die brandofferaltaar verteenwoordig die kruis net buitekant die deur van verlossing. Dit is die teken van ons aanvanklike oorgawe aan Jesus Christus, wanneer ons Hom Here van ons lewens maak, sowel as die offer van onsself elke dag as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer (Rom. 12;1, 2). Net soos wat Hy Homself vir ons geoffer het, moet ons onsself vir Hom offer. Paulus sê, “Ek is saam met Christus gekruisig” (Gal. 2:20).



## Die Brandofferaltaar

Ons is dikwels ‘n bietijie sku vir die brandofferaltaar. Ons wil dit ten alle koste vermy, want dit brand! Dit beteken die afsterwe van ons vlees. Dit beteken dat ons ons eie wil neerlê en net Sy wil soek. Dit moet ‘n daaglikse ervaring wees. Ons kan dit nie oorslaan nie. As ons na ons dagboek toe kom sonder dat ons ons wil neerlê, sal die enigste stem wat ons hoor, ons eie gedagtes wees. Ons sal net ons eie hart hoor sê wat hy wil. Miskien kyk ons dan na ons dagboek en sê: ‘Kyk, God sê ek kan drie BMW’s kry! Maar dit sal net ons eie stem wees, nie God s’n nie. Ons moet die heerskappy van Jesus Christus erken in ons lewens as ons ware gemeenskap met Hom wil geniet.

Die tweede meubelstuk in die Buitenste Hof was die koper waskom. Dit was ‘n ronde bak waarin die priesters hulself gewas het nadat hulle die lammers geslag het. Dit het twee vlakke gehad sodat hulle hul hande en voete kon was. Die materiaal wat hulle gebruik het, was die blinkgepoleerde koper wat die vroue vir spieëls gebruik het.



## Die Koper Waskom

Die waskom verteenwoordig die Woord van God. In Efesiërs praat Paulus van ons wat gewas word met die water van die Woord. Die *logos* het 'n reinigende effek op ons lewens. Besoedeling van die vlees word weggewas wanneer ons die duidelike opdragte van die Skrif gehoorsaam. Ons het nie 'n spesiale openbaring nodig om God se opdragte te verstaan en te gehoorsaam nie. Ons hoef nie eers te bid om die betekenis van 'Jy mag nie doodslaan nie' te verstaan nie. In die Buitenste hof praat God deur ons natuurlike sintuie. Ons kan die opdragte van Christus maklik met ons verstand begryp en soos wat ons dit gehoorsaam word ons lewens gereinig en word ons meer soos ons Meester.


Jakobus vergelyk diegene wat die Woord hoor maar dit nie gehoorsaam nie, met iemand wat na homself in 'n spieël kyk en gou vergeet hoe hy lyk. Dit is hoekom dit so betekenisvol is dat die waskom gemaak was van die spieëls wat die vroue gegee het – dit verteenwoordig vir ons die Woord wat die onreinheid in ons openbaar. Net soos wat 'n spieël slegs waarde het as ons reageer op dit wat ons sien, net so moet ons reageer op die Woord van God vir die Woord om effektief te wees in ons lewens.

## Die Heilige Plek

Binne die grense van die Buitenste Hof was ‘n pragtige geweefde tent wat die Heilige en die Allerheiligste bevat het. Die Heilige Plek versinnebeeld ons siel. Die mure was van lae van verskillende diktes gemaak. Die binneste laag was van fyn gevlegde linne in blou, pers en rooi met prentjies van gerubs daarin verweef. Dit was bedek met ‘n gordyn van bokhaar. Bo-oor was ‘n bedekking van rooi-gekleurde rams- en robvelle. Hierbinne was geen natuurlike lig nie. In die Heilige plek was daar drie meubelstukke: die tafel met die toonbrode, die sewe-voudige koperkandelaar en die wierookaltaar. Die tafel met die toonbrode was aan die regterkant waar ‘n mens inkom in die Heilige Plek. Hierdie tafel was net dertig sentimeter hoog en heeltemal met goud oortrek. Twaalf klein koekies ongesuurde brood en gereedskap uit egte goud was op die tafel. Die broodjies is vir een week lank op die tafel gelos. Daarna het Aåron en sy seuns dit geëet.


Net soos wat die meel fyn gemaal was om die ongesuurde brood van te maak, netso moet ons wil fyngemaal word soos wat ons onsself heeltemal oorgee aan die Here. As ons saam eet soos die priesters, verteenwoordig dit die gemeenskap en samesyn van die gelowiges in die liggaam van Christus. “Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander” (Spr. 27:17). Ons Christelike verhoudings skaaf ons wil. Self en eiewil maak plek vir die gee-en-neem van ‘n liefdesverbintenis tussen broers.

Jesus wil hê ons moet ons eie wil aflê en ons harte oorgee aan Sy heerskappy. Eers wanneer ons die ‘reg’ tot eiegeregtigheid afgelê het, en dit ons opregte begeerte is om slegs Sy wil te doen, kan ons Sy stem met ‘n rein hart hoor.



## Tafel met Toonbrode

Die swierig ontwerpte sewe-voudige kandelaar het direk teenoor die tafel met toonbrode gestaan aan die linkerkant van die Heilige Plek. Dit was gemaak van geslane goud en die vlamme was aangevuur deur olie.  Hierdie kandelaar het die enigste lig verskaf vir die Heilige plek.



## Die Goue Kandelaar


Die kandelaar verteenwoordig ons verstand wat deur die Heilige Gees verlig word wanneer ons die Skrif bestudeer. Die geslane goud is ‘n beeld van die ontwikkeling van ons verstand. Soos wat die goud gevorm en geformeer is in die regte ontwerp, net so word ons denkpatrone gevorm deur die verligting van die Heilige Gees: Hy kan deur ons gedagtes praat, hulle verander en vervolmaak.

Die boek Lukas is so geskryf. Lukas sê: “Aangesien baie onderneem het om ‘n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, ... het ek ook dit goedgedink ... nadat ek van vooraf alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is” (Luk. 1:1-4). Met ander woorde, Lukas het alles wat hy oor Jesus kon kry versigtig bestudeer, geanaliseer en georganiseer deur die verligting van die Heilige Gees en sy bevindinge neergeskryf.

Dit is hoe ek gewoonlik my preke voorberei. Nadat ek versigtig elke teksvers oor die onderwerp nagegaan het, organiseer ek die inhoud volgens ‘n raamwerk. Die hele ondersoek, ontleding en redenering word gedoen in afhanklikheid van die Heilige Gees. Hy blaas Sy wysheid en kennis in my gees in.

Byna elke Christen het al die verligting van die Skrif ervaar. Terwyl jy die Bybel bestudeer word die betekenis en toepassing van ‘n vers skielik net vir jou glashelder. Op dieselfde manier kan ons op die asem van die Heilige Gees staatmaak in al ons denkprosesse. Hy kan ons redenasies rig en ons help om goddelike, slim gevolg-trekkings te maak. Wanneer ons ons verstand aan Jesus Christus oorgee, verlig die olie van die Heilige Gees elke gedagte. Ek het geleer om ‘n invloei van intuïsie en spontaneïteit in my denkprosesse toe te laat sodat my hart en verstand saamwerk, net soos die sewe-voudige kandelaar.

Die laaste meubelstuk in die Heilige Plek was die wierookaltaar, wat reg voor die deur van die Allerheiligste Plek gestaan het. Die dimensies van die altaar was ewewydig en dit was met suiwer goud oorgetrek. Wierook is twee maal per dag op hierdie altaar gebrand, sodat die geurige wierook voortdurend voor die neus van God opgegaan het.



## Die Wierookaltaar

Die drie dele van die siel is die verstand, wil en emosies. Die tafel met toonbrode spreek van Jesus se Heerskappy oor ons wil. Die kandelaar verteenwoordig Sy heerskappy oor ons verstand. En die wierookaltaar staan vir die heerskappy van Jesus oor ons emosies.

Die altaar wat vierkantig is, spreek van ‘n perfek gebalanseerde emosionele lewe. So ‘n emosionele balans is moeilik te midde van al die storms van die lewe. Ons val dikwels rond tussen optimisme en pessimisme, geloof en vrees, blydskap en wanhoop. Daar is eintlik net een manier waarop ons emosies in balans gebring kan word en bly. Die antwoord is Jesus en ons kom na Hom met lofprysing, aanbidding en danksegging.

Paulus leer ons om in alles dankbaar te wees. In elke situasie is God ons lof waardig. Deur ons voortdurende lofoffers bring ons ons emosies onder beheer van die Heilige Gees. Net Hy kan ons gebalanseerd hou.

Die psalmdigter moedig ons aan om Sy poorte met lof in te gaan, Sy voorhowe met lofgesang (Ps. 100:4). Lofprysing, aanbidding en danksegging is noodsaaklike aspekte van ons toenadering tot God. Die horings van die altaar, wat die hoogste punte in die Heilige Plek

was, was dieselfde hoogte as die hoogte van die meubels in die Allerheiligste deel. Aanbidding lig ons op en bring ons tot in die Allerheiligste, wat die mens se gees verteenwoordig. Lofprysing en aanbidding is die beste manier om ons harte stil te maak en Christus in ons aan te raak.

## Die Allerheiligste Plek

'n Pragtige gordyn het die Heilige deel van Allerheiligste geskei. Die Verbondsark was die enigste meubelstuk in hierdie binneste deel. Daar was geen voorsiening vir lig in die Allerheiligste nie. Net soos ons gees, was dit heeltemal donker tensy die heerlike lig van God se teenwoordigheid daarop geval het.

Die Allerheiligste verteenwoordig ons gees, waar ons direkte gemeenskap met die Here kan hê. In die Ou Verbond was net die hoëpriester toegelaat om deur die gordyn te gaan, en dan net een keer per jaar op die Groot Versoendag. Toe Jesus aan die kruis gesterwe het, is die voorhangsel wat ons van God se direkte teenwoordigheid geskei het, van bo na onder geskeur, wat dit moontlik gemaak het vir elkeen van ons om van aangesig tot aangesig met die Almagtige God te verkeer.

Die Verbondsark is 'n kis wat van akasiahout gemaak en met suiwer goud oorgetrek was. Binne-in die Ark was die kliptafels waarop die Tien Gebooie geskrywe was, Aåron se staf wat gebot het, en 'n goue kruik met manna (Heb. 9:4). Die deksel van die Verbondsark was die versoendeksel genoem. Bo-oor die deksel was daar twee gérubs van suiwer goud teenoor mekaar met hul vlerke na bo gedraai om die versoendeksel te bedek. Moses en Aåron het voor die ark gekniel en God het met hulle gepraat vanaf die versoendeksel tussen die gérubs. Die Ark was dus 'n prentjie van God se teenwoordigheid vir die priesters wanneer hulle gekom het om God te ontmoet.


Die manna in die Ark het hulle herinner aan God se bonatuurlike voorsiening. Wanneer ons in die teenwoordigheid van God wag en direkte openbaring van Hom af kry in ons gees, word ons versterk deur bonatuurlike lewe en krag diep in ons binneste sodat ons die

aanslae van die lewe kan oorwin. Sy goddelike lewe vloei in en deur ons om die seer van die wêreld te help dra.

Aåron se staf wat gebloei het was ‘n goddelike bevestiging van sy God-gegewe outoriteit. God se woord gee vir ons outoriteit. As ons Hom van aangesig tot aangesig ontmoet soos Moses, as ons Sy Gees met ons gees hoor praat en uitspreek wat ons by Hom hoor, dra ons woorde goddelike outoriteit.

Die Tien Gebooie verteenwoordig die Wet van God, die standaard vir heiligheid wat nodig is om Hom te ontmoet. As ons tot God gaan, kry ons te doen met volmaakte heiligheid. Maar onthou wat is bokant die wet: die versoendeksel. Jesus Christus het versoening gedoen vir ons sondes. Deur Sy bloed is ons gewas en gereinig sodat ons met die Heilige God kan ontmoet. Ons kan met selfvertroue voor die troon van genade verskyn.

Die boek Openbaring is geskrywe vanuit ‘n Allerheilige ervaring. Terwyl hy in die Gees was, het Johannes direkte geestelike openbaringe ontvang as visioene wat hy dan aangeteken het.



## Die Verbondsark

Ons sien dat God met ons natuurlike mens kan praat deur duidelike opdragte in die Skrif. Wanneer ons ons verstand oorgee aan Hom,

kan die Heilige Gees ons gedagtes verlig met bonatuurlike wysheid en insig en kan ons direkte openbaringskennis van die Gees in ons gees ontvang. Albei hierdie ervaringe is baie waardevol. Ons stoot nie die Bybel eenkant toe omdat God van Gees tot gees met ons praat nie. Ons liefde vir die Woord groei eerder as ons meer tyd met die Here spandeer en ons wil nog meer van onse Vader af weet en Sy openbarings toets.

Die feit dat ons geestelike openbarings ontvang maak ons nie beter as ander nie. Trouens alle soorte openbaringe is tot beskikking van alle gelowiges. Wanneer die Heilige Gees tot ons harte spreek, sê dit niks van ons geestelikheid nie, maar dit sê iets van Sy liefde en genade.

Ek volg ook nie elke keer die patroon van die Tabernakel as ek bid nie. Ek probeer altyd my lewe in lyn kry met die vereistes wat voorgestel word deur elke meubelstuk. Maar in tye wanneer ek nie maklik God se stem hoor nie, wanneer dit voel of ek net tot teen die dak bid, dan kom ek na die Tabernakel om uit te vind wat die rede daarvoor is. Ek doen dit deur te visualiseer hoedat ek voor elke meubelstuk staan en dan vra ek vir God om met my te praat. Gewoonlik weet ek wat die rede is vir die afsny van kommunikasie teen die tyd dat ek by die Allerheiligste uitkom. Deur hierdie wonderlike hulpmiddel kan ek weer inskakel by God se stem en hoor wat Hy vir my wil sê.

Die Tabernakel is ‘n manier om die toestand van ons hart te sien. Ons gebruik dit om by ons doel uit te kom, naamlik om daagliks van oomblik tot oomblik gemeenskap te hê met onse Here Jesus Christus.

Ek wil jou aanmoedig om die volgende dagboek-oefening te doen met die afsluiting van hierdie hoofstuk. Deur dit te visualiseer, sien hoe jy voor elke meubelstuk staan in die Tabernakel en vra vir God om met jou te praat rakende die ervaring daarvan op hierdie tydstip in jou lewe. Skryf neer wat Hy sê.

1. *Altaar* - is ek ‘n lewende offer?

2. *Koper waskom* – het ek myself gereinig deur die toepassing van die Woord?
3. *Toonbrode* – is my wil fyngemaal voor God? Wandel ek in liefde en gemeenskap met die liggaam van Christus?
4. *Die goue kandelaar* – is God besig om my verstand te verlig en openbarings te gee wanneer ek die Woord bestudeer?
5. *Wierookaltaar* – is ek voortdurend in lof en aanbidding voor God?
6. *Ark* – staan ek in stilte voor Hom in Sy onmiddellike teenwoordigheid terwyl ek Sy Woord in my hart ontvang?

Maak seker dat jy stil word in God se teenwoordigheid voordat jy begin skrywe, sodat dit Sy gedagtes is en nie jou eie nie. Jy sal maklik die verskil agterkom. Jou gedagtes sal baie prekerig wees. Syne sal saggies en liefdevol wees. Laat Sy woorde in die eerste persoon met jou praat. Sien duidelik hoe jy voor elke meubelstuk kniel en hoe Jesus met jou praat. Skryf die spontane vloei van woorde wat in jou opborrel neer. Deel dit met een of twee vriende vir bevestiging en aanmoediging. Vra vir hulle of hulle dink dit kom van God af.

## Deur die Nuwe en Lewende Weg

Die ontdekking van die rol wat die Tabernakel-ervaring in my gebedslewe gespeel het, het my in staat gestel om God baie meer aaneenlopend te hoor. Daardeur kon ek agterkom hoekom ek soms sukkel om deur te breek en met God te gesels.

Daar was tye dat ek myself voor elke meubelstuk gestel het, vir Jesus gevra het om vir my te wys waar ek nie gelewe het volgens die beginsel wat dit voorgestel het nie en direk in die Allerheiligste inbeweeg het sonder dat ek gevoel het ek word aangespreek. Tog kon ek steeds nie met God in ‘n tweegesprek inbeweeg nie. Soos wat ek Hebreërs 19-22 bedink het, het ek gesien hoe God nog verder

voorsiening gemaak het om by Sy stem in te skakel. Vandat ek hierdie teksverse ontdek het en dit begin toepas het in my gebedslewe was daar nie een enkele dag waarop ek nie gees-tot-Gees kontak met God kon hê nie.

## Hebreërs 10:19-22

“Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons ‘n groot Hoëpriester oor die huis van God het, laat ons toetree met ‘n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van ‘n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.”

Dit is duidelik uit die verwysing na ‘deur die voorhangsel heen’, dat die skrywer hiermee verwys na die Allerheiligste waar ons inbeweeg. Hierdie gordyn het in die tent gehang en die Heilige van die Allerheiligste geskei. Die Griekse teks sluit nie die woord ‘plek’ in nie. Die oorspronklike sê slegs: “heiligdom”. Die Hebreërskrywer vertel van die nuwe en ewige weg wat Jesus vir ons bewerk het om in direkte kommunikasie en verhouding met ons Vader te lewe.

## Volle geloofsversekering

Die eerste gedeelte wat die Here vir my uitgewys het, is *“laat ons toetree ... in volle geloofsversekerdheid”.* Ongeloof is die hoofrede waarom ek God nie hoor nie. Soms is dit moeilik om selfs te glo dat God by my is en genoeg omgee vir hierdie onbelangrike enetjie om tyd met my te wil spandeer. Of ek glo nie regtig dat dit Hy is wat in my dagboek met my praat nie. Elke keer as ek in ongeloof na Hom kom, ontvang ek niks. “Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek” (Heb. 11:6). Ek moet glo dat die Here my liefhet en met my wil gesels, selfs nog meer as wat ek dit begeer.

Die oplossing is om dinge te doen wat jou geloof bou. Jy moet dit kies wat die beste vir jou werk. Om in die Gees te sing en te aanbid bou my geloof die meeste van die tyd en bring my op die plek waar ek God kan ervaar. Ek bring met my hele wese ‘n lofoffer totdat ek weer heeltemal oortuig is van Sy goedheid en genade.

My geloof word versterk wanneer ek visioene gebruik en met die oë van my hart kyk om in die gees Jesus by my te sien. Die Bybel sê baie duidelik dat Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees met elke gelowige is. Dan lees ek ‘n paar Bybelbeloftes, veral die wat vertel van God se liefde en Sy begeerte om met die mens te verkeer.

My geloof word ook gebou as ek teruggaan na my dagboek en weer lees wat die Here voorheen gesê het. Veral wanneer jy pas jou dagboek begin, kan dit jou geloof geweldig versterk as jy jou dagboekinskrywings deel met iemand vir wie jy respek het geestelik en vir hom vra of hy dink dit wat jy ontvang het is van die Here of nie. Dit is makliker vir iemand wat buite die situasie staan om te beoordeel of dit van die Here is of nie. As jy ‘n toegewyde, Woordvervulde gelowige is, sal jy amper altyd vind dat die persoon bevestig dat dit wat jy ontvang het van die Here is. Dit sal jou nog verder inspireer.

Laastens, neem ek soms net ‘n geloofsprong en vertrou Hom wat getrou is ten volle. Ek neem ‘n besluit om alles wat God sê te glo met alles wat in my is. Ek stort my hele hart voor Hom uit. Dan begin ek alles neerskryf wat ek ontvang, al is dit net een of twee woorde. Ek herinner myself dat ek alles in geloof kan aanvaar, omdat ek dit later sal toets aan die Woord. En God is altyd daar – om met my te ontmoet, met my te praat en my te vertel van Sy liefde.

## ‘n Skoon gewete

Die volgende vers waaroor die Here met my gepraat het, was “*laat ons toetree ... die harte deur besprenkeling gereinig van ‘n slegte gewete”.* Soms wanneer ek stil word om te bid, is my gedagtes vol skuldgevoelens oor onbelyde sondes. Maak nie saak hoe hard ek

probeer om dit te ignoreer of dit te omseil nie, ek kan nie die stem van die Here hoor bo die van my gewete nie. My gedagtes dwaal van die een onderwerp na die ander om my aandag op enigiets behalwe my skuld te vestig.

Dit is onmoontlik om na God te gaan met onbelyde, weggesteekte sondes in ons lewens. “Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God” (1 Joh. 3:21). Maar as ons hart ons veroordeel, kan ons nie met vrymoedigheid bid nie, tensy ons dit bely en ons bekeer. Wanneer ons ons sondes bely, is Hy getrou om ons te vergewe. Die bloed van Jesus Christus spoel oor ons en reinig ons van alle ongeregtighede.

As ek my sondes bely, maak ek nie beloftes dat ek voortaan meer gehoorsaam sal wees nie. Alhoewel dit my begeerte is, weet ek ook dat my vlees swak is en dat ek nie in my eie krag satan se aanslag kan weerstaan nie. As ek dit op my eie probeer doen, is my fokus heeltemal verkeerd en kyk ek na myself vir my redding, terwyl Jesus die Enigste Een is wat my kan heilig. Ek sê nooit, “Ek is jammer en belowe om dit nooit weer te doen nie.” Ek erken eerder, al is ek swak, is Hy sterk. So die naaste wat ek kom aan ‘n belofte is, “deur U genade sal ek probeer om heilig voor U te lewe”.

Ek moet ophou om na myself te kyk en eerder op Jesus fokus. Mel Tari sê in sy pragtige boek *The Gentle Breeze of Jesus* dat ons ons fokus moet verskuif van ons eie onaansienlike uiterlike vlees, na die skoonheid van onse wonderlike Here Jesus, as ons ‘n voortdurende intieme verhouding met Hom wil hê. As ek die hele tyd my aandag op myself vestig, sal ek nooit by Christus uitkom nie. Maar as ek aanhou om na Jesus te kyk, trek Hy my nader. As ons Christus in ons gedagtes verhoog, besef Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof en weet dat ons net in Sy krag kan bly staan, gee ons Hom vryheid om Sy wil in en deur ons te bereik. Sy liefde trek ons deur die voorhangsel heen tot waar ons van aangesig tot aangesig met Hom kan praat soos wat ‘n man met sy vriend praat.

## Gereinig deur Gehoorsaamheid aan die *Rhema*-woord

Die derde vereiste wat ek raakgesien het, was *“Laat ons toetree ... die liggaam gewas met rein water.”* Efesiërs 5:25 en 26 sê dat “Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord [*rhema*].” As God in gebed met ons praat moet ons toelaat dat dit ons reinig deur die toepassing en nakoming van die *rhema*-woord. Ek sien dikwels in my eie lewe en die van my studente dat God niks meer het om vir ons te sê nie, as ons nie eers die vorige woord wat Hy vir ons gegee het, uitgevoer het nie. Deur Sy genade mag Hy ons toelaat om vir ‘n rukkie aan te gaan in gesprek, maar daar kom ‘n tyd dat ons òf moet gehoorsaam òf verdere gemeenskap met Hom moet prysgee.

Ek het al na my dagboek gegaan vir ‘n woord van die Here vir die dag en Hom hoor sê, “Ek wil hê jy moet doen wat Ek jou gister gevra het.” Geskok deur hierdie onverwagte antwoord, kon ek maar net om vergifnis vra, opstaan en die opdrag gaan uitvoer. “Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer” (1 Sam. 15:22). God stel nie belang in hoeveel tyd ons met Hom deurbring as ons net hoor en nie gehoorsaam nie.

## ‘n Opregte Hart

Ten slotte het die Here my teruggeneem na die eerste deel van vers 22, *“laat ons toetree met ‘n waaragtige hart”*. Ons moet met ‘n opregte hart na God toe kom. Daar mag geen skynheiligheid, geen misleiding en geen leuens wees nie. Ons kan nie probeer om enigiets vir onsself of vir God weg te steek nie. Dis gewoonlik nie te moeilik vir my nie, omdat ek ‘n baie reguit, openlike mens is. Ek sê gewoonlik presies wat ek dink en is geneig om taamlik reguit te wees. Maar God het my eendag die misleiding van my hart gewys.

Die gemeente waar ek pastoor was het gevoel die Here sê ons moet ‘n fondsinsameling hou om ons verband van R50,000.00 af te betaal. Almal is gevra om te bid en te hoor wat hulle moes doen om te help

met die veldtog. Ek het geweet daar was niks wat ek kon doen nie. My gesin het op ‘n baie klein pastoorsalaris oorleef. Ons het geen spaargeld gehad nie en ons tjekrekening het ‘n nulbalans gehad aan die einde van elke week. Wat ookal ingekom het, moes onmiddellik gebruik word om skuld te delg. Ek het nie eers daaroor gebid nie, want ek het geweet ons het niks om te gee nie.

Toe kry ek skielik ‘n gedagte om ons dupleks te verkoop en die balans vir die kerk te gee. Ek het gedink dis ‘n baie dom plan. Dit kon sekerlik nie van God af gekom het nie. Ek was nie in gebed toe ek die gedagte kry nie. Dit was net ‘n dwase idee. Daarom het ek vir ‘n hele paar dae nie eers die moeite gedoen om vir God te vra of dit Sy gedagte was nie. Want sien, ek wou nie regtig weet nie. Uiteindelik het ek toegegee en Hom gevra of Hy wou hê dat ek die woonstel verkoop en die geld vir die kerk gee. Toe Hy ja sê, was ek kwaad en gefrustreerd. My eerste verweer was, “Ek het in elk geval nooit geglo in dagboek-hou nie!”.

Ek het nie in versekering geglo nie en die woonstel was my belegging vir die toekoms. Ek het ‘n groot deel daarvan self gebou, so die verband was laag en kon afbetaal word terwyl ek en my vrou nog jonk was. Daarna kon dit steeds ‘n maandelikse inkomste verseker om vir my gesin te sorg as iets met my sou gebeur of op my oudag vir my voorsien. En nou sê Jesus dat ek my sekuriteit moet opgee en al die wins vir die kerk gee!

Ek was so ontsteld dat ek vir ‘n paar dae nie met die Here gepraat het nie. Die onderwerp was eenvoudig nie oop vir bespreking nie. Uiteindelik het ek genoeg afgekoel om weer die onderwerp aan te roer. “Here, wil U regtig hê ek moet die woonstel verkoop?” Toe verduidelik Hy vir my waarom: Dit het ‘n afgod in my lewe geword. Dit het my sekuriteit geword in die plek van God. Ek het vertrou op ‘n hoop sement en hout in plaas van op die lewende God. Ek het ‘n rukkie daaroor nagedink en besluit Hy het ‘n goeie punt. Soos altyd! So, wat wou Hy hê moes ek daaraan doen? “Verkoop die dupleks, betaal die verband af en gee die balans vir die kerk.”

Ek het dit eers weer bedink, maar uiteindelik toegegee. “Nou goed dan”, het ek gesê, “maar U is verantwoordelik vir my gesin! En as ek doodgaan van die honger as ek oud is, dan is dit alles U skuld!” Dit

het gelyk asof Hy meer as gewillig was om die verantwoordelikheid te aanvaar.

Die Here het vir my gesê hoe om die plek te adverteer en hoeveel om te vra. Buitendien het ek steeds geglo daar is ‘n ander uitweg, omdat ek baie sterk daarin glo om alle belangrike besluite voor te lê aan my raadgewers. Ek het gedink as ek hierdie idiotiese idee aan my mede-ouderlinge voorlê, hulle die dwaasheid daarvan sou insien en my sou afraai om dit te doen. Maar toe ek dit vir hulle noem, het hulle albei gedink dit kom van die Here af. Dit is nou wat ek noem geestelike raadgewers! Wie het vyande nodig met sulke vriende!

Ons het gemaak soos die Here gesê het en gewag vir oproepe. En gewag. En gewag. Na ses of agt maande op die mark sonder enige aanbiedinge, sê die Here vir my: “Haal dit van die mark af.” Ek het nie regtig meer omgegee of dit verkoop of nie. In my hart het dit nie meer aan my behoort nie. Jesus het gesê: “Dit is wat Ek gesoek het. Nou vertrou jy op My, nie op ‘n gebou nie. Die dupleks is nie meer ‘n afgod in jou lewe nie. Jy het dit vir My gegee, nou gee ek dit vir jou terug; wees My rentmeester.”

Voordat ek op hierdie nuwe *rhema*-woord gereageer het, het ek dit weer aan my mede-ouderlinge voorgelê. Weer eens het hulle saamgestem dat dit God is wat gepraat het. Miskien is onderwerping tog nie so ‘n slegte idee nie!

Dit het my herinner aan Abraham wat die kosbaarste ding in sy lewe, sy seun, moes opgee vir God. Omdat hy gewillig was om dit te doen, met die wete dat die uitkoms in God se hande was, is Isak aan hom teruggegee. Die Here het nie belang gestel in die offer van ‘n seun of ‘n gebou nie. Hy stel net daarin belang om ons harte te reinig.

Hierdie vier goed – ‘n opregte hart, absolute geloof, ‘n hart gereinig van ‘n slegte gewete en ‘n liggaam gewas deur water – was die laaste dinge wat nodig was om die weg te berei vir my om elke dag, oomblik vir oomblik intieme gemeenskap met die Here te hê.

## Hou jou Hart Suiwer

Die Here is nie die Enigste Een wat spontane gedagtes by ons laat opkom nie. Net soos wat die Heilige Gees bekend staan as die Trooster, staan die vyand bekend as die Aanklaer.

Satan probeer om negatiewe gedagtes by jou te veroorsaak soos bitterheid, wanhoop en woede. Hy kla jou aan en vertel jou watter ellendige sondaar jy is, hoe onwaardig jy is om in die teenwoordigheid van God in te beweeg. Hy herinner jou aan jou swakhede en aan sondes wat jy alreeds bely het. Hy sal probeer om jou te oortuig dat daar nie vergifnis is vir iemand soos jy nie, dat die bloed van Jesus nie voldoende is om jou sonde weg te neem nie.

Daarna begin die Leuenaar om jou familie, jou broers en susters in die Here aan te kla. Hy sal vir jou sê dat hulle almal huigelaars is wat net ‘n mooi gesig opsit om hul bose harte te verbloem. Hy sal jou oortuig dat niemand jou regtig liefhet nie, dat hul goedheid net ‘n rookskerm is en dat hulle nog eendag teen jou gaan draai. Hy laat jou glo dat net jy opreg is voor die Here, dat jy beter is as al die ander.

Uiteindelik sal die Misleier die Here aanval met sy leuens. Hy sal sê dat God nie liefde is nie maar woede, nie genade nie maar veroordeling. Hy sal sê dat God nie genoeg vir jou omgee om met jou te gesels nie. Hy sal die onregverdighede en die tragedies van die wêreld vir jou uitwys as bewys dat God nie omgee oor die doen en late van die mens nie.

Klink dit bekend? Het sulke gedagtes al ooit ongevraagd by jou opgekom? Dit was ‘n wonderlike dag van bevryding toe ek uiteindelik besef dat die Aanklaer die oorsprong van hierdie gedagtes is en daarom hoef ek nie dit te vat nie! Deur die outoriteit van Jesus Christus kan ek die woorde van die Vyand verwerp en vervang met die vrede van die Trooster. Ek bewaak my hart en beskerm dit teen die leuens van die vyand.

Ek waak ook daarteen dat die negatiewe, afbrekende gees van enige ander mens op my oorgedra word. Dit is so maklik om beïnvloed te

word deur bitterheid, woede en wanhoop in die gesprekke rondom my. Sover moontlik vermy ek mense wat hulself voortdurend verlekker in sonde of wanhoop of kritiek. Ek soek eerder die geselskap op van ander gelowiges wat besorgd is daaroor om mekaar op te bou en aan te spoor tot goeie werke (Heb. 10:24, 25). As ek by diegene *moet* wees wat my aftrek in my gees, bid ek dat God vir my ‘n skild sal wees, wat my beskerm teen hul strikke en hulle oorweldig met die Gees van Christus. Ek hou onwankelbaar vas aan die belydenis van die hoop omdat ek weet dat Hy wat dit beloof het, getrou is (Heb. 10:23).

## As die Here nie Praat nie

Ek het al herhaaldelik gesê dat die Here altyd praat en dat ons Hom sal hoor as ons harte reg is. Daar is ten minste vier uitsonderings op hierdie reël, vier redes waarom die Here nie jou vrae sal beantwoord of aan jou versoeke sal voldoen nie.

Soos alreeds genoem, sal God nie praat as ons nie Sy vorige opdragte uitgevoer het nie. Koning Saul het homself in hierdie situasie bevind. Hy was herhaaldelik aan die Woord ongehoorsaam wat God tot hom deur die profeet Samuel gespreek het. Uiteindelik het die Here vir hom gesê, “Dis genoeg. Jou ongehoorsaamheid het jou en jou familie van die troon beroof. Ek gaan nie meer met jou praat nie.” Toe Saul weer met ‘n probleem na God is om wysheid te vra, het “die Here ... hom nie geantwoord nie – nie deur drome en nie deur die Urim nie en nie deur die profete nie” (1 Sam. 28:6).

Nou en dan het ek met hartseer toegekyk hoe studente wat ‘n moeilike opdrag van God ontvang het, geweier het om dit uit te voer. Hul harte het geleidelik verkoud terwyl hulle hul rug op die stem van God gekeer het omdat hulle onwilllig was om te gehoorsaam. Gelukkig gebeur dit min en byna almal wat God se stem hoor, leer om hul krag by Hom te kry om selfs die moeilikste taak deur te voer.

## As dit Niks met Jou uit te Waai het nie!

Die Here bly ook stil as jy ‘n vraag vra wat Hy nie wil beantwoord nie. God stel Homself nie beskikbaar as ons eie persoonlike fortuin-verteller nie. Daar is baie dinge wat God nie vir ons wil sê nie en as ons aanhou om in daardie areas rond te snuffel, sal ons ons nie net vasloop in stilte van God af nie, maar sal ons onsself oopstel vir misleiding. Oor die algemeen, maak God nie gewoonlik die toekoms vir ons oop om te sien nie. Hy vertel ons alles wat nodig is om te weet en net wat nodig is om te weet.

‘n Illustrasie hiervan is die verhaal van die onvrugbare vrou aan wie ‘n engel van die Here verskyn het en gesê het dat sy ‘n seun sou hê. Die engel het vir haar gesê om geen wyn of sterk drank in te neem of enige onrein kos te eet nie, omdat die seun van geboorte af ‘n Nasireër sou wees en Israel van die Filistyne sou verlos.

Toe die vrou vir haar man Manoag vertel van die engel se boodskap, het hy vir die Here gevra om die engel weer te stuur om vir hulle te leer hoe om vir die seun te sorg. Die Here het die engel toegelaat om terug te gaan en Manoag het hom met vrae gepeper: “Wat moet die leefwyse en die werk van die seun wees?” Die engel het geantwoord: “Vir alles wat Ek aan die vrou gesê het, moet sy haar in ag neem”, en hy het die boodskap herhaal wat hy haar die eerste keer gegee het (Rigt. 13:12-14). Manoag het gedelf waar hy niks verloor het nie, details oor die toekoms gesoek wat nie nodig was nie. Daarom het God sy vrae eenvoudig geïgnoreer en hom nie geantwoord nie.

## Onsuiwer Motiewe

God sal ons nie antwoord as ons met onsuiwer motiewe bid nie (Jak. 4:3). Hoe dikwels bid ons dat ons lewens sonder pyn en inspanning moet wees? Hoe dikwels vra ons vir beskerming van die gevolge van ons sonde? As ‘n ongelukkige gebeurtenis plaasvind, bid ons onmiddellik dat God dit moet wegneem, sonder om te kyk vir ‘n geleentheid om te groei deur ons lyding.

Die Bybel sê “ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop” (Rom. 5:3,4).

As die vuuroond warmer gemaak word, word alle onsuiwerhede uitgebrand en ‘n goddelike karakter word gevorm. Daarom, as ons druk ervaar, is dit nie wys om eerstens te bid dat God dit moet wegneem nie. Ons moet eerstens God soek. Persoonlik het ek geleer dat dit gedurende die tye is van die grootste druk dat ek die meeste gegroei het.

Te midde van die kommersialisme van ons tyd, hoeveel van ons begeer materiële seëninge wat meer is as wat ons nodig het? Ons dink net aan ons eie gemak en plesier en pleit vir die een ding en eis die ander ding. Ek glo dat God ons finansieel en materieel wil seën, maar nie om ons vleeslike wellus te bevredig nie. Hy wil ons seën sodat ons ‘n seën vir ander kan wees. Hy stel ons aan oor baie, solank ons wysheid en medelye het, vir die armes, die weduwee en die wees gee, en Sy hulpbronne gebruik om die Koninkryk op aarde uit te brei.

God stel belang in ewige waardes, nie in tydelike bevrediging nie. Hy is baie meer besorg oor ‘n beproefde, opregte karakter, heiligheid en die genesing van ons siel en gees as oor ons vleeslike gerief. As ons gebede gemik is op die bevrediging van ons vlees, mag ons dalk nie die antwoorde kry wat ons voor vra nie. Daarom, as ons druk of ‘n ongelukkige situasie ervaar, moet ons eers ‘n *rhema*-woord soek, en God vra hoe ons moet bid. As ons dan bid volgens die wil van God, kan ons antwoorde verwag.

## Die Noodsaaklikheid van Vas

Vas reinig nie slegs die liggaam van gifstowwe nie, dit reinig ook die gees sodat dit makliker in die teenwoordigheid van God die Vader kan inbeweeg. As dit nie lyk of ek kontak kan maak met God nie, help vas om my geestelik meer ontvanklik te maak. Ek vind altyd dat God vir my opkom, of dat ek deurbreek tot Hom, as ek ‘n tydjie in afsonderling en vas deurgebring het. Van die belangrikste

groeitydperke in my lewe het gekom gedurende tye van vas en gebed.

Jesaja 58 is die belangrikste hoofstuk oor vas in die Bybel. Dit beskryf die verkeerde redes hoekom mense vas, die regte motiewe daarvoor en die effek wanneer jy reg vas. In vers 9 en 11 ontvang ons die belofte, “Dan sal jy roep, en die HERE sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek! ... En die HERE sal jou gedurigdeur lei.”

Vas was nog altyd ‘n normale deel van die mens se gebedslewe sedert die ontstaan van die Kerk. Ons lees herhaaldelik in die boek Handelinge van Petrus of Paulus of die hele Kerk wat vas.

Daar is baie soorte van vas en gedeeltelike vas. ‘n Algehele vas behels onthouding van beide kos en water. So ‘n absolute vas behoort nie langer as drie dae aan te hou nie. ‘n Normale vas is die onthouding van alles behalwe water. ‘n Variasie hierop is om vrugtesappe en ander gesondheidsdrankies te drink terwyl jy jou van vaste kos weerhou. Hierdie soorte vas behoort nie langer as veertig dae te duur nie. ‘n Gedeeltelike vas kan ook effektief wees. Jy kan elke dag vas tot op ‘n sekere tyd. Jy kan een maaltyd ‘n dag vas. Of jy kan soos Daniël op water en groente vas.

Die Here sal jou in die regte vas inlei. Hy mag jou lei om elke week op ‘n spesifieke dag te vas. Soms mag Hy jou vra om op ‘n spesiale vas van veertig dae te gaan. Ons mag nie wetties raak oor vas nie, maar moet sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees op hierdie spesiale gebied van vas.

Voordat jy begin vas, beveel ek aan dat jy ‘n goeie boek oor die onderwerp lees. *God’s chosen fast* deur Arthur Wallis is ‘n uitstekende bron. Let daarop dat mense met chroniese gesondheids-probleme soos diabetes, wat deur ‘n dieet beïnvloed kan word, net onder toesig van ‘n mediese dokter moet vas.

## Ek kan nog Steeds nie Hoor nie!

As jy eksperimenteer met twee-rigtinggebed deur die beginsels in hierdie boek toe te pas, sal die meeste mense vind dat hulle dit regkry om in ‘n twee-rigtinggesprek met God te kommunikeer. Tog is daar soms tye wanneer dit lyk asof ons geblokkeer word om by Hom te hoor. Soms sit ons stil met ‘n pen in die hand, maar die woorde kom net nie. Frustrasie bou op en ons wonder wat is fout met ons. Hoekom kan ons nie hoor nie?

Daar is ‘n paar dinge waarvan ons ons moet vergewis wanneer dit gebeur.

- Maak eerstens seker of jy daadwerklik ‘n vraag vir God neergeskryf het. Miskien dink jy, ”Ag, dis te tegnies. Ek het mos die vraag in my kop. Dis goed genoeg. “ Nee, soms is dit nie! Dis dikwels belangrik, veral aan die begin, om die spesifieke vraag neer te skryf waaraan jy dink. Hierdie eenvoudige daad stel jou gees vry en die antwoord begin vloei.
- Of miskien dink jy God praat eenvoudig net nie. In hierdie geval moet jy jou hart geheelenal uitstort voor Hom. Wees ernstig oor jou ontmoeting met God. Verbind jouself daaraan om Hom nou, op hierdie oomblik, te ervaar. Begin dan om al die woorde wat jy ontvang, neer te skryf, selfs al is daar net een of twee. Onthou die indrukke van die Heilige Gees is baie sag en kan maklik deur jou eie gedagtes uitgewis word.

‘n Student uit Finland met die naam Pekka, skryf hoe belangrik hierdie daad van geloof is: “Vir my was die sleutel om ‘te hoor’, die neerskryf daarvan. Dankie vir hierdie insig uit Habakuk 2:1, 2. Elke keer as ek begin is ek huiwerig en dink ‘Dit kan nie iets wees nie.’ Dan leer God my weer iets nuuts. Die rubicon is elke keer om my pen op te tel en die eerste gedagte te begin neerskryf al voel dit ook hoe simpel of verkeerd. Net as ek gehoorsaam was en hierdie eerste gedagte neergeskryf het, kom die vloei.”

Daar was een keer toe ek gevoel het ek hoor niks. Ek het vir 'n paar minute gefrustreerd gesit en die meeste wat ek kon kry was die woordjie 'ek'. Ek was nie van plan om die woord 'ek' neer te skryf nie. Ek wou wag tot ek nog iets kry en dan besluit of dit enigsins die moeite werd was om neer te skryf. Wel, daar was niks meer nie, en in uiterste desperaatheid skryf ek toe maar net 'ek'. Toe kom daar nog 'n woord by my op: 'wil'. Ek skryf dit toe neer. Toe kom daar 'n derde, 'n vierde en 'n vyfde, "met jou praat oor ... " - en toe kom dit. Jy sien, ek het die vloei geblokkeer deur my weiering om die eerste eenvoudige woord neer te skryf. Daarom, skryf die woord in geloof neer, met die vertroue dat dit sal lei tot 'n stroom van lewende water.

- Maak seker dat jy regtig 'n vraag vra. Indien nie, verander dit in 'n vraag – 'n spesifieke vraag. Hoe meer spesifiek jou vraag, hoe meer gefokus is jy gewoonlik en hoe meer waarskynlik dat jy God se antwoord daarop sal herken. Soos ek genoem het, kan jy vanselfsprekend *te* spesifiek raak en neig na toekoms-voorspelling en ander goed wat niks met jou uit te waai het nie. Daarom moet ons 'n balans behou.

- Soms lyk dit asof jy net jou eie antwoorde terugkry. Dit is nie moeilik nie om te sien dat dit jou eie gedagtes is. Dit is jy wat vir jouself preek. As dit gebeur, wees bly dat jy ten minste op die plek is waar jy weet wanneer dit jou eie gedagtes is en nie God s'n nie!

Dan moet jy nog dieper gaan, nog stiller word, totdat jy jou diepste wese aanraak en die goddelike vloei inisieer. Gaan terug na die hoofstuk oor stilte en leer om jouself af te skakel totdat die Here God oorneem. Met 'n bietjie oefen en eksperimenteer sal jy maklik en vinnig stil raak. Trouens, jy sal 'n leefstyl ontwikkel van innerlike kalmte. Jy sal leer hoe om stil te staan voor God terwyl jy tussen mense lewe. Dit is om in Christus te bly.

## God se Stem en die Vuur van God

'n Laaste blokkasie wat ek wil bespreek is die kwessie van die vuur. God se stem het met vuur gekom in Deuteronomium 5. Vuur in die

Bybel staan vir loutering en reiniging. ‘n Groot blokkasie om God se stem te hoor is dat God se kinders onwillig is om in die vuur te staan en toe te laat dat dit hulle suiwer, bevry van verslawing van die vlees en hulself oorgee aan die vryheid van die Heilige Gees. Die verhaal van die Israeliete by die berg illustreer dit.

Die alomteenwoordige Jahwe het Sy volk verlos! Hy het vir Moses gesê wat om te doen en Moses het die Israeliete uit slawerny uit gelei, deur die rivier na droë grond. Hulle het manna gekry uit die hemel en water uit die rots. Alles het goed gegaan! God het in al hulle behoeftes voorsien en baie min terug verwag.

Toe kom hulle by die berg Sinaï, en Moses het vir hulle goeie nuus: God sou met hom praat en hulle mag na die gesprek kom luister. Die volgende twee dae was alles in rep en roer soos wat hulle hulself gereinig het en voorberei het om gereed te wees om God se stem te hoor.

Die beloofde dag het uiteindelik aangebreek. Die kamp was in afwagting en spekulasie. “Hoe sal Hy klink? Sal hy fluister soos ‘n somerbriesie of donder soos ‘n storm in die herfs? Kan ons regtig Sy stem hoor en bly lewe? Kan ons regtig met Hom gemeenskap hê? Wat hou hierdie dag in?”

Skielik begin die aarde dreun. Die berg is in vlamme. Die weerlig blits en ‘n dik donker wolk hang in die lug. Moses bring die mense nader om met God te ontmoet en hulle staan bewend by die voet van die berg. Skielik draai hulle om en hardloop bevrees weg met die verdowende geluid van ‘n trompet wat oorgaan in ‘n stem: “Moses! Moses! Kom op na die bergtop!” Angsbevange hou die volk hom dop terwyl hy boontoe klim. Hulle verwag amper dat hy enige oomblik gaan omkom voor die vreesaanjaendheid van Jahwe. Uiteindelik verdwyn hy in die duisternis van die wolk en hulle moet alleen wag.

Soos wat die dag aanstap, hou party wag naby die voet van die berg. Ander keer terug na hul tente en daaglikse bedrywighede. Die oudstes en hoofde van die stamme hou ‘n lang vergadering. Net toe die skeptici se teorie oor die dood van Moses begin aftrek kry, klink die geskreeu, “Hier kom hy! Moses is op pad! Hy lewe! Hoera vir

Moses!" Moses was verseker op pad en in sy hand 'n boodskap van God af. Amper nog voordat hy kans kry om te sit en te rus, trek die oudstes hom eenkant toe en sê, "Moses, ons moet praat".

"Kyk, Moses", sê hulle, "dit was regtig 'n baie lekker dag. Dit was 'n wonderlike seën om God se heerlikheid en grootheid te aanskou, en ons het selfs Sy stem gehoor. Dit is alles goed en wel, MAAR genoeg is genoeg! Het jy die vuur gesien? As Hy enigsins weer met ons praat, gaan die vuur ons oorweldig! Ek bedoel, mense hoor net nie God vanuit so 'n vuur praat soos ons, en lewe dan nog om dit oor te vertel nie! So, wat ons wil hê jy moet doen, is die volgende. Gaan terug na God toe en sê vir Hom ons wil nie hê Hy moet meer met ons praat nie. Hy kan vir jou sê wat ons moet doen, dan kan jy vir ons vertel. Ons belowe om alles te doen wat Hy sê. Dan hoef ons nie weer naby daardie vuur te gaan nie. Het jy dit, Moses? Die stem is net nie die vuur werd nie!"

God het hulle natuurlik gehoor en vir Moses gesê, "Alles wat hierdie mense gesê het is goed. Ek wens dat hulle so 'n hart gehad het dat hulle sou doen wat hulle sê en My opdragte uitvoer! Dan kan ek hulle en hul kinders seën soos wat Ek graag wil. Maar gaan sê vir hulle dat ek sal doen soos hulle vra. Ek sal hulle nie meer besoek nie. Maar weet dit, Moses, omdat hulle My stem verwerp het, moet hulle gebooie en reëls en strafuitsprake hê. As hulle nie in verhouding met My wil lewe nie, val hulle onder die wet (Deut. 5:28-33, my parafrase).

God het deur al die jare sedert die noodlottige gebeure by Sinaï nog nie verander nie. Saam met God se stem kom die vuur van God, die vuur wat die onsuiwerheid verteer en die goud louter. As jy verlang na 'n lewe van gemeenskap met God, wees gereed vir die vuur! Jy sal self uitvind, die stem is die vuur werd! Kies om voor Hom te buig, wat dit ookal verg om van jou vlees gesuiwer en gereinig te word.

'n Geleerde professionele man in sy laat twintigs was besig om God se stem te leer ken. Toe God hom met Sy liefde oorweldig, het hy dit aanvaar as waarlik van die Here en het net gebaai in die heerlike wete dat Hy aanvaar is deur God. Op 'n dag sê die Here vir hom, "Phil, onthou jy die borde en silwer eetgerei wat jy en jou vrou by die kollege gevat het as julle eerste eetstel? Ek wil hê jy moet dit

terugneem!"  Waaaat!!!  Dit kon nie die Here wees nie!  Hy was toe nog nie eers 'n Christen nie!  Hulle sou dink hy is mal!  Almal het by die universiteit gesteel.  Dit was nie so ernstig nie!

Hy het hierdie boodskap van die Here na my toe gebring met die hoop dat ek vir hom sou sê om daarvan te vergeet, dat dit nie regtig van die Here af was nie.  Maar ek kon nie.  Uit ervaring het ek geweet, saam met God se stem kom Sy vuur.  Ek het hom verseker, wat vir ons onbelangrik lyk, mag vir God baie belangrik wees.  Totdat ons gehoorsaam was aan die opdrag wat God gegee het, het hy dikwels niks meer te sê nie.   Ongelukkig het Phil gekies om van die vuur en God se stem af weg te draai en die 'normale Christelike lewe' te kies, 'n lewe van wette en reëls en tradisie.

'n Ander jong man wat deel was van die pastorale personeel van my gemeente het een van my klasse bygewoon oor God se stem.  Hy het na die tyd teleurgesteld na my toe gekom.  Hy het gebid en God gevra vir leiding in sy bediening.  Skielik herinner die Here hom aan 'n klankstelsel wat hy wetend op die swart mark gekoop het voordat hy 'n Christen geword het.  God het vir hom gesê om die klankstelsel te verkoop en die geld vir Sy werk te gee.  "Dink jy regtig dit kan God wees", het hy gevra.  Ek bedoel, ek was nie eers hieroor in gesprek met Hom nie.  Ek het Hom uitgevra oor my toekoms, toe hierdie klankstelsel skielik uit die niet my gedagtes binneskiet.  Kan dit God wees?".  Ek het hom gerus gestel en na nog 'n paar maande se geworstel hiermee, het hy die opdrag uitgevoer en die klankstelsel geadverteer.

## Die Reinigende Vuur in My Lewe

Die vuur moes 'n groot werk doen in my lewe en sonder die stem van God sou ek nie die vlamme oorleef het nie.  Patti was vir jare 'n slagoffer van depressie en minderwaardigheid.  Ek het 'geweet' dat haar probleme haar eie skuld was.  Ek het selfs Bybelse bewyse gehad.  Toe, eendag, het die vuur my aangeraak.  "Jy is verantwoordelik vir baie van Patti se probleme.  Dit is as gevolg van jou onvermoë om haar lief te hê en te koester dat sy in hierdie

toestand is". Ek het my dagboek neergesmyt en gemompel, "Ek het in elk geval nooit in dagboek-hou geglo nie!" en daar uitgestorm.

Teen die volgende dag was ek al 'n bietjie afgekoel, maar steeds 'n bietjie skepties. "Goed," het ek God uitgedaag, "as ek verkeerd is, wys my waar." Ek het glad nie verwag om 'n antwoord te kry nie, en was nie bietjie verbaas en teleurgesteld toe die antwoord twee bladsye lank is nie!

Hy het my gewys hoe dit wat ek voorheen oor emosies geleer het my afgesny het van die belangrikste deel van my lewe. Ek het nog altyd geglo dat emosies onvoorspelbaar is, onbetroubaar en deel van my gevalle natuur. Daarom het ek myself geleer om alle emosionele reaksies te onderdruk totdat hulle uiteindelik finaal uit my lewe verdwyn het. My liefde vir my vrou was gebaseer op wat ek in kollege geleer het oor *agape* liefde, dat dit 'n verbintenis was en 'n besluit, nie 'n emosie nie. My liefde vir my gemeente was 'n verbintenis tot hulle groei en voeding. My liefde vir God was 'n verbintenis tot diens.

Is dit dan snaaks dat my vrou se gees begin verlep en uiteindelik doodgegaan het? Omdat sy baie skaam en introvert was en geen naby vriendskappe gehad het nie, was sy baie afhanklik van my liefde vir haar. God wou hê dat ek 'omgee' moes herstel in my lewe. Hierdie een opdrag het nie net my persoonlikheid verander nie, maar ook my huwelik en my bediening.

Maar ek het glad nie geweet waar om te begin nie. Elke verandering wat ek nog ooit aangebring het, was deur 'n wilsbesluit. Ek wou 'n ekstrovert wees. Ek wou entoesiasties wees. Ek wou 'n leier wees. Maar hoe kon ek deur 'n wilsbesluit emosioneel voel? Ek kon nie. Al my beproefde metodes vir Christelike groei het my net mooi niks gehelp nie. Toe roep ek om hulp en God was daar. Hy het vir my vier doelwitte gegee om voor te werk: bestudeer my dagboek en kyk hoe lief het God my; bestudeer die Evangelies en kyk hoe Jesus liefde aan mense bewys het; bestudeer die Psalms en kyk hoe Dawid sy liefde aan God bewys het; en bid in geloof dat God emosies in my lewe sal herstel.

Vir een hele jaar het ek daarop gekonsentreer om te leer om om te gee. God het vir my ‘n definisie gegee: omgee is liefde op ‘n emosionele eerder as ‘n intellektuele vlak. Ek het die Evangelies en die Psalms oor en oor gelees. En God het begin werk. Die eerste emosies wat Hy vir my herstel het, lyk soos al die negatiewes: depressie, vrees en woede. Vir die heel eerste keer in my volwasse lewe, het ek gehuil. Eke nag het ek in my vrou se arms gelê, soos ‘n kind op soek na vertroosting, terwyl ek oor die hopeloosheid van my toekoms gehuil het. Soos wat ek bewus geword het van my eie tekortkominge, is laag op laag hoogmoed weggetrek totdat ek uiteindelik heeltemal gebreek was.

Die genesing het geleidelik begin. Vreugde en hoop het in my hart opgeborrel. Ek het ‘n nuwe liefde en waardering gekry vir die vrou wat God spesiaal vir my uitgekies het. Soos wat ek geleer het om dit te wys, het die dood ophou werk in haar en met die hulp van ‘n berader het haar genesing ook begin.

My bediening was nog altyd profeties van aard. Dis maar net ‘n oulike manier om te sê ek het sonde gehaat en die sondaar gestenig! My gemeente het probeer om my te leer dat ek te ongevoelig was, maar ek wou dit nie aanvaar nie. Toe God ook so sê, kon ek dit nie ontken nie.

## Die Stem van Genesing

Hy het my geneem na Miga 6:8: “Hy het jou bekend gemaak o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?” Hy het my gewys dat Hy barmhartigheid *liefhet* en regverdig *optree*. Dit verskaf vir Hom groot vreugde om genade te bewys, maar Sy heiligheid vereis dat Hy regverdig optree.

My hele lewe deur was ek net mooi die teenoorgestelde: ek het regverdigheid liefgehad en liefdevol opgetree. My benadering tot elke persoon en situasie was eers om te beoordeel, en miskien, tweedens, om genade te bewys. Hy het vir my die twee aspekte van

sy karakter gewys: lig en liefde. God is beide regverdigheid en barmhartigheid, verdeeldheid en genesing, oortuiging en vertroosting.

Terwyl ek na Hom kyk, het ek besef hoe ongebalanseerd ek was in my totale lewensbenadering. Ek het altyd gefokus op die 'lig'-aspekte van Sy karakter, die uitdaging van die lewe, en het absolute geregtigheid vereis. Nou het ek ervaar dat Hy wil hê dat ek moet fokus op die 'liefdesaspekte': vergifnis, versoening en genade.

Die oomblik toe ek dit begin toepas, het 'n nuwe gees van my bediening besit geneem. Waar ek vroeër op meningsverskille sou reageer met konfrontasie en verdeeldheid, wou ek nou vrede en versoening bring. Waar geregtigheid volgens die letter van die wet my maatstaf vir verhouding was, het liefde nou die spil geword waarom ons samekomste gedraai het. Waar oordeel voorheen nodig was vir die geringste afwyking van die wet, het dit plek gemaak vir barmhartigheid.

My nuutontluikende balans tussen oordeel en barmhartigheid is getoets toe ons uitvind dat 'n tienermeisie in ons sorg haarself in 'n verdagte seksuele situasie bevind. Alles uit my verlede het uitgeroep dat sy getugtig moes word. In my gedagtes het ek eindelose preke voorberei oor die noodsaaklikheid van reinheid en die gevare van immoraliteit.

Maar ek was vinnig besig om te leer. Voordat ek die saak hanteer het, het ek met God daaroor gepraat. Nadat ek Hom van al haar sonde en skuld en die noodsaaklikheid vir ingrype vertel het, het Hy my bloot herinner aan die vrou wat op owerspel betrap is. "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie" (Joh. 8:11). Die boodskap was duidelik. Sy het nie veroordeling nodig gehad nie. God het haar alreeds van haar sonde oortuig. Wat sy nodig gehad het was om Sy liefde en genade te ervaar deur Sy dienskneg.

My verhouding met die Here is ook beïnvloed deur my emosionele verharding. Sonder ware liefde vir Hom, was daar geen gemeenskap nie en soos Israel in die woestyn, het ek besef ek lewe onder die wet. Ek het daagliks die Skrif bestudeer vir Christelike lewensriglyne, en

elke week het ek op die kansel gestaan en net nog ‘n reël vir suksesvolle Christenskap aan mense voorgehou.

Binne die bestek van vier jaar het ek vyftig bladsye van reëls bymekaargemaak waarvolgens ek probeer lewe het. Ek het dit afgeskaal tot omtrent dertig algemene beginsels wat ek op die voor- en agterkant van ‘n stuk papier getik het en met plastiek bedek het. Uiteiindelik het ek ‘n sisteem vir Christenskap gehad. Ek het selfs op Moses verbeter, omdat ek dertig gebooie gehad het wat uit plastiek gekerf was!

Die enigste probleem was, as ek gekonsentreer het om die vyftien aan die voorkant te gehoorsaam dan het ek die vyftien aan die agterkant gemis. As ek dit omgedraai het en hulle probeer nakom het, het ek die ander gemis. Onnodig om te sê, my Christelike lewe was meer frustrasie as vreugde.

Met die gees van swaarmoedigheid wat oor die gemeente gehang het, het ek begin besef wat die Bybel my nog al die tyd geleer het: die uiteinde van die wet is die dood. My gebrek aan ‘n persoonlike verhouding met die Here het myself, my vrou en my gemeente onder die wet gebring en het dood ingebring oral waar ek gaan. Lof en aanbidding was nie meer opwindend en spontaan nie. Daar was min vrywilligers. Tye van samesyn na dienste het al hoe korter geword. Huisselle het gekwyn en al minder geword. Uiteindelik het ‘n geskinder, bakleiery en kontroversie die gemeente verdeel. Ongelukkig het ek nog nie lank genoeg onder genade geleef om die skade van my prediking uit te wis nie. Ek was besig om die vrugte te pluk van my leierskap.

Soos wat ek geleidelik in gemeenskap met God begin leef het en bewus geraak het van die geesteswêreld rondom my, het ek vanselfsprekend entoesiasties probeer om my gemeente saam te trek in my nuwe manier van lewe. Maar sekere van die konsepte was te nuut, die beginsels te kontroversieel. Miskien het ek dit nog nie lank genoeg toegepas om dit reg te kon oordra nie. Party van my mense kon nie hierdie nuwe rigting verstaan nie en het gereageer soos wat ek hulle geleer het, met veroordeling en konfrontasie. Ons het almal probeer om ons verskille te versoen, maar daar was te veel

seerkry, te veel verwyte.  Dit het gou duidelik geword dat ek moet bedank.

Gedurende die maande van werkloosheid wat hierop gevolg het, was dit net die feit dat ek God se stem gehoor het wat my gedra en rigting gegee het.  Al gaan ons paaie deur die vuur, Hy is elke tree met ons.

## Opsomming

Jesus Christus het vir ons die weg gebaan om in die Heiligdom in te gaan deur die voorhangsel wat geskeur het en ons te besprinkel met Sy bloed.  Hy het vir ons die voorreg gegee van direkte gemeenskap met die Vader en die Seun deur die Heilige Gees.  Die pad is nie moeilik  of gekompliseerd nie.  Jesus het gesê, “Ek is die Weg” (Joh. 14:6).  Dit is Christus wat die werk gedoen het.  Hy het Sy bloed gestort en dit op ons harte toegepas.  Hy het geloof in ons ingebou. Hy trek ons na Hom toe.  Ons moet eenvoudig net die instrumente wees, gewillig om dit wat Jesus vir ons gedoen het, te ontvang.  Ons moet ons liefde en aandag net op Hom uitstort.

In die laaste paar hoofstukke het ek verskeie konsepte bespreek wat ons kan help om God se stem beter te hoor.  Hier volg ‘n lys met vrae wat jou kan help om enige areas te onderskei wat mag keer dat jy God se stem hoor.  Onthou, ons *hoef* nie elke keer deur hierdie lys te gaan wanneer ons bid nie.  Gewoonlik kan ons maar net gaan sit en sê, “Goeiemore Here” en luister vir Sy antwoord.  Maar soms wanneer ons sukkel om geesteskontak te maak, kan hierdie lys ons help om uit te vind waarom dit nie realiseer nie, en hoe om dit te herstel.

## Die Tabernakel-ervaring

1. *Die altaar*:  Verskyn ek as ‘n lewende offer voor God?  Lê ek my eie vlees af en gee ek myself as ‘n instrument van geregtigheid vir God?
2. *Die koper waskom*:  Bestudeer ek die Skrif gereeld en gehoorsaam ek die opdragte wat ek daarin vind?

3. *Die tafel met toonbrode:* Is ek deel van die onderlinge byeenkomste van die gemeente? Word my eie-wil voortdurend fyngemaal deur die naby vriendskappe met my broers en susters? Is dit die diepste begeerte van my hart om slegs God se wil te doen?
4. *Die goue kandelaar*: Wy ek my gedagtes aan die Here om deur die Heilige Gees verlig te word? Is ek daarop ingestel om openbaringe van Hom te ontvang wanneer ek die Skrif lees? Is ek in my gedagtes en redenasie-prosesse doelbewus afhanklik van die leiding van die Heilige Gees?
5. *Die reukofferaltaar*: Bring ek voortdurend ‘n lof- en dankoffer aan God sodat my emosies en reaksies deur Hom beheer word? Is ek emosioneel soms op en dan weer af, of word ek in balans gehou deur ‘n voortdurende ingesteldheid van aanbidding en dankbaarheid?
6. *Die Verbondsark*: Het ek geleer om in Sy onmiddellike teenwoordigheid te wandel en Sy woorde te hoor wat Hy tot my hart spreek?

## Dagboek-hou

1. Het ek ‘n stil plekkie gevind, afgesonder van die wêreld?
2. Het ek my gees afgeskakel? Weet ek hoe om die toevallige gedagtes wat my aandag kan aftrek te hanteer? Fokus ek op ‘n visioen van Jesus?
3. Is ek gereed om dagboek te hou? Fasiliteer ek die vloei van die *rhema*-woord deur ons gesprek neer te skryf?

## Fyn instelling

1. Is my hart eerlik en opreg? Is ek vry van enige misleiding en pretensie? Is ek oop voor die Here? Is ek nog enigsins terughoudend?

2. Kom ek in geloof na Hom? Het ek ‘n kwaliteitsbesluit geneem om met my hele hart alles te glo wat God sê?

3. Is my gewete skoon? Het ek my sonde bely en is ek gereinig deur die bloed van Jesus? Glo ek dat Hy my sal heilig en sonder gebrek aan die Vader sal oorgee?

4. Het ek al die vorige *rhema*-woord wat ek ontvang het uitgevoer?

## Verwyder innerlike blokkasies

1. Vra ek vrae wat God dalk nie wil antwoord nie? Probeer ek inligting inwin wat ek dalk nie hoef te weet nie? Is ek besig om my dagboek soos ‘n kristalbal te manipuleer?
2. Is my motiewe reg? Vra ek God hoe Hy wil hê dat ek moet bid?
3. Wil God hê dat ek moet vas om die antwoord te verkry?

Ek wil net weer beklemtoon dat hierdie vrae nie al my gebedstye voorafgaan nie. Hulle is die uitsondering eerder as die reël. Selfs wanneer ek sukkel om God te ervaar, hoef ek meeste van die tyd nie deur die hele lys te gaan nie. Omdat ek bewus is van moontlike probleem-areas, is dit gewoonlik maklik om die probleem vas te stel. Maar kennis van elkeen van die vrae het dit moontlik gemaak om elke dag ‘n intieme twee-rigtinggesprek met die Here te hê, elke keer wanneer ek tot Hom nader.

# 7

# Hoe Kan ek Verseker Weet dat dit God se Stem is?

Die meeste Westerlinge het geleer om baie rasioneel te lewe, soos wat ons verstand vir ons voorskryf;  ek probeer eerder om my gedagtes van die troontjie af te haal omdat ek begin besef het dat openbarings van God nie op hierdie vlak ontvang word nie.  Die hart is die plek van Gees-tot-gees-ervaringe.  Nogtans moet ons nooit die idee kry dat ons as Christene ons verstand eenkant toe moet stoot nie.  Ons verstand is noodsaaklik in ons wandel met God – dit is die orgaan wat nodig is vir beoordeling.

Ons sal noodwendig foute maak as ons daarna strewe om in die geestesdimensie te lewe.  Die Bybel staaf hierdie aanname en aanvaar dit as ‘n realiteit.  I Thes.  5:21 leer ons, “Beproef alle dinge; behou die goeie.”  Ons moenie ons oorgee aan die slegte dinge en onsself dan verwyt vir ons foute nie.  Ons moet eerder alles wat ons ontvang beoordeel, dit wat nie van God af kom nie ignoreer en

aanbeweeg met die goeie. Dis menslik om foute te maak. Die belangrike ding is net om iets daaruit te leer.

Ons doel is altyd om balans te handhaaf. Die meeste van ons funksioneer egter in uiterstes. Ons kyk soms neer op diegene wat beweer dat hulle mistiese ervaringe het. Of as ons self ietwat misties ingestel is, kyk ons neer op die “intellektuele snobs wie se godsdiens net in hul koppe is”. Nòg die een nòg die ander houding is reg. God het beide die verstand en die hart geskape. Hy het dit so bestem dat die funksies van die een die ander sal komplementeer. As ons probeer om ons geestelike lewe net op een van die twee te bou, sal ons in sirkels bly beweeg. Ons het die verstand sowel as die hart nodig, die rasionele sowel as die geestelike aspekte in ons verhouding met die Here. Die mees algemene vraag wat in my seminare opduik is, “Hoe kan ek verseker weet dat dit God is wat met my praat?” My antwoord is, “Onderwerp dit aan jou geestelike raadgewers vir evaluering en beoordeling”.

Ek wil graag twee voorbeelde met jou deel wat my laat besef het hoe belangrik beoordeling is en ‘n begeerte in my laat ontstaan het om dit altyd te doen. Eerstens was daar ‘n man in die gemeente waar ek pastoor was wie se vermoë om by die Here te hoor en om profesieë te ontvang baie hoog geag is deur die gemeente. Op ‘n dag hoor ons dat hy ‘n ‘openbaring’ ontvang het dat sy huwelik nie van God af was nie omdat nie hy of sy vrou gered was toe hulle getroud is nie. Daarom het ‘die Here’ vir hom gesê om van sy vrou te skei.

Toe ek hierdie gerugte hoor het ek hom dadelik besoek om uit te vind of dit waar is. Hy het sy ‘openbarings’ en besluit bevestig. Ek het uit die Skrif uit vir hom gewys dat God egskeiding haat en dat sy ‘leiding’ teen die letter sowel as teen die gees van die Woord ingedruis het. Daarom was ek oortuig dat hy besig was om mislei te word. Hy het my woorde verwerp, volgehou dat hy God se stem ken en dit was dit.

Soos die Skrif my leer, is ek ‘n paar dae later weer na hom toe saam met die twee ouderlinge wat my standpunt bevestig het en nog Skrifgedeeltes met hom gedeel het wat sy standpunt weerlê het. Hy het daarop gereageer deur vir ons Bybelgedeeltes en teksverse aan te haal, maar buite konteks, wat sy ‘openbaring’ sou bevestig. Ons het gedurende die volgende drie maande dikwels met hom gesels om

hom van sy misleiding te probeer oortuig.  Hy was egter toenemend arrogant en self-geregverdigend.

Uiteindelik het ons geen ander keuse gehad as om die saak voor die hele gemeente te bring nie.  Hy het sy 'openbaring' met hulle gedeel en hulle het hom almal probeer oortuig dat hy 'n fout maak.  Hy het gereageer met:  "Ek gee nie om nie.  Ek gaan dit in elk geval doen". Hy het hoogmoedig daar weggegaan met baie vernietigende gevolge vir homself, sy vrou en kinders en die jong vrou wat sy 'openbaring' geglo het dat sy sy vrou sou wees "in die Here".

Op 'n ander keer het ek 'n 'openbaring' ontvang dat 'n sekere man in my gemeente 'n verhouding met sy sekretaresse sou hê.  Ek was nie baie ingenome met die gedagte dat ek hom hiermee moes konfronteer nie.  As dit nie die waarheid was nie, kon dit baie probleme veroorsaak.  Trouens, selfs as dit die waarheid was kon dit baie probleme veroorsaak!  As die Here my egter hierdie inligting gegee het sodat ek hom uit sy sonde uit moes help, was ek gewillig om die risiko te waag.

Ek het egter eers my 'openbaring' met my mede-ouderling Charles gedeel, wie se vermoë om by die Here te hoor baie respek by my afgedwing het.  Nadat hy goed geluister het na wat ek te sê gehad het, is hy huis toe om daaroor te bid.  Later het hy teruggekom met die woord wat hy by God ontvang het: "leuengees".  Hy het geglo dat 'n leuengees my probeer mislei om groot vernietiging in ons gemeente te veroorsaak.

Ek is terug na my dagboek en het vir God gevra om die leiding wat ek ervaar het weg te neem as Charles reg was en my 'openbaring' 'n leuen was.  Binne 'n paar dae het die gevoel wat omtrent drie weke lank so sterk was, begin kwyn en het dit spoedig verdwyn.  Ek het vir God dankie gesê dat Hy vir my sulke wyse raadgewers gegee het voordat ek so 'n groot fout begaan het.

## Faktore wat die Gees beïnvloed

Een van die hoofredes waarom ons alle openbarings wat ons ontvang eers moet beoordeel, is omdat ons gees beïnvloed kan word deur ander faktore buiten God. Volgens 1 Korinthiërs 6:17 is die gees van ‘n Christen een met die Heilige Gees. Dit verhinder egter nie dat ander faktore kan inwerk op ons gees om die openbarings wat ons ontvang te belemmer nie.

As ons deur ‘n moeilike tyd gaan, kan ons gees daardeur beïnvloed word en die boodskappe wat ons ontvang kan verkeerd wees. ‘n Voorbeeld hiervan is opgeteken in 1 Sam. 1:1-15. Hanna was ‘diep bedroef’ in haar gees omdat sy nie ‘n seun gehad het nie.

Ons fisiese of liggaamlike toestand beïnvloed ons gees. In 1 Samuel 30 kom Dawid se manskappe af op ‘n man wat vir dood agtergelaat is deur ‘n terugwykende leër. Hy was baie siek en het vir meer as drie dae niks te ete of te drinke gehad nie. Hulle het vir hom brood en vrugte gegee en water om te drink, en ‘hy (het) weer bygekom’. Ons het al almal die effek van siekte op ons gees ervaar. Ons twyfel maklik en raak gou mismoedig as ons liggaam swak is of in pyn verkeer. Veral dan moet ons versigtig wees om op enige openbarings te reageer. Ons moet wag totdat dit bevestig is deur iemand anders, of dit eers later self toets wanneer ons fisies sterker is. Dit is natuurlik nie altyd van toepassing wanneer ons swak is gedurende ‘n vastydperk nie.

Satan kan ook ons harte beïnvloed. Johannes 13:2 sê dat dit satan was wat die gedagte in Judas geplant het om Jesus te verraai. Die man waarvan ek vertel het wat van sy vrou wou skei en ek was albei mislei deur ‘n leuengees. Dit is dikwels moeilik om self te onderskei wanneer ons mislei word. Ons het die hulp nodig van ‘n broer of suster wat ons liefhet om die waarheid uit te lig.

Laastens, kan ekself ook my eie gees beïnvloed. Spreuke 16:23 sê “hy wat sy gees beheers”, is beter as iemand wat ‘n stad inneem. Ons motiewe moet suiwer wees en ons wil in lyn met Christus s’n, anders sal die “openbaring” wat ons ontvang maar net iets wees wat ons self uitgedink het.

## Openbarings moet beoordeel word

Omdat daar so baie faktore is wat ons gees kan beïnvloed buiten die Heilige Gees wat onsuiwerheid kan veroorsaak in hoe ons van God hoor, is die eerste ding waarvoor ons moet uitkyk wanneer ons openbarings toets, die teenwoordigheid van hierdie ander invloede. In die hoofstuk oor visioene het ek drie spesifieke aspekte van openbarings genoem wat beoordeel kan word: die oorsprong, die inhoud en die vrug. Visioene en openbaringe van myself, satan en God sal elk spesifieke kenmerke hê.

Gedagtes uit my eie gees word gebore uit bepeinsing. Hulle is die resultaat van ‘n progressiewe opbou van idees, gebaseer op wat ek geleer het. As ek myself gevoed het met wêreldse of bose dinge, is dit *dit* wat uit my hart uit sal kom. As ek oor my gees gewaak het en net dit wat goed en suiwer en heilig is toegang gegee het, sal die meditasie van my hart ook *dit* reflekteer.

Satan se idees is flitsende idees of beelde in my gees. Hulle pas nie by my gedagtegang in nie en kan soos ‘n steurnis voel. Hulle is afbrekend en boos. Hulle laat my vrees of gebondenheid ervaar. Ek voel gedwing of verplig om sy opdragte te gehoorsaam. Hulle is teenstrydig met beide die aard en Gees van God. Hulle sal stry teen onderwerping aan die Skrif of selfs net om met die gemeente gedeel te word, en rig ‘n appél op my ego.

Openbarings van die Heilige Gees hierteenoor bemoedig en vertroos. As dit my van sonde oortuig, is dit spesifiek en leidinggewend, nie algemeen of veroordelend nie. Daar is geen vrees vir beoordeling nie, maar is eerder gretig om beoordeel te word. Dit is heeltemal in ooreenstemming met die aard en Woord van God. *Rhema* stig my geloof en bring vrede in my binneste. Dit is wys. Dit bevorder die ontwikkeling van die vrug van die Heilige Gees in my lewe.

Elke *rhema* en visioen wat ons ontvang behoort getoets te word om die oorsprong daarvan te bepaal. Elke openbaring moet ook vergelyk word met die *Logos*, die geskrewe Woord van God. Dit is absoluut noodsaaklik dat jy ‘n deeglike praktiese kennis van die Bybel sal hê indien jy die geestesdimensie wil ondersoek. Die Bybel is ons

absolute standaard vir die waarheid! Elke openbaring van God sal in perfekte ooreenstemming wees met die letter en gees van die Woord. Dit sal ooreenstem met die totale raad van God oor daardie onderwerp, soos wat dit deur die hele Bybel openbaar word. ‘n Enkele vers is nie genoeg om ‘n dogma of geloof op te baseer nie.

Die eerste opdrag van God aan my was om ‘n man van die Bybel te word. Ek het tien jaar van my lewe afgestaan om slegs die Bybel te bestudeer. Gedurende daardie tyd het ek die hele Bybel oor en oor gelees, elke hoofstuk opgesom en grafies voorgestel. Terwyl ek dit bestudeer het, het ek deur God se genade probeer om my lewe in lyn te bring daarmee. Eers nadat ek ‘n deeglike kennis van die *Logos* opgedoen het, het God my geroep om ‘n geestelike mens te word. My Bybelkennis het ‘n vaste fondasie gebied vir my geestelike groei.

## Die Veiligheid van Verhoudings

Nog ‘n baie belangrike instrument om openbarings te toets, is die Liggaam van Christus, naamlik die Kerk. Wanneer ons Christene word, word ons lede van mekaar, verenig as die sigbare uitdrukking van Christus op aarde. Daar is veiligheid in ons verhouding met ‘n Bybelse gemeente. Die krag en vermoë om te groei vergroot drasties wanneer ons in ‘n verbond staan met andere wat dieselfde lewensdoel het as ons.

Wanneer ons diepgewortelde gewoontes moet aflê, help dit as ons in verhoudings staan waarin ons tot verantwoording geroep word. As jy al ooit probeer het om alleen ‘n paar kilo’s af te skud, weet jy waarskynlik wat dit is om mismoedig te wees en te misluk. As ons deel is van ‘n groep wat dieselfde probleme ervaar om dieselfde doelstellings te bereik, en veral andere wat hierdie doelstellings suksesvol bereik het, is die kanse op sukses groter. Dit is selfs nog meer effektief as daardie ander mense weet wat jou doelstellings is en jou op ‘n gereelde basis tot verantwoording roep om te kyk hoe jy vorder. ‘n Alkoholis kan baie selde op sy eie droog bly, maar met die hulp van verhoudinge by Alkoholiste Anoniem kry baie van hulle dit reg.

Hoe dikwels het jy al self-helpboeke gelees wat waarborg dat hulle jou persoonlikheid kan verander sodat jy sukses kan bereik? Miskien het jy probeer om op jou eie die riglyne toe te pas, maar nooit langtermynsukses behaal nie. As jy dieselfde boek saam met 'n groep mense sou bestudeer, waar julle op 'n gereelde basis bymekaar kom om die resultate te bepreek asook die doelstellings vir die komende week, sou jy langtermynveranderinge ervaar.

Hierdie boek is geen uitsondering nie. Ek glo jy mag dalk baie opgewonde raak oor dit wat jy hier lees. Jy mag dalk al die beginsels en voorstelle navolg en wonderlike geestelike ervaringe hê, maar as jy nie iemand kry wat saam met jou hierdie pad stap nie, sal die opgewondenheid gou verdwyn, veral as hindernisse in jou pad kom. Dan sal hierdie boek ook maar net op die rak sy plek inneem langs al die ander en stof vergader. Groei en verandering is selde moontlik vir diegene wat dit alleen wil doen. Dit vind veral plaas binne verhoudinge.

## Onderwerp Jouself

God het dit so bepaal dat elke mens met ten minste een ander mens 'n spesiale verhouding sou hê. Efesiërs 5:21 leer ons om aan mekaar onderdanig te wees. Dit lyk of Protestante spesifiek baie sukkel met hierdie soort verhouding. Een van die dinge waarteen die Protestante veral in opstand gekom het gedurende die tyd van die Hervorming, was die buitensporige outoriteit van die Rooms-Katolieke Kerk. In reaksie hierop is die waarheid van onderdanigheid deur baie mense egter ook uitgegooi. Daar is 'n God-bepaalde behoefte aan onderdanigheid by gelowiges.

Die ideaal van streng individualisme verhinder ook dat ons die konsep van onderdanigheid aanvaar. Ons helde is gewoonlik rebelse non-konformiste wat teen die sisteem in opstand is. Ons bewonder die 'Lone Ranger', John Wayne, Butch & Sundance en kriminele wat die wet uitdaag. Ons lag en klap hande as die polisie of ander outoriteite verkleineer word. Ons is die kultuur van die anti-held. Ons wil nie hoor van outoriteit of onderwerping of verantwoording nie.

God het ons nie gesagsowerhede gegee om ons lewe moeiliker te maak nie. Outoriteit is ‘n kosbare gawe van God, vir ons beskerming en tot ons voordeel. Spreuke 11:14 sê: “in die veelheid van raadgewers is redding”. Dit is so maklik om ‘n fout te maak en om mislei te word en God het ons geseën met die raadgewing van broers en susters om hierdie moontlikheid minder te maak. Romeine 13:4 herinner ons, die owerhede “ is ‘n dienaar van God, jou ten goede.” In ‘n tyd van wetteloosheid moet wetsgehoorsaamheid en orde God se mense kenmerk.

Veral by diegene van ons vir wie geestelike ervaringe belangrik is, is daar ‘n behoefte aan verhoudings waar ons aanspreeklik gehou word. Ek sou nie hierdie pad alleen aandurf nie. Die moontlikheid is te groot vir misleiding en foutering en die versoeking is sterk vir hoogmoed en self-regverdiging. Ek het ‘n broer of suster nodig wat ook deur die Gees wandel om my op die regte pad te hou. As ek ‘n Woord van God ontvang soos wat ek dit verstaan, wil ek bevestiging hê van iemand anders wat ook Sy stem ken. Ek verbind myself nooit tot enigiets wat my tyd of geld opeis, en neem nooit ‘n rigting-veranderende besluit sonder dat ek dit eers met my broer deel en sy insette kry nie.

Ek praat nie van ‘n lewe van slawerny waar ek niks kan doen sonder iemand anders se toestemming nie. Ek hardloop nie elke dag na my broer met dit wat ek ontvang en in my dagboek aangeteken het nie. Ek is vry om te groei en foute te maak op my eie. Maar voordat ek enigsins ‘n baie belangrike skuif maak, een wat ‘n langtermyn-effek op myself en my gesin sal hê, soek ek God se raad en kry ek bevestiging van iemand anders.

Ek het al mense hoor sê, ”Hoekom sal ek my aan iemand anders onderwerp? Die Here praat met my net soveel as wat Hy met hulle praat. Hoekom is dit nodig dat ek na enigiemand anders luister?” Dit is presies wat Miriam en Aåron oor Moses te sê gehad het (Num. 12:1-15). Dit was waar! Die Here het met hulle en deur hulle gepraat. Maar God het baie kwaad vir hulle geword toe hulle dit gebruik het as verskoning vir hulle rebellie. As gevolg van haar woorde het Miriam melaats geword en net Moses se gebede kon haar genees.

## Soek 'n Raadgewer

Mense vra dikwels vir my hoe hulle 'n geestelike raadgewer kan kry, iemand met wie hulle hul *rhema*-woord en belangrike besluite kan deel. Die grootste ding waarvoor jy kan bid is dat God julle bymekaar uitbring. Hy wil hê dat julle met mekaar saamstap. Hy is die Een wat gesê het, "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie" (Gen. 2:18). Hy sal jou help.

Daar is seker eienskappe waarvoor jy moet kyk in 'n raadgewer. Eerstens en veral moet hy of sy 'n vriend wees. Hierdie verhouding word gebou op liefde en vriendskap. Dit sal iemand wees wat bereid is om baie tyd met jou te spandeer. Dit is veral aan die begin belangrik, wanneer jy baie vrae het om te bespreek. Jou vriend moet hierdie verhouding ernstig opneem en bereid wees om waarlik die Here se aangesig saam met jou te soek, nie net sy eie raad gee nie.

Jou raadgewer moet 'n man of vrou van die Woord wees. Hy of sy moet 'n deeglikse Skrifkennis hê en moet sy/haar lewe daarop baseer. Hy/sy moet ook 'n geestelike mens wees wat God se wil kan onderskei. Dit moet iemand wees wat self ook in verhouding staan met ander geestelike mense. Enigiemand wat alleen staan stel homself oop vir misleiding. Jy wil nie van die spoor af gelei word deur die rebelsheid van iemand anders nie.

Laastens hoef jou vriend nie 'n geordende pastoor te wees nie. Prakties gesproke kan 'n pastoor gewoonlik nie hierdie soort naby verhouding met almal in sy gemeente hê nie. Nog belangriker, dit is nie nodig om georden te wees om deur die Gees te wandel nie.

Dit is dikwels nie nodig om ver te soek om so 'n raadgewer te kry nie. Jou lewensmaat is 'n goeie plek om te begin. Ek neem nie enige groot besluite as ek en Patti nie saamstem daaroor nie. Soms is ons egter te betrokke by 'n besluit om ons eie oordeel heeltemal te vertrou. Dan kom ons ooreen om bevestiging by iemand anders te kry. 'n Sel- of Bybelstudieleier mag dalk die regte persoon wees vir jou.

As jong jeugpastoor, pas uit die kollege, het ek gesien hoedat 'n gesoute pastoor wat alleen gestaan het, onder geen outoriteit nie, groot verdeeldheid in sy gemeente veroorsaak het. Daarom, toe ek aangestel word as senior pastoor op die baie jong ouderdom van vier-en-twintig jaar, het ek geweet dat ek nie alleen die rol voldoende kon vervul nie. As gevolg van studies oor Nuwe Testamentiese Kerkstrukture het ons jong gemeente die konsep van onderdanigheid aan die ouderlinge in die gemeente, opgeneem in die konstitusie. Ek het vrywilliglik myself onderwerp aan die outoriteit van twee van die broers. Ek het myself aan hulle begin onderwerp in kerksake sowel as in alle belangrike besluite in my persoonlike lewe.

Sedertdien doen ek ten alle tye aan twee of drie manne verantwoording. Ek verbind myself nooit tot enige besluit betreffende my tyd of geld, of enige rigtingverandering in my lewe as ek nie eers hierdie besluit met die betrokke mense gedeel het om hul mening te kry nie. Ek kan nie beskryf hoe hoog ek hierdie verhoudings ag nie. Ek eer hierdie mans wat gewilliglik hulself op so 'n eg persoonlike wyse opoffer om vir ons te sorg. Ek is so dankbaar teenoor God vir Sy beskerming deur hierdie gesagsfigure. Hulle het vir my leiding gegee deur moeilike tye en gekeer dat ek foute maak wat my my gesin, my lewensbronne en my bediening sou kos.

## Die Betekenis van die Beginsel van Outoriteit

Ek is dankbaar teenoor Bill Gothard vir sy lering oor outoriteit in sy seminaar *Algemene konflikte onder ons Jeug.* Baie van die idees hieronder is gebaseer op dit wat ek by hom geleer het.

Om outoriteit reg te verstaan en dit te kan respekteer is daar verskeie dinge wat ons moet besef. Eerstens en veral moet ons besef dat dit God is wat verantwoordelik is om outoriteitsfigure oor ons aan te stel. Romeine 13:1 verklaar, "daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God aangestel". Die Psalm-digter sê vir ons in Psalm 75:7 en 8, "Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van berghoogtes nie ... maar God is Regter: Hy verneder die een en verhoog die ander". Niemand kan enige outoriteit opneem sonder God se toestemming nie. Niemand het

outoriteit oor ons behalwe diegene wat deur God toegelaat word om outoriteit oor ons te hê nie.

‘n Vraag wat dikwels gevra word is wat van slegte/bose outoriteit? Wat van mense soos Hitler? Hy was tog seker nie God se dienaar nie! Hy was beslis ‘n mens buite beheer. Die Israeliete het hul eie weergawe van Hitler gehad – Nebukadnésar. Hy het Juda toegetakel en dood, vernietiging en terreur deur die hele land gesaai. Die mense het uitgeroep om verlossing uit sy hand, maar ‘n profeet van God het opgestaan en gesê, “Moet hom nie weerstaan nie. Nebukadnésar is God se dienskneg, gestuur deur God om ons te straf vir ons verkeerde weë. Hy is God se wapen in God se hand.” (Kyk Jeremia 25:8-12 en 51:20-23.)

Maar is ons regtig veronderstel om sulke bose outoriteitsfigure te gehoorsaam? Die Romeinse regering waaronder Paulus gelewe het toe hy die brief aan die Romeine geskryf het, was pervers, sadisties en boos. Christene is gebruik as fakkels om die strate te verlig, as buit vir honger leeus en is deur swaardvegters gemartel om skares te vermaak. Tog het Paulus vir die gelowiges onder daardie stelsel geskrywe dat hulle hul moet onderwerp aan die plaaslike owerhede, dat “hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang ... Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete” (Romeine 13:2 en 5). Jesus het Sy dissipels geleer om aan die Keiser te gee wat die Keiser toekom.


Petrus het ons vermaan om onderdanig te wees “aan elke menslike verordening ter wille van die Here ... Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring ... Diensknegte, wees aan julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is. Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly. Want watter roem is daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly – dit is genade by God. Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle ‘n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Pet. 2:13-21).

Die tweede belangrike beginsel om te onthou is dat God groter is as enige owerheid. My vertroue is nie in ‘n mens nie, maar in God se vermoë om deur ‘n mens te werk. Ons kom soms in die versoeking om weerstand te bied teen onderwerping aan ‘n ander onvolmaakte mens. Dit is maklik om te sê dat ons aan Jesus onderdanig is omdat Hy perfek is, maar hoekom moet ons onsself oopstel vir beïnvloeding deur iemand anders wat verkeerd kan wees?

My eenvoudige antwoord is dat God my versekering is, dat Hy sal werk deur die outoriteitsfigure wat Hy in my lewe geplaas het. Spreuke 21:1 sê, “Die koning se hart is in die hand van die Here soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil”. As ons onsself met vertroue plaas in die hand van diegene wat God oor ons aangestel het, sal Hy hulle harte verander om in lyn te kom met Sy wil. En selfs al is hulle arrogant en probeer hulle om God se invloed op hulle hart te weerstaan, kan Hy hulle die teenoorgestelde laat sê as wat hulle beplan het, sodat Sy wil steeds geskied! (Kyk Spreuke 16:1.)

Alle outoriteit kom van God af. Elkeen wat outoriteit het oor my, het dit net omdat God hom toelaat om dit uit te oefen. Die outoriteits-figure in ons lewens kan nie bestaan behalwe deur die mag wat deur God aan hulle gegee word nie. Jesus het Pilatus nie geantwoord toe Hy ondervra is nie. Uiteindelik, uit vrees en frustrasie, het Pilatus uitgeroep, “Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U los te laat nie?”. Maar Jesus het geantwoord, “U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie” (Joh. 19:8-11). Daar is nie een of twee of drie outoriteitstrukture in jou lewe nie. Daar is maar een outoriteit, naamlik God, wat Sy wil deur mense laat geskied.

Toe God in die Ou Testament ‘n nasie soos die Assiriërs gebruik het om Sy volk te straf, is hulle toegelaat om ‘n sekere mate van outoriteit oor Israel te hê, maar daardie nasies het arrogant geraak en spoedig gedink dat dit deur hul eie grootheid was dat hulle Israel gevange geneem het. So, toe hulle die doel waarvoor hulle geroep was bereik het, het God Sy krag van hulle onttrek en hulle gestraf. Hy het gesê, “Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap?” (Jes. 10:15). Alle outoriteit is van God en Hy het outoriteit oor alle ander outoriteit. Outoriteitsfigure oor ons kan net doen wat God hulle toelaat.




Aangesien God oor alle ander owerhede is, word ons deur Timotheüs aangemoedig "dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense: vir konings en almal wat hooggeplaas is sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim. 2: 1, 2).

As ons regtig glo dat God verantwoordelik is vir al die outoriteite in ons lewens, kan ons Hom mos vra hoekom Hy hulle oor ons aangestel het. Hy is nie wispelturig of onregverdig nie. Nebukadnésar het outoriteit gehad om Israel vir sewentig jaar gevange te hou. Jeremia het die volk ingelig waarom God dit toegelaat het. Vir 490 jaar het die volk versuim om die Vryheidsjaar te vier. Hulle het sewentig jaar van rus van die land en van God gesteel. Daarom is hulle gedwing om dit terug te gee. Daar was 'n

goeie rede vir die gevangenskap sowel as vir die presiese duur daarvan.

Die moeilik-om-mee-oor-die-weg-te-kom eienskappe van die owerhede oor ons, verteenwoordig ‘n onderliggende doelstelling van God met ons lewens. Ons word gevorm na Sy beeld en vorming behels druk. God is besig om ons te vervolmaak en Hy gebruik owerhede om dit te doen. Soos Petrus ons herinner, as ons onreg geduldig verdra, volg ons in die voetspore van Jesus.

## Wanneer ons van die owerhede verskil

Dit sal soms gebeur dat ons verskil van die owerhede en raadgewers wat oor ons aangestel is. Miskien is dit bloot ‘n meningsverskil, waaroor daar nie iets te sê is in die Skrif nie. Miskien glo ons dat God ons ‘n duidelike opdrag gegee het, maar ons geestelike vriend verskil van ons. Wat nou gemaak?

Ons het ‘n paar keuses. Ons kan ons onafhanklikheid opneem en uit die vriendskap losbreek, vol versekering dat ons God se stem ken en weet wat die beste vir ons is. Of omdat ons weet dat God deur onderwerping werk, kan ons ons eie wil aflê en identiteitsloos word. Ons kan ons gedagtes en kommunikasielyne met God afsny en soos ‘n robot reageer. So dikwels dink ons dat hierdie die enigste twee moontlikhede is in ons verhoudinge met mense wat ons aanspreeklik hou. Persoonlik hou ek nie van een van die twee nie.

Soos altyd het God ‘n beter voorstel! As ons dit op Sy manier doen, kan ons verskille hê sonder vernietiging. Ons kan onderdanige, sagte mense word sonder om verstandslose, geestelike vloermatte te word. In Daniël 1 sien ons ‘n duidelike beskrywing van hoe God ons kreatiewe alternatiewe gee wat ons raadgewers sowel as onsself tevrede kan stel. Daniël was ‘n jong man wat gevange geneem is deur Nebukadnésar. Hy is gekies vir opleiding in die paleis vir dienslewering in die Koninklike hof. Ryk, onrein voedsel en wyn was sy daaglikse porsie kos. Daniël het nog nooit sulke goed geëet nie en was ook nie van plan om dit nou te doen nie. Daar was ‘n groot moontlikheid vir gevaar in daardie situasie: regering vs godsdiens.

Daniël het geweet hoe om die saak op te los sonder om vyandigheid te veroorsaak.

Hy het eers seker gemaak dat sy eie hart gereinig was deur sagmoedige liefde. Hy het seker gemaak dat sy gewete skoon was van selfs die geringste mate van enige kritiese, weerstandige of veroordelende ingesteldheid. Hy het geweet as hy die aanvoerder met sulke gevoelens benader, hy dit sou aanvoel, wat enige verhouding tussen hulle onmoontlik sou maak. Omdat Daniël se hart reg was het die bevelvoerder met guns en deernis gereageer (Dan. 1:9). Al het hulle verskil, was daar liefde en agting vir mekaar.

As ons besef dat ons houding verkeerd was, as ons woede en veroordeling ervaar teenoor die outoriteit wat God oor ons aangestel het, moet ons vergifnis ontvang by sowel God as by daardie persoon. Daar is nie plek vir “ek dink ek mag dalk ‘n slegte houding teenoor jou gehad het” nie. Jy mag nie die blaam verskuif nie: “Ek was kwaad omdat …” Jy mag ook nie veralgemeen nie: “As ek iets gedoen het wat jou seergemaak het, is ek jammer”. Ons is verantwoordelik vir ons eie aksies en reaksies. Daarom moet ons diepe berou hê oor ons eie verkeerde gedagtes, houdings of woorde. Ons kan dit of rasionaliseer of bely. As ons oop wil wees vir die werking van God se Gees is belydenis die enigste uitweg. ‘n Suiwer hart maak die deur oop vir goeie dinge om te gebeur.

Toe Daniël seker is dat hy sy deel gedoen het om ‘n goeie verhouding te verseker, het hy probeer agterkom wat die eintlike intensie of bedoeling was van die een bo-oor hom. Die bevelvoerder se intensie was eenvoudig – hy wou lewe! As hy ongehoorsaam was aan die bevel van die koning en die jong man kom iets oor, sou die koning hom laat doodmaak. Maar hoekom wou die koning hê dat die jong manne sulke ryk kos moes eet? Wou hy hulle godsdiens skade aandoen? Het hy hulle doelbewus gedwing om te kies tussen gehoorsaamheid aan God of aan ‘n mens? Nee! Nebukadnésar wou hê die manne moes sterk en gesond en intelligent wees. Hy het hulle die beste gegee wat hy kon, naamlik kos van sy eie tafel. Hulle welsyn was sy hoogste doel.

Dikwels wanneer ons van iemand verskil, kan ons net ons kant van die saak insien. Ons word verblind deur ons eie verkeerde opinies.

Maar wanneer ons harte suiwer is, kan ons die motiewe agter hul versoeke raaksien. Dikwels sal ons sien dat hulle net ons beste belange op die hart dra.

Daniël het te staan gekom voor ‘n owerheid wat hom wou dwing om ongehoorsaam te wees aan die wet van God. Hy kon eenvoudig opgestaan het en gerebelleer het met: “Nee, ek sal dit nie doen nie!” en hy sou sonder twyfel op die plek sy kop verloor het. Maar deur sy hart vol liefde te bewaar, was hy in staat om met ‘n alternatief vorendag te kom sodat hy God kon gehoorsaam sonder om die koning in die gesig te vat. As gevolg hiervan is hy in ‘n outoriteits-posisie aangestel waar hy goddelike invloed kon uitoefen in ‘n goddelose land.

Die oplossing wat hy aan die hand gedoen het, was dat hy en sy vriende ‘n tien dae toetsperiode ondergaan. Gedurende daardie tydperk sou hy en sy vriende glad nie van die koning se tafel eet nie, maar slegs groente eet en water drink. Aan die einde van die toetsperiode kon die koning hulle vergelyk met die ander jongmense wat van die koning se disse gegeëet het. Op grond daarvan kon hy dan sy besluit neem.

Die bevelvoerder het dit aanvaar. Die manne sou in sy sorg wees vir drie jaar. Enige skade wat in tien dae aangerig word, sou maklik uitgewis kon word in drie jaar. Daarom het hy ingestem tot die toets en natuurlik was Daniël en sy vriende in ‘n beter fisiese toestand aan die einde van die toetstydperk.

Om met so ‘n kreatiewe voorstel vorendag te kom, moet ons in kontak wees met die Skepper. Ons moes aanbeweeg het verby woede tot liefde, sodat ons God se stem duidelik in ons hart kan hoor. Wanneer ons te staan kom voor ‘n meningsverskil met ons raadgewer of ander owerheid, moet ons in gebed vir God vra vir ‘n idee wat wedersyds ‘n oplossing vir die probleem sou bring.

## ‘n Kreatiewe alternatief

‘n Paar jaar gelede is ek versoek om die gemeente waar ek mede-leraar was te verlaat as gevolg van ‘n teologiese verskil. ‘n Groot groep getroue lidmate is ook gevra om te gaan as gevolg van dieselfde rede. Daar was geen ander kerk in die omgewing waarby ons kon aansluit nie, en ek is gevra om ‘n splinternuwe kerk te stig. Dit was nogals ‘n ervaring om die grondslag van ‘n nuwe bediening te lê. Daar was baie vreugdes en baie pyn, maar veral baie werk. Na vyf jaar het ons ons eie gebou gehad met ‘n gevestigde beleid en tradisies wat ons gedink het baie lank sou hou. Ek het beplan om in die pastorie te bly en vir die res van my lewe ‘n herder te wees vir daardie mense.

Ongelukkig het daardie vrede en tevredenheid nie vir altyd gehou nie. Weer eens het teologiese kwessies gedreig om verdeeldheid te bring. Uiteindelik het ‘n groep van ses mans my formeel gevra om te bedank. Ek was geskok en natuurlik baie seergemaak. Hoe kon hulle my vra om die gemeente waarvoor ek so hard gewerk het, te verlaat? Terselfdertyd het ek geweet ek kon nie die herder wees van ‘n kudde waar ek nie welkom was nie. As dit die hele gemeente se wens was, sou ek gaan.

Ek het na die Here gegaan vir wysheid. Hy het vir my in my dagboek gesê om nie te bedank nie. Hy het my as pastoor oor daardie gemeente aangestel en ek was daarvoor verantwoordelik totdat Hy anders besluit. Ek was nie daar as gevolg van die wil van ‘n mens nie, maar was deur God verordineer. Die mans het geen voorsiening gemaak vir iemand om my plek te vul nie, so as ek sou gaan, sou ek die kudde onbeskermd agterlaat, sonder ‘n herder. Ek kon nie dit doen nie!

Dit het steeds nie die probleem opgelos nie. As ek botweg hul versoek geweier het, sou die kerk soveel skade gely het dat dit dalk nooit sou herstel nie. Maar ek kon ook nie God se opdrag ignoreer nie. Ek het God gevra om my die onderliggende rede vir die mans se versoek te wys. Hy het my gewys dat hulle ongelukkig was met sekere aspekte van my geloof en lering. Hulle wou regtig die probleme uit die weg ruim. Hulle wou ook nie hê dat daar

verdeeldheid in die kerk moes wees nie, net soos ek. Maar solank as wat ek die voortou geneem het met kerkaktiwiteite, prediking in al die dienste en my ander pastorale take, was die probleme ook op die voorgrond. Wat die mans eintlik wou hê was ‘n ruskans, ‘n kans vir humeure om af te koel en houdings om te herstel. Dan kon ons ons probleme bespreek en verskille uitwerk.

Die Here het vir my ‘n kreatiewe oplossing gegee. Ek sou nie bedank as pastoor nie, maar sou ‘n bietjie in die agtergond tree vir ses weke lank. Ek sou my God-gegewe verantwoordelikheid vir die kudde behou, maar al my pastorale take sou deur daardie mans en die ander ouderlinge hanteer word. Ek het hierdie idee met my mede-ouderling, Roger, gedeel en hy het saamgestem dat dit die regte plan van aksie was. Toe ek hierdie alternatief aan die ses mans voorlê het hulle dit onmiddellik aanvaar en in werking gestel.

Ek het ‘n wonderlike ses weke gehad. Eintlik het ek betaalde verlof gehad om dit te doen wat ek die meeste geniet – die Bybel bestudeer! Gedurende hierdie tyd het ek ‘n intensiewe ondersoek gedoen oor die hart en gees van die mens; kon ek elke vers oor die onderwerp in die Skrif ondersoek. Ek het dit georden en as gevolg van die baie tyd, kon ek twee boeke skryf!

Gedurende die ses weke het die gemeente ook die tyd gebruik om te praat oor ons probleme en verskille. Ons het ‘n baie bekende pastoor wat deur almal gerespekteer word, laat roep om te help arbitreer. Begrip is herstel. Kompromieë is aangegaan en as gevolg hiervan is ‘n groot skeuring afgeweer.

Gedurende die volgende ses maande het God in my hart begin werk. Hy het my gewys dat ek in die diepste wese en roeping van my hart nie ‘n herder was nie, maar ‘n leraar. Die begeerte in my het al sterker geword om myself te wy aan voltydse studie en lering. Uiteindelik het ek gevoel dat God my vryskeld van my pastorale verpligtinge sodat ek ander werk kon soek. Ek het dit weer aan Roger voorgelê vir beoordeling en hy het bevestig dat die tyd reg was. Ek het my bedanking aangekondig met dertig dae kennis en ons is op vriendelike voet uitmekaar, omdat God vir my ‘n kreatiewe oplossing gegee het vir verdeeldheid.

Toe Daniël sy alternatief aan die bevelvoerder voorlê, het hy dit met respek gedoen, terwyl hy klem daarop gelê het hoe dit by die koning se plan sou aansluit (Dan. 1: 12, 13). Hy het dit duidelik gestel dat die besluit steeds die van die bevelvoerder sou wees aan die einde van die toetsperiode. Ons moet ook versigtig wees om ons versoeke met respek voor te hou, ‘n sagte gees te behou en nie toe te laat dat die geringste mate van veroordeling ons harte of ons woorde besmet nie.

Sodra ons ons alternatief voorgelê het, moet ons terugstaan en toelaat dat God die harte van die owerheid verander. Ons moet onthou, dat aangesien God druk op hom sit, hy druk op ons sal sit. Wanneer God probeer om ons harte te verander, is daar gewoonlik ‘n innerlike oorlog wat oorloop na diegene rondom ons. Wanneer dit gebeur, moet ons God toelaat om die druk te gebruik om goddelike karakter in ons in te bou. Ons moet steeds reageer met liefde en geregtigheid.

In uitsonderlike gevalle sal owerhede ons probeer indwing in ‘n posisie soos die van Petrus of Johannes, wat ontdek het dat hulle moes kies tussen gehoorsaamheid aan God of ‘n mens. Daar sal kere wees wanneer dit vir ons onmoontlik is om ‘n kreatiewe alternatief uit te werk wat die doel van die owerheid bevredig sonder dat ons ons eie gewete kruisig. As ‘n owerheid iets van ons verwag wat totaal en al strydig is met die Woord of *rhema*-woord van God, moet ons aan God gehoorsaam wees, nie aan die mens nie. In so ‘n geval, mag ons dalk ly al het ons niks verkeerds gedoen nie. Dis beter om te ly onder die hand van onregverdige mense as om voor die regterstoel van Christus te verskyn met geen ander verskoning as, “Ek het net opdragte uitgevoer” nie.

Daniël het homself in hierdie situasie bevind toe hy in ‘n hoë outoriteitsposisie was in die Babiloniese regering. Koning Darius is met ‘n slinkse plan mislei om ‘n ooreenkoms te teken wat almal verbied het om tot enigiemand anders as die koning te bid vir dertig dae. Hierdie keer was daar geen kompromie moontlik nie en Daniël is vir die leeus gegooi. Maar God was sy sterkte en God se naam is deur Daniël se bonatuurlike verlossing verheerlik (Dan. 6).

Dit is egter belangrik dat ons eers seker maak dat dit onmoontlik is om sowel God as Sy outoriteit te gehoorsaam voordat ons daardie owerhede weerstaan. Ons gehoorsaamheid moet gebaseer wees op ‘n duidelike opdrag in die Skrif, nie ons eie persoonlike interpretasie daarvan nie. Ons moet onthou dat wanneer ons aan die owerhede ongehoorsaam is as hulle ons nie vra om iets te doen wat strydig is met God se Woord nie, dan is ons besig om God self te weerstaan (Rom. 13:2).

## Veranderende gesagstrukture

Daar is tye in ons lewens wanneer ons veranderinge maak wat bestaande outoriteitsverhoudinge ontwrig. As ons trou, ‘n nuwe werk kry, verhuis of van kerk verander, verander ons verhoudinge. Wanneer so ‘n verandering moet plaasvind, moet ons ons bes doen om dit so gladweg en harmonieus moontlik te laat geskied. “As dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense” (Rom. 12:18). As daar spanning was, soek vergifnis. Maak seker dat jou hart slegs gevul is met liefde en aanvaarding. Ideaalgesproke behoort daar tussen jou en jou raadgewers ooreenstemming te wees betreffende die komende verandering. Helaas is dit nie altyd moontlik nie.

Die belangrike ding is, wanneer ons een verhouding aflê moet ons die ander een opneem. Ons moet altyd deel wees van die plaaslike gemeente as die liggaam van Christus. God se Waarheid en Kennis en Wysheid is te groot om vervat te word in slegs een persoon, maak nie saak hoe groot jy is nie! Waarheid lewe in die hele liggaam van Christus en ons het mekaar nodig.

## Gevolgtrekking

Die beginsel van outoriteit mag nooit die oorsaak van slawerny word in die lewe van ‘n gelowige nie. Dit is ‘n beginsel wat toegepas moet word deur die openbaring van die Heilige Gees. Outoriteit en onderwerping kan ‘n groot seën wees, maar ook ‘n groot oorsaak van pyn. My doel is nie om enigiemand onder ‘n nuwe wet te bring nie,

maar om te illustreer hoe groot die waarde van onderwerping vir my was. As hierdie lering vreemd of te swaar is vir jou, as dit vir jou baie moeilik sou wees om toe te pas, weet dat jy nie alleen is nie. Alhoewel ek 'n groot liefde het vir onderwerping is daar tye wanneer ek ook daarmee worstel en daarteen baklei. Maar wanneer ek daaraan toegegee het, was dit nog altyd 'n groot seën vir my.

Laat my toe om nog een storie met jou te deel. Sedert ons op kollege was, het ek en Patti baie belang gestel in Christelike gemeenskappe. Ons het geglo dat as ons ons bronne saamgooi en uitgawes met ander families deel, ons baie meer finansieel vir die werk van die Here sou kon gee. Ons het selfs 'n huis ontwerp waar ons beplan het om saam met ons beste vriende te bly.

Ons kollege-planne het nie uitgewerk nie, maar 'n paar jaar later het ons weer hierdie begeerte gekry vir gemeenskaplikheid. Ons was baie naby aan twee ander paartjies in die gemeente en het planne begin maak om saam te bly. Ons het begin kyk na huise wat drie gesinne kon akkommodeer toe ek skielik besef dat ek 'n groot besluit beplan sonder dat ek dit met my broers gedeel het. Niksvermoedend het ek die idee aan Roger voorgehou. Ek was geskok toe hy sê, "Ek dink jy moet liewer wag".

Ek het dagboek gehou oor hierdie plan en het geglo dat die Here ons roep tot hierdie gemeenskaplike saamblyery. Maar ek het Roger gerespekteer en die feit dat God deur hom gepraat het. Daarom, in plaas daarvan dat ek kwaad en rebels geraak het, het ek probeer agterkom wat Roger se eintlike intensie was. Dit was nie moeilik nie. Hy was lief vir ons en was besorgd oor ons welsyn. Die Here het vir my 'n kreatiewe alternatief gegee wat ingepas het by Roger se begeerte vir ons om te wag en my begeerte vir gemeenskapslewe. Met Roger se goedkeuring het ons begin om ander gemeenskappe deur die noord-oostelike VSA en Kanada te besoek. Ons het vir twee of drie dae saam met verskeie gemeenskappe gelewe, saam met hulle gewerk, geëet en aanbid. Hulle was verteenwoordigend van baie verskillende teologiese oortuigings en baie verskillende maniere van implementering van die gemeenskapslewe.

By die huis gekom, het ek 'n verslag geskryf van alles wat ons waargeneem en geleer het. (Ek het nog nie regtig iets geleer,

voordat ek dit neergeskryf het nie!) Een van die grootste dinge wat ons geleer het, was die konsep van ‘n ‘dienende huishouding’. In plaas daarvan dat ‘n paar volledige families saam lewe, het een gesin individue en gebroke families ingeneem. Enkellopendes, geskeide persone, enkelouer-gesinne, en weglopers kon almal die liefde en aanvaarding van ‘n gesin ervaar in ‘n dienende huishouding.

Ons kon ons hiermee vereenselwig en het vir Roger gevra of hy kon bevestig dat ons in hierdie rigting moet beweeg. Hy het, en oor die volgende drie jaar het ons dertien verskillende individue gehad wat by ons gebly het. Dit het gewissel van pre-tiener-weglopers tot siek bejaarde mans, van kollege studente tot enkelmoeders. Hulle het vir een dag tot en met twee jaar by ons gebly.

Uiteindelik het God ons uit hierdie bediening uit gelei in ander bedieninge in, maar die belangrike ding hier is dat ons nooit spyt was dat ons Roger se raad ingeroep het nie. Ons besef nou, dat op daardie tydstip, gemeenskapslewe vir ons ‘n rampspoedige fout sou wees. Ons sal altyd dankbaar wees teenoor God en Roger dat hulle ons beskerm het teen ons eie pad. Ons dagboek-hou was meesal reg. God het ons geroep om ons geld, ons huis, ons liefde te deel. Maar die woorde wat Sy roeping aan ons beskryf is ‘dienende huishouding’ en daardie woorde was nie deel van ons woordeskat op daardie tydstip nie. Ek het gedink God sê “gemeenskaplike huis”. Ons misverstaan kon verreikende gevolge gehad het as ons nie na ons geestelike raadgewers geluister het nie.

As jy nie voel dat jy alles wat ek hier oor outoriteit gesê het kan aanvaar nie, bêre dit in jou agterkop … Jy hoef nie daarmee te worstel nie. Laat die Here die waarheid daarvan vir jou uitwerk. Laat Hy jou leer hoe Hy wil hê dat jy dit moet toepas in jou eie lewe. Maar asseblief, kry ten minste ‘n vriend met wie jy dit kan deel. Moenie die geestelike dimensie alleen probeer ontdek nie.

> *Twee is beter as een, want hulle het ‘n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar ‘n tweede is om hom op te tel. Verder, as twee bymekaar lê, kry hulle warm; maar hoe kan een allenig warm word?* (Spr. 4:9-11).

# 8

# Nog ‘n Paar Gedagtes oor Gebed

Al is ons in Jesus en deur die Heilige Gees herstel in die verhouding met God waarvoor ons geskape is, het ons nog nie alles geleer wat die Bybel te sê het rondom gebed nie. My ondersoek van die Bybel oor gebed het vir my nuwe insigte en beginsels geleer wat van toepassing is op ons verhouding met God. Baie uitstekende boeke is al geskryf oor hierdie onderwerp wat verskeie aspekte van ons gebedslewe dek; tog is daar ses baie belangrike beginsels wat ek hier wil beklemtoon.

Dit is belangrik dat ons aan hierdie beginsels die regte staanplek gee terwyl ons hulle ondersoek. Dit is nie wette wat ons weer moet bind nie. Ons moenie op beginsels fokus en dan probeer om ons lewens in lyn daarmee te bring nie. Ek het vir baie jare hierdie fout gemaak. As gevolg daarvan dat ek oorbehep was met die idee om lewensbeginsels vir sukses te vind, ander te leer en self gehoorsaam te word, het ek myself en my gemeente onder die wet gebring. Ons fokus moet Jesus Christus wees, nie die een of ander beginsel nie.

Dit is belangrik om hierdie beginsels oor gebed deeglik te ken en te bestudeer, maar dan moet ons ons aandag na Jesus draai en Hom vertrou om uit elke situasie dit op te diep wat ons behoort te weet.

## Wanneer julle bid, vergewe

Die belangrikste sleutel tot beantwoording van gebed is vergifnis. Jesus het Sy dissipels geleer van die krag van gebed (Mk. 11). Nadat Hy hulle geleer het dat hulle berge kan versit deur gebed, het Jesus bygevoeg, "En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het" (v.25). Hierdie bevel is verrassend allesinsluitend – geen uitsonderings word toegelaat nie. As ons berge wil verskuif deur ons gebede moet ons alles vergewe wat ons teen enigiemand het.

As ons in onvergewensgesindheid lewe, word ons ingeperk en geslote. Ons spiere raak gespanne en ons kakebeen trek styf. Al die funksies van ons liggaam verloor hul vloeibaarheid en balans wat nodig is om seepglad te funksioneer. Dieselfde gebeur in ons gees. Ons trek saam en verstyf met ons vuiste gebal in 'n verdedigende houding. Ons verhinder dat die liefde van God effektief in en deur ons vloei na ander.

Jesus het Sy dissipels opgeroep om in Hom te bly, want as ons in Jesus bly, bly ons in Sy liefde (Joh. 15:4, 9). Geen woede, geen bitterheid, geen kritiese gees kan in ons wees as ons in Sy liefde bly nie. Dit is onmoontlik om meer lief te hê as Jesus, want Hy het Sy lewe vir ons afgelê. Tog is dit die liefde wat Hy van ons vra, 'n liefde waarin ons gewillig is om ons lewens, ons regte, ons alles, af te lê vir familie en vriende (Joh. 15:12, 13). Dit is die soort liefde wat vergifnis gee vir onregverdigheid, seën vir vervloeking, aanvaarding vir verwerping.

Hierdie liefde is onmoontlik vir die mens. Daar is slegs Een wat krag het om lief te hê ten spyte van pyn. Ek kan nie op my tande byt en myself dwing om lief te hê nie. Ek is swak. Maar die Een wat sterk is, die Een wat bo alles en almal uitermate liefhet, die Een Wie se Naam Liefde is, leef in my. Dit is duidelik in Johannes 4:12 dat as

ons mekaar liefhet, ten spyte van alles, is dit duidelik dat God in ons bly en dat Sy liefde in ons volmaak geword het, omdat dit net moontlik is om so lief te hê as Hy dit deur ons doen.

As ek dit onmoontlik vind om iemand anders lief te hê, span ek nie myself in en belowe vir God, "Ek probeer om hom lief te hê. Ek sal! Ek sal nog harder probeer!" nie. Ek kom eerder eerlik na God toe, sonder enige voorgee, sonder om enigsins staat te maak op my eie krag: "Ek kan hom nie liefhê nie, Here. Maar dankie dat U in my woon. Dankie dat U liefde in my hart uitgestort is. Dankie dat, al is ek swak, is U sterk. Dankie dat U hierdie persoon intens liefhet, en dat U deur U genade my onvermoë vervang met U oormatige voorsiening." Soos wat ek my oog draai na die realiteit van Christus in my, word liefde en vergifnis vrygestel en kry 'ek' dit reg om lief te hê.

Jesus het belowe Sy juk is sag en Sy las is lig. Die Here het vir ons 'n pragtige prentjie gegee van ons verbondsverhouding met Hom in die Psalms. Ons Vader sê vir ons: "Maak jou mond wyd oop, dat ek dit kan vul" (Ps. 81: 11). Sien jy die prentjie? Dink aan 'n nessie met babavoëltjies. As jy in die nessie inkyk, is al wat jy sien 'n klomp bekkies, wawyd oop, wat wag om gevul te word. As hulle honger is, laat die mamma hulle nie toe om hul eie kos te gaan soek nie, want hulle sal uit die nes uit val en lelik seerkry. In plaas daarvan sê sy: "Maak net wyd oop, ek sal die werk doen. Ek sal vlieg en kos gaan soek. Rus julle net en maak wyd oop om dit te ontvang wat ek vir julle het".

So is ons verhouding met God. Ons hoef nie rond te fladder om ons eie kos te soek nie. Hy is die sterk Een. Hy is ons Voorsiener. Ons aandeel is om net oop te maak en alles te ontvang wat Hy vir ons het. Vergifnis is net moontlik deur God se genade, maar as ons net Sy genade sal ontvang, sal Sy vermoëns, Sy liefde en vergifnis deur ons vloei na ander.

Een Johannes 4:18-21 sê dat daar geen vrees is in die liefde nie, omdat volmaakte liefde die vrees na buite dryf. Ek gebruik hierdie teksvers as 'n barometer om te kyk hoe volkome ek in Christus se liefde bly. As ek in 'n vertrek instap met vrees of veroordeling, is dit 'n aanduiding dat my lewe uit fokus is. As ek vol vrees is in 'n

situasie, bly ek nie in Sy liefde nie.  Liefde lig my uit myself uit, uit my eie belange en eie behoeftes.  Liefde laat my op Jesus en op andere fokus, sodat my grootste begeerte is om hulle met Sy liefde te dien.

Woede bind vas; vergifnis maak vry.  Vergifnis bevry die een wat vergewe sowel as die een wat vergifnis ontvang.  Dit stel ook die krag van God vry om in elke mens en in alle situasies te werk sodat Hy daardeur verheerlik kan word.  Ek het ‘n paar jaar gelede die krag van liefde en vergifnis ervaar toe ek my pa vergewe het.

Ek het baie lank gesukkel om my ouers te leer van die versorging en vermaning van die Here!  Daar was soveel waarhede wat ek hulle nog moes leer, maar veral my pa het baie weerstand gebied teen my instruksies.  Een somerdag het die situasie eindelik tot stilstand gekom.  Patti en ek het by my ouers gekuier by hulle kamp in die Adirondacks.  Daar was soveel wyshede wat ek met hulle wou deel, maar hulle wou dit net nie aanvaar nie!  Daar was ‘n kwaai gesprek en vir die res van die kuier was daar net ‘n koue oorlog.

Terwyl ons huis toe ry het ek gedink aan alles wat gebeur het. Geleidelik het ek besef dat my pogings om my ouers te leer, eintlik ‘n omruiling van rolle was.  Ek is nie geroep om my ouers se herder te wees nie.  Hulle het in Florida gebly en het ‘n baie bekwame pastoor gehad wat geroep was om hulle te leer.  My bedieningsveld was my gemeente in New York.  Ek was baie versigtig om geen aggressie teenoor my pa te koester nie.  Ek was net baie bly dat daar 1500 kilometer tussen ons was en dat dit nie vir ons nodig was om vir baie lank bymekaar te wees nie.  Ek sou sê hy het maar dieselfde gevoel. Vir vier maande lank was daar geen kommunikasie tussen ons nie.

Gedurende daardie herfs was ek by ‘n Bybelstudie.  Na ‘n tydjie van aanbidding het ons net rustig gesit en die Heilige Gees toegelaat om ons individueel te bedien.  Skielik hoor ek die Here sê, “Jy is nie lief vir jou pa nie”.  Ek het onmiddellik geantwoord, “Wel, ek haat hom nie!”  “Maar jy het hom ook nie lief nie.  Liefde is aktief, aggressief, reik uit”.  Jy is eenvoudig neutraal en dit is nie liefde nie”.

Ek het die waarheid van Sy woorde besef en bely dat ek nie my ouers geëer en liefgehad het soos ek moes nie.  Ek het met die

Bybelstudiegroep gedeel wat besig was om te gebeur en hulle het saam met my gebid dat die verhouding sal herstel.

Ek het my ma en pa nie dadelik gekontak nie, maar twee dae later het ek vir die eerste keer in vier maande ‘n brief van hulle gekry. Asof dit nie genoeg was nie, het die inhoud van die brief my amper oorweldig. ‘n Deel van die verband van die woonstel waar ons gebly het, het aan my ouers behoort. Die rentekoers was redelik toe ons die ooreenkoms aangegaan het en soos wat rentekoerse gestyg het oor die daaropvolgende vyf jaar, was die koers wat aan hulle betaal is, ‘n al groter seën. My pa het egter die brief geskryf om te sê dat die Here met hom gepraat het oor die feit dat hy rente vra vir ‘n Christenbroer. Daarom was hy nie meer van plan om ons rente te vra nie en al die rente wat tot dusver deur ons betaal is, het hy afgelos op die verband.

Ek kon dit skaars glo! Die krag van vergifnis het oor al die 1500 myl heen getrek om my ouers te raak sonder dat ek ‘n woord gespreek het! Dit het hulle losgemaak om hul liefde vir hul seun te herbevestig. Ek is bly om te sê dat ons familie herstel is en dat ons vandag ‘n wonderlike verhouding het.

Ek dink die krag van vergifnis kan nie genoeg beklemtoon word nie. ‘n Suiwer hart, vry van bitterheid en woede, is die kanaal waardeur die krag van God vrygestel kan word deur gebed.

## Volhardende Gebede

Ek sal ‘n groot fout maak as ek enigiemand die idee gee dat om by ‘n lessenaar te sit en skryf die enigste manier is om te bid. Om ons liefde met Jesus te deel is lewensbelangrik, maar dit is nie die volle prentjie van ons verhouding met Hom nie. Daar is tye wanneer intense, volgehoue gebed dringend noodsaaklik is.

Elia was ‘n mens met ‘n natuur net soos ons, maar toe hy *ernstig* gebid het, het dit vir drie jaar nie gereën nie (Jak. 5:17). Aan die einde van daardie drie jaar het hy gebid dat dit weer moes begin reën. Hy het op sy hurke gaan sit met sy kop tussen sy knieë en

ernstig gebid. Hy het sy slaaf ses keer gestuur om te kyk of hy ‘n wolk sien en ses keer was daar niks. Hy het net aangehou met sy ernstige petisie en die sewende keer toe hy kyk, was daar ‘n klein wolkie. Elia het geweet sy gebede is verhoor en die twee mans het gehardloop om skuiling te vind voor die storm losbars (1 Kon. 18:42-45).

Die Psalmdigter het God se guns met sy hele hart gesoek (Ps. 119:58). Die hele Juda het met hul hele hart belowe om aan God gehoorsaam te wees en Hom ernstig te soek met hul hele wese (2 Kron. 15:15). As gevolg van hul ywer, het God die gordyn weggeskuif en Hom deur hulle laat vind.

Daar is ‘n plek vir sielsworsteling in gebed, vir meegevoel, laste, trane, kreuninge en barensnoodgebede. Jesus is deur meegevoel gedryf om te genees (Matt. 20:34). Hy het met gebed en smekinge versoeke gerig met trane en uitroepe van angs (Hebr. 5:7). In angs in die tuin van Gethsémane, het hy met *groter inspanning* gebid en sy sweet het soos bloeddruppels geword (Luk. 22:44).

Die Psalmdigter roep ons op om ons harte voor God uit te stort, want Hy is vir ons ‘n toevlug (Ps. 62:8). Kan jy sien wat hy bedoel? Kan jy die intensiteit van emosies visualiseer van iemand wie se hart voor God uitgestort word? Die Here is naby aan die gebrokenes van hart en red hulle uit hul benoudhede (Ps. 34:18). Die Heilige Gees tree self vir ons in met onuitspreeklike sugtinge (Rom. 8:26).

Jare gelede het ek “Washington vir Jesus” bygewoon, ‘n uitreiking wat daarop gemik was om ons volk op te roep tot bekering en om vir hul sondes in te tree. Ek het gegaan met die bedoeling om voor God my hart uit te stort. Ek het die las van die Here vir ons land ervaar en het verwag dat daar duisende ander sou wees wat dieselfde las dra.
Terwyl ons die eerste aand bymekaargekom het, het ek verwag dat ons saam sou bid vir ons regering en ons mense. In plaas daarvan het ons na spreker op spreker geluister en is ons bedien deur sanger na sanger. Die atmosfeer was meer soos ‘n fees as ‘n tyd van rou en bekering.

Uiteindelik het die ontslape Keith Green na die mikrofoon gekom. Hy het presies net soos ek gevoel; sy woorde was kort en kragtig, “Waar

is julle trane?" het hy gevra. "Waar is julle berou? Waarom roep julle nie tot God vir genade nie, in plaas van julle hande te klap en julleself te geniet? Nou is die tyd vir berou, nie blywees nie, vir trane, nie blydskap nie. Kom ons gaan op ons knieë en bid dat God ons volk sal red en sal reinig van haar sonde!"

Daar is tye wanneer ek op my aangesig val voor die Here. Daar is tye wanneer ek in my studeerkamer heen en weer loop en uitroep na God, tye wanneer ek dit net nie sal maak as God nie ingryp nie. God wil hê dat ons eerlik en openlik na Hom moet kom.

## Praat met die Berg

Toe Jesus die vyeboom vervloek het, was Sy dissipels verbaas toe dit binne net een dag sterf. Toe Jesus hul verbasing sien, het hy hulle geleer van die krag van gebed, dat indien hulle in geloof die berg sou aanspreek en beveel om hom in die see te werp, dit sou gebeur (Mark. 11:23).

Daar is tye wanneer ons nie vir God iets vra nie, maar omstandighede aanspreek in gebed. Toe Jesus die stormwinde en woeste golwe aangespreek het, het hy nie gesê, "O, Here, laat hierdie storm asseblief bedaar, moenie dat hierdie wind so erg waai" nie. Nee! Hy het die probleme direk aangespreek en gesê, "Wees stil!" en hulle het dadelik gehoorsaam.

Nadat Moses die volk uit Egipte uitgelei het, was hulle gou in groot moeilikheid. Voor hulle was die Rooisee. Aan die linker- en regterkant was berge. En agter hulle was 'n leër van woedende Egiptenare. Die mense het gekerm en Moses het gebid. Uiteindelik antwoord God hulle, "Wat roep jy na my? Sê aan die kinders van Israel dat hulle moet wegtrek. En jy, hef jou staf op en steek jou hand uit oor die see en kloof dit (Ex. 14:15, 16). Hulle het nie nodig gehad om vir God te wag om iets te doen nie – Hy het vir hulle gewag!

Ons het outoriteit ontvang om te regeer en te heers in hierdie lewe. Ons hoef nie altyd vir God te vra om Sy wil te laat geskied op die aarde soos in die hemel nie. Daardie teksgedeelte in die Onse Vader

is nie ‘n versoek nie maar ‘n opdrag; nie ‘n opdrag aan God nie, maar eerder aan situasies om in lyn te kom met die wil van God. Ons het ons verkeerde begrip van hierdie vers gevat en dit die inleiding van al ons gebede gemaak. Omdat ons nie God se stem ken nie, weet ons nie wat Sy wil is voordat ons bid nie. Daarom, nadat ons ons eie idees gebid het oor ‘n sekere situasie, voeg ons net by, “As dit U wil is”.

Maar dit is glad nie soos Jesus ons leer bid het nie. Die frase is eintlik, “Kom, U koninkryk! Geskied, U wil!” Ons is diegene wat God se stem hoor en Sy gesigte sien. Ons doen niks op ons eie inisiatief nie, maar net wat ons die Vader sien doen. Ons spreek slegs dit wat ons die Vader hoor sê. Ons sien God se wil en God se plan vir die situasie en ons roep dit in vervulling! Soos die dinamiese krag wat die wêreld laat ontstaan het uit niks nie, gaan die Gees heen op God se bevel en God se wil geskied!

Byvoorbeeld, wanneer ek bid vir genesing van ‘n gebreekte been, fokus ek nie op ‘n ledemaat in gips en op die gestremdheid daarvan nie. Nee, ek kyk soos Jesus verby die siekte na die groter realiteit van goddelike gesondheid. Ek sien die pasiënt hardloop en spring en God prys! Dan spreek ek die Koninkryk van God in vervulling en beveel die been tot genesing, volmaak soos wat dit geskape was.

As gevolg van die outoriteit wat ons as kinders van die Koning ontvang het, moet ons soms tot die berg spreek en sien hoe dit verskuif! Dan moet ons vashou aan die belydenis van ons hoop, sonder om te twyfel, met die wete dat Hy wat belowe het, getrou is. God bestaan buite tyd en soms moet ons wag om die vervulling van ons belydenis te sien realiseer. Gedurende daardie tyd, moet ons waak teen twyfel en volhardend bly hoop.

## Bid totdat jy God kan prys

Ons het nie regtig vir ‘n behoefte gebid totdat dit oorwin is deur die krag en beloftes van God en totdat ons vrede ervaar nie. Filippense 4:6, 7 maan ons, “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by

God.  En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus”.

Let op die progressie.  Ons begin met gebed, ons lê ons versoeke voor God.  Dan beweeg ons aan na smeking, ‘n meer intense vorm van gebed.  Maar hoe beweeg ons van gebed na danksegging?  Hoe beweeg ons van smeking tot ontvangs van die beloftes?  Slegs as ons tyd maak om stil te raak en die werking van God se Gees te ervaar.  Hy wys dalk vir ons in ‘n prentjie of sê vir ons deur ‘n *rhema*-woord hoe Hy wil hê dat ons moet bid.  Hy mag vir ons vertel of wys dat ons versoek toegestaan is.  Ons mag ervaar hoedat die las lig of eenvoudig vrede kry en ontspan met die wete dat Hy in beheer is en alles sal uitwerk.  As ons weet dat Hy gehoor het en ons geantwoord het, aanbid ons Hom en dank Hom vir Sy goedheid.

Daar was tye dat ek nie vrede ervaar het die eerste dag waarop ek vir ‘n saak gebid het nie – eers nadat ek ernstig gebid het vir ‘n paar dae lank het ek in my gees ervaar dat my gebed beantwoord is.  Ander kere was dit net nodig dat ek een keer bid voordat ek vrede ervaar het en die versekering dat my gebed beantwoord is, wat my laat oorskakel het na danksegging met groot vrede.  Ons moet toelaat dat die vrede van God in ons heers, sodat ons kan weet wanneer ‘n saak beantwoord is en ons God daarvoor kan prys.

## Bid wanneer jy God se krag nodig het

In Psalm 50:15 moedig God ons aan om Hom aan te roep in die dag van benoudheid en sê Hy dat Hy ons sal uithelp.  Die Hebreërskrywer nooi ons om met vrymoedigheid na die troon van genade te kom sodat ons barmhartigheid en vrede kan kry om op die regte tyd gehelp te word (Hebr.   4:16).

Dikwels is ons in die versoeking om presies die teenoorgestelde te doen.  In tye van benoudheid, as ons gesondig het en so vuil en onwaardig voel, wil ons eerder weghardloop van die aangesig van God en wegkruip.  Ons wil onsself afskrop en eers was voordat ons voor Sy troon verskyn.  Maar as ons dit probeer doen, verwerp ons Sy genade en maak ons weer staat op ons eie geregtigheid.  Net

God kan ons reinig en skoon maak en Hy smag om dit te doen. Hy begeer om ons te oorklee met Sy krag en geregtigheid, maar Hy kan dit net doen as ons na Hom toe kom in tye van nood.

As die versoeking groot is en ons voel dat ons nie krag het om dit te weerstaan nie, kan ons tot God roep. Ons hoef satan nie in ons eie krag te beveg nie. Eintlik kan ons nie. Maar die Een wat in ons bly, het alreeds die oorwinning behaal! As ons na God roep, sal Hy ons uit die versoeking uit red.

Die Bybel herinner ons herhaaldelik dat ons die vyand nie in ons eie krag kan teëstaan nie. Ons moet God daarvoor vertrou. Jakobus het ons geleer om ons aan God te onderwerp en die duiwel te weerstaan (Jak. 4:7). Ons kan verseker weet dat hy van ons sal vlug. In 2 Korinthiërs lees ons weer dat die wapens van ons stryd nie vleeslik is nie, maar goddelik (2 Kor. 10:4, 5). Daarmee kan ons alles vernietig wat opgerig word teen die kennis van God. Ons is sterk in die Here onse God en in die krag van Sy sterkte. Wanneer ons die volle wapenrusting aanhet, kan ons teen al die listige planne van die vyand bly staan (Ef. 6:10, 11).

## God Werk deur Gebed

Ons is soms geneig om te dink dat gebed iets is wat die gelowige doen. Ons besluit waarvoor om te bid, hoe om te bid en watter antwoorde ons soek. Ons kom na God toe met ons versoeke. Maar hierdie idee is net ‘n gedeelte van die ware prentjie van gebed.

In Romeine 8:26 herinner God ons dat ons nie weet hoe om reg te bid nie. Ons begrip is beperk. Ons kyk slegs vanuit ons eie perspektief. Ons verstand bedink dikwels nie goddelike gedagtes nie. Tog vergeet ons soms van ons eie beperkinge en dink ons ons weet genoeg om vir God voor te skryf wat Hy moet doen en hoe Hy dit moet doen. En as arrogansie ons nie motiveer nie dan doen onkunde dit. Dit vra ‘n goddelike openbaring om te besef dat ons voortdurend swak is in gebed, sodat ons moet leer om voortdurend van die Heilige Gees afhanklik te wees.


Omdat ons nie weet hoe om te bid nie, werk die Heilige Gees deur ons in ons swakheid. Ons hoef nie in ons swakheid weg te kruip nie, of onsself in te span nie. Ons moet leer om te rus in afhanklikheid van God om deur ons broosheid te werk. Omdat ons nie weet hoe om te bid nie, neem God die hele proses van gebed oor. Sy krag word in ons swakheid volbring. As ons onsself aan Hom toevertrou, raak die hele Godheid betrokke in ons gebedslewe.

God word self die inisieerder van ons gebede. As ‘n behoefte by ons opkom, sal die Heilige Gees die regte woorde deur ons vorm, as ons maar net stil op Hom wag. “Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou ‘n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees (Pred. 5:1, 2). As ons stil word in aanbidding en kontak maak met die Heilige Gees wat in ons woon, sal Hy aan ons openbaar wat ons moet bid. Hy sal ‘n woord spreek, ‘n visioen gee, of ons toelaat om Sy emosies te ervaar.

Wanneer die Heilige Gees van ons besit neem en vir ons wysheid gee oor hoe om te bid, kan ons uitspreek wat Hy aan ons openbaar. As ons voortdurend in die Gees bid, sal ons gebede geïnspireer, gerig, bekragtig en volgehou word deur die Heilige Gees. “En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het (1 Joh. 5:14,15). Wanneer ons bid op die ingewing van die Heilige Gees in ons, weet ons dat ons volgens Sy wil bid.

Soms voel ons verplig om te bid sonder om eers stil te word en ingestem te word by die stem van die Heilige Gees. Dit is veral op my van toepassing wanneer ek gevra word om voor ‘n groep mense te bid. Ek voel dat ek onmiddellik iets moet sê, enigiets, selfs al is dit nie wat die Gees wil sê nie. Dit vat moed om in stilte te wag totdat ek God ervaar. Ek moet bely dat ek soms toegee en begin bid uit my eie hart. Maar wat is die sin daarin om te bid net om ‘n ongemaklike stilte te verbreek? Dit is verseker die bietjie verleentheid werd om te weet dat God gehoor het en dat Hy sal antwoord.

NIE: MAAR:




## Gebed is om opgeneem te word in die vloei van God se Gees

.

Die Heilige Gees is nie die enigste persoon van die Drie-eenheid wat betrokke is wanneer ons bid nie. Jesus self sit aan die regterhand van God die Vader, terwyl Hy ons gebede ophou voor God en vir ons intree. Gebed is ‘n aktiwiteit van die Godheid en ek word vasgevang in die vloei van die Vader, Seun en Heilige Gees.

# 9

# Die Here Antwoord My

Ek wil jou so graag motiveer om te begin om elke dag dagboek te hou van jou gesprekke met God. Om jou te help om te sien watter wonderlike dinge vir jou wag, wil ek van die genesende, wyse en glorieryke dinge met jou deel wat die Here vir ander mense net soos jy gesê het. Hierdie is voorbeelde van gewone dagboekinskrywings, die soort waarvan ek in elke seminaar hoor en elke dag in my posbus kry. Dit kom van manne en vroue, jong en volwasse Christene, pastore en gemeentelede van dwarsoor die wêreld. Ek wil dankie sê vir die mense wat hulle lewens en harte teenoor ons oopgemaak het deur hierdie dagboekinskrywings met ons te deel.

Ek hoop hierdie aantekeninge gee jou selfvertroue namate jy self begin dagboek hou. Tot ‘n sekere mate kan dit vir jou ‘n klankbord wees waarteen jy jou eie aanvanklike ervaringe kan meet. Dit neem natuurlik nie die plek in van toetsing teenoor die Skrif of beoordeling deur jou geestelike raadgewers nie.

Hierdie voorbeelde demonstreer verskeie ongelooflike waarhede. In die eerste plek kom dit van baie mense van verskillende

ouderdomme en ‘n verskeidenheid kulture wat net bevestig dat enigiemand God se stem kan hoor. Dit is nie net vir ‘n paar uitverkorenes nie. Tweedens bewys dit dat die tegnieke in hierdie boek tog effektief is om mense in ‘n tweerigting-gesprek met God in te lei. Laastens vind ek dit merkwaardig hoe baie hierdie verskillende mense se joernale net soos my eie klink. Dit is een kragtige bewys dat ons almal in kontak is met dieselfde God, die HERE, die groot EK IS.

(Vir duidelikheid is al die voornaamwoorde wat na God verwys, met ‘n hoofletter geskryf, al is hulle nie altyd so geskryf in die dagboeke nie. Die woorde van die Here is kursief gedruk. Dit beteken nie dat ons enigsins wil voorgee dat dit gelyk is aan die Skrif of dat dit by die Skrif gevoeg moet word nie. Dit is bloot om die vloei van die gesprekke duidelik te maak.)

## Moenie bang wees vir die storm nie

“Wat wil U vir my sê?”

*“Jy is ‘n pragtige kind met onskuldige oë. Sien jy die wolke wat besig is om te vorm daar op die horison? My arms sal jou veilig hou. Storms is opwindend. Donderweer en blitse – niks om voor bang te wees nie, want My arms is om jou en ek sal jou nie los nie.*

*“Ons kan dans op die musiek van die storms – jou voete bo-op Myne; My hande wat joune vashou.*

*“Ons dans losbandig. Jou hart wat so bons, is nie van vrees nie, maar van plesier en afwagting. Die wind draai my kleed om jou. Kyk en wees verbaas oor wat Ek doen. Jy sal vrede vind te midde van die chaos.”*

Carole

## Ek sal nie ‘n fout maak nie

*“My kind, Ek verstaan jou baie goed. Ek veroordeel jou nie omdat jy twyfel nie. Ek ken die begeerte van jou hart, en dit is goed en suiwer, en jou twyfel sal verdwyn as jy in geloof begin tree. Omdat jy tog menslik is, sal jy foute maak, maar Ek is selfs in beheer daarvan. Ek sal nie toelaat dat ‘n ramp jou tref net omdat jy dit wat Ek vir jou sê verkeerd verstaan nie. Vertrou My, Ek sal nie ‘n fout maak terwyl Ek jou laat groei nie. Wat jy van My vra, is Ek besig om vir jou te gee. Moenie bang wees om ‘n fout te maak nie.*

*“Hou net aan vorentoe beur na My in jou. Ek is altyd getrou. Ek het jou lief. ‘n Pa weerhou nie altyd sy kinders van foute nie, want dit is hoe hulle leer. Maar Hy sal nie toelaat dat hulle wetend ‘n fout maak wat rampspoedig kan wees, of skade of pyn vir hulself of ander kan veroorsaak nie. Vertrou jy My nie, wat die toekoms ken, om jou te weerhou van skadelike, vrugtelose foute nie? Ek het jou hart lief. Vertrou My.”*

Anoniem.

## Genees van minderwaardigheid

‘Terwyl ek probeer kyk het vir ‘n visioen, het ek myself saam met Jesus sien stap en die Heilige Gees gevra om die visioen oor te neem. Dadelik het ek gesien hoe ek begin krimp en toe totaal en al verdwyn. Terwyl ek na die visioen kyk, het ek gewonder, “Waarheen het ek verdwyn?”

“Skielik het die prentjie verander en ek het die gesig van God die Vader van die kant af gesien, Sy linkerkantste profiel, soos Hy opwaarts kyk. Ek het dadelik geweet dat Hy besig was om aan my te dink, maar dit was baie jare gelede, voor die grondlegging van die aarde. Hy het my in Sy gedagtes uitgedink.

“Die prentjie het skielik weer verander; net soos tevore, het ek Sy linker profiel gesien, maar hierdie keer het hy afgekyk na iets. Ek het oor Sy linkerskouer gekyk en gesien hoe die sperm en die eier

saamkom.  Die Vader het so ‘n opgewondenheid op Sy gesig gehad terwyl Hy kyk hoe ek geskape word.  Ek het Hom hoor sê, “Hier kom Buck!”

“Weer het die prentjie verander, maar hierdie keer het hy opgekyk na ‘n ongevormde embrio in my ma se baarmoeder.  Hy het na my gekyk en Hy het gepraat oor Sy liefde vir my en Sy plan en doel vir my lewe.  Die visioen het daar geëindig en vir die eerste keer in my lewe het ek geweet dat die Vader my egte pa was.  Hy was my Pappa.  My aardse ouers het toe nog nie eers geweet ek was daar nie.

“Hy het my baie jare tevore al beplan en was opgewonde oor my konsepsie terwyl dit plaasgevind het.  Hy het lewe in my ingespreek nog voordat my ma van my bewus was.

“Hierdie visioen het vir my ‘n gevoel van waarde gegee vir God wat ek voorheen nooit geken het nie.  Ek het grootgeword met selfbeeld-probleme en dit het heeltemal verander toe my Vader my gewys het hoe Hy my gesien het voordat ek my eerste asem geskep het, voordat ek enige verwerping ervaar het.  Hy het my beplan, oor my gewaak, goedkeuring gegee en lewe in my ingespreek.  Hy was my ware pa en het my geken nog voordat enigiemand geweet het van my bestaan.”

Buck

## God se Stem verander Lewens agter Tralies

“Ek het nooit geweet of God regtig my gebede hoor nie en sou verseker nooit kon dink dat Hy met my wou praat op die manier waarop ek dit die laaste paar maande ervaar het nie.  As gevolg van hierdie nuwe verhouding van my en die wysheid wat ek by die Heilige Gees kry, het my lewe baie verander en elke dag is nou net ‘n plesier in plaas van die donker, leë ure waaraan ek gewoond was in hierdie koue, eensame plek.  Vandag is Jesus oral by my waar ek rondloop in die kampong en geniet ek Sy geselskap.  Ek voel nie meer alleen nie.  Ek ervaar ‘n soort vrede waarvan ek nooit vroeër bewus was nie,

en selfs in hierdie plek, een van die donkerste op aarde, verlig Hy my pad en dra my deur as ek volkome op Sy almag vertrou".

Steven

## Dagboek-hou stel 'n Salwing vry vir jou Besigheid

"My man Leo is by sy werk in 'n span geplaas met 'n opdrag wat 'n groot uitdaging was. Weke lank het almal probeer om 'n spesifieke projek te voltooi sonder om enige vordering te maak. Ure is afgestaan aan vergaderings, idee na idee is voorgestel en afgewys en niks het regtig gelyk na iets waarna hulle op soek was nie.

"Leo het nog 'n nuwe week aangepak met 'n dinkskrum tuis en hy het my gevra vir my idees oor die projek. Ek het vir hom gesê hy behoort te luister na wat God vir hom sê deur dagboek te hou. (Eintlik het ek vir hom gesê hy moes dit al lankal begin doen het!) Hy het toe vir God gevra vir Sy idees oor wat gedoen moet word, en dit neer-geskryf. Natuurlik was dit briljante idees!

"Leo het die openbarings georden en seker gemaak dat die aanbieding heeltemal reg was. Hy het dit Maandagoggend saamgeneem werk toe en gewag tot dit sy beurt was om dit met die ander te deel. Die vergadering het soos altyd begin met 'n paar ander vennote wat hul voorstelle gegee het oor die projek, wat almal onaanvaarbaar was.

"Toe het my man die idees gedeel wat God vir hom gegee het – en almal was ongelooflik beïndruk!! Hulle het eendragtig besluit dat dit die beste aanbieding was ooit en dat dit presies was wat hulle nodig gehad het! Uiteindelik 'n deurbraak-idee wat almal aanvaar het – 'n wonderwerk!!

"Die ding is, God het die beste perspektief op alles, so in plaas daarvan om te wag tot alles anders misluk, moet ons miskien *begin* deur Hom te vra wat Hy dink. Ons moet tap uit die goddelike kreatiwiteit binne-in ons en die salwing van die Heilige Gees in die

werksplek inbring.  Is dit nie die eintlike rede hoekom Hy ons daar geplaas het nie?"

Charity

## Wiskunde in 'n Droom?

"Dit was in 1995 toe my man Roger aan sy doktorstesis gewerk het in lugvaart-ingenieurswese.  Hy was besig om te werk aan robotkunde en die titel van sy tesis was 'Kinematika en die Ontwerp van 'n Klas van Parallelle Manipuleerders'.  Ingewikkelde wiskunde is nodig vir die beheer van die parallelle manipuleerders; die enigste probleem was dat die wiskunde nie goed genoeg gewerk het na Roger se sin nie.

"Een nag het Roger in 'n droom die vergelyking gekry wat nodig was om sy robot te beheer.  Hy het opgestaan en begin neerskryf wat hy gekry het.  Hierdie wiskunde wat hy in sy droom ontvang het, het gelei tot 'n vergelyking van 33 bladsye aan die einde van sy tesis. Aan die begin van sy verhandeling het Roger geskryf, "Ek wil graag vir God dankie sê vir Sy voortdurende wysheid, leiding en krag".  Hy het baie teenkanting gekry as gevolg van hierdie stelling, veral van sy studieleier, maar hy het nooit teruggedeins nie".

Susan

## Nog meer Besigheidsoplossings

"Ek maak al sedert 1992 dagboekinskrywings met u materiaal.  Ek het al dikwels rondom probleme en sake in my besigheid dagboek-gehou en God het vir my wysheid gegee om besigheidsprobleme op te los, asook rigting gegee in verhoudinge, verkoopsveldtogte, en oplossings in benaderings.

"Daar is twee voorbeelde wat ek dink u sal interesseer.  Die eerste speel af in 'n bemarkingsvergadering, waar ons probeer het om 'n nuwe bemarkingslagspreuk te ontwikkel wat die belangrikheid van 'n

nuwe oplossing vir die mark sou beklemtoon. Die bemarkingspan was sonder idees, toe besluit ek om by God te hoor en God het vir my ‘n slagspreuk gegee. Ek het dit met die span gedeel; hulle was verstom; hulle het gedink dit is wonderlik en dit het ‘n hele nuwe benadering oopgebreek vir die span om aan te werk.

“Met ‘n ander geleentheid was ek ook sonder enige idees vir ‘n bemarkingsbrosjure vir ‘n seminaar wat ek en my vrou aangebied het. Ek het dit probeer skryf, maar ek kon nie. Ek het dagboek begin hou, God het vir my die hele kopie gegee en ek het dit eenvoudig net so neergeskryf”.

Bill (Besigheidsbestuurder vir ‘n Internasionale Maatskappy, Kanada)

## Aanmoediging deur ‘n Droom

“Een nag het ek gedroom dat ek deel was van ‘n baie suksesvolle krieketspan. Ek was ‘n hoogsgerespekteerde lid van die span en wou hulle geensins in die steek laat nie. Dit was my beurt vir die paaltjies. Die bouler het sy beste bal gespeel en ek het die bal uit die park uit geslaan! Ek het nie gehardloop nie, maar gewag vir die volgende bal. Hy het elke moontlike bal in sy repertoire probeer. Ek het gedink, hierdie is net te maklik. Ek het elke bal van hom uit die park uit geslaan. Selfs die gevreesde draaikolk-bal wat ek geweet het ek kan nie slaan nie. Toe verander die toneel in die droom; ek word die bouler en die opposisie haal hul beste kolwers te voorskyn. Ek het op my beste geboul en niemand kon die balle raakslaan nie!

“Ek was baie opgewonde oor hierdie droom! As ‘n gebore Afrikaner, het ek nie met bofbal grootgeword nie. Ek het ‘n basiese kennis van die spel, maar ek sou nie gemaklik op kompetisievlak kon deelneem nie. Toe die Here ons geroep het om sendelinge te word in Amerika, het ons ons bekende bediening in Suid-Afrika agtergelaat vir die ‘vreemde geur’ van die bediening in Amerika. Die mense daar is anders. Hulle doen dinge anders. Ek was soos ‘n krieketspeler (die spel wat ons in Suid-Afrika speel) op ‘n bofbalveld. Ek het geweet ons was deel van God se span, omdat Hy ons hiernatoe geroep het.

Tog was ek senuweeagtig oor my vermoëns.  Ek kon my bediening in Suid-Afrika volstaan, maar wat van Amerika?

“Die Here het my verseker dat ek elke bal sou kon hanteer!  Maak nie saak wat die uitdaging, die omstandighede of aanval nie, ek sou die bal uit die park uit slaan!  Selfs die situasies (draaikolk-balle!) wat gewoonlik vir my moeilik is!  Die Here het my ook verseker dat al my pogings in die kol sou wees.  Hulle sou nie weggeslaan word nie. Hulle sal deurdring en die doel bereik waarvoor hulle bestem is.

“Hierdie droom het my selfvertroue omtrent gebou!  Ek was verbaas dat die Here my in ‘n situasie van ‘n spel sou plaas waarin ek gewoonlik min of geen belangstelling gehad het nie, maar dit het soveel sin gemaak.  Alle vrees is weg en ek slaan elke bal wat die bediening, omstandighede of die vyand in my rigting gooi.  Ek het baie vertroue in my vermoëns wat die Here my gegee het, bloot as gevolg van die versekering wat Hy my deur ‘n droom gegee het.”

Rudolf (Senior Pastoor van ‘n kerk in Ohio)

## Saam is ons ‘n unieke kombinasie!

“Here, wat wil U vir my sê?”

*“Jy is te hard op jouself.  Ek verwag nie dat jy perfek moet wees nie. Ek het jou uitgeroep sodat Ek in jou kan lewe en sodat ons albei kan ervaar hoe die kombinasie van ons twee saam lyk wanneer ons aan ons persoonlikhede uitdrukking gee deur hierdie ‘een liggaam’. As ons apart is – is ek soos sjokolade en jy soos grondboontjiebotter. As jy ons meng kry jy ‘n heerlike kombinasie!  Behalwe dat daar net een van ons is in die ganse wêreld, is ons twee saam ‘n SELDSAME. heerlike kombinasie!*

“Ek wil hê dat jy dit moet geniet – in My – en ophou huil oor wat jy nie is nie.  Ek vervolmaak jou swakhede.  Verwyder gedagtes van onvolmaaktheid in die beoefening van jou gawes en neem hierdie gedagtes gevange.  Onthou om na My te kyk en van My afhanklik te

wees en op My te vertrou en Ek sal alles voorsien sodat jy My Koninkryk kan dien”.

Anoniem.

## Bemin ander soos wat Ek jou liefhet

“Vader, ek weet dat ek daarop moet konsentreer om meer liefdevol en romanties te wees teenoor Jeanie, om elke dag liefdevol teenoor haar op te tree. Ek is so bang dat mense my misbruik. Wat wil U vir my hieroor sê?”

*“Om jou hart toe te sluit uit vrees vir seerkry of dat iemand jou sou misbruik, ontneem jou en Jeanie van die vreugde en vervulling van die liefde. Liefde gee. Liefde maak oop en gee vir ander. Selfsug weerhou. Ek weet dis nie wat jy wil hê nie. Jy het gehoor, wat jy saai sal jy maai. Wanneer jy saai, kry jy altyd baie meer terug as wat jy gesaai het. Altyd. Om Jeanie lief te hê en om sensitief te wees vir haar en haar behoeftes, is om in vrugbare grond te saai – daar sal ‘n groot opbrengs en oes wees.*

*“Wees lief vir mekaar soos Ek julle liefgehad het! Vergeet hoe mense jou misbruik het en vergeet selfs van jou persepsie oor hoe mense en Jeanie jou sou misbruik. Om lief te hê, moet nooit gebaseer wees op wat ander gedoen of nie gedoen het nie. Soos wat Ek jou liefgehad het... is waarop jy moet fokus en vanuit daardie besef en aanvaarding van My liefde, sal liefde na andere vloei. Moenie toelaat dat jou oog en jou fokus op ‘n mens gerig word nie, maar hou dit op GOD WAT DIE WêRELD SO LIEFGEHAD HET, DAT HY GEGEE HET!*

*“Weer eens, sien Jeanie as ‘n fyn blommetjie: As dit natgegooi en liefdevol hanteer word, sal dit blom en ‘n besondere geur en aroma voortbring. As jy vir haar gee, is jy besig om hierdie blommetjie nat te gooi, en as jy haar eerste stel en vanuit My liefde en hulpbronne liefhet, is dit soos die son wat op daardie blommetjie skyn en dit krag gee om pragtig en helder te skyn.*

*"Jou vrees om deur Jeanie misbruik te word, is ongegrond. Sy het jou lief en is getrou aan jou. Belê in haar. Daar is groot dividende vorentoe. Sy is die grootste belegging wat jy ooit kon maak. Sy is die moeite werd om alles voor te gee, in te belê en op uit te stort. Wees sensitief vir haar, bedien haar. Help haar met die kinders. Kyk waar jy haar kan seën.*

*"Jy sal nie spyt wees nie. Ek het nog nooit berou gehad dat Ek My alles gegee het nie. Dat ek My alles vir jou en vir die wêreld uitgestort het nie. Julle is dit werd. As ek moes, sou Ek dit weer van vooraf gedoen het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat hy sy lewe gee vir sy vriende. Gee jou lewe vir Jeanie. Daar is geen groter liefde as dit nie. Sien en ontvang My liefde vir jou en gee dit dan weg. Dit is My gebod, dat julle mekaar moet liefhê. As julle dit doen sal julle blydskap volkome wees. Ek het jou lief, Mike, met 'n tere liefde en vir ewig!"*

Mike (Kanada)

## Wat Ek in jou hand sit . . .

"Ek het die Here langs die see gesien; ek het by Hom aangesluit en begin om klippies oor die water te gooi. Drie het op die water gespring. Die Here het dieselfde gedoen en dit het tot by die horison gespring. Hy het geglimlag. Ek het dit weer gedoen, en hierdie keer het ek beter gedoen. Vyf klippies het gespring. Weer het hy dit gedoen en dit het tot by die horison gegaan. Net toe ek buk om nog 'n klippie op te tel, keer Hy my en gee my 'n klip. Dit het nie gelyk asof dit 'n klippie was wat kon werk nie, maar ek het dit geneem. Ek het dit gegooi, en DIT HET TOT BY DIE HORISON GETREK. Die Here het met 'n glimlag na my gekyk en gesê, *'Paul, wat Ek in jou hand sit, gaan verder as die dinge wat jy optel'.* WOW ... dit het veroorsaak dat ek altyd die vraag vra wanneer geleenthede na my kant toe kom, is dit wat die Here in my hand sit of is dit iets wat ek optel!"

Paul (Engeland)

## Jy is My vreugde

"Here, ek het weggedryf van U af en nogal so maklik die afgelope twee weke.  U ken die redes.  Ek het U nodig.  Ek moet bo alles intimiteit met U hê.  My lewe hang daarvan af.  Praat vanoggend met my. "

*'Dit is vir jou moeilik om My te sien of te verstaan as Ek oor jou dans met blydskap.  Ek sien jou nie soos wat jy jouself sien nie.  Ek word nie neergeslaan deur die verlede of mislukkings nie.  Jy is My blydskap.  Jy is vir My 'n vreugde."*

"Maar wat van my mislukkings, veral die mees onlangses?"

*'Hulle is weg.  Weggewas.  Vergete.  Jy het hulle bely.  Ek sien jou hart, My hart in jou.  Jy het vandag een van twee keuses.  Om in My te bly of op jouself te fokus, op jou sondes, jou mislukkings, jou worsteling.  Kies die beter uitweg.  Sit by My voete en leer by My.  Jy sal rus vind vir jou rustelose gees. Kom sit.  Vertoef.  Ontspan in My teenwoordigheid."*

Anoniem

## Ek wil hê jy moet suksesvol wees!

"Ek het gaan draf (na 'n ruspose van omtrent drie maande) en het probeer uitvind hoe ver ek moes draf ... teen my ervaring van kompulsiwiteit het ek geluister na my innerlike.  Ek was in staat om so ver te hardloop met die besef, dat as ek my impuls sou volg, ek sou misluk in my doel.  Toe ek dit bedink (terwyl ek nader kom aan die einde van my pad) het ek God vir my hoor sê '*Lynda, ek wil hê jy moet suksesvol wees!'*"

Lynda

## Verloor jouself in jou roeping

"Sê weer vir my, waarom moet ek myself heeltemal oorgee?"

'Jou rekenaar het nie die stoorplek en jou drukker nie genoeg ink om die antwoord op jou vraag uit te druk nie! Maar ja, Ek verstaan dat jy 'n rede nodig het. Gee jouself aan My oor want dit maak van jou wat jy veronderstel is om te wees: 'n kind van jou Vader. Sommige mense ontdek nooit hul lewensroeping nie, omdat hulle nie hul grootmens-outoriteit en -posisie wil opgee nie. Moenie een van daardie mense wees nie, Jess!"

Jessie

## Ek is die Een wat jou hiernatoe gebring het

"Die Here het my gister 'n baie waardevolle les geleer oor 'n lewe onder die wet en 'n lewe deur die leiding van die Heilige Gees.

"Ek is 'n sendeling wat deur my kerk uitgestuur is. Ek was in die Filippyne, maar as gevolg van 'n ernstige motorfietsongeluk moes ek teruggaan Kanada toe vir mediese behandeling. Ek is meegedeel dat ek kon teruggaan na die Filippyne sodra ek herstel het. Dan moes ek bid en hoor of ek Taiwan toe moes gaan. My hart wou nie gaan nie. Ek was lief vir die Filippyne en wou teruggaan soontoe. Die volgende dag het ons sendingdirekteur my ingeroep en meegedeel dat ek na Taiwan gestuur word. Ek glo heeltemal in die beginsel van onderwerping aan outoriteit, so ek het na Taiwan gegaan.

"Dit het 'n jaar en 'n half gelede gebeur en dit was volgens my 'n woestyntyd. Die Filippyne en sy mense vir wie ek lief was, was al waaraan ek kon dink. Ek was baie gefrustreerd. Toe kry ek 'n gedagte: Waarom nie die beginsels van die *Gemeenskap met God*-kursus in werking stel en kyk wat die Here sê nie.

"Daarom het ek nadat ek van die afgod in my hart ontslae geraak het my oë op Jesus gefokus in plaas van op die Filippyne en die Here

gevra wat Hy te sê gehad het oor die situasie. Ek het nie eers nodig gehad om ‘n toneel te visualiseer nie. Die oomblik toe ek die vraag vra, wys die Here my die toneel van die dissipels in die storm op die see, en Jesus wat op die water na hulle aangeloop kom.

“Toe ek dieper in die visioen inkyk, sien ek dat ek die een was wat aan die stuur was, dat ek besig was om te sukkel en te spartel om die boot veilig aan wal te bring. Toe sien ek hoe Jesus in die boot inklim en nie net die waters kalmeer nie, maar ook hoe Hy die roeispane opneem en self die boot beheer. Die boot het veilig in ‘n hawe aangekom en toe ek kyk, sien ek dat dit die hawe van Taichung is, die stad waar ek tans bly.

“Toe praat die Here met my en sê, “*Ek was nog altyd met jou, besig om jou te begelei en rigting te gee in alles in jou lewe. Ek is die Een wat jou hierheen gebring het. Dit was nie ‘n fout nie.”* Daardie visioen en woord het so ‘n vryheid en losmaking gebring in my gees. Dit het lewe gebring.

“Ek sou die volgende twee en ‘n half jaar ellendig kon deurbring deur slegs uit die wet van gehoorsaamheid te lewe. Dit is die Skriftelike beginsel en die regte ding om te doen. In die verlede sou ek dit ook gedoen het, met die wete dat dit reg is. Maar ek sou die volheids-lewe wat die visioene en vloei van die Gees in my losgemaak het, misgeloop het. Ek begeer dat daardie lewe voortdurend sal vloei.”

Cindy (Taiwan)

## Ek Ken Jou by Jou Naam

“Ek het hard daaraan gewerk in my lewe om myself nie te besoedel met vroue nie en nou is ek gereed om my eie toekomstige maat te soek, om rustig te raak en om die res van my lewe te geniet in die liefde van God.

“Liewe Here, hoe weet ek presies met wie ek moet uitgaan en van watter nasie en agtergrond sy moet kom? Wat is die regte kleur en

eienskappe wat ek sal sien sodat ek seker kan wees dit is die regte persoon?

“Die Here het my geantwoord, *“Voordat jy gebore is ken Ek jou en vorm Ek jou in jou moeder se skoot. Dink jy nie Ek het ‘n plan met jou lewe nie? Ek het jou staande gehou sedert jou geboorte en sonder twyfel gelei op die regte lewenspad. Alles wat jy gesien het en waardeur jy is is nie toevallig nie. Jou vermoë is My vermoë. Ek het jou die genade en voorregte gegee wat jou behoue laat bly het deur jou hele lewe.*

*“En noudat jy gereed is om in ‘n nuwe fase van jou lewe in te beweeg deur jou lewensmaat te kies, dink jy nie Ek is nog steeds met jou nie? Of het jy vergeet dat ek in My Woord gesê het, Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie? Let op my dienskneg Isak. Op die regte teed het Ek voorsiening gemaak vir hom vir ‘n lewensmaat en Ek is steeds die God van Abram, Isak en Jakob. Ek verander nie. Plaas jou vertroue en hoop op My en glo My woorde. Werp al jou bekommernisse op My, want Ek gee soveel vir jou om. Al het die wêreld korrup geword is daar steeds ‘n weg vir My kinders. Ek weet hoe om jou lewe te programmeer vir sukses. Moenie so baie hieroor gepla wees nie, want jy is Myne en Ek sal altyd daar wees vir jou. Bly gefokus op alles waartoe ek jou geroep het en werk aan dit wat Ek voor jou plaas.*

*“Ek sal jou die been van jou gebeente gee en die lewe so interessant maak vir jou. Akintayo Ebenezer; Ek ken jou by die naam en Ek het jou gepredestineer om suksesvol te wees in die lewe. Kyk na My en fokus op My, die Begin en Voleinder van jou geloof.’”*

“Ag liewe Here, ek eer U dat U my oë oopgemaak het om U te leer ken en om U seun genoem te word. Ek sal vir ewig op U vertrou en ek sal nie toelaat dat hierdie lewensmaat-ding my vooruitgang in die lewe stuit nie. Here, ek vertrou op U en ek sal vir altyd dankbaar wees vir dit wat U vir my gedoen het. Here, ek sal nie kla of verslae wees nie, omdat ek seker is U is met my. Dankie Here Jesus vir U woorde aan my vandag en ek weet u sal altyd daar wees vir my. Ek vertrou op U, liewe Here.”

Pastoor Akintayo (Nigerië)

## Beskerm deur Sy Stem

“Ek het God se stem leer ken as baie teer en tog heeltemal anders as my eie gedagtes. Die teks leer ons dat ons almal met tye spontane gedagtes, idees, gevoelens of indrukke het en as ons daaraan sou aandag gee, sou ons agterkom dat God met ons praat. Byvoorbeeld, ek en my suster was op die hoofweg op pad fliek toe. Op pad soontoe het die gedagte die heeltyd by my opgekom om die volgende afrit te vat. Ek het dit vir ‘n tydlank geïgnoreer, maar dit wou nie weggaan nie.

“Uiteindelik het ek vir my suster gesê ons gaan ‘n ander pad vat na die vertoning en ons het van die hoofweg afgeklim. Toe ons by die huis kom, het my ma aangestorm gekom en gevra, ‘Is alles reg?’ Ons het gesê, ‘ja, maar wat is fout’? Sy het gesê toe ons daar weg is, het sy gesien hoe ons in ‘n verskriklike ongeluk is. Sy begin toe bid en bid totdat sy gevoel het ons is veilig. Ek het haar vertel van die impuls wat ek gehad het om van die hoofweg af te klim en toe ek haar vertel hoe laat dit was, het ons besef dit was die presiese tyd toe sy opgehou het met bid. Toeval? Ek dink nie so nie.”

Anoniem

## Ek was so bly toe jy gebore is!

**‘**Veels geluk, my seun! Ek was so bly met jou geboorte! Ek het die hande geseën wat jou in die wêreld gebring het en ek het hulle dopgehou met tere jaloesie en het jou opgepas al die dae van jou lewe. Ek het jou geseën en in die wêreld verwelkom en soos jy gehoor het (van My profeet) sal ek met jou spog. Jy is ‘n beloning van my genade!”

Michael

## Vertrou op My liefde vir Jou

Let op: In die volgende dagboekinskrywing was God besig om die persoon te help om te deel met sekere ernstige persoonlike probleme wat die gevolg was van seerkry en verwerping kleintyd. Sy het weggeskram van naby verhoudinge omdat sy bang was om weer seer te kry.

Sy het begin dagboek hou deur met God te praat – toe begin God met haar praat. In Psalm 95:7-9 sien ons dat die Psalmdigter die sin begin asof dit hyself was wat praat en in die middel van die sin besef hy dat dit eintlik God is wat praat, slaan oor na die eerste persoon en gaan voort asof dit God is wat praat, wat natuurlik so is. Die eerste lyntjie van die volgende gesprek was waarskynlik God wat praat en kon so gelyk het, "Jy is 'n nuwe skepsel in Christus."

*"Ek is 'n nuwe skepsel in Christus. Die ou dinge het verbygegaan; kyk dit het alles nuut geword! My liefde vir jou is groter en sterker as jou vrese. My liefde sal jou swakhede oorkom. My liefde sal jou hart en siel vernuwe en Ek sal jou heelmaak in My. Glo, hoop, vertrou op My liefde vir jou. Moenie twyfel nie, want Ek het vir jou gesterf, sodat Ek jou as My eie kon besit.*

*"Ek het groot dinge wat vir jou voorlê. Moenie twyfel nie, vertrou net. Saam sal ons die wêreld oorwin; want jy is my regterhand en my lieflike geur op die aarde. Deur jou sal hulle My begin sien.*

*"Vrede vir jou, want My vrede gee Ek vir jou. Nie soos die wêreld gee nie, maar soos wat My Gees in jou bly, sal jy My vrede leer ken."*

Anoniem

## In die Troonkamer

"Gedurende die vroeë-oggend aanbiddingstyd waarmee ons elke dag begin by die Leierskapskool … het ek vir die Here gesê dat ek die Troonkamer wil binnegaan en vir Hom wil sing. Ek kan nie sing nie,

maar ek weet God woon onder die lofsange van Sy volk, daarom weet ek ook dat Hy sal weet wat om daarmee te doen.

“Ek het die Heilige Gees gevra om my na die Troonkamer toe te neem.  Ek het weer gekyk vir ‘n visioen en het dadelik ‘n oop deur gesien.  Ek het ingesit en kon die Troon sien, maar daar was ‘n dynserigheid om my Vader en ek kon net die buitelyne van Sy bene sien.  Maar, ek kon Jesus sien waar hy gemaklik teen die Troon leun, met sy linker elmboog teen die regter armleuning van die Troon self.

“Jesus se enkels was gekruis soos Hy heeltemal ontspanne daar teen Sy Vader se stoel gestaan het.  Soos wat ek na die toneel gestaan en kyk het, het ek agtergekom dat Jesus die kleur van ‘n mens gehad het.  Ek het probeer om deur die heerlikheid te kyk om my Vader te sien, soos in die vorige visioen, maar kon Hom nie sien nie.  Toe fokus ek my oë op die oë van Jesus en sing vir Hom.  My fokus en aandag was heeltemal op Hom.  Ek het nie weggekyk en oogkontak met Jesus verbreek nie.

“Na so ‘n rukkie, skielik, spring ons Vader van die Troon af en land op albei Sy voete met Sy hande uitgestrek en sê, “*Ek wil deel hiervan wees!”*  Dit was vir my ‘n groot verrassing.  Vir die oomblik was ek stomgeslaan, maar ek het my gedagtes bymekaargekry en gesê, “Goed, ek sal vir Julle albei sing”.

“Jesus en ons Vader het langs mekaar gestaan terwyl ek lof- en aanbiddingsliedjies vir Hulle begin sing het.  Ek het agtergekom dat die Vader nie dieselfde kleur gehad het as Jesus nie, wat soos ‘n man gelyk het.  Hy het heeltemal geskitter, ‘wit soos die lig’, soos wat Mattheüs 17:2 die verheerliking van Jesus beskryf.  Al waarmee ek dit kan vergelyk, is om dit te beskryf as ‘n weerligstraal.  In hierdie visioen was Hulle ook albei ewe hoog.

“Nadat ek ‘n paar minute vir Hulle albei gesing het, het Jesus met Sy regterhand aan my linkerskouer gevat en my in die arms van my Vader gestoot.  Terwyl ons mekaar omhels, kon ek Sy liefde oor my en deur my voel spoel.  Die gedagte wat deur my kop gegaan het, was, ek wil nooit weer hier weggaan nie.  Ek is in die skoot van die Vader.  Kan daar in die ganse heelal ‘n beter plek wees? Maar na ‘n

rukkie het Jesus weer Sy hand na my toe uitgesteek en na die deur gewys en gesê. *"Gaan bewys nou hierdie liefde aan My mense".*

"Terwyl ek teruggetree en Jesus hierdie woorde hoor sê het, het ek agtergekom dat elke deeltjie van my wat in aanraking was met die Vader, van my middel af tot by my gesig, net so 'wit soos die lig' geword het wat ons Vader omstraal het.

"Ek het vir myself gesê, 'Dit gaan maklik wees', - verwysend na dit wat Jesus gesê het ek moet doen. Ek was nog altyd senuweeagtig en bang vir die bediening. Maar ek is hier totaal en al van vrees verlos. Met my Vader se aanraking het ek geweet Hy het my die vermoë gegee om Sy roeping uit te leef en die vrees was weg. Ek kon Sy planne vir my lewe uitvoer sonder enige vrees hoegenaamd. Dankie, Jesus!!"

Buck

## Bevordering kom van My af

Hierdie man het so pas die uitslae gekry van intelligensietoetse wat hy afgelê het en was depressief daaroor.

*"Onthou, My kind, Ek het vir Petrus, Jakobus en Johannes en baie ander gekies op grond van die gawes wat Ek vir hulle gegee het, nie wat ander mense raakgesien het nie. Jou teleurstelling is nie onverwags nie, maar onthou dat ek vir jou, jou en my Kerk, gesê het dat Ek die eenvoudige dinge van die wêreld uitgekies het om die wyse te beskaam.*

*"Dink net wat die slim mense in Petrus se tyd van hom en die ander gesê het toe hulle uitgegaan het en My Evangelie verkondig het. Selfs My eie Seun, Jesus, was nie gesien as 'n slim man deur sy tydgenote nie, tog het hy die grootste geskenk aan die mensdom gegee wat 'n mens voor kon droom, die ewige lewe.*

*"Jou lae toetstelling beteken niks vir My nie; hou op om daaraan te dink en dink aan die droom wat Ek in jou hart gesit het. Volg jou*

*droom na van verdere studies en Ek sal die deure oopmaak waar Ek wil hê jy moet gaan. Jou vordering en bevordering sal wees omdat Ek dit moontlik gemaak het, nie as gevolg van jou eie krag of mag nie.*

*"Ontvang hierdie as 'n les in verootmoediging en wees bly dat jy nie op jou eie vermoëns hoef staat te maak nie, maar op My Gees".*

Anoniem

## Selfs 'n Kind…

'n Sewe-jarige se eerste dagboekinskrywing: "Hoekom het U ons so lief?"

*'Omdat jy My kind is.'*

"Here, is daar enigiets wat U vir my wil sê?"

*'Ja, iets baie, baie belangriks. Dat ek jou baie, baie liefhet."*

"Is daar nog iets wat U wil sê?"

*"Nee".*

"Dankie, Here, vir alles wat U vir my gesê het vanaand. Goeienag."

Dieselfde dogtertjie het die volgende oggend vir die tweede keer haar gesprek met God neergeskryf.

"Liewe Here, baie dankie dat U my gehelp het gisteraand om alles in my dagboek te skryf. Ek het 'n vraag. Waarom het U gesê laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele?"

*"Want Ek is hulle Verlosser en Ek het hulle baie lief".*

Haar pa het by haar kom sit en hulle het Mattheüs 19:13-15 gelees. Sy het probeer dink aan ‘n prentjie van Jesus met die kindertjies en waar sy by hulle is.

Sy het die volgende neergeskryf.

“Ek sit op Jesus se skoot. Sy een hand is op my skouer en Sy ander hand is om my lyfie. Hy sê, “*God seën jou*”.

“Dit was baie, baie lekker”.

Charity

## Maak jouself vol met My Gees

Dagboek-hou bring dikwels vrede vir diegene wat ‘n baie besige lewe het en dit moeilik vind om net stil te sit in die teenwoordigheid van Jesus:

“Ons het saam op die strand gestap. Ons het in ‘n klein bootjie geklim, en Hy het weggeroei – die meer was kalm; ek het my hand deur die water beweeg – dit was warm. Die son was besig om op te kom. Dit was ‘n perfekte dag. Ek het vir Hom gesê dat ek Hom liefhet en Hy het dit liefdevol aangehoor. Ons het teruggeroei na die strand, die bootjie vasgemeer en hand-aan-hand verder gestap. Hy het met my gepraat, vir my gesê ons het tyd om saam te stap, saam te hardloop, saam te lag, mekaar se geselskap te geniet. Dit is altyd tyd wat goed benut is”.

*“Iemand wat tyd maak om deur My volgemaak te word, sal nooit leeg wees as ander wat in nood is na hulle toe kom nie. En wanneer hulle uitreik na jou om van jou te neem, sal hulle My vind”.*

Carol

## Wees Deel van My lewe

Ek het aan die Here gedink, toe ek skielik in my gedagtes ‘n prentjie van Hom sien waar Hy aan die kruis hang.

Hy het gepraat: “*Dit is hier waar jou sonde en die ou natuur gesterf het.”*

Toe sien ek die graf. Hy het in Sy verrese liggaam daar langs die graf gestaan.

*“Dit is waar jy die lewe en ‘n nuwe natuur ontvang het.”*

Toe sien ek Hom waar Hy op die troon sit. Daar was plek langs Hom. Ek het geweet dis vir my.

Hy het Sy hand na my toe uitgehou en gesê, *“Kom op na My toe hier bo. Dit is waar jy krag ontvang. Jy is ‘n kind van die Koning en ek deel met jou My outoriteit en krag om te regeer. Party van My kinders kom nooit by die Troon uit nie. Ek het vir hulle ‘n plek hier, maar hulle luister nie om My stem te hoor nie, hulle sien nie My uitnodiging raak nie. Hulle het lewe, My lewe, maar hulle het dit nie in oorvloed soos wat Ek belowe het nie. Om dit te ontvang, moet hulle na my Troon kom en die outoriteit en krag self opneem wat Ek na hulle toe uithou. Om deel te hê aan My lewe is om te deel te hê aan My kruis, My opstanding en My Troon.*

*“Hou aan om met vrymoedigheid na die Troon te kom, My kind”.*

Anoniem

## Die Profetiese Woord Bevestig die Visioen

“Die Gees het Openbaring 1:6 baie duidelik op my hart gedruk, Hy het ons Konings en Priesters gemaak in Sy Koninkryk, ‘konings en priesters vir sy God en Vader... ‘

“Ek het Jesus gesien aan die anderkant van ‘n baie sterk vloeiende rivier. Hy was lank en sterk en in Sy regterhand het hy twee sleutels gehad wat Hy na my toe uitgehou het. Ek het geweet dat Hy wou hê ek moet die sleutels vat. Sy linkerhand was na my toe uitgesteek om my oor die rivier te help. Ek het die rivier gesien – skielik het die sterk stroom so hoog gerys dat ek nie vir Jesus kon sien nie. Ek het opgekyk om Hom te sien en het weggekyk van die water af op. Die waters het gesak en Hy was nog daar.

“Met my oë op Hom vasgenael, het ek in die stroom ingestap en is omgeslaan. Ek het probeer om Sy hand te vat, en al was ek te ver om dit te gryp, het Sy hand myne styf vasgegryp. Ek kon Sy lang arm sien. Hy het my na die oorkant gelei, ek het gehuil en Hy het my styf vasgehou. Ek het geweet Hy wou hê ek moes die sleutels vat en gebruik. Hulle was die simbool van Sy mag en outoriteit oor die dood en oor al die werke van die vyand.

“Ek het Hom gevra om met my te praat oor dit wat ek gesien het. Hy het Sy regterhand na my toe uitgesteek, met die handpalm na bo, en die sleutels daarin. Toe ek so kyk, toe sien ek die diep wond in Sy handpalm. Ek het geweet Hy wou my daaraan herinner dat Hy deur Sy dood die sleutels gewen het en dat as ek die sleutels wou gebruik ek myself heeltemal sou moes oorgee. Ek het die wond in Sy handpalm gesoen en gehuil oor dit wat Hy van my gevra het. Daar was so ‘n smeking in Sy oë – ek het geweet Hy wou so graag hê ek moes ja sê.

“Toe wys Hy my dat Hy nie die sleutels aan my sou oorgee nie, maar dat ek my hand in Syne moes sit dat Hy my kon leer om dit te gebruik. Hulle was tot my beskikking, maar kon net onder Sy leiding gebruik word”.

Die volgende aand by ‘n biduur, het ‘n vrou vir hierdie persoon ‘n profetiese woord gegee wat gesê het die sleutels is tot haar beskikking en dat Sy vrymoedig moet wees en dit gebruik. Die profesie het haar dagboekinskrywing bevestig.

Anoniem

## Muggies op my pad

Hierdie persoon het gevoel dat God hom op ‘n pad sit met ‘n spesifieke doel, maar daar was geweldige hindernisse in die pad. Die Here het so geantwoord:

*“Is Ek die Here? Dan bepaal Ek die omstandighede en sal ek Here ook daaroor wees. Niemand kan keer wat Ek in vervulling wil bring nie. Wat vir jou groot hindernisse is, is vir my soos muggies. Kan jy My vertrou met alle sake wat jou betref?”*

Anoniem

## Ek wil vir jou goeie dinge wys

Hierdie vrou het vir die Here gevra om vir haar die karakter-eienskappe, houdings en motiverings in haar hart te wys, veral die wat Hom nie behaag het nie.

*“Ek wil vir jou goeie dinge wys, maar jy sal dit nie ontvang nie. Jy fokus te veel op die dinge in jou wat volgens jou My nie behaag nie. Ek fokus op die dinge wat My behaag. Omdat jou hart op My gerig is, sal hierdie verkeerde dinge die wyk neem*. *Ek verkies dat jy op die goeie dinge fokus en die blydskap ontvang wat dit My verskaf.*

*“Jou hart is suiwer teenoor My. My liefde is in jou hart. Dit is jou motivering; dit is jou basiese eienskap, soos wat dit Myne is. Wanneer jy iets anders in jou binneste ervaar, is dit dikwels satan wat probeer indring – maar soos wat jy My vertrou en My vra, hou Ek hierdie dinge weg van jou af – solank Ek net weet jy wil nie enige ander motief as My liefde in jou hart ontvang of toelaat nie.”*

Joanna

## Jou Probleme sal jou nie Oorweldig nie

*“Kom, My kind, en stap saam met My. Sien jy die water wat op die strand uitspoel? Hulle sal nooit verby die grense spoel wat Ek daar gestel het nie. Netso sal jou probleme ook nie oor die grense spoel wat Ek daar gestel het nie. Die uiteinde van al hierdie dinge is goed. Moenie bekommer oor wat jy moet sê of doen nie – Ek sal aanhou om te gee na jou behoefte net soos wat Ek manna gegee het soos wat Israel dit nodig gehad het. Hoekom sou jy in My glo of op My vertrou as al die antwoorde netjies opmekaargepak was, wat jy kon uithaal nes jy wil? Ek sal voorsien; Ek onderhou jou; Ek gee jou energie. Kyk maar net na My. Vertrou op My.*

*“Vind troos, My kind – gaan in My vrede vandag”*

Anoniem

## Ek is jou Sukses

“Here, ek het U so lief en waardeer U liefde en versorging. Hoe kan ek U ooit genoeg dankie sê dat U my geleer het, dat as ek maar net tyd maak om te luister, U regtig met my sal praat?!”

*“Ek het jou lief, My kind, en daardie liefde is baie groter en dieper as wat jy ooit kan begryp. Dit is die liefde wat jou vorentoe sal laat aanhou. As jy mismoedig voel, verward, moeg is, is My liefde altyd daar om jou seer hart te beskerm. Verbly jou in hierdie wete!*

*“Ek sien jou angstigheid as dinge in ander se lewens nie so vinnig gebeur as wat jy sou wou sien nie, maar Ek sê, ontspan; rus in My. Hierdie is My sake, jy is net My instrument. Dit is die Een wat die instrument hanteer wat verantwoordelik is vir dit wat die instrument doen. Moenie enige druk voel om suksesvol te wees nie. Ek is jou sukses. Rus net eenvoudig in My en vertrou My om die werk in ander se lewens te doen”.*

“Here, U is so goed vir my! Ek ontvang alles uit U hand!”

*"Ontvang dan ook My liefde.  Dit word vir ewig uitgestort soos 'n fontein. Sien jy nog nie hoeveel Ek jou koester nie? O, My kind, glo wat Ek sê.  Ek hou jou vas in My hart.  Ek beskerm jou.  Niks in hierdie wêreld kan jou seermaak of wegneem wat Ek vir jou gegee het nie – liefde, blydskap, vrede, rus in My.  Ek sal jou leer.  Moenie sukkel nie – wag net op My.  Vertrou My met jou alles.  Ek kyk na jou hart met blydskap.  Ek hoor jou versoeke.  Beskou dit as afgehandel."*

Anoniem

## In My is jy 'n Wenner!

*"Jy sien jouself as so 'n mislukking, so 'n hopelose mens, en daarom het jy alreeds tou op gegooi, die handdoek ingegooi.  Jy oortuig jouself selfs voor die geveg dat jy nie sal wen nie, die ideale resep vir mislukking en neerlaag.  As iemand oorlog gaan maak met die idee dat hy gaan verloor, is daar geen hoop of krag om te oorwin nie.  'n Neerlaag is onafwendbaar.*

*"Maar ek sien jou nie so nie!  Ek is glad nie oortuig van daardie leuens en miskonsepsies nie.  Jy is My seun.  Gekoop deur My kosbare bloed.  Meer as 'n oorwinnaar!  'n Wenner!  'n Vreugde vir die Vader!  Jy is besig om baie jare en geslagte van ongeloof en goddelose strukture omver te gooi wat opgestel is teen die kennis van God.  Ek sal jou help om hulle te identifiseer en dan goddelose patrone van ongeloof in jou lewe neer te werp.  Ek sal jou tot by 'n plek van absolute vrede in My bring en tot 'n plek van groter intimiteit wat sal uitloop op groot prestasies wat nasies sal bereik.  VESTIG jou oog op My!  Ek kan dit doen!  Ek is die Groot EK IS.*

*"Jy is net soos My dissipels.  Hulle was ook vasgevang in groot ongeloof terwyl hulle met My gewandel het en alles gesien het wat Ek gedoen het en tog was hulle oorweldig deur ongeloof en goddelose maniere van dink.  Maar Ek het hulle tot op 'n punt van groot geloof en verhouding met My gebring.  Ek is getrou.  Ek is absoluut getrou aan jou.*

*"Jy is Myne. Jy is Myne net soos wat die Apostels aan My behoort het. Hulle was nie MEER My kinders en het nie MEER guns as jy geniet nie. Jy is net soveel My kind as wat hulle was. Hou aan om jou sonde van ongeloof te erken en te bely en keer jou aandag en fokus op My, op My woorde aan jou dan sal jy voortdurende verandering in jou lewe ervaar wat jou wêreld omkeer en in effek almal omkeer wie se lewens jy veronderstel is om te beïnvloed.*

*"Vertrou My soos wat 'n kind sy pa vertrou. Onthou hoedat jy herhaaldelik vir Josiah, toe hy nog klein was, verseker het hy kan jou vertrou, toe hy in jou arms wou spring in die water. Hy was bang om te spring, maar jy het hom oorreed om te vertrou, om te spring, want jy het geweet jy sou hom nie in die steek laat nie. En jy het ook nie. Hy het gespring, en toe weer, en weer totdat hy sy vrees vir water oorkom het. Sy vertroue is gebou en gevestig. So, vertrou My en spring. Ek sal jou vang. Jy kan dit doen. Spring! Ek kan jou nie in die steek laat nie. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal jou vang. Jy is vir altyd veilig in my arms. Jy sal nie verdrink nie. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Vertroue sal gebou en gevestig word."*

Michael (Kanada)

# 10

# *Yada*-
# Wedersydse Liefde

Patti het grootgeword in die Weste van New York. As ‘n tiener het sy amper elke dag na ‘n platedraaier met die naam Danny oor die radio geluister. Hy was baie populêr onder jongmense en waar hulle ookal saamgekom het, het die radio’s spoedig geblêr en kon mens sy stem oor die lug hoor.

Na kollege en nadat ons vir ‘n tydlank in ‘n ander streek gewoon het, het ons terug getrek na die Westelike deel van New York. Op ‘n dag terwyl sy na die nuus luister op televisie, was Patti verbaas om die stem te herken wat sy so dikwels gehoor het as ‘n tiener. Terwyl hy ‘n platedraaier was, het hy terselfdertyd ook ietwat van ‘n televisie-persoonlikheid geword. Patti het toe ‘n prentjie gekry waarmee sy die stem kon assosieer. Wanneer sy wou hoor wat Danny te sê gehad het, kon sy enige tyd die televisie op die regte kanaal instel en hom duidelik hoor en sien.

Al die formules, beginsels en verhale in hierdie boek is gegee om jou te help om die Gees van die Here in jou gees te herken. Ek hoop jy kon visioene ook inbring in jou lewe en God sien werk met die oë van jou hart en dat jy geleer het hoe om jou hart in te stem sodat jy meer

kan ontvang. Maar as jy daar ophou, is jou verhouding met Jesus niks beter as wat Patti met die platedraaier Danny, het nie.

Patty ken Danny se stem en herken selfs sy gesig, maar sy ken hom nie as persoon nie. Hulle het nog nooit hulle gevoelens en gedagtes met mekaar gedeel nie. Daar is niks liefde of selfs vriendskap tussen hulle nie. Dit is moontlik om iemand se stem te ken sonder dat jy homself ken.

Dit bring ons weer by die begin. Gemeenskap met Sy kinders is die grootste begeerte van die hart van God. Dit is belangrik vir ons om Sy stem te herken, omdat die moontlikheid van 'n verhouding met Hom dan groter is. Maar ons doel is nie net om God se stem te ken nie, maar om Hom te ken.

Jesus sê, "dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3). Ons verlossing is nie 'n besitting nie, maar 'n verhouding. Die ewige lewe is nie bloot om vir altyd te lewe nie; ons moet ook groei in die liefde.

Die Griekse woord vir "ken" is *ginosko*. Dit verwys nie na die eenvoudige, informele 'kennis' van 'n familielid of selfs van 'n naby vriend nie. *Ginosko* beteken om betrokke te wees in 'n intieme, groeiende verhouding. Dit is die woord wat in die Septuagint gebruik word in Genesis 4:1, waar dit sê dat Adam sy vrou Eva 'beken' het, en sy het 'n seun in die wêreld gebring. *Ginosko* verwys na die mees intieme persoonlike verhouding tussen 'n man en vrou. Dit is die ewige lewe. Dit is die rede waarom ons verlos is: sodat ons 'n diepe, intieme verhouding mag hê met die Vader en die Seun, wat al hoe wonderliker raak oor tyd en ewigheid heen.

Die Hebreeuse ekwivalent van *ginosko* is die woord *yada* en dit is die woord wat ek graag gebruik wanneer ek praat van liefdevolle gemeenskap in gebed. Gebed is nie 'n aktiwiteit wat ons beoefen nie – dit is om by Hom te wees. Totdat ons verby ons beperkte persepsies beweeg van gebed as versoeke, smekinge, lof en dank, sal ons nooit uitkom by 'n diep en liefdevolle verhouding waarvoor ons geskape is nie. Daardie aspekte van gebed is belangrik – moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie! Maar as hulle nie 'n

uitvloeisel is van *yada* nie, intieme kennis van God nie, bestaan die gevaar dat dit blote godsdienstige aktiwiteite is.

## Hy verlang daarna om jou lief te hê

Wanneer ons Jesus as Heer van ons lewe aanvaar, raak ons verloof aan Hom. Die tydperk wat ons op aarde is, vanaf ons bekering totdat Jesus terugkom, is ons verlowingstydperk. Dit is ons geleentheid om baie tyd saam deur te bring, ons verhouding te verdiep, ons hoop en drome te deel, ons vreugde en pyn, suksesse en uitdagings. Paulus het vir die Korinthiërs gesê, "want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel" (2 Kor. 11:2). Wanneer Jesus weer kom, sal ons deel wees van die kerk wat verenig word met haar Heer by die groot bruilofsfees van die Lam.

Gedurende ons verlowing, verlang ons Verloofde na ons geselskap. Hy wil hê dat ons alles wat op ons hart is met Hom sal deel en dat ons gemaklik genoeg sal wees om net stil bymekaar te sit en mekaar se liefde te geniet. Hy het die volgende vir Patti gesê in haar joernaal:

"Ek het jou lief. Ek begeer dat jy sal terugkeer na My soveel as wat jy begeer om iemand te hê met wie jy jou hart kan deel. Ek het jou liefde nodig. Ek het jou lief. Ek verlang om jou te vertel van My liefde. Moet My asseblief nie wegstoot nie. Ek het jou lief. Ontvang asseblief al die seëninge wat Ek oor jou uitstort as geskenke van liefde. Ek het jou lief, My kind, My lieweling. Jy is kosbaar vir My. Jy is 'n kosbare skat wat Ek in My hart hou. Kom deel jou lewe met My.

Toe Jesus na Jerusalem gekyk het, die stad wat Hy so liefgehad het, was Hy seergemaak deur die mense se verwerping., maar Hy het steeds sonder maat liefgehad. Hy het uitgeroep, "O Jerusalem, Jerusalem … Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie! (Luk. 13:34). Jesus begeer steeds om ons nader te trek, om vir ons sekuriteit en 'n identiteit te gee, dat ons kan voel hoe klop Sy hart met liefde vir ons! Hoe seer maak ons Hom nie, wanneer ons te besig is om met Hom te

verkeer. Hoe verwond ons nie Sy hart wanneer ons reëls kies bo ‘n verhouding, diens in plaas van liefde nie.

‘n Student het die volgende van die Here gekry in sy dagboek: “My kind, jy voel dat jy ‘n probleem het met gebed. Hoekom? Dit is maar net ‘n gesprek met ‘n naby, intieme vriend - met My. Kom na My toe en praat, luister en geniet - alles wat jy met ‘n aardse vriend sou doen - al kan Ek baie meer wees as dit - Ek is jou alles. Laat My toe om deur jou te spoel, uit jou te vloei in alles wat jy dink, sê en doen. Praat meer. Luister meer. Kyk meer. Dit is maklik as jy opkyk na My vir leiding. Ek het jou lief. Kom. Rus in My rus. Laat My toe om te werk ...”

Jesus is verheug as ons *yada* kies! “…soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees” (Jes. 62:5). Ek wonder of ons regtig die liefde van ons Verlosser kan besef! Luister: “U het my hart gesteel, my susterbruid, u het my hart gesteel met een straal van u oë, met een kettinkie van u halssierraad. Hoe skoon is u liefde, my susterbruid, hoeveel beter is u liefde as wyn en die geur van u salf as al die speserye! Heuningstroop drup van u lippe af, bruid, heuning en melk is onder u tong, en die geur van u klere is soos die geur van die Libanon” (Hooglied 4:9-11).

Hierdie is die woorde van ‘n man wat verlief is! Al gaan Hooglied oor die liefde tussen ‘n man en vrou, is dit ook ‘n pragtige beeld van die liefde tussen Christus en Sy bruid, die Kerk. Hy het ons lief met ‘n onpeilbare liefde. Hy begeer om ons te wys hoe lief Hy ons het.

Die Here wil nie hê ons moet net na Hom toe kom wanneer ons ‘n behoefte of ‘n vraag het nie. Hy wil nie hê dat ons altyd na Hom moet kom met ‘n bymotief nie. Alhoewel gemeenskap met Hom ons meer produktief maak, wil Hy nie hê dat ons slegs na Hom toe moet kom sodat ons meer produktief kan wees nie. Hy wil hê dat ons na Hom toe moet kom omdat ons Hom so liefhet dat ons eenvoudig net nie kan wegbly nie.

Die Here het vir my gesê, “Ek geniet dit om net by jou te wees, al doen ons niks spesiaals saam nie, net om by mekaar te wees. Ek geniet die geur van jou aanbidding. Alleentye is vir My so vol vrede. Dit is soos ‘n koel stroompie wat langs die berg af vloei. Ek begeer

jou teenwoordigheid. Dit is verfrissend vir My. Dit is die vervulling van My doel met jou as jy kies om by My te wees. Dit gee vir My soveel vreugde. Doen dit meer dikwels. Moenie dink dat ons elke keer iets moet doen wanneer ons bymekaar kom nie. Bloot om bymekaar te wees is die grootste vervulling, net om saam te wees. Kom, kom ons geniet mekaar."

## Maak tyd om lief te hê

"Liefde met die eerste oogopslag" is 'n romantiese droom. Liefde ontpop nie as 'n volgroeide blom in ons harte nie. Dit begin as 'n baie klein saadjie en groei tot 'n sterk en pragtige blom as dit goed versorg word. Liefde ontstaan deur saam tyd deur te bring, saam te lag, te huil, te werk en te speel. Daar is nie 'n kortpad na ewigdurende liefde nie, ten spyte van wat Hollywood ons wil laat glo.

Toe die Here die twaalf dissipels geroep het, was Sy eerste en hoofrede dat hulle by Hom moes wees (Mk. 3:14). Hy het nie hoofsaaklik belang gestel in hulle diens nie, alhoewel dit later sou kom. Eerstens en veral wou Hy hulle by Hom hê om Sy vriende te wees, om Sy pyn en Sy vreugdes mee te deel.

Toe Patti en ek uitgegaan het, het ons die meeste van ons tyd saam spandeer. Behalwe as ons klastye dit nie toegelaat het nie, was ons amper onafskeidbaar. Ons het vroeg opgestaan om stiltetyd saam te hê. As ons tyd en finansies dit toegelaat het, het ons saam uitgegaan. Ons het oor alles gesels en daar was nie 'n deel van ons lewe wat vir mekaar 'n geheim was nie.

Jy vra dalk hoekom het ons so opgetree? Het ons 'n reël gemaak dat ons elke moontlik uur van die dag bymekaar moes wees? Was daar 'n wet dat ons elke dag vir mekaar moes skryf in die vakansies? Was daar die een of ander vreemde vereiste wat my gedwing het om mal goed aan te vang, soos om dwarsdeur die nag te ry net om 'n paar daggies met haar deur te bring? Natuurlik nie! Ons was lief vir mekaar. Ons wou bymekaar wees. As ons weg was van mekaar, was iets binne-in ons onvolledig. Hoe meer tyd ons saam spandeer

het, hoe meer wou ons bymekaar wees, totdat ons geweet het dat ons vir die res van ons lewens ons liefde met mekaar wou deel.

Netso met my verhouding met die Here. Daar is nie 'n wet wat my dwing om my lewe met Hom te deel nie. Ons het nie 'n reël gemaak dat ek 'n sekere hoeveelheid ure per week moet dagboek hou nie. Maar Sy liefde trek my na Hom toe aan. As ek vasgevang word in die besigwees van die lewe, kan ek Hom diep in my wese hoor roep om rus te kom vind in Sy teenwoordigheid.

Eendag het Hy vir my gesê, "Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Ek is in staat om oorvloediglik meer te doen as wat jy mag bid of vra. Kom net na My toe en Ek sal jou krag wees. Ek sal jou Liefling wees. Jy moet net na My toe kom. Dit kan nie gebeur as ons nie tyd saam spandeer nie. Daarom, kom dikwels, voortdurend, na My toe. Ek is altyd hier. Ek is altyd gereed om te luister en te reageer. Ek is 'n groot en liefdevolle God, stadig om kwaad te word, en oorvloediglik in liefdestrou. Jy moet My net met jou hele hart soek en na My toe kom. Sal jy dit doen?"

Hy roep almal wat wil hoor, oor en oor om tyd met Hom te spandeer. Hy het vir Patti gesê, "Ek wil hê jy moet leer om uit My hart te lewe. Jy weet wat Mark behaag en jy probeer daarvolgens lewe. Weet wat My behaag. Ken My en bemin My. Jy kan nie in My bly as jy My nie ken en My nie liefhet nie. En jy kan My nie ken en liefhê nie, as jy nie tyd met My spandeer nie. Kom na My toe. Neem tyd om My te leer ken.

Soos gees roep na gees reageer ons gees met verlange na Hom. "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn?" (Ps. 42:2,3).

Soos verliefdes elke moontlike kans aangryp om saam te wees, gryp my hart elke geleentheid aan om tyd te spandeer met die Liefling van my siel. In Sy soete teenwoordigheid vind ek vrede, tevredenheid en vreugde. "…u liefde is kosteliker as wyn. U salf is aangenaam van geur, u naam is soos salf wat uitgegiet is, daarom het die jonkvroue u lief. Trek my agter u aan, laat ons gou maak! Die koning het my in

sy binnekamers gebring. Ons wil juig en ons in u verheug, ons wil u liefde prys meer as wyn” (Hooglied 1:2-4).

## Lewe in ‘n verhouding

Gemeenskap met die Here is nie iets wat ons elke week op ‘n spesifieke tyd doen nie. Gemeenskap is ‘n lewenswyse wat elke deeltjie van ons bestaan behels. As ons in ons verhouding met Jesus lewe, beïnvloed dit alles in ons lewe.

Hoeveel van ons glo byvoorbeeld dat elke gelowige ‘n getuie moet wees? Hoeveel van ons het klasse bygewoon en boeke gelees om te leer om ‘n beter getuie te wees? Tog voel so baie van ons dat ons ons Heer dikwels teleurstel, omdat ons nie effektiewe getuies is soos ons behoort te wees nie? Ons pastore het te dikwels skuldgevoelens en veroordeling op mense gelaai omdat ons nie die ware konsep van getuie-wees verstaan het nie. Jesus het nie vir Sy dissipels gesê, “Julle moet uitgaan en getuig onder die mense van Jerusalem, Judea en Samaria” nie. Nee, Jesus het die woord ‘getuies’ nie as ‘n werkwoord nie, maar as ‘n selfstandige naamwoord gebruik, nie iets wat ons doen nie, maar wat ons is. “Julle sal My getuies wees” (Hand. 1:8).

Wat is ‘n getuie? Veronderstel jy gaan winkel toe om melk te koop. Dit is laataand. Skielik hoor jy ‘n lawaai by die kasregister. Jy loer na die einde van die tou en sien hoe ‘n gewapende man die kassier dwing om hom al die geld in die kasregister te gee. As die dief omdraai, kan jy sy gesig duidelik sien. Oomblikke later daag die polisie op en tree vorentoe. “Ek was ‘n getuie, Konstabel” sê jy, “Ek het alles gesien”. By die hofsaak, moet jy getuig van alles wat jy gesien en gehoor het. Die regter sal niks minder en niks meer toelaat nie.

Jesus het gesê, as die Heilige Gees oor ons kom, sal ons Sy getuies wees. Met ander woorde, ons sal vir ander vertel wat ons Hom sien doen en hoor sê het. Petrus en Johannes het verstaan wat Jesus bedoel het. Hulle het ‘n lam man sien bedel op die trappe by die tempel. Maar hulle het ook in hul geestesoog gesien hoe Jesus die

man genees. Daarom het hulle gespreek wat hulle by die Vader gehoor het en die man het begin huppel en spring en het God geprys. Toe het hulle begin getuig van wat hulle van Jesus geweet het. As gevolg daarvan is hulle gevange geneem, in die tronk gestop en verhoor. Die Raad was verwonderd oor hul getuienis as getuies, en het begin besef hulle was by Jesus.

Dit is ware getuiewees. Dit is om te sien wat Jesus doen, te hoor wat Hy sê, en om dan in die getuiebank te verskyn voor die wêreld en te vertel wat Hy gesê en gedoen het. As ons by Jesus was, sal ons getuienis die toeskouers oortuig en baie sal gered word van 'n ewige oordeel.

Aanbidding het vir my 'n nuwe betekenis gekry toe ek dit begin sien het as deel van my totale ervaring van gemeenskap met die Een wat ek liefhet. Toe ek my geestesoë oopmaak om die werklikheid raak te sien waaroor ek gesing het, het aanbidding 'n geesteservaring geword. Ek het begin om Jesus te sien aan die regterhand van die Vader, verhoog deur die lofsange van Sy volk. Ek het begin sien hoe Hy ons lofsange geniet en gesien hoe Hy ons bedien met Sy liefde. Soos wat ek Hom toegelaat het, het die Heilige Gees oorgeneem en geestelike werklikhede agter die woorde van die liedjies gewys waaroor ons gesing het.

Een Sondagoggend het Patti haar geestesoë aan God gewy tydens aanbidding en Hy het vir haar 'n pragtige gesig gegee wat dwarsdeur die aanbidding aangehou het. Ek het haar gevra om dit met julle te deel, omdat dit so baie van die beginsels in hierdie boek illustreer. Dit wys hoe die aktiewe vloei van die Heilige Gees kan begin werk en God wonders onder ons kan doen, wanneer ons stil word in God se teenwoordigheid en ons ingestem raak op visioene en spontaneïteit. In hierdie geval het Patti stil geraak deur middel van musiek, baie soos wat Elisa dit gedoen het (2 Kon. 3:15). Laat sy self die storie vertel:

"Hierdie Sondag het soos die meeste ander Sondae begin. Ek was moeg van opwees in die nag vir Josua, ons baba. Ons pleegkind was nie tuis nie en sy sussie was nêrens in sig nie. Kort nadat ek opgestaan het, is Mark al kerk toe, so ek het die kleintjies alleen gereed gekry vir kerk. Mense sou na kerk oorkom vir ete, so ek

moes daarmee begin, en die huis was nie verskriklik skoon nie. Ek het nie tyd gehad om my hare mooi te maak nie en toe ek aantrek, het ek nog groter as gewoonlik gelyk, en ek moes in iets anders inspring wat dit minder opvallend laat lyk het.

“Teen die tyd dat ek by die kerk aangekom het, het die aanbidding al begin en ek het net so sleg soos altyd gevoel as ek by die kerk aankom. Toe Mark my vra hoe dit gaan, het ek gereageer met, ‘Ek haat Sondae!’ ek het nogtans begin sing en handeklap en ‘n lofoffer gebring.

“Na ‘n ruk was daar so ‘n asemskep in die diens en ‘n gees van stilte het oor die gemeente gekom. ‘n Stem in my binneste het aanhoudend herhaal, “Kyk! Jou geliefde kom op ‘n wit perd, triomferend om te oorwin!’ Omdat ek onseker was of dit ‘n boodskap was net vir my of vir die hele gemeente, het ek stil gebly. In die lig van wat toe gebeur het, sien ek nou dat die spreker die voorloper was van die Here, wat vooruitgegaan het en my voorberei het op Sy koms.

“Hy was gou-gou by my. Hy het op ‘n wit perd gery en het wit klere aangehad. Terwyl Hy van die perd afklim, het ek na Hom toe gehardloop. Hy het my vasgehou terwyl ek my frustrasie en woede en depressie uitgeskree het. Toe, met Sy arms om my, het ons teruggestap deur my oggend … Hy het my gewys dat die omstandighede nie so erg was soos my gemoedstoestand nie en het my gehelp om te sien wat ek kon doen om sulke oggende in die toekoms te vermy.

“Met die oggend se gebeure afgehandel en genees, is ons terug na die grasvelde waar Hy Sy perd agtergelaat het. Die gemeente was weer besig om te sing en ek het by hulle ingeval.

“Ek het gesing van Sy grote liefde wat so hoog soos die hemele strek, van Sy getrouheid, geregtigheid en wysheid. En ek het gesing van die vrede wat ek kry in die skaduwee van Sy vleuels en hoe ek drink by die fonteine van blydskap.

“Dit was my liefdeslied vir my Koning, en terwyl ek in Sy gesig opkyk, het ek ‘n diepe liefde vir Hom ervaar, en Sy liefde vir my.

“Volgende het ons gesing ‘My Glory and the lifter of My Head’, ‘n vrolike lied van lof vir die vreugde wat Hy gee om ons hartseer weg te neem. Terwyl ek sing en handeklap het ek na Jesus gekyk en hy was besig om te dans! Ek kon nie help om saam met Hom te lag van pure genot en feesviering nie!

“Terwyl die mans die lied ‘Kom nou en aanbid Hom’ begin sing, het Jesus saam begin sing en vir my gewink om die Vader saam met Hom te aanbid. Ons het bymekaar ingehaak terwyl ons lofsange sing tot God.

“Skielik was Hy weer terug op Sy perd by ‘n groot grasarena. ‘n Groot skare was bymekaar rondom die oop veld. Ek het ‘n plek gekry in die voorste ry terwyl Jesus oorwinnend om die arena gery het. Ek kon bars van trots en vreugde toe ons sing, “Die Here is groot, die Here is goed, en lofwaardig!’

Dit was duidelik dat ons ‘n groot oorwinning gevier het en die Een wat oorwin het vereer het. Hy het met soveel liefde en trots vir ons geglimlag terwyl Hy verbyry. Ons het vir Hom gesing, die Leeu uit Juda, die Koning van die Konings!

“Jesus het op ‘n platform gaan staan aan die einde van die arena. Daar was ‘n afdak oor hierdie verhoog en kleurvolle vlae en baniere aan albei kante. Ek kon nie sien wie die seremonie hanteer het nie, maar ek het gevoel dat dit Sy Vader was wat Hom gekroon het met ‘n pragtige maar eenvoudige goue kroon. Toe ons sing, het my Here oor die arena na my toe aangekom.

“Ek was aangetrek as ‘n Middeleeuse dame, met ‘n lang vloeiende rok en ‘n hoë hoed vol linte. Ek het ervaar dat, alhoewel ek steeds belangrik was as ekself, ek ‘n simbool geword het van die Kerk. Hy het my as Sy Bruid teruggelei na die platform om saam met Hom te regeer, terwyl die gemeente gesing het, ‘Maranata! Laat U Koninkryk kom!’

“Skielik het die lied, ’This is the Day’ weerklink en ek het teleurgesteld gedink, ‘Dit pas nie, my visioen is verby’. Maar Jesus het anders gevoel. Skielik het ek gevoel hoe ons om die arena dans. Hy het vir

my gesê dat ons Sy Vader se werk vier. Jesus het die oorwinning behaal, maar dit was deur die krag van Sy Vader wat dit moontlik was. Die Here het inderdaad die dag gemaak en ons kon juig en bly wees in Hom.

"Die laaste lied wat ons gesing het was 'Verbly julle altyd in die Heer'. Ons was terug by die platform en die gemeente was oor die veld versprei, besig om 'n soort minuet te dans en fees te vier.

"Voor die nagmaal het ek gesien dat die skare na 'n groot onthaaltafel beweeg het. Jesus het in die middel gesit as die Eregas. Ek was aan Sy linkerkant as Sy Bruid en Roger, ons ouderling, aan Sy regterkant as die seremoniemeester. Roger het gepraat oor 'n vyand wat ons binnekort sou ontmoet en oor die oorwinning wat onse Here alreeds oor hom behaal het. Terwyl ons die nagmaal gebruik het, moes ek myself keer om fisies die beker te lig as 'n heildronk op Jesus, maar dit is wat my gees besig was om te doen. Die res van die tyd is gebruik vir nog getuienisse om ons oorwinnende Heerser en Vriend te vereer. "

## Geloof

Geloof is 'n natuurlike uitvloeisel van 'n lewe in gemeenskap met God. Romeine 10:17 sê dat geloof kom deur die hoor van die *rhema* van Christus. As Jesus met ons praat, is dit nie moeilik om te glo nie; dit gebeur vanself. Mel Tari sê in *The Gentle Breeze of Jesus* dat gewone geloof niks anders is as die natuurlike uitvloeisel van 'n verhouding met Jesus nie, van naby genoeg aan Hom wees om te weet wat Hy in 'n spesifieke situasie gaan doen. Dan, in eenvoudige gehoorsaamheid, doen ons wat Hy ookal sê.

Was jy al ooit in die bevoorregte posisie om die verhouding waar te neem van 'n paartjie wat al vyftig jaar getroud is? Hulle ken mekaar so goed dat hulle skaars hoef te vra wat die ander een dink of weet. Sy weet presies hoe hy van sy eiers en sy oggendkoffie hou. Hy weet wat is haar gunsteling kleur rok en na watter restaurant om haar te neem. As hy sonder 'n testament sou sterf, weet sy presies wie kry die goue horlosie en al sy boeke. Omdat hulle soveel tyd saam

deurgebring het, hul lewens eerlik met mekaar gedeel het, weet die een instinktief wat die ander in ‘n situasie sou doen en hoe om te help.

Dit is ‘n lewe van geloof gebou op *yada*. Terwyl ons Jesus bemin, wek Sy *rhema* geloof in ons harte en is ons in staat om gehoorsaam te wees aan Sy Woord.

Een van die sterkste begeertes wat Christene motiveer om te leer hoe klink God se stem, is die begeerte om Sy wil te ken. Ons begeer Sy leiding elke tree van ons lewens, soos dit ook hoort. Om die Here se wil te ken, is ‘n natuurlike gevolg van tyd met Hom spandeer. In Psalm 32:8, 9 sê die Here vir ons, “Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees. Wees nie soos ‘n perd, soos ‘n muil-esel wat geen verstand het nie, wat ‘n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie”.

Koning Dawid het baie slawe om hom gehad wat sy elke beweging dopgehou het sodat hulle sy behoeftes kon ken. As hy aan tafel gaan sit het, was die slawe naby. As hy vyekoeke wou hê, hoef hy maar net na een van hulle te kyk en dit word vir hom gebring. As hy nog wyn wou hê, kon hy net skuins daarna loer as teken dat sy beker volgemaak moet word. Sy slawe het hom so goed dopgehou dat hy nie eers hoef te sê wat hy wou hê nie. Hy kon hulle as’t ware met sy oë lei.

Die Here sê Hy wil ons ook so lei. Hy wil hê dat ons so na aan Hom moet wees dat ons onmiddellik sal weet wat Hy wil hê. Hy wil hê dat ons fokus so stip op Hom moet wees dat slegs ‘n oogbeweging nodig is vir Hom om ons te lei. Hy wil ons nie lei soos mens ‘n perd lei nie, met ‘n stang in die bek, wat dit pynlik maak om ongehoorsaam te wees, of ‘n tuig, wat alle ander opsies onmoontlik maak nie. Hy wil ons rig met Sy oog.

Toe ons God se stem begin hoor het, het my vrou en ek gesukkel om ‘n balans te vind in leiding van die Here. Die Here het met Patti gepraat, “Jou lewe is vol besluite. Elke enkele ding wat jy doen of sê, behels ‘n besluit, ‘n keuse. Ek wil daardie besluite vir jou maak. Kom na My toe voordat jy enige besluit neem. Laat toe dat jy vol word van

My begeertes."  Sy het weerstand gebied teen Sy woorde, want dit het geklink asof dit 'n voortdurende innerlike dialoog sou beteken, wat baie uitputtend kon wees.

Hy het geantwoord, "My doel daarmee is nie dat jy voortdurend sal vrae vra nie, maar dat jy voortdurend bewus sal wees van My antwoorde en My wil.  Meer as verstandelike kommunikasie, begeer ek 'n geestelike bewustheid, 'n bewustheid dat ek binne-in jou lewe, dat ek 'n Persoon is, dat ek wys en liefdevol is, dat ek jou wil lei en beter kan lei as wat jyself kan.  Jy was al bewus dat ek jou teëhou en het dikwels gesê, 'So what?' en het voortgegaan om jou eie begeertes te vervul.  Ek wil hê jy moet 'So what?' sê vir jou eie begeertes en versugtinge en 'Ja, Here!' vir My!"

## Opsomming

*Yada* is die sentrum van die lewe, die basiese kern van Christendom. Ons liefde vir Jesus is die Bron en Vervulling van alles wat ons doen. Alles wat ons doen, doen ons vanweë ons liefde vir Jesus.  Elke gedagte, woord en daad, vloei uit ons diepe, intieme kennis van Hom. En alles wat ons doen, lei ons om Hom beter lief te hê.  Ons groei daagliks in *yada* kennis van Jesus.  Ons groei daagliks in ons liefde vir die Liefling van ons Siel.

Jesus wag om Sy liefde met jou te deel!  Hy wag dat jy jou lewe met Hom moet deel.  Onthou en gebruik die sleutels wat jou sal help om die deur oop te sluit vir die intimiteit waarna jy so lankal smag:

*Sleutel #1*:  Stem jou hart in by die spontane stem van die Heilige Gees in jou binneste.

*Sleutel #2*:  Word innerlik stil sodat jy die innerlike werking van God kan ervaar.

*Sleutel #3*:  Maak die oë van jou hart oop en vra die Vader om dit te vul met drome en visioene.

*Sleutel #4*: Skryf al die spontane gedagtes of dialoog tussen jou en God wat in jou hart opkom neer: hou dagboek daarvan.

As jy probleme ondervind wat lyk of dit jou pad blokkeer, gaan terug na die tabernakel of ondersoek jou lewe in die lig van Hebreërs 10:22. Dit is baie belangrik dat jy ‘n sagte gees behou en jou gewilliglik aan toetsing onderwerp deur die Woord en die Liggaam van Christus.

Kom nou en verkeer saam met jou beste Vriend. Laat ek die prentjie skilder. Raak betrokke in die prentjie wat ek vir jou teken. Lees stadig, sien, hoor en ervaar die verhaal. As jy by die einde van my woorde kom, laat toe dat die Heilige Gees die visioen neem na waar Hy wil. Sê vir Jesus alles wat jy wil en luister na alles wat hy vir jou te sê het.

## Sit nou agteroor en ontspan…

Kom saam met my in jou gees na ‘n bergreeks in die provinsie van Galilea. Dit is ‘n pragtige somersdag. Die lug is warm, maar hier teen die berghang is ‘n koel en verfrissende briesie. Jy kry ‘n gemaklike posisie om in die dik gras te sit. Jy kyk so nou en dan op as jy ‘n voël hoor sing wat bo-oor jou vlieg. Daaronder in die verte blink en skitter die See van Galilea in die son.

Jy is vaagweg bewus van die skare wat om jou vergader. Jy het ‘n plek heel voor uitgekies, saam met Petrus, Jakobus, Johannes, Andreas en die ander wat altyd saam met Hom is. Want jy is hier om Jesus te sien. Hy sit daar bo iewers, effe weg van die ander. Hy leun terug teen ‘n groot rots en sy kop is geboë. Die rustigheid oor Sy gesig sê vir jou dat Hy in gesprek is met Sy hemelse Vader.

Soos jy Hom dophou en wag dat Hy begin praat, dink jy na oor die afgelope paar dae. Weke lank hoor jy nou al van die skrynwerker se seun van Nasaret wat deur die land reis en preek en mense genees. Aan die begin het jy nie veel aandag daaraan gegee nie, gedink dit is net maar nog ‘n self-aangestelde ‘messias’, soos soveel ander. Maar die gerugte het versprei en jy het besef dat hierdie Man nie soos al

die ander is nie. Hierdie Jesus het met soveel outoriteit gepraat dat selfs die Skrifgeleerdes en Fariseërs stomgeslaan was. Mense is genees en besetenes vrygemaak deur die krag van Sy woorde. Jy het al meer belang gestel toe berigte inkom van dwarsoor Jesrusalem, Tirus, Sidon en Dekapolis.

Toe, net ‘n paar dae gelede, kom hy op die dorp aan. Terwyl sommige besighede geskarrel het om by te hou met die aanvraag van die groot skares wat Hom gevolg het, het jy jou winkel gesluit om jou by Hom aan te sluit.

Jy kou ingedagte aan ‘n grashalmpie en onthou…

Jy het Hom vir die eerste keer hoor praat in die sinagoge. Hy is gevra om uit die Skrif te lees. Daar was ‘n voelbare afwagting in die stilte toe Hy vorentoe gaan. Sy stem was sterk en duidelik toe hy van die rol af lees. Toe Hy die dag se stukkie gelees het, het hy begin om hulle te leer. Hy het dit met soveel wysheid gedoen! Die mans het gretiglik vorentoe geleun om meer te leer en die vroue het hulle ingespan om nie ‘n woord te mis nie.

“Die Koninkryk van God is reg hier in julle midde”, het hy gesê. “Moenie aanhou soek vir julle Verlosser nie, want God besoek julle in hierdie dag.” Toe Hy klaar gepraat het, was daar ‘n paar oomblikke van stilte. Niemand wou die tasbare Heilige teenwoordigheid versteur waarvan almal bewus was nie. Toe verbreek die gehuil van ‘n kind die spanning. Skielik was die vertrek aan die brand met hewige besprekings. Party natuurlik woedend en skepties. Maar dan weer, hulle was nog altyd negatief en krities, so jy is nie verbaas nie. Die meeste mense is opgewonde en wil nog hoor…

Jy hoor hoe ‘n klein dogtertjie agter jou giggel en jy dink aan klein Ragel. Jy is al van kleintyd af vriende met haar ouers. Jy het geweet van hul pyn soos die jare aangestap het, sonder dat God vir hulle ‘n kindjie gegee het. Die hele dorpie het saam fees gevier toe haar ma uitvind sy is swanger. Maar hulle vreugde het verander in pyn toe klein Rageltjie gebore word, want sy was blind. Jy het haar sien grootword en jou hart het gepyn vir haar en haar ouers as jy haar by die deur sien sit en luister het na die ander kinders wat hardloop en

speel. Sy was so ‘n pragtige, opgewekte kind, wat almal altyd probeer opbeur het met haar aansteeklike laggie.

Jy het voorgestel dat haar ouers haar na Jesus toe neem. Soos gewoonlik was daar ‘n skare om Hom, maar toe die bure vir Ragel en haar ouers sien, het hulle eenkant toe gestaan en hulle aangemoedig om nader te gaan. Uiteindelik het julle vier by Jesus uitgekom waar Hy bedien het.

Terwyl julle deur die gedrang beur, het ‘n man sy krukke neergegooi en begin rondspring en God te prys, terwyl hy almal wat voorkom teen hom vasdruk. Jesus het geglimlag toe Hy sy blydskap sien, en toe het Sy oë op Ragel gerus. Sy gesigsuitdrukking het skielik verander na ongelooflike liefde en meegevoel. Hy het nader getree na die groepie en voor Ragel afgebuk. Hy het saggies met haar gepraat. ‘n Mens kon nie hoor wat Hy sê nie, maar jy kon sien hoedat sy glimlag en haar koppie skud. Jesus het haar gesiggie baie versigtig in Sy hande geneem. Hy het weer saggies iets gesê, vorentoe gebuk en haar op die voorkop gesoen.

Op daardie oomblik kon mens sien hoe die lig in haar groot, swart ogies inkom. Haar gesiggie het gestraal van emosies, eers verbasing, toe verwondering en blydskap. Sy het heel eerste Jesus se gesig gesien. Hy het vir haar geglimlag en toe gryp sy Hom en gee Hom ‘n vet drukkie. In haar opgewondenheid stamp sy Hom van balans af en hulle val onderstebo terwyl hulle skater van blydskap. Hy lig haar swaaiend op en gee haar vir haar ouers, wat so oorstelp is dat hulle skaars ‘n woord kan uitkry. Maar tog kan mens sien Hy verstaan…

Jesus beweeg en jy is terug in die hede. Hoe wens jy nie dat jy met Hom kon gesels nie! Daar is soveel wat jy wil sê, so baie vrae wat jy wil vra. Hy kyk direk na jou en glimlag. Jy glimlag outomaties vir Hom en die begeerte om met hom te praat raak al groter.

Die skare is skielik stil as Hy begin praat. Sy woorde is soos verfrissende reën op die droë grond van jou hart. Jy drink elke woord in en jy voel hoe jou gees verlewendig. Elke nou en dan ontmoet julle oë en jy weet Hy praat net met jou. As jy net alleen met Hom kon praat! Hy sou daardie pyn in jou hart verstaan. Hy sou daardie

droom wat jy diep in jou hart wegbêre verstaan. As… Maar dit is natuurlik onmoontlik. Selfs al is al die mense weg, is Sy dissipels altyd met Hom. Hy het nie tyd net vir jou nie.

Jy is meegevoer deur Hom en kom nie agter die ure stap aan nie. Sy woorde is lewe vir jou en jy wil elke woord hoor. Jy kom agter hy is amper klaar gepraat en jy voel sommer hartseer. As Hy klaar gepraat het, moet jy huis toe gaan, alleen, met al daardie gevoelens opgekrop in jou binneste; en jy haat dit. Jy wil nie uit sy teenwoordigheid uit weggaan nie.

Hy is nou klaar. Die mense begin hul goed bymekaar maak om huis toe te gaan vir die nag. Jy kom agter die son is al laag in die weste, maar jy beweeg nie. Nog nie. Jy wil hierdie oomblik vaslê om vir ewig te geniet.

Jy sien Jesus praat saggies met Sy dissipels. Hulle kyk skrams na jou, maar jy sien skaars dat hulle begin wegstap.

Skielik besef jy almal is weg; almal, behalwe jy en Jesus. Jy kyk ontsteld rond. Is dit moontlik? Is jy regtig alleen met Hom? Hy glimlag vir jou en knik Sy kop. Hy staan op, met Sy oë wat jou nooi om saam met Hom te kom. Jy kan skaars glo wat besig is om te gebeur en skarrel op jou voete. Julle stap saam op en oor die heuwel. Jy is eers skaam, maar Hy lok jou uit. Jou hart ontplof van vreugde en jy weet daar was nog nooit so ‘n wonderlike dag nie. Jou woorde stroom uit jou mond uit, babbelend in jou gretigheid om alles wat in jou is uit te kry. Hy luister en verstaan. Jy het geweet Hy sou.

Nou laat ek jou alleen saam met Jesus. Stem jouself in by die spontane uitdrukkings en woorde wat by jou opkom. Dit is God se stem. Hierdie visioen kry lewe binne-in jou en beweeg in ‘n rigting wat God inisieer. Begin om die spontane vloei op papier neer te pen. En kyk, jy ontdek dat jy ook in gesprek is met God. ‘n Nuwe dag het aangebreek in jou geestelike lewe. Laat ons dan begin.

# Bylaag A

## Logos *en* rhema *in die Griekse Nuwe Testament*

Die eerste persoon wat my bewus gemaak het van die verskil tussen *logos* en *rhema*, twee Griekse woorde wat in die Nuwe Testament met 'woord' vertaal word, was David (Paul Yonggi) Cho. Ek het Dr. Cho by die Niagara Waterval Konvensiesentrum hoor praat en hy het gesê dat *rhema* gemeenskap met die Heilige Gees beteken. Dit is die gesproke woord van God in ons harte en hy het gesê ons moet leer om te lewe vanuit die *rhema*-woord en nie net die geskrewe woord nie.

Die gedagte het my opgewonde gemaak. Dit het reg geklink om te lewe vanuit ons gemeenskap met die Heilige Gees, die stem van God in ons harte. Ek het dadelik huis toe gegaan en my konkordansies uitgehaal om te kyk of ek hierdie onderskeid kon verantwoord. Tot my misnoeë het ek agtergekom dat daar 'n groot oorvleueling was tussen *logos* en *rhema* en dit het nie gelyk of ek die onderskeid wat Dr. Cho gemaak het kon bevestig nie. Daarom het ek die hele saak eenkant toe geskuif.

'n Paar jaar later het die Here my terug gebring om weer daarna te kyk. Wat my die meeste verbaas het, was om deur die sewentig verse te gaan waar *rhema* in die Nuwe Testament gebruik word (sien Byvoegsel B). Ek wil aanbeveel dat jy dit ook doen. Ek was geskok toe ek iets ontdek wat ek voorheen misgekyk het: in elkeen van hierdie verwysings het dit gelyk of *rhema* na 'n gesproke woord verwys, nooit na 'n geskrewe woord nie. Dit het vir my begin lyk of hierdie woord tog na iets anders verwys en of ek dit tog, soos Dr. Cho dit gebruik het, kan gebruik om te verwys na die gesproke woord van God in my hart.

Met dit in gedagte het ek Bybelwoordeboeke nageslaan en ontdek dat *logos* 331 keer in die Nuwe Testament gebruik word en *rhema* 70 keer. Die *Woordeboek van Nuwe Testamentiese Teologie* definieer *logos* as "versamel, tel, spreek, intellektueel, rasioneel, redelik, geestelik". *Rhema* is "Dit wat intensioneel uitgespreek word; 'n woord, uitlating, saak, gebeurtenis, 'n geval". *Vine's Expository Dictionary of of New Testament Words* definieer *logos* as "Die uitdrukking van 'n gedagte. Nie die blote naam van 'n objek as 'n (a) konsep of ideaal, nie; (b) 'n gesegde of 'n stelling, nie." *Rhema* behels dit wat gespreek is; wat geuiter is in spraak of op skrif."

Die *Woordeboek van Nuwe Testamentiese Teologie* maak as volg 'n onderskeid tussen *logos* en *rhema*: "Waar *logos* dikwels dui op die Christelike proklammering as geheel in die Nuwe Testament, verwys *rhema* gewoonlik na individuele woorde en uitinge: die mens moet verantwoording doen van elke ydele *rhema* (Matt. 12:36); Jesus het Pilatus geantwoord sonder 'n enkele *rhema* (Matt. 27:14); die hemelse wesens spreek onuitspreeklike *rhemas* (2 Kor. 12:4)." Die betekenis van *rhema* (onderskeidend van *logos*) volgens *Vine's Expository Dictionary of New Testament Words*, "word verwoord in die opdrag om die swaard van die Gees op te neem, dit is die Woord *(rhema*) van God (Ef. 6:17); hier is die verwysing nie na die hele Bybel as sodanig nie, maar na die individuele Skrifgedeelte wat die Heilige Gees ons aan herinner wanneer nodig, met die voorvereiste dat ons ons voortdurend sal volmaak met die Skrif."

Hierdie definisies saam met my eie persoonlike insigte deur my bestudering van die woord *rhema* in die Skrif, het my oortuig dat die stem van God wat ek in my binneste hoor, die *rhema*-woord van God is. Ek het ontdek dat *rhema*, Sy stem binne-in my, die presiese woord vir my kon gee wat ek nodig gehad het in spesifieke beradingsessies. Laat ek dit illustreer:

'n Man in ons kerk bel my eendag en vra of hy sy toesighouer by sy werk na my toe kan stuur vir beraad. Ek het die man nog nooit gesien nie. Ek het die *Logos* vir vyftien jaar bestudeer. Ek kon onmoontlik alles wat ek geweet het in twee ure met hom deel. Ek het *rhema* nodig gehad. Daarom het ek na die Here toe gegaan en Hom gevra vir Sy woord vir hierdie man. Die Here het vir my drie goed

gesê: Die man is baie groot, hy het 'n hemp met rooi strepe aan en hy het nodig om te hoor dat ek hom onvoorwaardelik liefhet."

Die man wat by my opgedaag het was baie groot en het 'n rooi getreepte hemp aangehad! Hy het my sy storie vertel: Hy het Jesus baie lank gelede aangeneem, maar hy het gou begin terugval. Hy het dit bely en teruggekeer na die Here, maar het weer teruggeval. Vir die laaste paar jaar was dit 'n patroon in sy lewe: Hy het die Here gevolg, teruggeval en weer tot bekering gekom.

Hy het geglo dat hy sy kwota van vergifnis opgebruik het en het moedeloos en depressief gevoel. Ek het gejuig oor die goedheid van die Here toe die man God se onvoorwaardelike liefde en vergifnis ontdek. God het die wysheid van die eeue gevat en vir my net die regte woord gegee vir die oomblik. Het het nie nodig gehad om my die detail van die man se voorkoms te gee nie. Ek glo Hy het dit gedoen om my selfvertroue te bou en aan te moedig omdat ek nog nie gewoond was om God se stem op daardie manier te soek nie.

Johannes die Doper het gesê dat Jesus die woord (*rhema)* van God gespreek het. Jesus het verklaar, "… net wat my Vader my geleer het, dit spreek Ek ... Ek spreek van wat Ek by (of in die teenwoordigheid van) my Vader gesien het" (Joh. 8:28, 38). As Jesus *rhema*-woorde gespreek het, het hy deur die oppervlak gedring en die gees getref, die hart van die mens. As ek uit die redenasies van my eie verstand spreek, mag ek of mag ek dalk nie tot die hart spreek nie. As ek die woorde spreek wat ek van binne hoor, is my bediening effektief.

# BYLAAG B

## *Die Sewentig Betekenisse van Rhema in die Nuwe Testament*

*Rhema* word in die volgende vier-en-vyftig verse vertaal as "woord":

| | | | |
|---|---|---|---|
| Matt. 4:4 | Luk. 24:11 | Hand. 2:14 | Rom. 10:8 (2) |
| Matt. 12:36 | Joh. 3:34 | Hand. 5:20 | Rom. 10:17 |
| Matt.18:16 | Joh. 5:47 | Hand. 6:11 | Rom. 10:18 |
| Matt. 26:75 | Joh. 6:63 | Hand. 6:13 | 2 Kor. 12:4 |
| Matt. 27:14 | Joh. 6:68 | Hand. 10:22 | 2 Kor. 13:1 |
| Mark. 14:72 | Joh. 8:20 | Hand. 10:37 | Ef. 5:26 |
| Luk. 1:38 | Joh. 8:47 | Hand. 10:44 | Ef. 6:17 |
| Luk. 2:29 | Joh. 10:21 | Hand. 11:14 | Hebr. 1:3 |
| Luk. 3:2 | Joh. 12:47 | Hand. 11:16 | Hebr. 6:5 |
| Luk. 4:4 | Joh. 12:48 | Hand. 13:42 | Hebr. 11:3 |
| Luk. 5:5 | Joh. 14:10 | Hand. 16:38 | Hebr. 12:19 |
| Luk. 20:26 | Joh. 15:7 | Hand. 26:25 | 1 Pet. 1:25 (2) |
| Luk. 24:8 | Joh. 17:8 | Hand. 28:25 | 2 Pet. 3:2 |
| Judas 17 | Op. 17:17 | | |

*Rhema* word in die volgende agt verse vertaal as "sê":

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mark. 9:32 | Luk. 2:17 | Luk. 2:51 | Luk. 9:45 (2) |
| Luk. 1:65 | Luk. 2:50 | Luk. 7:1 | Luk. 18:34 |

*Rhema* word in die volgende drie verse vertaal as "ding":

Luk. 2:15
Luk. 2:19
Hand. 5:32

**Addisionele verse:**

Matt. 5:11 -----“valslik allerhande kwaad teen julle spreek [letterlik: elke *rhema*]

Luk. 1:37 -----“Want geen ding [geen *rhema*] sal by God onmoontlik wees nie.”

# Bylaag C

## *Verstaan die Krag van* Rhema, *"Die Gesproke Woord"*

**Soorte *Rhema* en Bybelse Voorbeelde**

**Mees lewe-gewende**: Ek praat wat God op die oomblik in my praat. (d.i. my *rhema* kom voort uit Sy *rhema*).

"Die woorde [*rhema*] wat Ek … spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in my bly, Hy doen die werke" (Joh. 14:10).

"Want die woorde [*rhema*] wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee…" (Joh. 17:8).

(Kyk ook Luk. 1:38; 5:5; Joh. 5:19, 20, 30; 8:26, 28, 38; 3:34; 6:63; Hand. 10:13; 2 Kor. 12:4; Ef. 6:17; en Hebr. 11:3; 12:19.)

**Moontlik lewe-gewend**: Ek praat die geskrewe Woord van God.

"Gaan heen, staan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde [*rhema]* van hierdie lewe" (Hand. 5:20).

**Neutraal**: Ek praat uit myself.

"…sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord [*rhema]* kan vasstaan" (Matt. 18:16).

**Ietwat vernietigend**:  Ek praat die veralgemeende woord van satan, wat ek in die verlede gehoor het.

“…van elke ydele woord [*rhema*] wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag” (Matt.  12:36).

**Mees vernietigend**:  Ek sê wat satan nou in my binneste spreek.

“Ons het hom lasterlike dinge hoor praat [*rhema*] teen Moses en God” (Hand.  6:11).

“Die tong is … ‘n vuur … en word uit die hel aangesteek” (Jak.  3:6).

**Ons mikpunt**

Om die grootste maat van lewe voort te bring deur slegs te sê wat die Vader nou binne-in my sê, deur die gemeenskap van die Heilige Gees (Joh.  14:10, 16).

# Bylaag D

## *Griekse Woorde in die Nuwe Testament wat gebruik word om Openbaringservaringe mee te beskryf*

**Woorde wat Drome en Visioene Beskryf**

In die Griekse Nuwe Testament word baie verskillende woorde en frases gebruik om drome, visioene en openbarings van God mee te beskryf. Hulle is die volgende:

*Onar* - ‘n algemene woord vir “droom”. Dit is ‘n visioen wat jy sien in jou slaap, in teenstelling met wanneer jy wakker is. Dit word gebruik in Matteüs 1:20; 2:12, 13, 19, 22 en 27:19.

*Enupniom* – ‘n visioen wanneer jy slaap. Dit lê klem op die gegewenheid, die byna verrassende kwaliteit in wat jy ontvang as jy slaap. Dit word gebruik in Hand. 2:17 en Judas 8.

*Horama* – vertaal as “visioen”. Dit kan verwys na visioene van die nag of slaapervaringe, sowel as visioene as jy wakker is. Dit word gebruik in Matteüs 17:9; Hand. 7:31; 9:10, 12; 10:3, 17, 19; 11:5; 12:9; 16:9, 10 en 18:9.

*Opasis* – kan dui op die oog as die orgaan van sig, die een of ander verskyning, selfs ‘n bril; maar daar is twee gevalle waar dit die betekenis het van ‘n bonatuurlike visioen: Handelainge 2:17 en Openbaring 9:17. Die onderskeid tussen die persepsie van die fisiese en die nie-fisiese ontbreek in die Grieks. Albei vorme van ‘sien’ is egte persepsie.

*Optasia* – vertaal as “visioen”. Dit het die betekenis van self-onthulling, om jouself “sigbaar te maak”. Dit word in die volgende vier gedeeltes gebruik: Luk. 1:22; 24:23; Hand. 26:19 en 2 Kor. 12:1.

*Ekstasis*- die woord waarvan ‘ekstase’ afgelei is. Dit beteken letterlik “om buite jouself te staan, verplaas te wees, of teenoor jouself’, en gewoonlik is daar ‘n ervaring van verwondering, verwarring en selfs van verskriklike angs. Dit kan verwys na slaap- of wakkerervaringe. Psigologies gesproke is drome wanneer ons slaap en die beelde wat ons kry net voor ons wakker word, hipnagogiese of hipnopompiese beelde, *ekstasis* ervaringe. Alhoewel dit as ‘n ‘trans’ beskryf word, is dit misleidend om dit direk met ‘trans’ te vertaal. Dit kom voor in Mark. 5:42; 16:8; Luk. 5:26; Hand. 3:10; 10:10; 11:5 en 22:17.

*Ginomai* en *pneumati* – vertaal as “om in die Gees te wees” (Op. 1:10). Dit dui op ‘n toestand waar ‘n mens visioene kan sien en deur die Gees ingelig of direk aangespreek word. Verse wat hiermee verband hou is Matteüs 4:11; Markus 1:12; Lukas1:41 en 4:1.

*Ephistemi, paristemi* – verwys bloot na ‘n reële teenwoordigheid in die dag of in die nag. Dit word gebruik in Lukas 1:11; Hand. 10:30; 16:9; 23:11 en 27:23.

*Angelos* of engel – ‘n ware fisiese gesant, ‘n boodskapper, of goddelike wese deur God gestuur, en *daimon, daimonion, diabolos* of demoon, duiwel en satan, verwysend na nie-fisiese entiteite of kragte van satan. Engele sowel as demone kan ervaar word in drome en visioenêre ervaringe soos in die volgende teksverse voorkom: Hand. 10:3; Judas 8; en baie gevalle in die boek Openbaring.

*Blepo* en *eido* – wat beteken “om te sien” of “waar te neem”. Hierdie woorde word gebruik om “sien” op die gewone uiterlike manier te beskryf, maar word ook gebruik vir “geestelik sien” soos in die volgende teksverse voorkom: Open. 1:2, 11; Mark. 9:9 en Lukas 9:36. As gevolg van die tweeledige gebruik van hierdie woorde om sowel die fisiese as die geestelike “sien” mee te bekryf, het die vroeë kerk dit as vanselfsprekend aanvaar dat visioenêre ervaringe net so maklik ervaar en waargeneem word, netso dikwels en dat dit net so

geldig is as die persepsies wat ons van die uiterlike fisiese wêreld het.
*Blepo* beteken eenvoudig fisiese sig, maar *eido* het die ekstra betekenis van "alles sien wat daar is", die eintlike aard van iets, persepsie.

*Apokalupsis* – vertaal as "openbaring", beteken letterlik onthulling, goddelike ontbloting of openbaring. Dit word gebruik in Romeine 16:25; 1 Kor. 14:6; 26; 2 Kor. 12:1, 7 en Galasiërs 2:2.

As ons kyk na die verskeidenheid van woorde waaruit Nuwe Testamentiese Christene moes kies om hulle visioenêre ervaringe mee te beskryf, is dit duidelik dat dit vir hulle moontlik was om die spesifieke visioenêre belewenis presies te definieer. Ons gebrek aan woordeskat om een of twee woorde te vind wat ons visioenêre ervaringe beskryf demonstreer die skaarsheid van direkte geesteservaringe wat ons almal ervaar in die Westerse kultuur. Mag ons 'n klomp nuwe gepaste woorde herontdek om die verskeidenheid van innerlike geesteservaringe wat ons ervaar mee te definieer!

# Bylaag E

## *Hoe God Visioene en Beelde Gebruik*

Die beste manier om uit te vind wat God oor 'n saak sê, is om al die teksverse oor die onderwerp vanaf Genesis tot Openbaring na te gaan en dan vir 'n ruk daaroor te mediteer, die Heilige Gees te vra om met jou daaroor te praat en die insigte wat jy ontvang aan te teken. Ons het die 'word search' opsie van die CompuBIBLE gebruik en die volgende paar bladsye teksverse uiteengesit wat verband hou met droom, visioen, siener, kyk en oë, saam met 'n paar konteks-tuele verse hier en daar om 'n beter idee te gee.

Terwyl jy die Here vra om jou 'n gees van openbaring te gee (Ef. 1:17, 18), bedink hierdie verse en laat toe dat God jou wys hoe Hy drome en visioene in jou lewe wil gebruik.

Hier is 'n paar vrae wat jy dalk wil oordink:

1. Hoe wil God graag drome en visioene in my lewe gebruik?

a. Praat God op hierdie manier?

b. Hoe algemeen is hierdie ervaringe?

c. Praat satan deur drome en visioene?

d. Hoe toets ek 'n droom en 'n visioen?

e. Is daar enigiets wat ek moet doen om goddelike visioene in my

lewe te bevorder?

2. Gebruik God prentjies as deel van Sy ontmoeting met ons?

a. Indien wel, hoe behoort prentjies regtig gebruik te word? Gee voorbeelde.

b. Wat is die negatiewe gebruik van prentjies? Gee voorbeelde.

3. Kan ons geleer word om die oë van ons hart te gebruik? Bewys jou antwoord uit die Skrif.

4. Watter ander vrae sal jy wil ondersoek?

Indeks: Visoene
Titel: Die plek van drome en visioene in die mens se geestelike lewe.
Omvang: Genesis 1:1 – Openbaring 22:21
Onderwerp: 1. drome 2. visioene 3. siener 4. kyk 5. oë

Let op: CompuBIBLE gebruik parentesis om woorde aan te dui wat nie in die oorspronklike Grieks voorkom nie.

**Magtiging**:

**Gen. 3:5** Maar God weet as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

**Gen. 3:6** Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet.

**Gen. 3:7** Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

**Num. 12:6** Toe sê Hy: Hoor tog my woorde. As julle profeet van die Here is, sal ek deur ‘n gesig My aan hom bekend maak, deur ‘n droom sal ek met hom spreek.

**1 Sam. 28:6** En Saul het die Here geraadpleeg, maar die Here het hom nie geantwoord nie – nie deur drome en nie deur die Urim en nie deur die profete nie.

**1 Sam. 28:15** En Samuel sê vir Saul: Waarom verontrus jy my deur my te laat opkom? En Saul antwoord: Ek is baie benoud, want die Filistyne voer teen my oorlog, en God het van my gewyk en antwoord my nie langer deur die diens van die profete en ook nie deur drome nie; daarom het ek u geroep om my bekend te maak wat ek moet doen.

**Ps. 89:19** Want aan die Here behoort ons skild, en ons koning aan die Heilige van Israel.

**Hos. 12:11** Ek het ook tot die profete gespreek, en Ek het gesigte vermenigvuldig en deur middel van die profete gelykenisse voorgedra.

**Joël 2:28** En daarna sal ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense sal drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

**Hand. 2:17** En in die laaste dae, spreek God, sal ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom…

**Joh. 5:19** Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

**Joh. 5:20** Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees.

**Joh. 8:38** Ek spreek van wat Ek by my Vader gesien het, en julle doen ook wat julle by jul vader gesien het.

## Geopende oë

Daar is ‘n plek en ‘n behoefte dat die Heilige Gees ons oë sal oopmaak sodat ons die visioene van God kan sien. Die Bybel sê duidelik dat nie almal se oë oop is nie. Ons moet hierdie tekort en behoefte besef, en God vra om die oë van ons hart oop te maak.

**Gen. 21:19** Daarop het God haar oë geopen, en sy sien ‘n put! En sy het geloop en die sak vol water gemaak en die seun laat drink.

**Num. 22:31** Toe open die Here die oë van Bileam, sodat hy die Engel van die Here in die pad sien staan met sy ontblote swaard in sy hand, en hy het gebuig en op sy aangesig neergeval.

**Num. 24:2** Toe Bileam sy oë opslaan en Israel sien soos hy volgens sy stamme in die laer staan, het die Gees van die Here op hom gekom.

**Num. 24:3** En hy het sy spreuk aangehef en gesê: Bileam, die seun van Beor, spreek, en die man met geopende oog spreek.

**Num. 24:4** Die hoorder van die woorde van God spreek, hy wat die gesigte van die Almagtige sien, wat neerval (in ‘n trans) en geopende oë het…

**Num. 24:15** Toe het hy sy spreuk aangehef en gesê: Bileam, die seun van Beor, spreek, en die man met geopende oog spreek.

**Num. 24:16** Die hoorder van die woorde van God spreek, en hy wat die wetenskap van die Allerhoogste ken, wat die gesigte van die Almagtige sien, wat neerval (in ‘n trans) en geopende oë het…

**Deut. 29:2** En Moses het die hele Israel geroep en vir hulle gesê: Julle het self gesien alles wat die Here in Egipteland voor julle oë aan Farao en aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het,

**Deut. 29:3** Die groot versoekinge wat jou oë gesien het, die groot tekens en wonders.

**Deut. 29:4** Maar die Here het julle nie 'n hart gegee om te verstaan en oë om te sien en ore om te hoor tot vandag toe nie.

**1 Sam. 3:1** En die seun Samuel het die Here gedien voor Eli, en die woord van die Here was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie.

**1 Sam. 3:2** In die tyd dan, terwyl Eli op sy plek lê en slaap – sy oë het al begin swak word, sodat hy nie kon sien nie –

**1 Sam. 3:3** toe die lamp van God nog nie doodgegaan het nie, en Samuel lê en slaap in die tempel van die Here waar die ark van God was,

**1 Sam. 3:4** het die Here na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek.

**1 Sam. 3:5** Daarop loop hy na Eli en sê: Hier is ek, want u het my geroep. Maar hy antwoord: Ek het nie geroep nie; gaan slaap maar weer. Hy het toe geloop en gaan lê.

**1 Sam. 3:6** Verder het die Here Samuel weer geroep, en Samuel het opgestaan en na Eli gegaan en gesê: Hier is ek, want u het my geroep. Maar hy antwoord: Ek het nie geroep nie, my seun, gaan slaap maar weer.

**1 Sam. 3:7** Maar Samuel het die Here nog nie geken nie; ook was die woord van die Here nog nie aan hom geopenbaar nie.

**1 Sam. 3:8** En die Here het Samuel weer geroep vir die derde maal; en hy het opgestaan en na Eli gegaan en gesê: Hier is ek, want u het my geroep. Toe merk Eli dat die Here die seun geroep het.

**1 Sam. 3:9** Daarom het Eli vir Samuel gesê: Gaan lê, en as Hy jou roep, moet jy antwoord: Spreek, Here, want u kneg hoor. Toe het Samuel geloop en op sy plek gaan lê.

**1 Sam. 3:10** Toe het die Here gekom en gaan staan en geroep soos die vorige kere: Samuel, Samuel! En Samuel het geantwoord: Spreek, want u kneg hoor.

**1 Sam. 3:15** En Samuel het bly lê tot die more toe. En hy het die deure van die huis van die Here oopgemaak; maar Samuel was bevrees om die gesig aan Eli mee te deel.

**2 Kon. 6:15** En toe die dienaar van die man van God vroeg opstaan en uitgaan, was daar 'n leër met perde en strydwaens rondom die stad. En sy dienaar sê vir hom: Ag, my heer, hoe sal ons maak?

**1 Kon. 6:16** Maar hy antwoord: Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is.

**1 Kon. 6:17** En Elisa het gebid en gesê: Here, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die Here het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa.

**Job 33:15** In die droom, in 'n naggesig, as diepe slaap op die mense val, tydens sluimeringe op die bed,

**Job 33:16** dan open Hy die oor van die mense, en Hy druk die seël op die waarskuwing aan hulle.

**Ps. 119:18** Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet.

**Jes. 42:18** Hoor, julle dowes, en kyk, julle blindes, om te kan sien.

**Jes. 42:19** Wie is blind buiten my kneg en doof soos my boodskapper wat Ek stuur? Wie is blind soos die vertroude vriend, en blind soos die kneg van die Here?

**Jes. 42:20** Jy het wel baie dinge gesien, maar daar geen ag op gegee nie; die ore oopgehad, maar jy hoor nie.

**Jes. 44:18** Hulle weet nie en verstaan nie, want hulle oë is toegesmeer, sodat hulle nie sien nie, hulle harte, sodat hulle nie verstaan nie.

**Jer. 5:21** Hoor dit tog, o dwase en verstandelose volk, wat oë het, maar nie sien nie; wat ore het, maar nie hoor nie!

**Klaagliedere 2:9** Haar poorte het in die grond gesink, Hy het haar grendels te gronde gerig en verbreek; haar koning en haar vorste is onder die heidene; daar is geen onderwysing nie, en haar profete ontvang geen gesig van die Here nie.

**Matt. 13:15** Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hul oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

**Matt. 13:16** Maar julle oë is gelukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor.

**Mark. 8:18** Het julle oë en sien julle nie? En het julle ore en hoor julle nie?

**Joh. 12:40** Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

**Hand. 28:27** Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

**Rom. 11:8** Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe.

**Rom. 11:10** Laat hulle oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom.

**2 Kor. 4:18** Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

## Kyk om te sien

Die Skrif plaas groot klem daarop om op te kyk sodat ek kan sien.

**Gen. 18:1** Daarna het die Here aan hom verskyn by die terpentyn-bome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.

**Gen. 18:2** Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom. En toe hy hulle sien, loop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig hom na die aarde toe.

**Gen. 31:10** Eenkeer, in die tyd toe die kleinvee verhit was, het ek my oë opgeslaan en in 'n droom gesien dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gespikkeld en bont was.

**Gen. 31:11** En die Engel van God sê vir my in die droom: Jakob! En ek antwoord: Hier is ek!

**Gen. 31:12** En Hy sê: Slaan tog jou oë op en kyk: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, want ek het alles gesien wat Laban jou aandoen.

**Ex. 3:1** En Moses het die kleinvee opgepas van sy skoonvader Jetro, die priester van Midian. En toe hy die kleinvee agter die woestyn gedryf het, kom hy by die berg van God, by Horeb.

**Ex. 3:2** Daarop verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!

**Ex. 3:3** En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie.

**Ex. 3:4** Toe die Here sien dat hy nuuskierig naderkom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek.

**Ex. 3:5** En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond.

**Ex. 3:6** Verder sê Hy: Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om God aan te sien.

**Ex. 16:9** Verder het Moses met Aäron gespreek: Sê aan die hele vergadering van die kinders van Israel: Kom nader voor die aangesig van die Here, want Hy het julle murmureringe gehoor.

**Ex. 16:10** En onderwyl Aäron die hele vergadering van die kinders van Israel toespreek, draai hulle na die woestyn toe en meteens verskyn die heerlikheid van die Here in die wolk.

**Ex. 16:11** Ook het die Here met Moses gespreek en gesê...

**Jos. 5:13** En terwyl Josua by Jerigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan ‘n man teenoor hom met ‘n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort u by ons of by ons vyande?

**Jos. 5:14** En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die Here; ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê?

**Jos. 5:15** Toe sê die leërowerste van die Here vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. En Josua het so gedoen.

**1 Kron. 21:16** Toe Dawid sy oë opslaan, sien hy die engel van die Here staan tussen die aarde en die hemel met sy ontblote swaard in

sy hand oor Jerusalem uitgestrek. Daarop val Dawid en die oudstes, met rouklere bedek, op hulle aangesig.

**Dan. 10:1** In die derde jaar van Kores, die koning van die Perse, is ‘n woord geopenbaar aan Daniël wat Béltsasar genoem is, en die woord is waarheid maar groot swarigheid; en hy het die woord verstaan en insig gehad in die gesig.

**Dan. 10:5** Ek (het) my oë opgeslaan, en daar sien ek ‘n man met linne bekleed, en sy heupe was omgord met goud van Ufas.

**Dan. 10:6** En sy liggaam was soos chrisoliet, en sy aangesig soos die geflikker van bliksem en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos blink geskuurde koper en die geluid van sy woorde soos die gedruis van ‘n menigte.

**Dan. 10:7** En ek, Daniël alleen het die gesig gesien, maar die manne wat saam met my was, het die gesig nie gesien nie; nogtans het ‘n groot skrik hulle oorval, sodat hulle gevlug het om hulle te verberg.

**Dan. 10:8** Toe het ék alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie.

**Dan. 10:9** En ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, het ek bewusteloos op my aangesig, met my aangesig op die aarde, geval.

**Dan. 10:10** En kyk, ‘n hand het my aangeraak en my op my knieë en op die handpalms waggelend laat opstaan.

**Dan. 10:11** En hy het vir my gesê: Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, het ek bewende gaan staan.

**Dan. 10:12** Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en

jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom;

**Dan. 10:13** maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Migael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië.

**Dan. 10:14** Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms.

**Dan. 10:15** En terwyl hy hierdie woorde met my spreek, het ek my aangesig na die grond gedraai en stom geword.

**Dan. 10:16** En kyk, een wat soos 'n mens gelyk het, het my lippe aangeraak. Toe het ek my mond oopgemaak en gespreek en aan hom wat teenoor my staan, gesê: My heer, deur die gesig het krampe my oorval en het ek geen krag oorgehou nie.

**Ps. 5:4** In die more, Here, sal U my stem hoor; in die more sal ek dit aan U voorlê en wag.

**Ps. 25:15** My oë is altyddeur op die Here, want Hy sal my voete uit die net uitlei.

**Ps. 123:1** Ek slaan my oë op tot U wat in die hemel troon.

**Ps. 123:2** Kyk, soos die oë van die knegte is op die hand van hule heer, soos die oë van die diensmaagd is op die hand van haar meesteres – so is ons oë op die Here ons God, totdat Hy ons genadig is.

**Ps. 141:8** Want op U is my oë, HERE Here; by U skuil ek: giet my siel nie uit nie!

**Jes. 8:17** En ek sal wag op die Here, wat sy aangesig verberg vir die huis van Jakob, en op Hom hoop.

**Jes. 17:7** In die dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal sien op die Heilige van Israel.

**Jes. 17:8** en hy sal nie kyk na die altare nie, die werk van sy hande; en wat sy vingers gemaak het, sal hy nie aansien nie: die heilige boomstamme en die sonpilare.
**Jes. 40:26** Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie.

**Eseg. 1:1** In die dertigste jaar, in die vierde maand, op die vyfde van die maand, toe ek onder die ballinge by die Kebarrivier was, is die hemele geopen en het ek gesigte van God gesien.

**Eseg. 1:4** Toe het ek gekyk – en daar het 'n stormwind uit die noorde gekom**,** 'n groot wolk met onophoudelike vuur**;** en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blink metaal geskitter.

**Eseg. 2:9** Toe kyk ek, en daar was 'n hand na my toe uitgesteek, en daarin 'n boekrol!

**Eseg. 8:3** Toe steek Hy iets uit wat die vorm van 'n hand het, en vat my aan die kuifhare van my hoof; en die Gees het my opgehef tussen die aarde en die hemel en my in gesigte van God na Jerusalem gebring, by die ingang van die binneste poort wat na die noorde toe kyk, waar die plek was van die afgodsbeeld van ywer wat ywer verwek.

**Eseg. 8:4** En kyk, die heerlikheid van die God van Israel was daar, ooreenkomstig die verskyning wat ek in die laagte gesien het.

**Eseg. 8:5** En Hy sê vir my: Mensekind, slaan tog jou oë op in die rigting van die noorde; en ek het my oë opgeslaan in die rigting van die noorde – en daar was aan die noordekant van die altaarpoort daardie afgodsbeeld van ywer by die ingang!

**Eseg. 8:7** Daarop bring Hy my by die ingang van die voorhof. Ek kyk toe – en daar was 'n gat in die muur.

**Eseg. 10:1** Daarna het ek gekyk – en daar was op die uitspansel, oor die hoof van die gérubs, iets soos ‘n saffiersteen; iets wat soos die gestalte van ‘n troon gelyk het, het oor hulle sigbaar geword.

**Eseg. 10:9** Toe het ek gekyk – en daar was vier wiele langs die gérubs, telkens een wiel langs elke gérub; en die voorkoms van die wiele was soos chrisoliet.

**Eseg. 44:1** Toe het hy my teruggebring na die buitenste poort van die heiligdom wat na die ooste kyk; en dit was gesluit.

**Eseg. 44:4** Daarom het hy my gebring na die noordpoort, aan die voorkant van die huis; ek kyk toe en sien dat die heerlikheid van die Here die huis van die Here vervul; toe het ek op my aangesig geval.

**Eseg. 44:5** En die Here het vir my gesê: Mensekind, gee ag daarop en kyk met jou oë en hoor met jou ore alles wat Ek jou sal sê aangaande al die verordeninge van die huis van die Here en al die wette daarvan; en gee ag op die ingang in die huis deur al die uitgange van die heiligdom.

**Dan. 12:5** En ek, Daniël, het gesien, en kyk daar het twee ander gestaan, die een duskant op die wal van die rivier en die ander oorkant op die wal van die rivier.

**Sag. 1:18** En ek het my oë opgeslaan en gekyk – daar was vier horings.

**Sag. 2:1** En ek het my oë opgehef en gekyk – daar was ‘n man met ‘n meetsnoer in sy hand.

**Sag. 4:2** En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien daar ‘n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy sewe lampe op hom; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor hom is.

**Sag. 5:1** En ek het my oë weer opgeslaan en gekyk – daar was ‘n vlieënde boekrol.

**Sag. 5:5** Daarop kom die engel vorentoe wat met my gespreek het, en sê vir my: Slaan tog jou oë op, en kyk wat daar te voorskyn kom.

**Sag. 5:9** Toe slaan ek my oë op en kyk – daar kom twee vroue te voorskyn met die wind in hulle vlerke; en hulle het vlerke gehad soos die vlerke van 'n groot sprinkaanvoël, en hulle het die efa weggevoer tussen die aarde en die hemel.

**Sag. 6:1** En ek het weer my oë opgeslaan en gekyk – daar was vier strydwaens wat tussen die twee berge uit te voorskyn kom, en die berge was berge van koper.

**Hand. 7:55** Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.

**Open. 4:1** Na hierdie dinge het ek gesien – kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat na hierdie dinge moet gebeur.

**Open. 6:8** En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.

**Open. 14:1** En ek het gesien, en kyk, die Lam wat staan op die berg Sion, en saam met hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hul voorhoofde geskrywe.

**Open. 14:14** En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel.

**Open. 15:5** En na hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen…

## Sieners

Profete is ook sieners genoem. Hulle was mense wat die visioene van God in die geesteswêreld kon sien. Dit was ‘n algemene amp en titel in die Bybel en dit is nodig dat dit herstel word in die lewe van die Kerk. Dit is nodig dat ons weer profete oplei wat sieners is. In die Nuwe Verbond is die gordyn geskeur en het ons almal direkte toegang tot die troonkamer van God. Ons mag almal profeteer
(1 Kor. 14:1).

**2 Sam. 15:27** …Sadok…’n siener…

**2 Sam. 24:11** …Gad…die siener van Dawid…

**1 Kron. 25:5** …Heman, die siener van die koning…

**1 Kron. 29:29** …die siener Samuel…

**2 Kron. 9:29** …die siener Jedi…

**2 Kron. 19:2** …die siener Jehu…

**2 Kron. 29:30** …Asaf, die siener…

**2 Kron. 35:15** …Jeduthun, die siener van die koning…

**Amos 7:12** …Amos…siener…

**1 Sam. 9:9** Vroeër het die mense in Israel so gesê as hulle gaan om God te raadpleeg**:** Kom, laat ons na die siener gaan. Want die profeet van teenswoordig het hulle vroeër siener genoem.

**1 Sam. 9:10** En Saul sê aan sy dienaar: Jou woord is goed; kom, laat ons gaan. Daarop gaan hulle na die stad waar die man van God was.

**1 Sam. 9:11** Terwyl hulle die opdraand na die stad opgaan, kom hulle meisies teë wat uitgaan om water te put, en vra vir hulle: Is die siener hier?

## Verantwoordelikhede van Sieners

Die verantwoordelikhede van sieners is om konings te konsulteer en te adviseer, die volk tereg te wys, die Woord van God oor te dra aan die volk, en die Woord van God aan te teken.

**2 Sam. 24:11** Toe Dawid die more opstaan – die woord van die Here het naamlik tot die profeet Gad, die siener van Dawid, gekom en gesê:

**2 Sam. 24:12** Gaan heen en spreek met Dawid: So sê die Here: Drie dinge lê Ek jou voor; kies vir jou een daaruit, dat ek jou dit kan aandoen –

**2 Kon. 17:13** En die Here het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: Bekeer julle van julle verkeerde weë, en onderhou my gebooie, my insettinge, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van my diensknegte, die profete, vir julle gestuur het.

**1 Kron. 9:22** Hulle almal wat as drumpelwagters uitgesoek was, was tweehonderd-en-twaalf; hulle is in hul dorpe in die geslagsregister opgeneem. Dawid en die siener Samuel het hulle in hul ampsplig bevestig.

**1 Kron. 17:3** Maar in dieselfde nag kom die woord van God tot Natan en sê:

**1 Kron. 17:4** Gaan sê vir Dawid, my kneg: So spreek die Here: Jy mag nie vir My die huis bou om in te woon nie…

**1 Kron. 17:15** Volgens al hierdie woorde en volgens hierdie hele gesig, so het Dawid met Natan gespreek.

**1 Kron. 21:9** En die Here het met Gad, die siener van Dawid, gespreek en gesê:

**1 Kron. 21:10** Gaan heen en spreek met Dawid en sê: So spreek die Here: Drie dinge lê Ek jou voor; kies vir jou een daaruit, dat ek dit aan jou kan doen.

**1 Kron. 26:28** …ook alles wat die siener Samuel geheilig het, en Saul, die seun van Kis, en Abner, die seun van Ner, en Joab, die seun van Seruja – wie ook al iets geheilig het, was onder bewaring van Selomot en sy broers.

**1 Kron. 29:29** En die geskiedenis van koning Dawid, die vroeëre en die latere, kyk, dit is beskrywe in die Geskiedenis van die siener Samuel en in die geskiedenis van die profeet Natan en in die Geskiedenis van die siener Gad.

**2 Kron. 9:29** En die verdere geskiedenis van Salomo, die vroeëre sowel as die latere, is dit nie beskrywe nie in die Geskiedenis van die profeet Natan en in die Profesie van Ahia, die Siloniet, en in die Gesigte van die siener Jedi oor Jerobeam, die seun van Nebat?

**2 Kron. 12:15** En die geskiedenis van Rehabeam, die vroeëre en die latere, is dit nie beskrywe in die Geskiedenis van die profeet Semaja en van die siener Iddo, volgens geslagsregister nie? En daar was gedurigdeur oorloë tussen Rehabeam en Jerobeam.

**2 Kron. 16:7** En in dié tyd het die siener Hanani na Asa, die koning van Juda, gekom en aan hom gesê: Omdat u op die koning van Aram gesteun en nie op die Here u God gesteun het nie, daarom het die leër van die koning van Aram uit u hand vrygeraak.

**2 Kron. 16:8** Was die Kusiete en die Libiërs nie 'n groot leërmag met buitengewoon baie strydwaens en perderuiters nie? En tog het hy hulle in u hand gegee; omdat u op die Here gesteun het.

**2 Kron. 16:9** want die Here – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is; hierin het u dwaas gehandel, want van nou af sal daar oorloë teen u wees.

**2 Kron. 16:10** Maar Asa het hom vererg vir die siener en hom in die gevangenis gesit, want hy was hieroor woedend op hom; ook het Asa in dieselfde tyd sommige uit die volk verdruk.

**2 Kron. 29:25** En hy het die Leviete opgestel by die huis van die Here, met simbale, met harpe en siters volgens die gebod van Dawid en van Gad**,** die siener van die koning, en van die profeet Natan; want die Here het dit so beveel deur die diens van sy profete.

**2 Kron. 32:32** En die verdere geskiedenis van Jehiskia en sy vrome dade, kyk, dit is beskryf in die Gesig van die profeet Jesaja, die seun van Amos, in die Boek van die konings van Juda en Israel.

**2 Kron. 33:18** En die verdere geskiedenis van Manasse en sy gebed tot sy God en die woorde van die sieners wat tot hom gespreek het in die Naam van die Here, die God van Israel, kyk, dit is in die Geskiedenis van die konings van Israel.

**2 Kron. 33:19** En sy gebed en hoe hy verhoor is en al sy sonde en sy ontrou en die plekke waar hy hoogtes gebou en die heilige boomstamme en gesnede beelde opgerig het voor sy verootmoediging, dit is beskrywe in die Geskiedenis van Hosai.

**2 Kron. 35:15** En die sangers, die seuns van Asaf, was op hulle plek volgens die bevel van Dawid en van Asaf en Heman en Jedutun, die siener van die koning, en die poortwagters by elke poort; hulle het nie nodig gehad om van hulle diens af weg te gaan nie, want hulle broers, die Leviete, het dit vir hulle berei.

**Eseg. 40:2** In gesigte van God het hy my in die land van Israel gebring en my neergesit op ‘n baie hoë berg, en daarop iets wat soos ‘n stad gebou was, teen die suide…

**Eseg. 40:4** En die man het met my gespreek: Mensekind, kyk met jou oë en hoor met jou ore en gee op alles wat ek jou sal laat sien; want om jou dit te laat sien is jy hierheen gebring. Verkondig aan die huis van Israel alles wat jy sien.

**Eseg. 40:6** Toe het hy gekom by ‘n poort waarvan die voorkant na die ooste lê, en hy het met sy trappe opgegaan en die drumpel van

die poort gemeet: een roede die breedte, en die ander drumpel: een roede die breedte.

**Hab. 2:2** Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees.

**Hab. 2:3** Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie.

**Open. 1:10** Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ‘n groot stem gehoor, soos van ‘n basuin….

**Open. 1:11** Wat sê: Ek is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in ‘n boek…

**Open. 1;14** Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos ‘n vuurvlam…

# Bylaag F

## *Drome en Visioene in die Geskiedenis van die Kerk*

Drome en visioene het algemeen voorgekom in elke dispensasie van die Bybel en het ook konstant deel uitgemaak van die geskiedenis van die Kerk. Hiermee 'n paar voorbeelde om 'n duideliker beeld te gee van die Kerk se ervaring van drome en visioene die afgelope 2000 jaar.

### Augustinus

In plaas daarvan om drome en visioene te ignoreer soos wat die hedendaagse Kerk gedoen het, het Augustinus die hele Twaalfde Boek van sy *De Genesi ad Litteram* geneem om sy begrip van drome en visioene uiteen te sit.

### Polikarpus

Die boek *Polikarpus die Martelaar* vertel hoe Polikarpus net voor sy marteling gebid het en deur 'n simboliese visioen vertel is wat binnekort met hom sou gebeur. Hy het gesien hoedat die kussing onder sy kop aan die brand slaan en het besef dat hierdie beeld van vernietiging gedui het op sy naderende inhegtenisneming en dood.

## Justin Martyr

Martyr het in sy geskrifte gesê dat drome deur geeste gegee word. Hy het geglo dat drome van God sowel as van bose geeste af kan kom.

## Irenaeus

Irenaeus het gnostiese spekulasie weerlê en sy siening oor drome in die lewe van 'n Christen duidelik gestipuleer. In sy belangrikste werk *Teen Dwaalleringe*, het Irenaeus waarderend en intellektueel oor die droom van Petrus in Handelinge 10 kommentaar gelewer; hy het geglo dat die droom self 'n bewys was van die geloofwaardigheid van Petrus se ervaring. Hy het ook die egtheid van Paulus se droom in Troas uitgelig. Uit Josef se drome in Matteüs het hy afgelei dat dit 'n aanduiding was van hoe naby hy aan die ware God was. Op nog 'n ander plek verduidelik hy dat God alhoewel Hy onsigbaar is vir die blote oog, Hy vir ons drome en visioene gee sodat ons Sy wese en heerlikheid kan verstaan.

## Clement

In sy bespreking van die aard en betekenis van slaap, maan Clement: "Laat ons dan nie, ons wat seuns van die ware lig is, die deur toemaak vir hierdie lig nie; maar laat ons na binne kyk, die oë van ons innerlike mens aansteek, en na die werklikheid self staar, sy strome ontvang en duidelik en verstaanbaar hierdie drome bekend maak wat waar is… Daarom, die drome wat wel waar is, wat deur die persoon korrek weergegee word, is die gedagtes van 'n nugter siel, wat vir 'n wyle nie deur die gevoelens van die liggaam gesteur word nie, en op die beste manier met sigself in oordenking is… Daarom altyd besig om God te bedink, en deur voortdurende gesprek met God, die liggaam met wakkerheid inspuit, en sodoende die mens verhef tot 'n hemelse wese, en deur wakkerheid te beoefen, die ewigheid van die lewe vasgryp" (*Stromata*, of *Miscellanies*).

## Origenus

In sy bekende geskrif, *Against Celsus*, in antwoord op die heidene, verdedig Origenus die visioene van die Bybel so:  "Ons sal desnieteenstaande sover ons kan, ons standpunt verdedig en voet by stuk hou, dat in 'n droom daar indrukke in die verstand vasgelê word in die lewens van baie mense, soms te doen met bonatuurlike dinge, of te make met toekomstige gebeure, soms duidelik, soms raaiselagtig, 'n feit wat bekend is vir almal wat die dogma van voorsienigheid aanvaar:  Waarom is dit dan absurd om te sê dat die verstand wat indrukke deur 'n droom kan ontvang, ook indrukke in 'n wakker toestand kan ontvang, tot voordeel van òf die een wat die indrukke ontvang, òf die een wat die berig daarvan ontvang?"

Origenus trek duidelik 'n parallel tussen drome en visioene en gaan dan voort om die aard van drome te bespreek.  In *Contra Celsus* verklaar Origenus verder dat daar baie Christene is wat van hul heidense gewoontes bekeer is deur hierdie direkte soort deurbraak in hul lewens in visioene wanneer hulle wakker is of visioene van die nag.  Hy stel dit duidelik dat daar baie voorbeelde is van hierdie soort bekerings.

## Tertulliën

Tertulliën het agt hoofstukke van sy werk, *A Treatise on the Soul,* of *De Anima* gewy aan 'n studie van drome en visioene.  Hy het geglo dat alle mense droom en dit bewys deur te verwys na die bewegings van slapende kindertjies.  Hy het geglo dat drome een van vier oorspronge kan hê:  demone, God, natuurlike drome van die siel, en dan die "ekstatiese toestand en sy eienaardige kenmerke" of met ander woorde, die onbewuste.  Hy sê verder, "En daarom bevestig ons en vereer ons, net soos wat ons die profesieë ag, moderne visioene wat aan ons belowe is, en sien die ander kragte van die Heilige Gees as verteenwoordigend van die Kerk waarvoor Hy ook gestuur is, wat die gawes beheer, soos wat Hy dit aan almal uitdeel . . . "

**Thascius Cyprian,** Biskop van Carthage in 250 n C.

In ‘n brief aan Florentius Pupianus het hy gesê, “Al weet ek dat drome vir sommige mense belaglik, en visioene dwaas is, is diegene wat so dink juis dié wat eerder sal glo in die opposisie van die priester as die priester self.” In ‘n ander brief skryf hy dat God juis die raad van die Kerk lei deur “baie en duidelike visioene”. Hy verwys die leser na Celerinus, wie se bekering tot die Kerk juis gekom het deur ‘n visioen in die nag.

**Lactantius**, wat deur Konstantyn die Grote gekies is om sy seun te onderrig.

In sy *Divine Intitutes* is daar ‘n hoofstuk getiteld, *“*Die Gebruik van die Rede in Godsdiens; en van Drome, Waarsêery, Godsprake, en Soortgelyke Voortekens,” waarin hy bewyse gee dat kennis van die toekoms soms deur middel van drome gegee word aan heidene sowel as Christene. Sy voorbeeld van ‘n logiese dwaling, is die van ‘n man wat gedroom het dat hy nie in drome behoort te glo nie.

**Konstantyn**

Lactantius skryf van die hemelse visioen wat Konstantyn sy groot oorwinning besorg het in 300 n.C. Die verhaal begin waar Konstantyn desperaat na God roep om hom te help. “So het hy ernstig gebid en by God gepleit om aan hom te openbaar Wie Hy is, en om Sy regterhand uit te strek om hom met sy probleme te help. En terwyl hy so dringend gebid het, het ‘n wonderlike teken uit die hemel aan hom verskyn, wat moeilik sou wees om te glo as enigiemand anders dit sou oorvertel. Maar aangesien die triomferende keiser self dit lank daarna aan die skrywer self vertel het, toe hy vereer is deur sy vriendskap en saamwees, en hy hierdie stelling met ‘n eed bevestig het, wie sou nog aarsel om die waarheid hiervan te glo? Hy het vertel dat hy teen die middag, toe die son al besig was om te sak, ‘n ereteken van ‘n verligte kruis gesien het in die lug bokant die son, met die inskrywing, OORWIN HIERDEUR. Hy en sy hele leërmag wat hom gevolg het, is deur verbasing oorval oor hierdie wonderwerk.

“Hy het verder gesê dat hy in homself getwyfel het aan die betekenis van hierdie verskyning. Terwyl hy dit oordink het, het die nag hulle skielik oorval; in sy slaap het die Christus van God aan hom verskyn met dieselfde teken wat hy in die lug gesien het en hom die opdrag gegee om ‘n afbeelding daarvan te maak en dit te gebruik as beveiliging teen sy vyande.

Hy het vroegoggend opgestaan en vir sy vriende van die wonderwerk vertel: daarna het hy die wat met goud en edelstene gewerk het bymekaar geroep en aan hulle die figuur beskryf wat hy gesien het, en hulle gevra om ‘n voorstelling te maak in goud en edelgesteentes. En ek het self die geleentheid gehad om hierdie voorstelling te sien” *(Die lewe van Konstantyn I, 28-30).*

**Socrates**

Een droom wat Socrates van vertel het, was die van Ignatius van Antiochië. Ignatius het ‘n gesig gehad van engele wat liedere gesing het in afwisselende melodieë, en het so beurtsang ingestel. *(Ecclesiastical History*, Vol. 35 en 36, deur Theodoret).

**Athanasius,** Biskop van Alexandrië van 328-373

In sy groot meesterstuk van Christelike Apologie, *Against the Heathen*, skryf hy: “Dikwels wanneer die liggaam stil is, en rus en slaap, is die mens aan die gang in sy binneste, en neem hy waar dit wat buite homself is, reis hy na ander lande, stap hy rond, ontmoet sy bekendes, en hierdeur beleef en voorsien hy die gebeure van die dag. Maar waaraan kan dit anders toegeskryf word as aan die rasionele siel, waarin die mens dinge waarneem en beleef buite homself?

“… Want selfs wanneer dit verenig is met die liggaam, kan dit nie vasgehou word of vergelyk word met die kleinere dimensies van die liggaam nie, maar dikwels, as die liggaam bewegingloos op die bed lê, in ‘n slaap soos die dood, bly die siel wakker in sy eie krag en transendeer die natuurlike krag van die liggaam, en asof dit uit die liggaam beweeg terwyl dit tog in die liggaam bly, fantaseer dit en sien

dit dinge ver bokant die aarde en verkeer dit dikwels in gesprek met heiliges en engele wat buite die beperkinge van die liggaam bestaan en tree hulle nader met die vertroue van die suiwerheid van hulle intelligensie; sou dit dus nie soveel meer, wanneer geskei van die liggaam op 'n Godbepaalde tyd, wat hulle aanmekaargekoppel het, groter kennis van onsterflikheid hê nie?" (II.31.5 en 33.3)

## Gregorius van Nyssa

In sy hoof filosofiese werk, *On the making of man*, deel Gregorius direk met die betekenis en plek van slaap en drome in die lewe van die mens. Hy het geglo dat wanneer die mens slaap, rus die sintuie en die rede, en lyk dit asof die minder rasionele dele van die siel oorneem. Die rede word egter nie uitgeblus nie, maar is sluimerend soos 'n vuur 'wat met kaf aangevuur word' en breek dan deur met insigte wat moderne droomnavorsing 'sekondêre geesteswerkinge' noem.

Verder het hy gesê dat 'terwyl alle mense deur hul rede gelei word, is daar 'n paar wat waardig geag word om goddelike kommunikasie te ontvang; so, terwyl die verbeelding in die slaaptoestand min of meer dieselfde is vir alle mense, is daar sommiges, nie almal nie, wat 'n groter goddelike manifestasie ontvang… ' Hy het geredeneer dat daar 'n natuurlike voorkennis was wat op 'n onbekende manier deur die nie-rasionele dele van die siel ervaar word – die "onbewuste", volgens moderne diepte-sielkunde – en dit is deur hierdie deel van die siel wat God Homself direk openbaar.

Gregorius brei dan uit op die ander betekenisse wat drome kan hê en gee nogal 'n baie volledige uiteensetting van die onderwerp. Hy stel voor dat drome bloot 'n weergawe of herinnering is van die dag se ervaringe en gebeure. Of hulle kan die toestand van die liggaam reflekteer, soos honger en dors, of die emosionele toestand van die persoonlikheid. Drome kan ook in die mediese veld gebruik word om tekens van siekte in die liggaam uit te lig. Trouens, sonder om bygelowig te wees, kan ons sê dat Gregorius die beginsel daargestel het waarop die analitiese studie van drome vandag gebaseer is.

Gregorius het ook in ‘n preek getiteld “Ter ere van die veertig martelare”, vertel van ‘n droom wat hy gehad het gedurende ‘n seremonie ter ere van soldate wat gemartel was. In die droom het die soldate Gregorius se Christelike traagheid uitgedaag en dit het ‘n geweldige effek op sy lewe gehad.

Dit is duidelik dat Gregorius geglo het dat die droom filosofies, prakties en persoonlik gesproke ‘n openbaring kon wees van dieptes wat verder strek as die menslike ego.

## Basil die Grote

In sy kommentaar op Jesaja sê Basil, “Die raaisels in drome stem baie ooreen met dit wat in die Skrif allegories of verborge voorgestel word. Daarom het beide Josef en Daniël deur die gawe van profesie drome geïnterpreteer, omdat die krag van die intellek op sigself nie genoeg is om by die waarheid uit te kom nie” (S. Basilii Magni, *Commentarium in Isaiam Prophetam,* Prooemium 6f. , J.-P. Migne, Patrologiae Graecae, Paris, 1880, Vol. 30, Col. 127-30).

Dat Basil daarin geglo het om drome steeds in ag te neem, is duidelik uit ‘n brief wat hy aan ‘n vrou geskryf het waarin hy die droom geïnterpreteer het wat sy vir hom gestuur het. Hy het vir haar aanbeveel dat haar droom beteken het dat sy meer tyd moes spandeer in “geestelike oordenking om sodoende die gesigte en visioene te sien waardeur God sigbaar word”.

## Gregorius van Nazianzen

In sy tweede digbundel skryf Gregorius: “En God het my geroep deur my nagtelike drome, en so het ek by die doel van wysheid uitgekom.” (S. Gregorii Theologii, *Carminum,* Liber II, 994-950). Op ‘n ander plek vertel hy dat sy nagtelike visioene die vonk was wat sy hele lewe aan die brand gesteek het vir God. In een van sy gedigte praat hy van die vermoë van demone om ook deur drome met ‘n mens te praat. “Moenie te veel tyd daaraan wy om ‘n bespotting van drome te maak nie, maar moet ook nie alles vrees nie; moenie opgeblase raak as gevolg van drome wat jou bly maak nie, want dikwels stel ‘n

demoon vir jou hierdie strikke" *(Carmimum,* Liber I, 608-9, reëls 208-12).

## St. Johannes Chrysostom

In sy kommentaar op Handelinge, Volume 1, sê hy, "Vir sommige is die genade deur drome oorgedra, aan ander is dit openlik verkondig. Want inderdaad het die profete deur drome gesien, en so openbaringe ontvang." Volgens Chrysostom word drome gegee vir diegene wie se wil ooreenstem met God se wil, want hulle het nie visioene nodig of die meer skrikwekkende goddelike manifestasies nie, en hy noem Josef, Jesus se vader, en Petrus en Paulus as voorbeelde van hierdie waarheid *(Homilies oor Mattheüs*, IV. 10f., 18; v.5).

## Synesius van Cirene

Synesius het 'n hele boek oor drome geskryf. Hy het gesê, "Die een mens leer … wanneer hy wakker is, die ander wanneer hy slaap. Maar in die wakker toestand is die mens die onderwyser, terwyl dit God is wat die dromer vrugbaar maak met Sy eie waagmoed, sodat die leerproses en die onthouproses een en dieselfde ding is. Nog belangriker, om vrugbaar te maak is selfs meer as om te onderrig" (Augustinus Fritzgerald, *The Essays and hymns of Synesius of Cyrene,* London, Oxford University Press, 1930, p. 332 [Uit *Concerning Dreams*]*).*

Synesius het 'n goeie rede gegee vir die bestudering van drome en verder gegaan en die seëninge wat 'n mens daaruit kan put, uiteengesit. Vir die arme mens wat indrukke duidelik ontvang, bied 'n studie van drome vir hom kennis van die toekoms met alles wat dit impliseer. Belangrike inligting oor liggaamlike wanfunksionering word ook oorgedra en hoe dit reggestel kan word. Nog baie belangriker as dit, dit lei daartoe dat die mens onsterflike dinge oordink, en dus, al het dit begin as blote kennis van die toekoms, lei dit die mens na God en ontwikkel by hom 'n liefde vir Hom. Synesius vertel ook hoe drome hom gehelp het in sy geskrifte en ander lewenstake wat hy

aangepak het en hoe dit dikwels hoop gegee het aan mense wat verslae was vanweë lewensprobleme.

Hy het die spot gedryf met mense wat gewone droomboeke glo. Hy het daarop aangedring dat ‘n mens drome net kan verstaan deur dit voortdurend met jou eie ervaringe te vergelyk. Die essensiële aard van drome is persoonlik en moet deur die dromer verstaan word in terme van sy eie lewe. Sommiges lyk soos direkte openbarings van God, maar daar is ook baie drome wat vaag is en moeilik om te interpreteer. Hy het aanbeveel dat enigeen wat ernstig is om drome te bestudeer, rekord moet hou van sy wakker- sowel as sy slaaptoestand om albei te leer ken.

Hy het selfs die verband tussen mitologie en drome gesien, en beskryf sy oortuiging dat die mite op die droom gebaseer is; ‘n opregte belangstelling in die mitologie help ‘n mens om die wesenlike betekenis van sy eie drome te verstaan. Laastens, het Synesius die rede aangegee vir sy oortuiging dat drome iets weergee van die ewige lewe. Soos wat die slaaptoestand is tot die wakkertoestand, so is die toestand van die siel na die dood tot die droomlewe, daarom gee hierdie toestand vir ons ‘n aanduiding van die lewe wat die siel lei na die dood.

## Ambrosius

In Ambrosius se bekende brief aan Theodosius waarin hy hom oproep tot bekering, verklaar hy dat God hom in ‘n droom verbied het om nagmaal voor die keiser te gebruik tensy hy hom bekeer. Hierdie is sy dramatiese woorde: “Ek skryf met my eie hand dit wat net jy mag lees … ek is gewaarsku, nie deur ‘n mens of deur middel van ‘n mens nie, maar eenvoudig deur Homself dat dit vir my verbode is. Want toe ek angstig was, op dieselfde nag waarop ek voorberei het om te gaan, het jy in ‘n droom aan my verskyn in die kerk, en ek was nie toegelaat om die offer te bring nie … Onse God waarsku ons op verskillende maniere, deur hemelse tekens, deur die voorskrifte van die profete, deur visioene van selfs die sondaars dat ons kan verstaan, dat ons Hom moet vra om alle hindernisse te verwyder … sodat die geloof en vrede van die Kerk … kan voortbestaan” (St. Ambrosius , Brief LI 14).

Augustinus vertel hoedat God aan Ambrosius in ‘n droom die wegkruipplek van twee heilige martelare geopenbaar het, wat toe opgespoor en op gepaste wyse toegewy is (Ambrosius, Brief XXII; St. Augustinus, *The Confessions*, IX [VII] 16; *The City of God*, XXII 8).

In Ambrosius se meer teologiese werke, wys hy daarop dat wanneer ‘n engel in ‘n droom praat, hy dit onder leiding van die Heilige Gees doen, omdat engele ondergeskik is aan en gebruik word deur die Heilige Gees.

**Augustinus**

Soos alreeds genoem is in deel een van hierdie reeks, het Augustinus breedvoerig geskryf oor die plek en betekenis van drome in die Christen se lewe. Sy studie van persepsie was so gesofistikeerd soos enige ander van die ou volke. Hy het realiteit gesien as bestaande uit uiterlike objekte waarop ons met ons liggame reageer, en die indrukke van hierdie sintuiglike ervaring, as indrukke wat ‘verstandelik’ van aard is. Ons het dan die innerlike persepsie van hierdie sintuiglike ervaring, en dan uiteindelik die verstandelike weergawe soos ons dit onthou. Dit is die optrede van die ego wat hierdie persepsies met die objek verbind.

Op een plek praat hy van die vermoë van die verbeelding as die brug wat die objek met die bewuste verbind, en hiermee toon hy min of meer ooreenstemming met Synesius van Cirene. Volgens Augustinus het die mens ‘n eksterne oog wat sintuiglike indrukke ontvang en hanteer, sowel as ‘n interne oog wat hierdie versamelde en gebergde “verstands”-realiteite waarneem en verwerk, wat ons “geheue” noem.

Naas die realiteite van eksterne persepsie en interne persepsie van “geheue”, kan outonome geestelike realiteite (engele en demone) hulle self direk aan die innerlike oog ontbloot. Hierdie is van dieselfde aard as die gebergde “verstandelike” of psigiese realiteite wat innerlik waargeneem word. Augustinus skryf dat mense wat slaap of in ‘n trans verkeer, inhoud kan ervaar wat vanuit die geheue kom “of die een of ander verborge krag deur sekere geestelike

vermengings van ‘n soortgelyke aard” (St. Augustinus, *On the Trinity*, XI. 4.7).

Hierdie outonome realiteite is nie-fisies van aard; tog kan hulle ‘n liggaamlike vorm aanneem en waargeneem word deur die eksterne oog, of hulle kan direk deur die innerlike oog waargeneem word in drome, visioene en transe. Daarom, deur drome ontvang die mens ‘n stoorkamer vol van onbewuste herinneringe en spontane inhoud; hy kry toegang tot ‘n wêreld wat die vaders “die wêreld van die gees” genoem het.

Net soos wat engele direkte kontak het met die psige van die mens, en hulle boodskappe aan die interne oog van die mens ontbloot, maak demone ook so. “Hulle oortuig (die mens) egter op wonderlike en onsigbare maniere, deur die subtiele inbeweeg in die liggaam van die mens wat onbewus is daarvan, en deur sekere denkbeeldige visioene, terwyl hulle die boodskap vermeng met die gedagtes van die mens, of hy nou wakker is of slaap” *(The Divination of Demons,* V. 9, N. Y., Fathers of the Church, Inc. 1955, Vol. 27, p. 430).

Naas sy teorie oor drome en visioene bespreek Augustinus ook baie voorbeelde van drome oor voorsienigheid in sy geskrewe werke. Een van die belangrikste hiervan is die droom van sy ma Monica, waarin sy haarself sien staan op ‘n meet-apparaat, terwyl ‘n jong man met ‘n glimlag na haar toe aankom. Sy huil, en as hy haar vra hoekom, sê sy vir hom sy is hartseer omdat haar seun weggedraai het van God af. Hy sê vir haar sy moet kyk, en dan sien sy Augustinus op dieselfde meetstok as syself staan, wat haar laat beter voel. Sy het die belangrikheid van die simboliek verstaan en kon aanhou om vir hom te bid met geduld en hoop; haar drome en visioene word ook in verskeie ander plekke genoem in *The Confessions*, III. 19; V. 17; VI. 23; VIII. 30).

**Jerome**

Toe hy jonger was, was Jerome in ‘n tweestryd gewikkel om of klassieke werke te lees, of die Bybel, totdat hy hierdie droom gehad het. “Skielik is ek in die gees weggeruk en tot by die regterstoel van Christus gesleep; hier was die lig so helder, en diegene daar rondom

so stralend, dat ek myself op die grond neergegooi het en dit nie kon waag om op te kyk nie.

“Toe ek gevra is wie en wat ek was, het ek geantwoord: ‘Ek is ‘n Christen.’ En die een wat aan die woord was, het gesê: ‘Jy lieg. Jy is ‘n navolger van Cicero, nie van Christus nie. Want “waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees”. Ek het onmiddellik stom geraak en te midde van die sweepslae – want Hy het beveel dat ek gegésel moes word – is ek nog erger deur die vuur van my gewete getreiter, omdat daardie vers by my opgekom het, ‘Wie sou in die doderyk U prys?’

“Ten spyte daarvan het ek begin huil en myself jammer gekry en uitgeroep: ‘Wees my barmhartig, O Here, wees my barmhartig.’ Selfs te midde van die sweepslae was my stem steeds hoorbaar. Uiteindelik het die omstanders op hul knieë voor Hom neergeval en Hom gesmeek om my jammer te kry en tyd te gee om my te bekeer van my foute. Hy sou my steeds kon martel, het hulle voorgestel, as ek ooit weer die werke van die heidene sou lees . . .

“Daarom het ek ‘n eed geneem en Sy Naam aangeroep en gesê: ‘Here, as ek ooit weer wêreldse boeke sou besit, of as ek ooit weer dit lees, het ek U verloën’. Hierop is ek losgelaat, kon ek na die hoër wêreld terugkeer, en tot almal se verbasing het ek daar gestaan met oë wat so deurdrenk was met trane, dat my hartseer selfs die mees skeptiese oortuig het. En om te wys dat hierdie ervaring nie slegs slaap of ‘n ydele droom was nie, soos die waarvoor ons dikwels lag nie, beroep ek my op die regterstoel van Christus, waarvoor ek verskyn het, en wat ek so gevrees het … bely ek dat my skouers swart en blou was, dat ek die kneusplekke lank nadat ek wakker geword het nog gevoel het, en dat ek van toe af die boeke van God met ‘n groter ywer lees as waarmee ek ooit tevore die boeke van mense gelees het” (St. Jerome, Letter XXII, *To Ekustochium*, 30).

Jerome se studies het hom ook ‘n goeie rede gegee om drome en visioene hoog te ag. In sy kommentaar op Jeremia 23:25 en verder, is hy net so besorgd soos Jeremia, en wys hy daarop dat drome ‘n soort profesie is wat God kan gebruik om iets aan iemand te openbaar. Dit kan ‘n waardevolle openbaring van God wees vir die mens wat aan God oorgegee is. Drome kan egter ook ‘n afgod word as ‘n mens vir jou eie onthalwe daarna soek en dit interpreteer deur

iemand wat sy eiebelang soek bo die van die wil van God. Die waarde van die droom hang af van die persoon wat die droom soek en van die een wat dit interpreteer. Soms stuur God drome vir die onregverdiges, soos die van Nebukadnésar en Farao, sodat die diensknegte van God hulle wysheid mag toon. Daarom is dit die taak van diegene wat die woord van die Here het, om drome uit te lê (S. Eusebii Hieronymi, *Commentariorum in Jeremiam Prophetam*, IV. 23).

Hierdie woord kon egter nie deur heidense praktyke bekom word nie. In sy kommentaar op Jesaja 65:4 stem Jerome saam met die profeet en veroordeel "wat in die grafte sit en in die tempels van afgode waar hulle gewoond is om hulself uit te strek op die velle van offerdiere om die toekoms deur drome te ken, afskuwelikhede wat vandag nog beoefen word in die tempels van Aescylapius (*Commentarium in Isaiam Prophetam)*. Later egter, in die bespreking van Galasiërs, noem hy spesifiek die droom in Handelinge sestien waar Paulus "die ware lig *(lucam vero)* ontvang het" *(Commentariorum in Epistolam ad Galatos,* 11).

Jerome het geensins onderskeid gemaak tussen drome en visioene nie. Hy het albei hoog geag. Tog was dit aan die einde duidelik dat hy 'n al groter vrees vir hierdie ervaringe ontwikkel het. In sy vertaling van Levitikus 19:26 en Deuteronomium 18:10 waar een woord verskil van die in die ander verse, gee hy 'n direkte wanvertaling en verander so hierdie wet: "Julle mag nie met verklaring van voortekens of goëlery omgaan nie" in die verbod: "Julle mag nie met goëlery of met verklaring van drome ... omgaan nie". So is drome met waarsêery geklassifiseer in die Vulgaat, en die beoefening van droom-uitlegging met bygeloof.

Van hieraf betree ons die 1000-jarige tydperk bekend as die Donker Eeue, en baie min word verder gesê tot en met die geskrifte van Thomas Aquinas.

**Thomas Aquinas**

Aquinas was grootliks beïnvloed deur Aristotle en het probeer om Christelikheid by Aristotle se wêreldbeeld in te pas. Hierdie

wêreldbeeld het geen ruimte gelaat vir direkte geestelike ervarings nie.  Daarom is drome en visioene afegemaak as niks, saam met ervaringe met engele en demone, genesing, talespraak en wonderwerke.  Teen die einde het Aquinas se lewe dit wat hy geskrywe het weerspreek.  Hy het wel ‘n direkte verhouding met God ontwikkel deur ‘n drie-voudige droom-ervaring en het opgehou om te skryf en te dikteer.  Toe hy aangepor is om aan te gaan, het hy geantwoord: “Ek kan nie meer nie;  dinge is aan my geopenbaar wat daarop dui dat alles wat ek geskrywe het, soos strooi is, en nou wag ek op die einde van my lewe” *Great Books of the Western World,* Vol. 19 [Thomas Aquinas], Chicago, Encyclopedia Britannica, Inc., 1952, p. vi).

Hierdie was die keerpunt vir die Kerk se siening oor drome en hul vermoë om openbarings van God aan die gelowige oor te dra. Alhoewel die kerk heen-en-weer geskommel het wat betref sy idee oor die waarde van drome, is die siening wat behoue gebly het in lyn met die rasionalisme van ons dag en heeltemal uit lyn uit met die van die leer van die Skrif en die vroeë Kerkvaders.  Dit word gesien as vreemd wanneer iemand vandag nog glo dat God met Sy kinders kan kommunikeer deur middel van drome en visioene.

**Abraham Lincoln**

Abraham Lincoln het slegs dae voor Sy teregstelling gedroom van sy naderende dood.

Daar is nog baie moderne voorbeelde wat ons hier kon aanhaal, maar dit is nie op hierdie stadium ons mikpunt nie.  Daar is selfs volledige boeke op die mark vandag wat ‘n Christelik-filosofiese en teologiese basis gee vir die interpretasie van drome.  Daar is ook boeke met getuienisse oor die verskeidenheid van drome en visioene wat vandag in die Kerk ervaar word.

Soos wat ons herhaaldelik gesien het, word drome en visioene as uitruilbaar gesien, en daarom, alhoewel hierdie navorsing hoofsaaklik oor drome gaan, moet dit ook gesien word in ‘n wyer sin om visioene ook in te sluit.

Dit het tyd geword vir die Kerk om terug te keer na die Bybelse siening van drome en visioene en openbaringe.